# DIE PASTORALE HANTERING

# VAN

# OORGEËRFDE VERWONDING

# BY TIENERS

Reinette Kruger

BA, HOD(N) Voorl., HONS (Teologie)

Verhandeling voorgelê vir die gedeeltelike nakoming
van die vereistes vir die graad
Magister Artium in Pastoraal
(Fakulteit Teologie)
aan die
Noordwes-Universiteit
(Potchefstroomkampus)

Studieleier: Prof. Dr. W.C. Coetzer

Mede-studieleier: Prof. Dr. P. Joubert

Potchefstroom

23 November 2007

# BEDANKINGS

Ek dank God die Vader vir die geleentheid om hierdie studie te kon aanpak en te voltooi. Aan Hom kom toe al die lof en al die eer. Mag Hy hierdeur verheerlik word. Hy alleen weet wat dit geverg het.

**My opregte dank en waardering aan:**

- My man vir sy geduld en opofferings.
- My gesin wat vir my 'n bron van inspirasie en motivering was.
- Prof. Wentzel Coetzer wat as studieleier opgetree het. U geduld, insette en bystand op verskillende vlakke met die skrywe van hierdie verhandeling het dit vir my moontlik gemaak om te volhard. Baie dankie.
- Prof. Pieter Joubert wat as mede-studieleier opgetree het.
- My moeder en vriendinne wat met hul gebede en aanmoediging my gedra en gemotiveer het.
- Die medewerkers wat my vertrou het met hul vrae en verwonding. Mag julle blom in God se genade.

Vir Winette

# OPSOMMING

Tieners van oor die wêreld manifesteer met disfunksionele gedragspatrone en volgens statistiek het alle vorme van verslawing, selfmoordpogings asook promiskuïteit onder jongmense die afgelope tien jaar met tot soveel as 75% gestyg. Hierdie studie poog om vas te stel of onverwerkte verwonding en emosionele pyn by ouers, en selfs grootouers, 'n bydraende effek tot hierdie tendens onder tieners het.

Vanuit die basis-teoretiese afdeling word aangetoon dat disfunksionele gesinskenmerke reeds in die Skrif aangetref word in byvoorbeeld die gevalle van Abraham, Isak en Jakob. Vanuit die geskiedenis van hierdie Bybelse families blyk duidelik hoedat sekere patrone van trauma telkens herhaal word vanaf een generasie na die volgende een. Vanuit die eksegetiese hantering van 'n aantal toepaslike Skrifgedeeltes is daar vervolgens praktiese Bybelse riglyne geïdentifiseer waarvolgens die persoon wat emosioneel verwond geraak het as gevolg van intergeneratiewe trauma pastoraal begelei kan word tot genesing.

Uit die volgende afdeling wat handel oor die bydraes van 'n aantal pastorale outeurs met betrekking tot die tema van intergeneratiewe trauma, blyk verder dat daar 'n definitiewe verband bestaan tussen onverwerkte trauma in vorige geslagte en die huidige verwonding van sommige tieners. God het die gesinstruktuur ingestel wat op perfekte intimiteit gegrondves is, maar die sondeval het hierdie verhouding verbreek. Gebroke verhoudings is gevolglik die mens se erfporsie na die sondeval. Die enigste wyse waarop hierdie struktuur weer herstel kan word, is deur die herstel van die verhouding tussen die mens en God sy Vader - daarna kan alle ander verhoudings herstel.

Vanuit die meta-teoretiese afdeling word aangetoon dat kinders van die *Holocaust* oorlewendes van die eerste groepe was op wie navorsing rondom sekondêre traumatisering gedoen is, wat dan ook ten nouste verband hou met die tema van intergeneratiewe verwonding. Alhoewel daar huidiglik in die literatuur 'n mate van erkenning aan die problematiek van intergeneratiewe trauma gegee word, word die volle implikasie in baie gevalle steeds geïgnoreer. Resultate van navorsing dui egter oorweldigend op die feit dat hierdie tipe trauma hoogs "aansteeklik" is en dat daar ook 'n groot leemte bestaan betreffende teologiese nadenke met betrekking tot die geestelike en pastorale implikasies van hierdie onderwerp.

Vanuit die empiriese navorsing het die vernietigende impak van intergeneratiewe verwonding asook die traumatiese gevolge wat dit vir die nageslag kan inhou konkreet geblyk. Onverwerkte trauma van die voorgeslagte het die potensiaal om die nageslag (en in besonder dan ook die tieners) te affekteer op fisiese, psigiese, emosionele en veral ook op die geestelike dimensie. Vanuit die empiriese ondersoek het ook duidelik geblyk dat hierdie tipe verwonding 'n multidimensionele benadering benodig, waar pastorale insette dan ook van kardinale belang is.

Vanuit die riglyne soos geïdentifiseer binne die basis-teoretiese afdeling, tesame met die bydraes vanuit die meta-teoretiese afdeling (wat dan ook die empiriese navorsing insluit) is daar ten slotte 'n aantal praktyk-teoretiese riglyne geformuleer waarvolgens die tiener wat worstel met die gevolge van intergeneratiewe trauma, pastoraal begelei kan word tot heling en genesing.

**SLEUTELTERME**

Tieners
Intergeneratiewe trauma
Sekondêre trauma
Emosionele verwonding
Pastoraal

# ABSTRACT

Teens around the world manifest with dysfunctional behaviour and according to statistics there was an increase of 75% in addictions, suicidal attempts and promiscuity among the youth in the past ten years. This study attempts to establish whether unresolved hurt and damaged emotions of the parents and even grandparents contribute to this affect amongst teens.

The basic-theoretical chapter shows that dysfunctional families had already existed in the Bible. An example of this is the family of Abraham, Isaac and Jacob. Through the history of these Biblical families it is shown that certain patterns repeat themselves in generation after generation. The exegetical analysis of suitable Scriptures give Biblical guidelines with which damaged emotions, caused by intergenerational trauma, can be healed when assisted with the guidance of pastoral caregivers.

The next chapter deals with contributions by various pastoral authors in connection with the theme of intergenerational trauma. According to their view there is a definite connection between the unresolved trauma of previous generations and the wounds of some of the current generation of teens. God based family structure on perfect harmony, but this relationship was broken because of the fall. It subsequently led to the inheritance of fractured relationships by mankind and the only way to repair this relationship is for man to repair his relationship with God. Only thereafter man would be able to repair his earthly relationships.

According to empirical theory the research done on the children of Holocaust survivors was the first of its kind to be undertaken on secondary traumatization, which by its nature is connected to intergenerational distress. Although current literature gives some recognition to the problem of intergenerational distress, the total impact of secondary trauma on the next generation is still being ignored. Empirical researchers came to the overwhelming conclusion that trauma is "contagious". They furthermore concluded that there is a hiatus with regard to theological reflection in connection with the spiritual as well as the pastoral implications of this theme.

Empirical research concluded that intergenerational distress can have a devastating and traumatic effect on the next generation. Unresolved trauma experienced by previous generations have the ability to wound the next generation, particularly the teenagers, on the physical, psychological,

emotional and most of all on the spiritual level. Empirical research found that these wounds need a multidimensional approach and that Pastoral input is of utmost importance.

The practical-theoretical theory reconciles the conclusions drawn from the auxiliary science as well as the results from the empirical research with Biblical principals drawn from the basic-theoretical chapter. This guidelines together with pastoral care, can guide the teenager suffering from the negative affects of intergenerational trauma towards emotional healing.

## KEY TERMS

Teenagers
Intergenerational trauma
Secondary trauma
Damaged emotions
Pastoral

# INHOUDSOPGAWE


Bedankings i

Opsomming ii

Abstract iv


## INLEIDING


**HOOFSTUK 1 .................... 1**

**1.1 ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING .................... 1**

**1.2 AFBAKENING .................... 2**

**1.3 TENDENSE BY DIE TIENER .................... 2**

1.3.1 Intergeneratiewe trauma .................... 3

1.3.2 Die Suid-Afrikaanse konteks .................... 4

1.3.3 Die waarde van 'n genogram .................... 4

**1.4 SPESIFIEKE LEEMTES IN DIE HUIDIGE NAVORSING .................... 6**

**1.5 NAVORSINGSVRAAG .................... 7**

1.5.1 Verdere vrae .................... 7

**1.6 DOELSTELLING EN DOELWITTE .................... 7**

1.6.1 Doelstelling .................... 7

1.6.2 Doelwitte .................... 7

**1.7 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT .................... 8**

**1.8 METODE .................... 8**

1.8.1 Basis-teoretiese perspektiewe .................... 8

1.8.2 Meta-teoretiese perspektiewe .................... 9

1.8.3 Praktyk-teoretiese perspektiewe .................... 9

**1.9 TEGNIESE ASPEKTE .................... 10**

**1.10 HOOFSTUKINDELING .................... 10**

**1.11 SKEMATIESE VOORSTELLING .................... 11**

# BASIS-TEORETIESE AFDELING

**HOOFSTUK 2: SKRIFTUURLIKE BEGINSELS EN RIGLYNE .................... 13**

**2.1 INLEIDING .......... 13**

**2.2 DOELSTELLING VAN DIE HOOFSTUK .......... 13**

**2.3 BASIS-TEORIE .......... 14**

**2.4 METODOLOGIE .......... 14**

**2.5 MODEL VAN ZERFASS .......... 15**

**2.6 AFBAKENING VAN TOEPASLIKE SKRIFGEDEELTES .......... 16**

**2.7 VERTREKPUNT .......... 16**

**2.8 VERKLARING VAN SKRIFGEDEELTES .......... 16**

2.8.1 God laat sonde nie ongestraf nie (Eks 20:5-6 en Deut 5:9) .......... 16

2.8.1.1 Keuse van teks .......... 16

2.8.1.2 Die universele boodskap van die Dekaloog .......... 17

2.8.1.2.1 Die agtergrond en plek van Eksodus in die Bybel .......... 17

2.8.1.2.2 Die agtergrond en plek van Deuteronomium in die Bybel .......... 19

2.8.1.3 Die Dekaloog as rigsnoer van die lewe .......... 20

2.8.1.4 Gedagte-ontleding van die perikoop .......... 21

- ♦ Eksodus 20:5-6 .......... 21
- ♦ Deuteronomium 5:9 .......... 22

2.8.1.5 Raadpleging van eksegetiese bronne .......... 22

2.8.1.5.1 Woordomskrywings .......... 22

2.8.1.5.2 Raadpleging van pastorale bronne .......... 25

2.8.1.5.3 Die Dekaloog en die evangelie .......... 25

2.8.1.5.4 Samevatting .......... 27

2.8.2 Elkeen is aanspreeklik vir hul eie sondes (Jer 31:29-30 en Eseg 18:20) .......... 27

2.8.2.1 Keuse van tekste .......... 27

2.8.2.2 Plek van boek in die Bybel .......... 28

- ♦ Jeremia .......... 28
- ♦ Esegiël .......... 29

2.8.2.3 Gedagte-ontleding van die perikoop .......... 31

- Jeremia 31:29-30 .......... 31
- Esegiël 18:20 .......... 32

2.8.2.4 Woordomskrywing en begripsverklaring .......... 33
2.8.2.5 Samevatting .......... 34
2.8.3 Die oue is verby, die nuwe het gekom (Kor 5:17-18a) .......... 35
2.8.3.1 Keuse van teks .......... 35
2.8.3.2 Plek van boek in die Bybel .......... 35
2.8.3.3 Kommunikasiedoel van die perikoop (Kor 5:17-18a) .......... 36
2.8.3.4 Samevatting .......... 36
2.8.4 Maak jou los van alles wat agter jou is (Fil 3:13) .......... 37
2.8.4.1 Keuse van teks .......... 37
2.8.4.2 Plek van boek in die Bybel .......... 37
2.8.4.3 Raadpleging van Eksegetiese Bronne .......... 37
2.8.4.4 Kommunikasiedoel van die perikoop (Fil 3:13) .......... 38
2.8.4.5 Samevatting .......... 39
2.8.5 Die sleutel tot oorwinning is Jesus Christus (1 Pet 1:3) .......... 39
2.8.5.1 Keuse van teks .......... 39
2.8.5.2 Plek van boek in Bybel .......... 40
2.8.5.3 Raadpleging van eksegetiese bronne .......... 40
2.8.5.4 Kommunikasiedoel van die perikoop (1 Pet 1:3) .......... 41
2.8.5.5 Die hooftemas van die boek .......... 42
2.8.5.6 Begrip- en woord verklaring .......... 43
2.8.5.7 Samevatting .......... 44
**2.9 SAMEVATTING VAN BASIS-TEORETIESE PERSPEKTIEWE .......... 44**
2.9.1 God laat sonde nie ongestraf nie (Eks 20:5-6 en Deut 5:9) .......... 44
2.9.2 Elkeen is individueel aanspreeklik vir sy sondes (Jer 31:29-30 en Eseg 18:20) .......... 45
2.9.3 Die oue is verby - die nuwe het gekom (2 Kor 5:17-18a) .......... 46
2.9.4 Maak jou los van alles wat agter jou is (Fil 3:13) .......... 46
2.9.5 Die sleutel tot oorwinning is Jesus Christus (1 Pet 1:3) .......... 47

**HOOFSTUK 3: 'N PASTORALE SIENING VAN DIE INTERGENERATIEWE EFFEK VAN TRAUMA ............ 48**
**3.1 DOELSTELLING ............ 48**
**3.2 PROBLEEMSTELLING ............ 48**
3.2.1 Skematiese voorstellings van die verhoudings tussen God, Adam en Eva ............ 49
**3.3 INTERGENERATIEWE OORDRAG ............ 50**
**3.4 DISFUNKSIONELE GESINNE IN DIE SKRIF ............ 51**
3.4.1 Die verhaal speel teen die volgende agtergrond af ............ 51
3.4.2 Isak en die trauma op Moria ............ 52
3.4.3 Her-traumatisering van Isak ............ 52
3.4.4 Abraham as emosioneel afgesnyde eggenoot en vader ............ 53
3.4.5 Isak emosioneel verknog aan sy moeder ............ 53
3.4.6 Isak as emosioneel afgesnyde eggenoot en vader ............ 53
3.4.7 Die idiosinkrasie van die geslagslyn ............ 54
3.4.8 'n Skematiese voorstelling van Abraham, Isak en Jakob se geslagsregister ............ 55
3.4.9 Die geslagsregister van Dawid ............ 56
3.4.10 Die fokus in besonder op Absalom ............ 57
**3.5 DIE GESIN AS BAARMOEDER ............ 58**
**3.6 DIE WARE SELF (*the child within*) ............ 62**
**3.7 DIE GEHEUE ............ 63**
3.7.1 Onderdrukking van herinneringe ............ 64
3.7.2 Redes vir die onderdrukking van herinneringe ............ 64
3.7.3 Die gevolge van onderdrukte herinneringe ............ 65
3.7.4 Die herroeping van herinneringe ............ 65
3.7.4.1 Ondersoek jou erfenis ............ 66
3.7.4.2 Volg jou ontwikkeling as mens ............ 66
**3.8 GEVOLGE VAN INTERGENERATIEWE TRAUMA ............ 68**
**3.9 MEDE-AFHANKLIKHEID OF PASSIEF-AFHANKLIKHEIDSVERSTEURING ............ 70**
3.9.1 Mede-afhanklikheid as patroon ............ 72
3.9.2 Ontkenning van die patroon ............ 74
3.9.3 Stappe in die verbreking van mede-afhanklikheid as patroon ............ 74
3.9.4 Die omvang van mede-afhanklikheid ............ 75
**3.10 HANTERINGSMEGANISMES VAN SEKONDÊR GETRAUMATISEERDES ............ 75**

**3.11 DIE TIPIESE GEDRAG VAN DISFUNKSIONELE GESINNE MET 'N PRIMÊR GETRAUMATISEERDE ... 76**
3.11.1 Drie reëls van gesinne met 'n primêr getraumatiseerde ... 76
3.11.1.1 Niemand praat daaroor nie ... 77
3.11.1.2 Niemand word vertrou nie ... 77
3.11.1.3 Niemand mag beleef nie ... 77
**3.12 OORGEËRFDE GESINSTRUKTURE EN STYLE ... 78**
**3.13 TERAPIE ... 78**
3.13.1 Trauma is uniek ... 78
3.13.2 Die geïdentifiseerde pasiënt ... 79
3.13.2.1 Aspekte om in ag te neem tydens terapie ... 80
3.13.3 Die waarde van gesinsterapie ... 82
3.13.4 Vergifnis ... 83
3.13.4.1 Die waarde van onthou ... 83
3.13.4.2 Stappe na vergifnis ... 84
- Erken die verwonding ... 84
- Neem verantwoordelikheid ... 84
- Spesifiseer emosies ... 84

3.13.4.3 Verlieshantering ... 86
3.13.4.4 Die pyn van selfvergifnis ... 87
- Erken die pyn ... 88
- Identifiseer die emosies ... 88
- Ontlaai die emosies ... 88
- Begrensing ... 88
- Die afskryf van slegte skuld ... 88

3.13.4.5 Oorweeg versoening ... 88
3.13.5 Persoonlike grense (*boundaries*) ... 88
3.13.6 Gebed as helingstegniek ... 89
3.13.6.1 Emosionele genesing ... 89
3.13.6.2 Voorbereiding van beradene ... 89
3.13.6.3 Gebed ... 90
3.13.6.4 Om belydenis te doen namens die gesin of familie ... 90
**3.14 SAMEVATTING ... 90**

# META-TEORETIESE AFDELING

**HOOFSTUK 4: EVALUERING VAN BYDRAES UIT ANDER VAKDISSIPLINES ........ 93**

**4.1 INLEIDING ........ 93**

**4.2 DOELSTELLING ........ 93**

**4.3 DIE HISTORIESE VERLOOP MET BETREKKING TOT INTERGENERATIEWE TRAUMA ........ 93**

**4.4 OMSKRYWING VAN BELANGRIKE BEGRIPPE ........ 95**

4.4.1 Trauma ........ 95

4.4.2 Sekondêre traumatisering ........ 95

4.4.3 Die ondersteuningsnetwerk ........ 96

4.4.4 Die brein ........ 96

**4.5 DIE EFFEK VAN INTERGENERATIEWE TRAUMA ........ 99**

4.5.1 Oordragswyses ........ 99

4.5.1.1 Familie geheime – *"conspiracy of silence"*........ 99

4.5.1.2 Emosionele onbetrokkenheid ........ 100

4.5.1.3 Stories en mites ........ 102

4.5.1.4 Disfunksionele gedragspatrone ........ 102

4.5.2 Gevolge van oordrag ........ 102

4.5.3 Die versteekte boodskap van die oordrag ........ 103

**4.6 DIE GESIN AS SEKONDÊR GETRAUMATISEERDE SISTEEM ........ 104**

4.6.1 Die invloed van die ouer se onverwerkte trauma op die nageslag ........ 105

4.6.1.1 Die rol van die moeder ........ 106

4.6.1.2 Die vader se verantwoordelikheid ........ 106

- Die rigiede gesin ........ 106
- Die chaotiese gesin ........ 106
- Die aangepaste gesin ........ 106

4.6.2 Identifisering van gesinstipes ........ 106

- ➢ Slagoffer gesinne ........ 106
- ➢ Vegter gesinne ........ 107
- ➢ Emosioneel afgestompte gesinne ........ 107
- ➢ "Ons het-oorleef" gesinne ........ 107

4.6.3 Disfunksionele gesin sisteme ... 107
**4.7 TERAPIE ... 110**
4.7.1 Die doel van terapie ... 110
4.7.2 Korrekte diagnosering ... 111
4.7.3 Terapeutiese ingrepe ... 112
4.7.4 Die gesin as multigeneratiewe emosionele eenheid (met besondere verwysing na die teorie van Bowen) ... 116
4.7.4.1 Driehoekstrukture ... 117
4.7.4.2 Differensiasie tussen afhanklikheid en onafhanklikheid ... 120
4.7.4.3 Verantwoordelike individualiteit ... 120
4.7.4.4 Onderskeiding tussen emotiewe en kognitiewe ... 121
**4.8 SAMEVATTING ... 123**

**HOOFSTUK 5: EVALUERING VAN DIE RESULTATE VAN 'N EMPIRIESE ONDERSOEK ... 126**
**5.1 INLEIDING ... 126**
**5.2 EMPIRIESE NAVORSING ... 126**
5.2.1 Doelstelling ... 126
**5.3 METODOLOGIE ... 126**
5.3.1 Kwalitatiewe navorsing ... 127
5.3.2 Etiese Riglyne ... 128
**5.4 BESPREKING VAN TERUGVOER VANAF PERSONE IN VERSKILLENDE PROFESSIES ... 128**
5.4.1 Leraars ... 128
5.4.2 Maatskaplike Werkers ... 130
5.4.3 Sielkundiges ... 131
5.4.4 Samevattende gevolgtrekking ... 131
**5.5 BESPREKING VAN GEÏDENTIFISEERDE GESINNE ... 132**
5.5.1 Gesin A ... 132
5.5.1.1 Genogram ... 132
5.5.1.2 Agtergrond ... 133
5.5.1.3 Traumageskiedenis ... 134
5.5.1.4 Medewerker se rol in die gesin ... 134

5.5.1.5 Gesinsdinamika .......... 135
5.5.1.6 Gesinstruktuur en –styl .......... 135
5.5.1.7 Gesin se lewens- en wêreldbeskouing .......... 135
5.5.1.8 Terapie .......... 136
5.5.1.9 Samevattende gevolgtrekking .......... 137

5.5.2 Gesin B .......... 138
5.5.2.1 Genogram .......... 138
5.5.2.2 Agtergrond .......... 138
5.5.2.3 Traumageskiedenis .......... 140
5.5.2.4 Medewerker se rol in die gesin .......... 140
5.5.2.5 Gesinsdinamika .......... 140
5.5.2.6 Gesinstruktuur en – styl .......... 141
5.5.2.7 Gesin se lewens- en wêreldbeskouing .......... 142
5.5.2.8 Terapie .......... 143
5.5.2.9 Samevattende gevolgtrekking .......... 145

5.5.3 Gesin C .......... 146
5.5.3.1 Genogram .......... 146
5.5.3.2 Agtergrond .......... 146
5.5.3.3 Traumageskiedenis .......... 147
5.5.3.4 Medewerker se rol in die gesin .......... 148
5.5.3.5 Gesinsdinamika .......... 149
5.5.3.6 Gesinstruktuur en –styl .......... 149
5.5.3.7 Gesin se lewens- en wêreldbeskouing .......... 150
5.5.3.8 Terapie .......... 151
5.5.3.9 Samevattende gevolgtrekking .......... 151

5.5.4 Gesin D .......... 152
5.5.4.1 Genogram .......... 152
5.5.4.2 Agtergrond .......... 152
5.5.4.3 Traumageskiedenis .......... 153
5.5.4.4 Medewerker se rol in die gesin .......... 153

5.5.4.5 Gesinsdinamika ... 153
5.5.4.6 Gesinstruktuur en –styl ... 154
5.5.4.7 Gesin se lewens- en wêreldbeskouing ... 154
5.5.4.8 Terapie ... 154
5.5.4.9 Samevattende gevolgtrekking ... 155
**5.6 SAMEVATTING ... 155**

## PRAKTYK-TEORETIESE AFDELING

**HOOFSTUK 6: FORMULERING VAN PRAKTYK-TEORETIESE RIGLYNE ... 159**
**6.1 INLEIDING ... 159**
**6.2 DOELSTELLING ... 159**
**6.3 OMSKRYWING VAN PRAKTYK-TEORIE AS BEGRIP ... 159**
**6.4 PASTORALE BEDIENINGSRIGLYNE ... 159**
6.4.1 Inleiding ... 159
6.4.1.1 Voorgestelde model vir hulpverlening ... 160
6.4.1.2 Vereistes betreffende die berader ... 160
- ♦ Geestelikheid ... 160
- ♦ Rol van Berader ... 160
- ♦ Vertroue ... 161
- ♦ Selfkennis ... 161

6.4.1.3 Assessering ... 161
- ❖ Fase 1 ... 161
- ❖ Fase 2 ... 162
- ❖ Fase 3 ... 163

6.4.1.4 Interpretasie ... 163
6.4.1.5 Die terapeutiese proses ... 165
- ♦ Gesinsverband asook individueel ... 165

6.4.1.6 Skrifbeginsels ... 166
- ❖ Kernbegrippe ... 166

6.4.1.7 Vergifnis ... 170
- ➢ Stappe na vergifnis ... 170

➢ Die pyn van selfvergifnis .......... 171
➢ Verlieshantering .......... 171
6.4.1.8 Gebed as kernbeginsel van die terapeutiese proses .......... 171
**6.5 SAMEVATTING .......... 172**
6.5.1 Vereistes betreffende die berader .......... 172
6.5.2 Assessering .......... 172
6.5.3 Interpretasie .......... 173
6.5.4 Die terapeutiese proses .......... 173
6.5.5 Skrifbeginsels .......... 173
6.5.6 Vergifnis .......... 173
6.5.7 Gebed as kernbeginsel van die terapeutiese proses .......... 173

## GEVOLGTREKKINGS

**HOOFSTUK 7: SAMEVATTENDE KONKLUSIES .......... 174**
**7.1 BASIS-TEORETIESE PERSPEKTIEWE .......... 174**
7.1.1 Eksegetiese riglyne .......... 174
7.1.1.1 God laat sonde nie ongestraf nie (Eks 20:5-6 en Deut 5:9) .......... 174
7.1.1.2 Elkeen is individueel aanspreeklik vir sy sonde (Jer 31:29-30 en Eseg 18:20) .......... 175
7.1.1.3 Die oue is verby – die nuwe het gekom (Kor 5:17-18a) .......... 175
7.1.1.4 Maak jou los van alles wat agter jou is (Fil 3:13) .......... 176
7.1.1.5 Die sleutel tot oorwinning is Jesus Christus (1 Pet 1:3) .......... 176
**7.2 PASTORALE PERSPEKTIEWE .......... 177**
**7.3 META-TEORETIESE PERSPEKTIEWE .......... 179**
**7.4 EMPIRIESE PERSPEKTIEWE .......... 182**
**7.5 PRAKTYK-TEORETIESE PERSPEKTIEWE .......... 183**
7.5.1 Voorgestelde pastorale model .......... 184
**7.6 VOORGESTELDE TEMAS VIR VERDERE NAVORSING .......... 185**

**BIBLIOGRAFIE** ........................................................................................................ **186**

BYLAAG A: Skematiese voorstelling van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1899 – 2007 ........................................................................................ 200
BYLAAG B: Vraelys aan die ouers van die tiener ........................................................ 201
BYLAAG C: Gesinsdinamika ........................................................................................ 210
BYLAAG D: Goddelike voorstelling ............................................................................ 212
BYLAAG E: Vraelys aan die tiener .............................................................................. 213
BYLAAG F: Genogram interpretasie ............................................................................ 218

# HOOFSTUK 1: INLEIDING

## 1.1 ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING

As gevolg van die navorser se intense betrokkenheid die afgelope aantal jare by getraumatiseerde tieners en hul gesinne het sy al meer bewus geraak van die geweldige invloed, positief en negatief, van ouers en grootouers, asook die milieu waarin die betrokke tiener opgroei. In talle gevalle het geblyk dat kinders met dieselfde probleme worstel as wat die geval was met hul ouers en selfs grootouers. Die vraag het gevolglik al sterker na vore gekom of daar spesifieke pastorale riglyne is wat al hierdie faktore in ag neem en waarvolgens sulke kinders wat met 'n verskeidenheid van probleme sit, dan pastoraal begelei kan word. Dit het dan uiteindelik aanleiding gegee tot die formulering van die tema van hierdie studie. Vanweë die Bybelse begrip "trauma" wat dui op verwonding, is besluit op daardie titel. In die studie word "trauma" en "verwonding" afwisselend gebruik.

Alhoewel die term *"trauma"* deesdae algemeen aangetref word in psigologiese, mediese en literatuur in die kriminologie is dit van oorsprong egter 'n Bybelse term. In die Nuwe Testament figureer die Griekse woord *"trauma"* (of 'n verbuiging daarvan) spesifiek in die volgende drie Skrifgedeeltes (Coetzer, 2007:24):

- In Luk 10:34 waar dit gaan oor die Barmhartige Samaritaan: *"Hy het die man se <u>wonde</u> met olie en wyn behandel en hulle verbind".* Die term "wonde" hier is 'n vertaling van die woord *traumata* in die Grieks. Louw en Nida (1988:231) definieer dié woord se betekenis soos volg: "The condition resulting from being severely hurt or wounded."
- In Luk 20:12 waar die gelykenis van die boere en die wingerd beskryf word, staan daar: *"Hulle het hom* (die eienaar se slaaf) *<u>geslaan dat die bloed loop</u>..."* Die frase is 'n vertaling van die werkwoord *traumatizo* wat beteken om te wond of te beseer. Louw en Nida (1988:231) definieer dié woord se betekenis soos volg: "To hurt or wound, normally resulting in some mark or permanent scar on the body."
- In Hand 19:16 word verwys na die seuns van Skeva wat in die Naam van Jesus probeer geeste besweer het: *"... sodat hulle kaal en <u>stukkend geslaan</u> uit daardie huis gevlug het."* Die Griekse woord hier is *tetraumatismenous* – hulle is stukkend geslaan.

Wanneer daar vervolgens in hierdie studie verwys word na terme soos "trauma" en "krisis" dan is dit in die eerste plek vanuit 'n Bybelse vertrekpunt.

## 1.2 AFBAKENING

Omdat hierdie 'n studie in die Pastorale Teologie is (vergelyk Lotter, 2007: 1) sal daar gefokus word op die *pastoraal-teologiese* grondslae van die oorgeërfde verwonding by tieners en nie primêr vanuit die gedragswetenskappe nie. Alhoewel die studie sal verwys na en gebruik maak van deelwetenskappe (byvoorbeeld Maatskaplike Werk en Psigologie) is die *Leitmotif* vir die studie die ondersoek en voorstel van Pastorale oplossings. Die belangstelling vir die studie lê derhalwe nie in psigoterapie of ander vorme van terapie nie maar in die uiteindelike formulering van pastorale riglyne oor die onderwerp, veral met betrekking tot geloofsgroei. In die studie word ook na genetiese faktore verwys as medebepalend by oorgeërfde verwonding by tieners maar aspekte rakende die tiener, soos byvoorbeeld sisteemteorie, ontwikkelingsielkunde en psigosomatiese implikasies, sal nie hanteer word nie.

## 1.3 TENDENSE BY DIE TIENER

Huidige navorsing toon 'n wêreldwye tendens onder tieners ten opsigte van groeiende eensaamheid, depressie, aggressie, angstigheid, toenemende impulsiwiteit en meer emosionele onewewigtigheid as ooit tevore (Goleman, 1997:xiii). Meier *et al.* (2005:81) wys op 'n omvattende ondersoek in 1997 waarby 90,000 tieners betrek was. Hieruit het geblyk dat selfmoordstatistieke, aborsies, asook dwelm- en alkoholmisbruik gedurende die voorafgaande tien jaar met 75% toegeneem het. Gegrond op die resultate van vroeëre studies word daar dan tot die gevolgtrekking gekom dat genoemde faktore met 300% toegeneem het in vergelyking met die situasie 50 jaar vroeër. In die lig van navorsing soos hierdie kan daar inderdaad gevra word in watter mate hierdie tendens die uitvloeisel is van onverwerkte verwonding en emosionele pyn by ouers en grootouers wat weer op een of ander wyse "oorgedra" word op volgende geslagte.

Eks 20:5 is die *locus klassikus* vir die Bybelse konsep van die intergeneratiewe invloed van een geslag se optredes met betrekking tot 'n volgende geslag:

> "Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag..." (Bybel, 1983).

Hieruit sou 'n mens die afleiding wou maak dat kinders heel dikwels ly as gevolg van die oortredinge (en gepaardgaande pyn, seer en trauma) van die voorgeslagte. Hierteenoor staan egter weer gedeeltes soos die volgende:

**Jer. 31:29-30:** "In daardie tyd sal hulle nie meer sê: "Die vaders het groen druiwe geëet, en die kinders se tande het stomp geword" nie. Elke mens sal oor sy eie sonde sterf: wie groen druiwe eet, se tande sal stomp word."

**Eseg. 18:20:** "Die mens wat sondig, sal sterwe. 'n Seun sal nie die straf op sy pa se sonde dra nie, en 'n pa sal nie die straf op sy seun se sonde dra nie."

Op die oog af wil dit blyk asof laasgenoemde twee Skrifverwysings in teenstelling staan met die inhoud van Eks 20:5. Oor die jare heen is daar vervolgens in kommentare verskeie verklarings aangebied vir hierdie oënskynlike teenstelling. Een standpunt toon byvoorbeeld aan dat die volk Israel deur 'n uiters moeilike fase gegaan het na die verwoesting van die tempel en die gevolglike ballingskap. Indien die profete onder hierdie haglike omstandighede steeds die klem sou lê op die feit dat hierdie straf selfs nog van toepassing sou wees op toekomstige generasies ook, dan sou dit alle hoop vir die toekoms vernietig het (Danieli, 1998:2). In die afdeling wat handel oor basis-teorie sal daar meer in diepte aandag gegee word aan genoemde Skrifgedeeltes en moontlike verklarings – hier sal onder andere ook gefokus word op aspekte soos omgewingsfaktore asook die rol van verkeerde keuses met betrekking tot die intergeneratiewe invloed van sonde. Dit sluit aan by die standpunt van Meier *et al.* (2005:82) dat daar hoofsaaklik drie faktore is wat uiteindelik 'n rol speel ten opsigte van emosionele pyn naamlik gene, omgewingsfaktore en verkeerde keuses.

### 1.3.1 Intergeneratiewe trauma

Wat betref die meta-teoretiese afdeling van hierdie studie sal daar vervolgens kers opgesteek word by navorsing wat gedoen is ten opsigte van die oordrag van sogenaamde "intergeneratiewe trauma". Dit was maar eers sedert die sestigerjare dat die fokus al meer op hierdie probleem begin val het namate al meer kinders en kleinkinders van oorlewendes van die konsentrasiekampe van die Tweede Wêreldoorlog by klinieke aangeklop het om hulp (Danieli, 1998:3). Hierdie tweede en derde generasie oorlewendes sou dan weer in die volgende twee groepe verdeel kan word naamlik: enersyds die nageslag van oorlewendes en andersyds die nageslag van oortreders (Hartmann, 1998:85). In laasgenoemde geval sou daar inderdaad verwys kan word na kinders en kleinkinders wat ly as gevolg van die *"sondes van die vaders"* en die gepaardgaande vernietigende uitwerking daarvan. In eersgenoemde geval is die klem weer meer op die emosionele verwonding as gevolg van onverwerkte trauma by die ouers of die grootouers. Hier gaan dit dan ook om die invloed wat 'n sondeverskeurde bestaan (wat oorlog insluit) op beide ouers en kinders het.

### 1.3.2 Die Suid-Afrikaanse konteks

Wat die Suid-Afrikaanse geskiedenis betref, kan die Anglo-Boereoorlog as vertrekpunt geneem word. In 'n verslag van die Kommissie van Ondersoek Insake die Gesinslewe van 1960 ('n sosiologiese ondersoek) is bevind dat Afrikaanssprekendes 'n groter aandeel aan jeugwangedrag op daardie stadium gehad het as byvoorbeeld Engelssprekendes. Daar is bevind dat die oorsaak hiervoor in die gewelddadige verlede van die Afrikaner gegrond is. In 1899 is 'n verwoestende oorlog teen die twee Boererepublieke deur Engeland ontketen. Die Boere is verslaan en moes noodgedwonge die oorheersing aanvaar en hulle was vir baie jare gedoem tot knegskap. Die nadraai van daardie oorlog is jare later steeds gevoel in onder andere maatskaplik afwykende verskynsels soos byvoorbeeld jeugwangedrag (Cronjé *et al.*, 1960:10). Huidiglik is daar talle Suid-Afrikaanse oudsoldate wat betrokke was by gevegte in die destydse Suid-Wes-Afrika en in Angola. Talle van hierdie soldate worstel waarskynlik nog met onverwerkte trauma wat sekerlik 'n invloed op die kinders (en moontlik ook kleinkinders) van hierdie gesinne het.

Volgens regter Goldstone het die meeste Suid-Afrikaners trauma tydens een of ander vorm van geweld beleef en sal dit etlike jare vir die getraumatiseerde volwassenes neem om hiervan te genees - indien ooit (Rock, 1997:i-vi). Ouers het algaande in 'n slordige ouerskapstyl verval sodat hulle nie meer hul rol as ouer en gesagsfiguur uitleef nie. Die uiteinde hiervan kan gesien word in disfunksionele gesinne, gesinsmoorde en aggressiewe dissiplinering (Duncan & Rock, 2002a:116–119). Die Suid-Afrikaanse jeug word beskryf as promisku, rebels en gewelddadig en presenteer met gedragsprobleme soos byvoorbeeld gespannendheid, leer-probleme, swak selfbeeld en depressie (Duncan & Rock, 2002a:120). Dr. Eddie Wolff, kliniese sielkundige van Sandton, sê Suid-Afrika sit huidiglik met 'n geslag getraumatiseerde kinders wie se vormingsjare plaasgevind het tydens van die land se gewelddadigste geskiedkundige tydperke - trouens volgens hom is die probleem rondom die jeug te wyte aan "geslagte van erg getraumatiseerde mense en sien ons huidiglik die negatiewe gevolge daarvan" (Smit, 2003:56).

### 1.3.3 Die waarde van 'n genogram

Binne die vakgebied van die Maatskaplike Werk het Murray Bowen baanbrekerswerk gedoen betreffende die gesin as 'n sisteem en die gepaardgaande invloed van opeenvolgende geslagte op mekaar (Bowen, 1994; Titelman, 1987; Titelman, 1998). Hy definieer die term "gesin" as 'n emosionele eenheid, saamgestel uit verskeie generasies, waarbinne elkeen 'n individuele funksie vervul (Titelman, 1998:10). Hierdie funksie word bepaal deur onder andere die posisie wat die individu vul en dit hang af van byvoorbeeld: geboorte orde, geslag, gesinspatrone soos oorgeërf

van vorige generasies asook belangrike gebeure in die gesin. So verkry die oudste kind die funksie van byvoorbeeld die verantwoordelike kind en sal hierdie kind beskermend optree teenoor jongeres in die gesin. Die jongste lid van 'n gesin is tradisioneel die bedorwe en onverantwoordelike een. Hierdie funksie of rolverdeling dra by tot die ontwikkeling en definiëring van die onderskeie persoonlikhede binne die gesin. Die persoonlikhede bind op hul beurt weer die gesin as 'n funksionele eenheid. Daar is dus volgens Bowen 'n korrelasie tussen die funksionaliteit van posisie en persoonlikheid (Titelman, 1998:10). Volgens hom is mense subjektief by mekaar betrokke en het elkeen 'n behoefte aan individualisme aan die een kant en groepsidentiteit (of behoort) aan die ander kant (Titelman, 1987:44). Die emosionele wisselwerking tussen gesinslede veroorsaak emosionele velde wat gelaai is met betekenis. Hierdie "betekenis" word na die volgende geslagte oorgedra en kan met die hulp van genogramme en driehoek-verhoudings visueel voorgestel word. Bowen gee dan ook uitgebreide riglyne waarvolgens so 'n genogram van 'n familie opgestel kan word. Die Bowenteorie benodig ten minste drie geslagte maar verkieslik sewe geslagte se informasie om die effek van emosionele oorerwing te identifiseer. Volgens Bowen is dit so dat "the more you know about the past, the more you know about yourself..." (Titelman, 1998:16).

Vanuit 'n pastorale hoek het Carder *et al.* (1991) 'n besondere bydrae gelewer deur byvoorbeeld te gaan kyk na sekere disfunksionele families in die Bybel. Hulle het dan ook 'n familiestamboom opgestel van onder andere Dawid en sy familie, asook Isak en sy familie. Hulle wys vervolgens op sekere patrone van trauma wat telkens herhaal vanaf een generasie na die volgende een. Vanuit die geskiedenis van hierdie twee Bybelse families identifiseer hulle dan uiteindelik sekere basiese pastorale beginsels wat kan bydra tot heling en genesing binne families waar daar trauma en pyn aan die orde was (disfunksionele families/gesinne).

In hul boek, *Forgiving our parents forgiving ourselves,* het Stoop en Masteller (1996) ook vanuit 'n pastorale vertrekpunt voortgebou op die basiese vertrekpunte van Murray Bowen. Volgens Stoop en Masteller (1996:42) blyk dit dat gesinne in werklikheid in 'n verbondsverhouding met mekaar staan waarvan die effek na volgende generasies kan versprei omdat elke gesin 'n skakel in die ketting is wat verskillende generasies koppel. Probleemgesinne presenteer met 'n disfunksionele dinamiek betreffende gesinsverhoudinge en gedragspatrone (Stoop & Masteller, 1996:30). Om te identifiseer en te verstaan hoe die dinamiek van die gesin elke individu spesifiek beïnvloed het, kan die proses van genesing stimuleer. Die gesin bestaan nie bloot uit 'n groep individue nie maar moet eerder as 'n sisteem of 'n organisme gesien word. In hierdie organisme het die waardes en

norme van elkeen in die gesin 'n invloed op mekaar. Die genogram (wat eintlik maar 'n uitgebreide familiestamboom is) speel vervolgens ook 'n belangrike rol in Stoop en Masteller se benadering en dit gaan vir hulle om 'n skematiese voorstelling van die betrokke familie met so veel as moontlik inligting betreffende elke individu. Alle belangrike data, asook onderskeidende persoonlikheidskenmerke en probleme, word aangedui. Hieruit kan disfunksionele gedragspatrone, versprei oor generasies, vasgestel word met die doel om uiteindelik die negatiewe patrone positief te verander. Die rol van grense is byvoorbeeld 'n belangrike kriterium in die opstel van so 'n familie se genogram. Stoop en Masteller (1996:102) onderskei in hierdie verband tussen individuele grense, intergeneratiewe grense en gesinsgrense. Binne elk van laasgenoemde drie kategorieë kan daar dan weer drie tipes grense wees, naamlik rigiede grense, verstrooide grense (*diffused*) en veerkragtige grense (*flexible*). Op 'n baie treffende wyse word al hierdie riglyne uiteindelik dan toegepas op die daarstelling van 'n genogram van die nakomelinge van Abraham. Die gesinne van Isak en Jakob word almal betrek in hierdie genogram en duidelike lyne word aangedui wat deur die drie generasies geloop het betreffende sekere probleme wat alreeds aanwesig was in die generasie van die oupa (Abraham) en uiteindelik manifesteer in die daaropvolgende twee generasies.

In die lig van die voorafgaande bespreking kan daar vervolgens by wyse van samevatting gestel word dat hierdie studie wil fokus op die aftakelende invloed van enersyds die sondes van ouers en grootouers en andersyds hul onverwerkte trauma op die emosionele en geestelike vorming van kinders en kleinkinders. Teen hierdie agtergrond sal dan gepoog word om riglyne te formuleer waarvolgens die kinders en kleinkinders wat op hierdie wyse emosioneel verwond geraak het, pastoraal begelei kan word tot emosionele en geestelike stabiliteit asook groei.

## 1.4 SPESIFIEKE LEEMTES IN DIE HUIDIGE NAVORSING

Vir die doeleindes van hierdie navorsing is gebruik gemaak van die volgende databasisse: NEXUS, ATLA RELIGION DATABASIS, RSAT en ERIC. Die genoemde databasisse toon dat daar vanuit 'n pastorale vertrekpunt geen spesifieke studies in hierdie verband gedoen is nie. In hierdie studie gaan daar gevolglik gepoog word om, teen die agtergrond van die negatiewe impak van verskillende generasies op mekaar, die navorsingsresultate van iemand soos Murray Bowen te integreer met byvoorbeeld die bydraes van pastorale outeurs soos Stoop en Masteller asook Carder *et al.* Eksegetiese resultate van tersaaklike Skrifgedeeltes wat ook handel oor die invloed van een generasie op 'n volgende een, sal geïnkorporeer word ten einde riglyne te kan formuleer

vir die pastorale begeleiding van tieners wat verward en selfs getraumatiseer is as gevolg van ouers (en selfs grootouers) se onverwerkte trauma en pyn en/of oortredinge.

## 1.5 NAVORSINGSVRAAG

Hoe kan die tiener wat worstel met oorgeërfde verwonding pastoraal begelei word tot geestelike groei?

### 1.5.1 Verdere vrae

- Is daar enige tersaaklike Skrifgedeeltes en Skriftuurlike beginsels wat lig kan werp op die pastorale begeleiding van tieners wat worstel met oorgeërfde verwonding, en hoe moet hierdie Skrifdele verstaan en toegepas word?
- Watter navorsingsresultate van ander hulpwetenskappe met betrekking tot die pastorale begeleiding van persone met oorgeërfde emosionele verwonding bestaan en tot watter mate kan daarvan gebruik gemaak word?
- Watter perspektiewe kom na vore vanuit 'n empiriese ondersoek betreffende die oordrag van emosionele pyn vanaf een geslag na 'n volgende geslag?
- Watter praktyk-teoretiese riglyne kan geformuleer word vir die pastorale begeleiding tot geestelike groei van tieners met oorgeërfde verwonding?

## 1.6 DOELSTELLING EN DOELWITTE

### 1.6.1 Doelstelling

Om te bepaal hoe die tiener wat worstel met oorgeërfde verwonding, pastoraal begelei kan word tot geestelike groei.

### 1.6.2 Doelwitte

- Om Skriftuurlike beginsels te identifiseer vir die pastorale begeleiding van tieners wat worstel met oorgeërfde verwonding.
- Om perspektiewe vanuit die sosiale wetenskappe te identifiseer wat kan lig werp op die begeleiding van tieners wat worstel met oorgeërfde verwonding.
- Om deur middel van 'n empiriese ondersoek vas te stel of daar vernuwende insigte betreffende hierdie aangeleentheid na vore kom.
- Om praktyk-teoretiese riglyne te formuleer vir die pastorale begeleiding van tieners wat worstel met oorgeërfde verwonding.

## 1.7 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Tieners wat worstel met oorgeërfde verwonding moet pastoraal begelei word tot geestelike groei en pastorale riglyne kan hiertoe geformuleer word.

## 1.8 METODE

In die metodologie van hierdie studie word aansluiting gevind by Zerfass (1974:164) se model (vergelyk ook Heyns & Pieterse, 1990:39) waarvolgens 'n bepaalde oneffektiewe praksis tot 'n nuwe teorievorming lei en wat dan weer op sy beurt tot 'n nuwe praksis lei. Die studie word vanuit die Gereformeerde tradisie aan die hand van die volgende vertrekpunte gedoen:

### 1.8.1 Basis-teoretiese perspektiewe

Eksegese van toepaslike Skrifgedeeltes volgens die grammaties-historiese metode (De Klerk & Van Rensburg, 2005) word beoog. Woordstudies met behulp van Louw en Nida (1993) sal gedoen word met betrekking tot sekere sleutelterme. Die Skrifondersoek sal gedoen word aan hand van hermeneutiese reëls soos deur Coetzee (1990:15-30) aangedui. Voordat daar meer spesifiek gefokus gaan word op die eksegese van sekere belangrike Skrifgedeeltes sal 'n genogram opgestel word met betrekking tot die volgende twee families:

- Die familie van Abraham
- Die familie van Dawid

Deur middel van hierdie twee genogramme sal sekere herhalende patrone binne opeenvolgende generasies van hierdie twee families beklemtoon word. Dan sal vervolgens ook aandag gegee word aan die volgende Skrifgedeeltes aangesien daar by elkeen op een of ander wyse 'n verband gevind kan word met betrekking tot die verhouding tussen verskillende generasies.

**OU TESTAMENT:**

- **Eksodus 20:5-6 + Deuteronomium 5:9:** "Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat, maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam."
- **Jeremia 31:29-30:** "In daardie tyd sal hulle nie meer sê: "Die vaders het groen druiwe geëet, en die kinders se tande het stomp geword" nie. Elke mens sal oor sy eie sonde sterf: wie groen druiwe eet, se tande sal stomp word."
- **Esegiël 18:20:** "Die mens wat sondig, sal sterwe. 'n Seun sal nie die straf op sy pa se sonde dra nie, en 'n pa sal nie die straf op sy seun se sonde dra nie. Wie leef volgens my wil, sal die vrugte daarvan pluk. Wie goddeloos is, sal die straf daarvoor dra."

Die kruisdood en opstanding van Jesus Christus bring vir die mens hoop en 'n nuwe lewe. Elkeen kan nou, losgemaak van die verlede, uitstrek na 'n nuwe begin in Christus. Hierin lê daar vir elkeen 'n keuse opgesluit naamlik: kies om die verlede agter te laat en nuut te begin, of kies om geketting te bly aan die verlede. Ten einde die beradene te begelei in die maak van die korrekte keuse, word die volgende Skrifgedeeltes in die Nuwe Testament eksegeties ondersoek:

**NUWE TESTAMENT:**

- **2 Korintiërs 5:17-18a:** "Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. 18 Dit alles is die werk van God."
- **Filippense 3:13:** "Broers, ek verbeel my nie dat ek dit alles al het nie. Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is."
- **1 Petrus 1:3:** "In Sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood."

### 1.8.2 Meta-teoretiese perskpektiewe

Daar sal aandag gegee word aan die resultate van die navorsing van ander aangrensende wetenskappe en dissiplines (onder andere Psigologie, Sosiologie en Maatskaplike Werk). Daar sal gelet word op sekere raakvlakke met hierdie betrokke tema en relevante stof sal gebruik word. 'n Literatuurstudie deur middel van analise, interpretasie en sintese sal gedoen word en inligting byeengebring word. Daar sal verder gepoog word om vas te stel of daar enige vernuwende insigte betreffende hierdie tema deur 'n empiriese ondersoek na vore kom. Hierdie inligting sal deur middel van 'n kwalitatiewe empiriese ondersoek gedoen word aan die hand van geïdentifiseerde tieners tussen 14 en 18 jaar oud wat worstel met die saak van oorgeërfde verwonding. Hierdie ondersoek geskied volgens die riglyne van die Noordwes-Universiteit se Navorsingsetiekkomitee en na goedkeuring van die Fakulteit Teologie se Navorsingsetiekkomitee.

### 1.8.3 Praktyk-teoretiese perspektiewe

Deur middel van 'n hermeneutiese wisselwerking tussen basisteoretiese riglyne en metateoretiese perspektiewe sal 'n verstelde praktykteorie geformuleer word met betrekking tot die pastorale begeleiding van tieners wat worstel met oorgeërfde verwonding, tot geestelike groei.

## 1.9 TEGNIESE ASPEKTE

- Vir die afkorting van Bybelboekname is gebruik gemaak van die lys van afkortings voor in die Nuwe Afrikaanse Vertaling (Die Bybel, 1991).
- Waar die geslagsvorm *hy/hom* in die studie aangedui word, verteenwoordig dit ook die vroulike geslagsvorm *sy/haar.*
- Die terme *terapeut* en *berader* word afwisselend gebruik vir die persoon wat behandeling, berading of terapie aanbied.
- Die terme *trauma* en *verwonding* word afwisselend gebruik om die effek van 'n sinlose daad wat skok, pyn en lyding impliseer te beskryf.
- Die woord *Holocaust* word telkens gebruik waar daar na die *Joodse vervolging* tydens die Tweede Wêreldoorlog verwys word.
- Die afkorting *PTSV* word gebruik vir die begrip *Post Traumatiese Stresversteuring.*
- Die afkorting *PTS* word gebruik vir die begrip *Post Traumatiese Stres.*

## 1.10 HOOFSTUKINDELING

Hoofstuk 1: Inleiding.

**BASIS-TEORETIESE AFDELING**

Hoofstuk 2: Skriftuurlike beginsels en riglyne.

Hoofstuk 3: 'n Pastorale siening rondom die intergeneratiewe effek van trauma.

**META-TEORETIESE AFDELING**

Hoofstuk 4: Evaluering van bydraes uit ander vakdissiplines.

Hoofstuk 5: Resultate van empiriese navorsing.

**PRAKTYK-TEORETIESE AFDELING**

Hoofstuk 6: Formulering van praktyk-teoretiese riglyne.

Hoofstuk 7: Finale konklusie.

## 1.11 SKEMATIESE VOORSTELLING

| Probleemstelling | Doelstelling en Doelwitte | Metodologie |
|---|---|---|
| Hoe kan die tiener wat worstel met oorgeërfde verwonding pastoraal begelei word tot geestelike groei? | Om tieners wat worstel met oorgeërfde verwonding pastoraal te begelei tot geestelike groei. | Die algemene benadering sal wees in ooreenstemming met die beginsels van die metode van Zerfass (1974:164) en dit sal geskied teen die agtergrond van die Gereformeerde *tradisie*. |
| Watter basis-teoretiese perspektiewe kan geformuleer word met betrekking tot die pastorale begeleiding van die tiener wat worstel met oorgeërfde verwonding? | Om basisteoretiese perspektiewe daar te stel met betrekking tot die pastorale begeleiding van die tiener wat worstel met oorgeërfde verwonding. | Die grammaties-historiese metode van Skrifuitleg sal gevolg word. |
| Watter meta-teoretiese perspektiewe kan geïdentifiseer word met betrekking tot die pastorale begeleiding van die tiener wat worstel met oorgeërfde verwonding? | Om metateoretiese perspektiewe te formuleer ten opsigte van die pastorale begeleiding van die tiener wat worstel met oorgeërfde verwonding | 'n Literatuurstudie deur middel van rekenaargesteunde databasis-soektogte sal hier gedoen word. |
| Watter vernuwende insigte met betrekking tot hierdie tema kan deur 'n empiriese ondersoek na vore kom? | Om deur middel van 'n empiriese ondersoek vas te stel of daar vernuwende insigte betreffende hierdie aangeleentheid na vore kom. | Deur middel van individuele gesprekke met tieners wat worstel met probleme waarvan die oorsprong in vorige geslagte lê. |
| Watter praktyk-teoretiese riglyne kan geformuleer word as uitgangspunt vir pastorale berading aan die tiener wat worstel met die effek van oorgeërfde verwonding? | Die formulering van praktyk-teoretiese riglyne wat as basis kan dien vir pastorale berading aan die tiener wat worstel met die effek van oorgeërfde verwonding. | Daar sal 'n hermeneutiese wisselwerking plaasvind tussen basis-teorie en meta-teorie om uiteindelik praktyk-teoretiese riglyne te formuleer waarvolgens die |

| | | |
|---|---|---|
| | | *tiener wat worstel met die* effek van oorgeërfde verwonding pastoraal begelei kan word. |

# BASISTEORETIESE AFDELING

## HOOFSTUK 2: SKRIFTUURLIKE BEGINSELS EN RIGLYNE

### 2.1 INLEIDING

Die behoefte aan Praktiese Teologie word gebore uit die nood van die mens en die onvermoë van die geestelikes van hul tyd om dit prakties aan te spreek (Heyns & Pieterse, 1990:91). Heyns en Pieterse (1990:7) interpreteer die benaming, Praktiese Teologie, as "die geloofs*handelinge* van mense" wat ondersoek word met die implikasie dat "*handelinge*" prediking, onderrig, sorg, viering en diens impliseer. Hulle (1990:19, 56) definieer die taak van Praktiese Teologie as die identifisering en kritiese evaluering van die huidige praktiese teologiese teorieë en die ontwikkeling van nuwe praktykgerigte teorieë. Hierin word die boodskap van die evangelie na die kerk asook die gemeenskap, wat beide beïnvloed word deur teologiese insette en sosiale wetenskappe, geneem. Van der Ven (1993:38) neem dit verder as hy verwys na die interaksie tussen die kerk en die wêreld wat goed deurdink en bevraagteken moet word asook die belangrike rol van Praktiese Teologie in hierdie proses. 'n Brug kan daarmee tussen die praksis en die teologiese teorie gevorm word wat die teorie prakties maak en so verkondig. Van der Ven (1993:23) spreek dan ook die behoefte uit dat die gaping tussen praksis en teorie kleiner gemaak moet word. In hierdie verband beklemtoon hy byvoorbeeld die gebruik van empiriese navorsingsmetodes ten einde die studieveld se vraagstukke meer effektief aan te spreek.

'n Navorser interpreteer die Skrif teen sy eie lewens- en wêreldbeskouing onder leiding van die Heilige Gees en dit is daarom vir die navorser nodig om 'n verklaring hieromtrent te maak (De Klerk & Van Rensburg, 2005:3; Schoeman, 2005:15). Van der Ven (1993:39) wys daarop "... that the quest for meaning disappears when religion dies". In die lig hiervan word in hierdie studie as basiese vertrekpunt aanvaar dat die Bybel deur mense geskryf is onder inspirasie van die Heilige Gees en dat alle interpretasies deur hierdie bril geskied.

### 2.2 DOELSTELLING VAN DIE HOOFSTUK

In hierdie hoofstuk word eksegese gedoen van 'n aantal Skrifgedeeltes ten einde sodoende sekere basiese Skrifbeginsels te identifiseer wat meer lig kan werp rondom die begrip van "oorgeërfde verwonding by tieners". Die vertrekpunt bepaal noodwendig die keuse van die mees geskikte perikope (De Klerk & Van Rensburg, 2005:10). Uiteindelik sal die Skrifbeginsels tesame met die

riglyne wat geformuleer word vanuit 'n metateoretiese perspektief kan bydra tot die daarstelling van praktykteoretiese riglyne vir die hantering van oorgeërfde verwonding by tieners.

## 2.3 BASIS-TEORIE


Die mens kan slegs vanuit die Skrif berading ontvang wat jou tot die oortuiging bring van God en Sy heerlikheid (De Klerk & Van Rensburg, 2005:3). Bybelse norme, waardes en kriteria dien dus as basis vir die formulering van die pastorale model. Verder is die afbakening en interpretasie van die mens se optrede in 'n spesifieke studieveld, gesien binne die raamwerk van pastorale berading, ook nodig in hierdie verband. Venter (1993:247) beskryf 'n basis-teorie as die ontginning van teologiese vertrekpunte, primêr vanuit die Skrif.

## 2.4 METODOLOGIE

Volgens Louw (1993:5) word pastorale teologie se betekenis daarin gevind dat God sy Woord aan die mens toevertrou. Hy haal Firet (Louw, 1993:5) aan wat hierdie handeling omskryf as die "paradosis" (om aan iemand toe te vertrou) van die Heer wat die pastorale asook die praktiese teologie omvat. Venter (1993:247) bou hierop voort as hy sê Praktiese Teologie gebruik die Bybel as basiese uitgangspunt vir interpretasies. Die oorsprong van hierdie interpretasies lê egter in die geskiedenis en terwyl die teorie onveranderd gebly het, het die praksis dramaties verander. Die dinamika tussen die twee is egter agterweë gelaat.

Hierdie studie maak, soos reeds genoem in hoofstuk 1, gebruik van die model van Zerfass wat spesiaal vir die Praktiese Teologie ontwerp is. Sy hermeneutiese metode behels die vorming van 'n basis-teorie vanuit die teologiese tradisie tesame met die vorming van 'n meta-teorie uit die sosiale wetenskappe, en 'n uiteindelike ordening van resultate uit beide die twee refleksievelde met die oog op praktykteoretiese perspektiewe (vergelyk ook Venter, 1996:25-26).

## 2.5 MODEL VAN ZERFASS




Praksis 1 sou in hierdie skema kon dui op die geestelike basis en vertrekpunte van jongmense binne 'n sekere kerklike gemeenskap. 'n Vraag wat dan gestel sou kon word met betrekking tot hierdie groep jongmense en dan ook jongmense binne die kerk as geheel (omdat hierdie groep jongmense dan beskou sou kon word as redelik verteenwoordigend van die res) is: waarom is die hedendaagse adolessent so rebels, promisku en afvallig? Dit blyk dat Praksis 1 sy oorsprong het in die teologiese oorlewering, dus die kerkgeskiedenis, tradisie en ander teologiese dissiplines. Hiervolgens moet kinders hul ouers gehoorsaam wees en God se basiese riglyne vanaf hul ouers ontvang. Die rigting van pyl nommer 2 dui aan dat teologiese oorlewering verantwoordelik vir praksis 1 is. Is dit daarom aanvaarbaar om aan te neem dat 'n groot persentasie van die jeug afvallig is omdat talle ouerhuise nie in orde is nie? Verder sou gevra kan word wat dan die diepere wortels van hierdie situasie is? Pyl nommer 3 dui in die rigting van 'n situasie-analise wat vervolgens gedoen moet word. 'n Empiriese ondersoek is nodig om die oorsaak van die probleem te identifiseer en tot 'n teorie te verwerk. Vraelyste wat wetenskaplik verantwoordbaar is, gaan vervolgens hier gebruik word. Na die ondersoek word die gegewens vergelyk met die teologiese oorlewering en vind daar 'n wisselwerking tussen hulle plaas (vergelyk pyle nommer 5). Uit hierdie interaksie spruit daar dan 'n nuwe prakties-teologiese teorie voort (pyle nommer 7 en 8). Hierdie teorie moet nou in die praktyk toegepas word (vergelyk pyle nommer 10). Die nuwe teorie word nou praksis 2 nadat dit eers aan die situasie (pyl nommer 12) en die oorlewering (pyl nommer 13)

getoets is. Indien nodig moet aanpassings gemaak word met betrekking tot beide die teologiese teorie (9) en die nuwe praksis 2 (vergelyk Heyns & Pieterse, 1990:38-39).

## 2.6 AFBAKENING VAN TOEPASLIKE SKRIFGEDEELTES

- God laat sonde nie ongestraf nie: Eks 20:5-6 en Deut 5:9
- Elkeen is individueel aanspreeklik vir sy sonde: Jer 31:29-30 en Eseg 18:20
- Die oue is verby, die nuwe het gekom: 2 Kor 5:17-18a
- Maak jou los van alles wat agter jou is: Fil 3:13
- Die sleutel tot oorwinning is Jesus Christus: 1 Pet 1:3

## 2.7 VERTREKPUNT

In Matt 18:5-7 (Studiebybel vir jongmense, 1997) sê Jesus: "As iemand een van hierdie kleintjies wat op My vertrou sy geloof laat verloor, sou dit vir so iemand beter wees as hulle 'n swaar klip om sy nek bind en hom in die see gooi." Dit is 'n gegewe dat die mens sondig. Dit is 'n verdere gegewe dat die mens ook uitgelewer is aan ander se sondige keuses met die daaropvolgende gevolge van daardie keuses. Volgens Seamands (2002:50) is dit juis rondom hierdie area waar baie mense vandag heling benodig – dit is in besonder dan ook van toepassing op die terrein van intergeneratiewe trauma waar soveel kinders direk of indirek geraak is deur die trauma asook die sondige keuses (in sekere gevalle) van ouers en grootouers. Daar gaan dan vervolgens gelet word op sekere Bybelse beginsels wat as riglyn kan dien rondom die pastorale hantering van hierdie problematiek.

## 2.8 VERKLARING VAN SKRIFGEDEELTES

### 2.8.1 God laat sonde nie ongestraf nie

**Eks 20:5-6 en Deut 5:9 -** "...Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van die wat My haat, maar ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van die wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam" (Bybel, 1991).

#### 2.8.1.1 Keuse van teks

Die inhoud van hierdie gedeelte is vir God van soveel belang dat Hy dit as die tweede gebod in die Dekaloog opneem. Dit is daarom nodig om die teksvers met behulp van eksegese te interpreteer en om die toepaslikheid van die gebod aan die huidige samelewing te toets. God wil 'n verhouding met elke individu hê en laat opstand teen Hom nie ongestraf nie (Lioy, 2004:56). Eksodus 34:7

bevestig dat die nagevolge van 'n verkeerde daad gedeel word deur die persone naby aan die oortreder – wat gewoonlik die gesin impliseer. 'n Sondige daad veroorsaak straf terwyl 'n goeie daad seën inhou vir die naby betrokkene. God is nie onregverdig nie - Hy is liefde en genade (Ps 30:5) en daarom sal Sy seën volg tot in die duisendste nageslag terwyl Sy woede net tot by die vierde geslag strek (Shields, 1983:56). Die verwysing na die *derde* en *vierde geslag* impliseer veral die uitgebreide familie wat saam in een huishouding gewoon het. Ouers, kinders, kleinkinders en grootouers het almal saam in een huis gewoon met gewoonlik een persoon wat as leier of verteenwoordiger van die groep opgetree het. Gebeure het maklik 'n positiewe of negatiewe invloed op die familie as groep gehad (Lioy, 2005:63; Shields, 1983:54). In Jos 7:24 word Akan, sy seuns, sy dogters en almal en alles wat aan hom behoort het doodgemaak as gevolg van sy sonde.

#### 2.8.1.2 Die universele boodskap van die dekaloog

##### 2.8.1.2.1 Die agtergrond en plek van Eksodus in die Bybel

Na die ontvangs van die Dekaloog is dit opmerklik dat die res van Eksodus, die hele Levitikus asook die eerste gedeelte van Numeri by Sinai afspeel (Dillard & Longman, 1994:63). Die Nuwe testament sluit ook aan by Eksodus waar Paulus se prediking die wetgewing as noodsaaklik behandel – Rom 9-11 en 1 Koor 11:25. In Hebreërs 7-10 word dikwels na die priesterskap van die Ou Testament en die teenwoordigheid van God in die tabernakel verwys (Bybellennium, 1999:73). Eksodus 34 vorm 'n parallel met Eks 20:19 – 20. Die feit dat Moses in Eks 34 vir 'n tweede keer op die berg klim en die wet 'n tweede keer ontvang, kan moontlik die resultaat wees van twee tradisies wat later tot een verwerk is. Opvallend hier is die ooglopende verskille in die twee weergawes. Geleerdes onderskei daarom die *etiese dekaloog* (Eks 20; Deut 5) teenoor die *kultiese dekaloog* (Eks 34).

Ooreenkomste tussen die etiese en die kultiese dekaloog is:

- Jy mag jou nie neerbuig voor 'n ander god nie, want Jahwe se Naam is Jaloers; Hy is 'n jaloerse God – Eks 34:14 en Eks 20:2.
- Jy mag vir jou geen gegote gode maak nie – Eks 34:17 en Eks 20:4.
- Ses dae moet jy werk, maar op die sewende dag moet jy rus – Eks 34:21 en Eks 20:8.

Die naam van die boek beteken *uittog* en drie hoofgebeure word hierin verhaal, naamlik die uittog, die wet en die tabernakel (Hill & Walton, 1991:105). Die fokus by al drie die gebeure beklemtoon die feit dat God teenwoordig is as *redder* en *leier* (Motyer, 2005:24). Die uittog uit Egipteland word

simbool van 'n uittog uit die land van sonde. Thomas Watson word deur Heyns (1973:111) aangehaal as hy sê:

> "The house of bondage was a type of deliverance from sin ...a type of deliverance From Satan ... a type of their being delivered from hell".

Sivan (2005:26) trek 'n simboliese verband tussen Egipte as die baarmoeder en die volk wat daaruit gebore word. Die naelstring word geknip deur die Mosaïese geloof, naamlik dat slegs een God erken en aanbid word. Die uittog is vir Israel van soveel belang dat die verhaal daarvan verskeie kere verwerk is – dit maak dit uiteraard moeilik om vroeëre en latere gegewens van mekaar te onderskei (Deist & Du Plessis, 1985:16). In die Ou Testament verteenwoordig Eksodus die grootste daad van redding deur God bewerk en is dit in 'n sekere sin heenwysend na Jesus Christus se verlossing in die Nuwe Testament. Hier staan Israel met die behoefte aan onverdiende genade voor God, teenoor Christus wat dit in die Nuwe Testament aan die mens kom gee (Motyer, 2005:23). God sorg wonderbaarlik dat Moses die aanslag op die Joodse seuntjies deur Farao oorleef en daarna moes hy as "geredde" weer die volk "red" (Dillard & Longman, 1994:65). By Sinai gee God die Dekaloog aan die volk as bewys dat hulle Sy eiendom is en verwag dat hulle uit dankbaarheid hierdie wet sal nakom (Die Bybel in Praktyk, 1993:94; Bybellennium, 1999:72; Shields, 1983:4; Lioy, 2004:60; Motyer, 2005:213).

Die boodskap van die boek verhaal God se verbondstrou en hoe die volk na hul verlossing uit Egipte die verbondsvolk van die Here geword het (Die Bybel, 1976:119; Hill & Walton, 1991:116). Die hooftemas van die boek is dat God ontevrede is met sonde en dat Hy dit nie ongestraf sal laat nie. As bewys hiervan kon Moses as gevolg van sonde nie die beloofde land ingaan nie – wat ook reeds 'n aanduiding van individuele straf is (Shields, 1983:55). Tog het God genade met die sondaar en "bewys (Hy) barmhartigheid aan duisende (geslagte) van die wat (Hom) liefhet" (Bybelse geskiedenis, 1976:28; Shields, 1983:54; Lioy, 2004:61). Eksodus simboliseer 'n nuwe begin vir elkeen wat dit benodig. Hierdeur word dit een van die belangrikste boeke in die Bybel (Motyer, 2005:23).

**Hoofdele van die Boek** (Dillard & Longman, 1994:62)

- Eks 1:1 – 13:16 **God red** Israel van slawerny.
- Eks 13:17 – 24:18 **God gee** Sy wet aan Israel.
- Eks 25:1 – 40:38 **God beveel** Israel om die Tempel te bou.

### 2.8.1.2.2 Die agtergrond en plek van Deuteronomium in die Bybel

Sosiale en politieke chaos het geheers met die totstandkoming van hierdie boek (Bybellennium, 1999:193). Die naam van die boek beteken "twee" en "wet"- met ander woorde die "tweede wetboek" (Die Bybel in Praktyk, 1993:241; Bybellennium, 1999:193). Hierin word die tweede geslag Israeliete wat die beloofde land sou binnegaan, geadresseer. Die eerste geslag Israeliete het 40 jaar in die woestyn rondgeswerf (Eksodus) en is dood as gevolg van hul ongeloof. In Deuteronomium word 'n tweede poging aangewend om die tweede geslag te vermaan en te herinner om te onthou wie God is en wat Hy vir hulle gedoen het. Heidense volke het afgode gedien sonder voorskrifte en het sodoende nie geweet wat hulle gode van hulle verwag nie. By Sinai openbaar God Homself aan die volk sodat hulle nie in dieselfde onkunde as die heidene hoef te leef nie. Israel weet daarom wat God van hulle verwag. Die Dekaloog bevry die volk sodoende van enige gebrek aan kennis (Hill & Walton, 1991:149). Die tweede geslag word hier vermaan om geskiedkundige foute nie te herhaal nie, beloftes wat deur voorgeslagte gemaak is na te kom, en herinneringe aan spesiale geleenthede moet vir hulle as motivering dien om God gehoorsaam te wees (Die Bybel in Praktyk, 1993:241; Hill & Walton, 1991:145). Die tweede geslag kan hier kies om die verbond met God te herstel. Die boodskap van die boek beklemtoon reeds individuele verantwoordelikheid vir keuses en dat die Here die ouers se sonde slegs in die nageslag straf indien die kinders die sondige weë van hul ouers navolg (Weinfeld, 1972:318; Shields, 1983:54).

Die genadige karakter van Jahwe is een van die kerntemas van Deuteronomium. Hy het die volk gekies bloot uit genade en nie omdat hulle dit verdien nie en daarom eis Hy van hulle medemenslike genade. Omdat God hulle uitverkies het, mag Hy hulle met jaloesie beskerm as Sy eiendom en mag Hy eise aan hulle stel. Solank die volk gehoorsaam is, sal Jahwe met hulle wees, andersins sal Hy hulle vernietig (Deist & Du Plessis, 1985:55; Lioy, 2004:56). Christene leef vandag steeds in afhanklikheid en deur Sy genade alleen. Daarom is hierdie voorskrifte ook op die moderne mens vandag van toepassing (Bybellennium, 1999:193). Elkeen moet oorlog voer teen die afgode in sy lewe en nie vergeet om die nageslag te leer aangaande God nie. Elke geslag en individu moet opnuut op God se stem reageer en terselfdertyd moet elke geslag seker maak om die boodskap van verlossing en vervloeking as gevolg van sonde aan die volgende geslag oor te dra. Moses onderrig die volk in die erns van gehoorsaamheid aan God en Sy gebod. Hy vermaan die volk dat die Dekaloog lewenswysheid bevat en dat ongehoorsaamheid daaraan bepaalde konsekwensies inhou (Bybel in Praktyk, 1993:248). Alle mense op aarde staan uiteindelik onder die gesag van God se wet – gelowiges sowel as ongelowiges. In Deut. 4:24-29 verduidelik Moses aan die volk "Die Here jou God is 'n verterende vuur"; Hy eis onverdeelde trou aan Hom en indien

jy of jou kinders of jou kindskinders ontrou is aan Hom, sal Hy hulle verdelg *totdat hulle terugkeer na Hom.* God maak dit duidelik in Sy Woord dat getrouheid aan Sy wet tot seën lei; terwyl 'n verkeerde ingesteldheid lei tot rampe, siektes en selfs die dood (Dillard & Longman, 1994:105). Om God te ken, beteken dit nie dat jou lewe sonder trauma gaan wees nie, maar deur God aan te gryp, sal Hy die trauma tot jou voordeel laat werk - Rom.8:28 "...vir hulle wat God liefhet, sal alles ten goede meewerk..." (Bybel in Praktyk, 1993:248).

#### 2.8.1.3 Die Dekaloog as rigsnoer van die lewe

Volgens Carmichael (1992:6) het die eerste vyf boeke van die Bybel twee eienskappe gemeen. Dit bevat "eerste gebeurtenisse" soos byvoorbeeld: die skepping, die sondeval en die eerste moord. Die tweede eienskap is 'n herhaling van gebeure soos dit in geslagte voorkom, soos byvoorbeeld: Abraham wie se tweede seun die seën kry en die tendens dan telkens herhaal word met Jakob > Esau; Josef > Reuben; Efraim > Menassa. Jakob word die slaaf van Laban, soos Josef die slaaf word van Potifar. So ook word die geskiedenis herhaal in man-vrou misleidings: Abraham noem Sarah sy suster; Isak doen dieselfde; Jakob word mislei en kry Lea as vrou in plaas van Ragel en Josef word met Potifar se vrou gekonfronteer. Die Dekaloog fokus dus op 'n tydperk waarin gebeure die eerste keer plaasgevind het en die herhaling van soortgelyke gebeure vir die eerste keer in die nageslag opgemerk word. Wette word gemaak met die oog op die toekoms. Soortgelyke gebeure word verwag en daarom word 'n reël gemaak om dit te hanteer; met ander woorde die *geskiedenis toon 'n patroon van herhaling* wat 'n reël noodsaak (Carmichael, 1992:23). Die wet van die Here vorm die raamwerk waarbinne God met Sy volk 'n nuwe geskiedenis sou uitstippel.

In Eks 19:5-6 verklaar God aan sy volk:

> "As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. En julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees".

Hierdie woorde is belangrik want dit is direk voor die Dekaloog aan Israel gegee. Na die ontvangs van die Dekaloog sou Israel nooit weer dieselfde wees nie. Hierna moes hulle kies om die wet te gehoorsaam of nie. Indien die volk gehoorsaam is, sal hulle lewe verskil van vroeër - kies hulle egter ongehoorsaamheid, sou hulle onder die vernietigende oordeel van die Verbondsgod staan (Heyns, 1973:32; Hill & Walton, 1991:4). Die Dekaloog is die voortgaande genadige handelinge van God met die mens in die algemeen en met Israel in besonder. Die voorskrifte hierin bewaar die mens van 'n chaotiese lewe ongeag of jy as Christen leef of nie. Die mens is egter geskape

met 'n vrye wil en kan daarom keuses uitoefen waarvoor hy uiteindelik self verantwoordelikheid moet neem (Heyns, 1973:23; Kaiser, 1987:165; Sivan, 2004:26).

### 2.8.1.4 Gedagte-ontleding van die perikoop

- **Eksodus 20:5-6**

In die derde maand na die uittog uit Egipte kom die volk by Sinai en vertoef daar bykans twee jaar lank (Dillard & Longman, 1994:63). Die eerste gebeurtenis van belang hier is die Dekaloog. God openbaar Homself op die berg waar Moses opgaan om die wet in ontvangs te neem (Dillard & Longman, 1994:63) en openbaar Sy naam vir die eerste keer ten volle in Eks 3:14 as: "Ek is", wat impliseer dat Hy slegs geken kan word deur middel van 'n individuele verhouding met Hom (Bybellennium, 1999:79). In hoofstukke 20 – 23 word die bepalings van die wet aangetref asook verdere uitbreidings daarop (Bybel in Praktyk, 1993:95). God onderneem ook by hierdie geleentheid om die Israeliete as Sy uitverkorenes te behandel en om hulle as 'n heiligdom van priesters en 'n heilige nasie te maak (Cassuto, 1967:241; Kalisch, 1855:256). Die Dekaloog begin met God se bevestiging aan die volk dat Hy hulle God is en dat Hy hulle van slawerny bevry het, wat beteken dat hulle Hom moet erken en uit liefde en dankbaarheid moet eer (Lioy, 2004:54; Cassuto, 1967:241; Kalisch, 1855:256). Dit het ook die implikasie dat indien hulle ander gode sou dien, God teenwoordig sou wees en dit dus sou weet. Die hele volk het die gebeurtenis beleef en kan dit in herinnering roep. Hulle het self God se leiding, wysheid, voorsiening, alomteenwoordigheid, en mag beleef. Die oproep van die verlede vorm dus die basis van die Dekaloog en dien as motivering om die wet te gehoorsaam (Kalisch, 1855:256; Cassuto, 1967:238). Die eerste gebod vermaan die volk om Hom as die enigste ware God te erken en te dien. Die tweede gebod waarsku die volk om geen afbeelding van Hom te maak nie want die Here reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van die wat Hom haat; terwyl Hy liefde bewys tot aan die duisendenste geslag van die wat Hom liefhet en Sy gebooie gehoorsaam (Lioy, 2004:55). Lioy (2004:58) bevestig die idee van God se soewereiniteit. Die feit dat God die ouers se houding teenoor Hom aan hul kinders gaan toets, beklemtoon Sy genade en regverdigheid daarin dat die kinders 'n kans kry om eie keuses te maak. Dit stem ooreen met die boodskap van die evangelie in die Nuwe Testament. God gee aan almal 'n gelyke kans – gelowiges sowel as ongelowiges. Oorgeërfde sonde neem vier geslagte om wasdom te bereik. Vergelyk in hierdie verband Genesis 15:16:

> "En die vierde geslag sal hierheen (Kanaän) terugkom, want die ongeregtigheid van die Asoriese is tot nog toe nie vol nie".

Die Here rig hierdie woorde aan Abram ten tye van hul heraansluiting. Dit beteken dat die Asoriese se verwoesting (die val van Jerigo) regverdig is vanweë hul sonde en dat hul politieke bestel ten gronde gegaan het ook as gevolg van hul sonde (Kalisz, 1855:262; Moyer, 2005:17; Hill & Walton, 1991:331; Lily, 2004:58).

♦ **Deuteronomium 5:9**

Verbonde is een van die belangrikste temas in die Ou Testament. Die verbonde met Abraham en Dawid beklemtoon God se beloftes; terwyl by Sinai (en Deuteronomium) die fokus meer val op dit wat die mens moet doen - maar telkens is dit God wat die inisiatief neem. Hy verlos die volk uit Egipte, lei hulle deur die woestyn en maak hulle Sy eiendom. Deut 1-3 verhaal die geskiedenis van die volk tot voor die intog in die beloofde land en ook hoe God die ongeregtigheid van die verlede hanteer het. Die geskiedenis leer aan die mens wat huidiglik van hom verwag word. Die volk moes weet dat daar slegs een God is wat aanbid mag word en hulle moes die bepalings van die wet nakom - die Tien Gebooie *is* die rigsnoer vir hul lewe. Omdat God verbind was aan die volk deur hulle te verlos en 'n land te gee om in te woon het Hy ook sekere eise aan hulle gestel en ongehoorsaamheid hieraan sou lei tot Sy oordeel (Bybellennium, 1999:194).

### 2.8.1.5 Raadpleging van eksegetiese bronne

#### 2.8.1.5.1 Woordomskrywings

❖ **Sonde:** Die Hebreeuse woord is *āwōn,* wat beteken *om te verdraai* of *verkeerd te doen* (Lioy, 2004:59). Sonde ontstaan in die hart en gedagtes en is dus meer as net 'n handeling – ten diepste is dit 'n *houding* of 'n *ingesteldheid* (Motyer, 2005:217). Die gevolge van sonde kan ook nie altyd ongedaan gemaak word nie selfs al word dit vergewe. Dit het daarom die potensiaal om volgende generasies te benadeel. God is Koning van die heelal en heerser van Israel aangesien Hy alles geskape het deur slegs 'n woord te spreek – Rig 8:32; 1 Sam 8 (Heyns, 1973:9). Sy woord is *gehoor* en is *gehoorsaam* tydens en deur die skepping. Langs hierdie weg van gehoorsaamheid en Koninklike heerskappy sou die skepping onverstoord ontwikkel het. Die sondeval veroorsaak egter 'n versteuring in die koninkryk van God, maar nie die vernietiging of verdwyning daarvan nie aangesien God steeds lief het en steeds heers. Sonde veroorsaak wel dat God se liefde op 'n nuwe wyse vergestalt moet word naamlik in Jesus Christus. Hierin lê die mens se grootste nood. Sonde verander die mens se ingebore liefde na verset teen God as sy heerser (Heyns, 1973:17; Motyer, 2005:214). In die wêreld gaan dit nie net om God of die mens nie – dit gaan om mense wat gehoorsaam aan God is sodat Sy plan en Sy doel vir die ganse kosmos verwerklik kan word. Aangesien God die mens geskape het, het Hy die reg om van die mens

gehoorsaamheid te verwag. Wie die wet bewaar, is vry want indien die mens kies in ooreenstemming met sy roeping (naamlik gehoorsaamheid) dan is hy vry – as hy kies om God te aanbid, sy naaste te dien, homself en sy gawes te ontwikkel en hy kies om oor die aarde te heers dan het hy gekies om te wees waarvoor God hom geskape het. Die konsekwensies van sy keuse is dan vryheid (Heyns, 1973:105; Motyer, 2005:214). God stel straf soms uit maar nie af nie. Hy vergelyk homself met 'n liefdevolle vader wat sy kind straf indien nodig sodat die kind tot inkeer kan kom. Hierteenoor staan die liefdelose vader wat sy stout kind nie tugtig nie omdat die vader nie genoeg omgee nie – Deut 4 (Bybellennium, 1999:196; Carmichael, 1992:31). Aangesien gelowiges van alle tye aan God gehoorsaam moet wees, is hierdie wette ook op vandag van toepassing. Hy het die mens so liefgehad dat Hy sy Seun gegee het sodat die mens kan leef. Gehoorsaamheid is die bewys van dankbaarheid vir hierdie groot genade. Verkeerde leefwyses bring God se eer in gedrang en veroorsaak dat God in beweging kom (Bybellennium, 1999:200; Lioy, 2004:56; Motyer, 2005:215).

"Transgression is violation of that which God's glory demands of us and is, therefore, in its essence the contradiction of God" (Douglas, 1962:1190).

❖ **Afgode:** Dit word deur Wilson (2002:11) omskryf as enigiets wat in die plek van God aanbid word. Dit hou in *enige persoon*, byvoorbeeld 'n lewensmaat, kind, predikant, mentor of *enigiets anders* byvoorbeeld 'n loopbaan, stokperdjies, liefdadigheidswerk en selfs 'n traumatiese insident. Hy verwys na Aäron wat die goue kalf in Eks 32 maak en dit opdra aan die Here in die vorm van 'n feesdag. Aäron het waarskynlik bedoel om goed te doen maar is mislei deur sy behoefte aan aanvaarding deur die volk. Dit is so dat weinig mense letterlik voor afgode sal buig maar dieselfde mense kan totaal afhanklik raak van die goedkeuring van ander. Hulle word sodoende mense-behaers in plaas van God-gefokus en ontduik sodoende persoonlike verantwoordelikheid. In Eks 32:34 sê die Here "die dag as Ek rekenskap eis, sal Ek die volk straf oor hulle sonde" (Bybel, 1991). Die aanbidding van 'n goue kalf word in die opeenvolgende geslagte van konings aangetref - God stel straf soms uit maar nie af nie (Carmichael, 1992:31).

❖ **Jaloesie –** Dit is die vertaling van die Hebreeuse woord, *qanna,* wat 'n intense emosie van *vurigheid* impliseer (In die Afrikaanse vertaling van 1953 word dit letterlik vertaal deur te verwys na God as 'n *jaloerse* God). Die betekenis van die woord *ganna*, dui in die Afrikaanse taal op 'n emosie wat impliseer dat 'n persoon sy medemens niks gun nie. Dit is nie 'n kenmerk van

God nie en dit is waarskynlik meer korrek om hier te praat van 'n *vurige verlange* by God na 'n innige verhouding met die mens. Die Nuwe Afrikaanse vertaling verwys na die *onverdeelde trou* wat God vereis en dit is waarskynlik dan 'n meer korrekte beskrywing van die oorspronklike betekenis van die woord, *ganna*. God is heilig jaloers, wat 'n gewonde liefde impliseer. Die vaderhart van God pyn as Sy liefde verwerp of bevraagteken word. Hy duld geen plaasvervanger nie en vereis erkenning asook totale afhanklikheid van die mens (Lioy, 2004:58; Shields, 1983:58). Hy beskerm wat Syne is met 'n ongekende vurigheid; terselfdertyd verwag Hy dieselfde toewyding van diegene wat hulself as Syne verklaar (Miller, 1990:76). As rigtinggewer hierin gee Hy die Dekaloog aan die mens. Die wet verteenwoordig God se heilsame en heil bewerkende teenwoordigheid in die wêreld. Sommige van hierdie wette is nie oortreebaar nie soos die natuurwette maar ander is oortreebaar soos byvoorbeeld *norme,* wat afgelei is van die Latynse term *norma,* wat beteken: winkelhaak – die werktuig van 'n timmerman. Die betekenis van *norm* is dan: rigsnoer, maatstaf of reël wat impliseer dat iets daarmee gemeet word. Norme verwys dan in besonder na menslike handelinge en spesifiek na die manier hoe die mens behoort op te tree. Die Dekaloog word as *norme* geklassifiseer (Heyns, 1973:23; Kaiser, 1987:165).

❖ **Toereken –** Die 53 Vertaling gebruik die woord *besoek* hier. Dit verwys na die Hebreeus *pāqad* wat impliseer dat iets gesoek word totdat dit gevind is ten einde straf uit te deel sodat verandering kan plaasvind (Lioy, 2004:58). Motyer (2005:217) wys daarop dat die Dekaloog op dieselfde prinsiep as genetiese oorerwing (wat deel is van menswees) werk. Dit is belangrik om te onthou dat hierdie "besoeking" deur die genadige God gedoen word sodat 'n verandering van hart kan plaasvind. Sodra God se liefde en genade vertrap word, gebruik Hy "straf" om die mens mee terug te roep na Hom toe (Miller, 1990:78).

❖ **Haat –** Vir God impliseer dit ongehoorsaamheid en Hy sal hierteen optree maar net tot by die derde of vierde geslag. Vergelyk hier Num 14:18 en Deut 7:9-10. Deuteronomium 24:16 toon dat God se toorn ontvlam slegs indien die kinders in die voetspore van hul ouers volg en Hom haat - wat reeds heenwys na Jer 31:29 en Eseg 18 (Miller, 1990:76).

❖ **Liefde –** Die feit dat God genade en seën tot in die duisendste geslag van die wat Hom liefhet sal betoon, beklemtoon God se liefdevolle karakter. Hy "haat" straf en verkies om te seën (Miller, 1990:77). Hierdie Goddelike eienskap is reeds aanwesig by die roeping van Abraham waar die Here hom tot seën van *nasies* wil maak. Vergelyk ook Ps 30:6 waar God se toorn slegs 'n oomblik duur teenoor Sy genade.

#### 2.8.1.5.2 Raadpleging van pastorale bronne

In Deut 4:9-10 en 6:6-7 vermaan die Here die volk Israel om Sy wet wat Hy aan hulle gegee het aan hul kinders en kindskinders bekend te maak. In Deut 30:19 sê die Here:

> "Ek roep vandag die hemel en die aarde tot getuie teen julle dat ek die lewe en die dood aan jou voorgehou het, die seën en die straf. Kies die lewe, sodat jy *en jou nageslag* kan lewe" (Bybel, 1991).

Die nalatenskap van 'n erfporsie is vir die Here belangrik. Die mens het egter die betekenis daarvan verloor. Brown en Yoder (1995:29) verwys na 'n opname gedoen deur die Focus on the Family organisasie wat bevind het dat bykans 50% van Christen gesinne in die VSA huidiglik enkel-ouergesinne is. Baie kinders ken slegs een ouer en talle se gesinne is verskeur deur egskeiding en meervoudige huwelike. Die nalatenskap aan die volgende generasie is daarom baie arm. Kennis betreffende familiegeskiedenis is baie skraal en dit is kontrasterend met God se woord waarin Hy opdrag aan die ouers gee om hul kinders te leer van hul seën asook die "vloeke" wat die voorgeslagte beleef het. Hierdie verlies aan kennis veroorsaak dat gesinne nie kan leer uit die ervarings van hul voorgeslagte nie en daarom kan hulle nie die disfunksionele gedragspatrone wat oorgeërf is, maklik identifiseer en korrigeer nie (Brown & Yoder, 1995:30). Levitikus 26:38-39 beskryf die hoogtepunt van die vloek deur God uitgespreek indien die volk van Sy weë sou afwyk, terwyl Lev 26:40-42 die herstelproses beskryf indien die volk sy ongeregtigheid asook die van die vaders sou bely (Brown & Yoder, 1995:32). Dieselfde beginsel word in Daniël 9:16-17 en Esra 9:7 aangetref. Sal die nageslag boet vir die sondes deur voorvaders gedoen? Nee, maar die effek van die ongeregtighede van voorgeslagte word na die nageslag oorgedra. God het sy Seun na die wêreld gestuur sodat die mens gered kan word. 1 Johannes 1:8-9 verduidelik aan die mens dat almal sonde het en deur dit te bely kan die mens sy ongeregtighede herstel. Daarna is dit ook nodig om God te vra om jou te skei van die ongeregtighede van die voorgeslagte (Brown & Yoder, 1995:33). Telkens voor daar 'n herlewing in Israel uitgebreek het was dit vir die volk nodig om belydenis van hul eie individuele sonde asook die ongeregtighede van hul voorvaders te doen. Daarna het God die volk en die land geseën (Brown & Yoder, 1995:35).

#### 2.8.1.5.3 Die Dekaloog en die evangelie

Die term "evangelie" verwys na die blye boodskap van verlossing deur Jesus Christus - Matt 5:17. In Hom word die wet vervul. Dit is dan heilshistories korrek om te beweer dat die wet die evangelie voorafgaan. Die gelowige onderhou dit deur te aanvaar dat Jesus die wet vervul het (Heyns, 1973:43; Motyer, 2005:23). Die boodskap van die wet is (Bybel in Praktyk, 1993:122):

- Alle mense moet tot die besef kom dat hulle sondaars is en daarom verlore is.

- Alle mense moet besef dat hulle God en die verlossing deur Jesus Christus nodig het.
- Gelowiges moet verstaan dat praktiese liefde impliseer dat hulle as Christene alle mense menswaardig en met genade moet behandel.

In die tweede gebod verbied God enige beeld wat van Hom gemaak word asook enige afgod wat aanbid word. Die oortreding van die tweede gebod tas God se wese aan en dit wek Sy heilige jaloesie op. Hy wil die mens nie verloor nie en raak Goddelik ongeduldig met die mens wat Sy liefde versmaai. Daarom straf Hy die mens selfs oor geslagte heen en seën Hy mildelik die wat kies om in Sy liefde te bly (Lioy, 2004:58; Shields, 1983:54). Die klem op die kollektiewe karakter van straf en seën dui hier reeds op individuele verantwoordelikheid (Heyns, 1973:131). Gehoorsaamheid uit dankbaarheid vir die genade van God is 'n deurlopende tema in Eksodus asook Deuteronomium. Gelowiges van alle tye moet leer om aan God gehoorsaam te wees en daarom is hierdie wette ook op vandag van toepassing (Lioy, 2004:54). Hy het die mens so liefgehad dat Hy sy Seun gegee het sodat die mens kan leef. Gehoorsaamheid is die bewys van dankbaarheid vir hierdie groot genade. Die gelowige moet, soos die volk Israel hier, *luister* na wat God wil hê, *leer* waar nodig, in *gehoorsaamheid* die nageslag daarmee *evangeliseer* en sorg dra dat die huidige geslag sowel as die nageslag daarvolgens *lewe*. Net soos God 'n verbond met die nageslag van die Israeliete het, het God vandag met die gelowige mens en sy nageslag 'n verbond en daarom moet die mens vandag steeds volgens die Dekaloog leef. Die Tien Gebooie vorm vervolgens die kern van die verbondsluiting met die mens. Verkeerde leefwyses bring God se eer in gedrang en veroorsaak dat Hy op een of ander wyse daarop gaan reageer (Bybellennium, 1999:200). Heyns (1973:94) haal Calvyn aan wat sê die wet spieël die mens se onmag, sy ongeregtigheid, en sy vervloeking. In dieselfde werk word na Luther verwys wat sê die gelowige kom tot 'n *desperatio fiducialis,* met ander woorde 'n gelowige vertwyfeling, wat die voorwaarde is vir geloof. Alhoewel die wet 'n rigsnoer vir die lewe is kan die mens slegs deur die ingrypende genade van God tot insig van sonde kom en alleen deur Jesus Christus tot redding kom. Sonde bly egter 'n uitdraaipad wat altyd weer geïgnoreer moet word. Die onderhouding van die wet gaan om die opstandingslewe van die mens wat reeds op aarde deur sy trou en gehoorsaamheid gedemonstreer word. Sodra die mens doen waartoe hy as mens deur God geroep is, word die genade van God sigbaar (Heyns, 1973:95).

Om Hom eerste te stel beteken (Bybel in Praktyk, 1993:251):

- Dit wat in jou lewe in Sy plek staan deur jou raak gesien, herken en verwerp word.
- Vra God om vergifnis daarvoor.

- God moet die eerste prioriteit in jou lewe wees.
- Ondersoek jouself daagliks om seker te maak dat Hy die middelpunt van jou lewe is en bly.
- Sorg dat jou kinders jou erns met God sien en waardeer. Dit is jou as ouer se verantwoordelikheid om jou kinders van God te leer sodat hulle Hom die middelpunt van hul lewens *wil* maak. Dan sal dit goed gaan met jou en met jou nageslag. Dit is God se belofte aan die mens.

**2.8.1.5.4 Samevatting**

- Die Dekaloog kan in 'n sekere sin beskryf word as die basis van alle gelowe sowel as beskawingsvorme en word sodoende waarskynlik een van die belangrikste riglyne in die bestaan van die mens, ongeag of jy as 'n verklaarde Christen leef of nie.
- Sonde ontstaan in die hart en gedagtes van die mens en is dus meer as 'n handeling – dit gaan ten diepste om 'n *houding* of 'n *ingesteldheid.*
- Sonde is opstand teen God en Sy gebod en veroorsaak dat Hy daarteenoor sal reageer.
- Sonde vervreem die mens van homself, van God en van sy naaste.
- Gehoorsaamheid aan God en Sy gebod herstel verhoudings en vernuwe die mens sodat hy 'n vervulde lewe kan lei.
- Die Here sal die ouers se sonde slegs in die nageslag straf indien die kinders die sondige weë van hul ouers (voorgeslag) navolg.
- Aangesien God aan die mens lewe gegee het, het Hy die reg om van die mens gehoorsaamheid te verwag.

### 2.8.2 Elkeen is aanspreeklik vir sy eie sonde

**Jer 31:29-30:** "In daardie tyd sal hulle nie meer sê: "Die vaders het groen druiwe geëet, en die kinders se tande het stomp geword" nie. Elke mens sal oor sy eie sonde sterf: wie groen druiwe eet, se tande sal stomp word" (Bybel, 1991).

**Eseg 18:20:** "Die mens wat sondig, sal sterwe. 'n Seun sal nie die straf op sy pa se sonde dra nie, en 'n pa sal nie die straf op sy seun se sonde dra nie. Wie leef volgens my wil, sal die vrugte daarvan pluk" (Bybel, 1991).

#### 2.8.2.1 Keuse van tekste

Jer 31:29 en Eseg 18:2 verwys na sonde wat deur die voorgeslagte gepleeg is met die daaropvolgende straf wat ook deur die nageslag gedra is. Beide hierdie teksverse word eksegeties

ondersoek om die interpretasie asook die tersaaklikheid daarvan vir die moderne samelewing te bepaal. Jer 31:29 en Eseg 18:2 verwys na die vaders wat groen druiwe geëet het en die kinders se tande wat stomp geword het daarvan. Hierdie beeldspraak verwys na die sonde van die vaders wat die kinders tref. Die volk mor oor God se onregverdigheid omdat hulle van mening is dat hulle onverdiend gestraf word vir sondes wat deur hul vaders (voorgeslagte) gepleeg is. Eseg 18:20, Jer 31:29-30 en 32:18-19 wys die volk egter op individuele verantwoordelikheid en dat kinders van sondige ouers genade en lewe sal ontvang *indien hulle afwyk van die sondige weë van hul ouers* (Kalisch, 1855:262; Hill & Walton, 1991:345). Die volk het God se gebod verkeerd verstaan en beide Jeremia en Esegiël korrigeer hierdie misverstand. God maak dit duidelik dat elkeen persoonlik voor Hom verantwoording sal doen en vir sy eie sonde gestraf sal word. In die nuwe bedeling gaan die Here ook nie 'n tweede kans gee soos in Deuteronomium nie, maar 'n nuwe begin met Sy volk maak deur die Wet op hul harte te skryf (Hill & Walton, 1991:332). Vir God impliseer sonde 'n houding van rebelsheid, wantroue of haat teenoor Hom. Hy gaan die nageslag se houding teenoor Hom toets en hulle so 'n kans gee om reg te kies sodat hulle Sy seën kan ontvang – Jer 17:10:

> "I the Lord search the heart and examine the mind, to reward a man according to his conduct, according to what his deeds deserve" (NIV, 1990).

Hiervoor is dit nodig dat die volk onderrig word in die begrip van *individuele verantwoordelikheid.* God wil aan die mens 'n oorvloedige lewe gee, maar dit is slegs moontlik indien die mens van harte verknog aan Hom raak (Achtemeier, 1987:91; Shields, 1983:58; Bybel A-Z, 2003:453).

#### 2.8.2.2 Plek van boek in die Bybel

- **Jeremia**

Die profeet Jeremia was 'n persoon wat gedurig vir sy volk by God ingetree het. Sy naam "Jeremia" beteken: *die Here lê die grondslag* of *die Here verhoog* (Die Bybel met verklarende aantekeninge, 1976:1591). Hy ontvang sy opdrag van God reeds van voor sy geboorte af en verhaal deurgaans sy stryd om sy roeping te aanvaar en in gehoorsaamheid uit te leef. Dit is sy opdrag om aan Juda die straf op hul sonde asook God se aanbod van genade te verkondig. Dit maak Jeremia terselfdertyd 'n oordeels- en heilsprofeet (Bybel in Praktyk, 1993:1064; Die Bybel A-Z, 2003:442). In antwoord op Juda se vraag, "waarom, gebeur hierdie trauma met ons as die *uitverkore volk*?", poog Jeremia om hulle te oortuig om persoonlike verantwoordelikheid vir hul keuses te neem (Joo, 2006:3).

- **Die boodskap van die boek Jeremia kan as volg saamgevat word:**

God laat opstand teen Hom nie ongestraf nie en sonde sal lyding en dood veroorsaak. God se genade is nie goedkoop nie en Hy is niemand se "versekeringspolis" teen trauma nie. Slegs deur verantwoordelik te leef, word geloof in Hom sigbaar (Bybel in Praktyk, 1993:1065). Die profeet se oogmerk is om die volk te leer dat God die enigste Here is, dat Hy alleen gedien moet word en dat die mens voor Sy wil alleen moet buig, anders sal alles in hul lewe skeefloop (Bybel in Praktyk, 1993:1063; Achtemeier, 1987:90; Hill & Walton, 1991:329). Sonde veroorsaak 'n boemerang-effek sodat die straf daarop 'n spontane reaksie is. Straf is vooraf ingebou in sonde en word geaktiveer deur die gekose sonde (Joo, 2006:223; Church, 1961:995). Die boek Jeremia maak 'n appèl op die mens van vandag se getrouheid aan God (Bybellennium, 1999:873) en vra die vrae:

- Maak God 'n verskil in jou lewe?
- Word Hy aanbid deur jou leefstyl?

♦ **Esegiël**

Esegiël moet geïnterpreteer word teen die volk Israel se geskiedkundige agtergrond. Dié boek speel af in die donkerste tyd van die Ou Testament, naamlik tydens die val van Jerusalem en die volk se daaropvolgende eerste ballingskap (Bybellennium, 1999:909; Bybel in Praktyk, 1993:1153). Skeppingsterme wat ooreenkom met Gen 1 en 2 word hierin gevind. Verder is daar 'n Deuteronomistiese verbintenis asook ooreenkomste met Jeremia. Beide voorspel die val van Jerusalem, gebruik soms dieselfde woorde en beeldspraak, en beide profete ervaar by tye 'n diep innerlike worsteling. Die boek is geskryf oor 'n tydperk van jare en bevat drie krisistydperke in die volk se geskiedenis wat aangespreek word, te wete (1)die volk staan op die vooraand van ballingskap, (2) word in ballingskap weggevoer en (3) staan op die vooraand van terugkeer uit ballingskap (Bybel in Praktyk, 1993:1153; Duguid, 1999:12). Tye was onseker en die volk was op 'n morele laagtepunt asook leierloos. Esegiël is 'n gesiene man van priesterlike afkoms, word self in ballingskap weggevoer en sy vrou sterf tydens die ballingskap – Eseg 24 (Hill & Walton, 1991:328; Bybel, 1976:1747). Hy self vra die universele vrae van die mens wat oorweldig deur traumatiese gebeure is, naamlik:

➤ **Waar is God nou?** - In antieke Israel het die volk geglo dat God in die tempel woon en slegs daar te vind is. Na die ballingskap was hulle bevrees dat God in Jerusalem agtergebly het en hulle dus verlaat het. Esegiël kom verduidelik dat so 'n denkpatroon God inperk. Hy is Almagtig en daarom is Hy ook hier te vinde – in ballingskap, saam met hulle en tussen hulle – Eseg 11:16. Esegiël onderrig die wederstrewige volk daarin dat hul

keuses gevolge gaan hê, dat hulle dit moet bedink en moet besin (Hill & Walton, 1991:343). Soos wat God tussen die ballinge kom woon het, het Christus in die Nuwe Testament tussen die ongelowiges kom woon (Duguid, 1999:35).

- **Waarom gebeur hierdie sinlose gebeure?** – Hier was dit vir die volk nodig om te hoor dat hulle 'n vormgodsdiens aangehang het, gestroop van 'n verhouding met God. Volgens Esegiël kom die volk se sonde reeds geslagte lank en die effek daarvan was sigbaar op die gemeenskap. Hulle het teen God en medemens gesondig. In hoofstukke 14:12-21, 16 en 23 verduidelik Esegiël dat sonde nie weggesteek kan word en dat dit nie in die teenwoordigheid van God kan bestaan nie. Hy leer die volk om verantwoordelikheid vir hul eie keuses te neem (Hill & Walton, 1991:343). Die trauma wat hulle deurgaan kan egter die beginpunt van 'n *nuwe* en *vars verhouding* met God wees indien hulle dit kies (Duguid, 1999:36). Die gedagte van "Julle sal weet dat Ek die Here is" – refrein regdeur die boek en is die uiteindelike doel van hierdie trauma (Bybel A-Z, 2003:407; Bybel in Praktyk, 1993:1151).

- **Wat gee sin aan die lewe?** - 'n Lewende verhouding met God Drie-enig (Bybellennium, 1999:469; Bybel in Praktyk, 1993:1153; Duguid, 1999:244; Hill & Walton, 1991:343).

- **Die boodskap van die boek kan as volg saamgevat word:**

Wanneer dit lyk asof alles verlore is en daar werklik geen hoop meer is nie daag die Here op en verander alles. "Esegiël" se naam weerspieël hierdie boodskap: die Here maak sterk (Hill & Walton, 1991:339). God maak dit duidelik dat elkeen van Hom sal ontvang wat hy verdien - wat die volgende vrae laat ontstaan:

- Waar was God ten tye van Esegiël se lyding? - By hom want God het hom nooit verlaat nie.
- Het Esegiël verdien wat met hom gebeur het? - Dit word nie bespreek nie, maar God het hom nooit verlaat nie.
- Was Esegiël se lewe sinvol? – Waarskynlik, want God het hom nooit verlaat nie.
- Is daar 'n universele les in Esegiël wat huidiglik tot die mens spreek? - As jy aan God vashou ongeag trauma sal Hy jou nooit verlaat nie, selfs al het jou voorgeslagte Sy riglyne oortree. Soms is dit nodig om sondige gedragspatrone van voorgeslagte te identifiseer, met medelye te bely en met God te versoen – want God wil jou nooit verlaat nie. Volgens

Duguid (1999:34) is die moderne mens se probleem nie sy gebrek aan kennis nie, maar die gebrek aan gehoorsaamheid ten opsigte van sy bestaande kennis.

Indien die hooftemas van die boek soos omskryf deur Duguid (1999:35-36) vergelyk word met die *bogenoemde universele vrae, is daar ooreenkomste:*

- God se soewereiniteit en Sy glorie – Hy is nou ook sigbaar tussen die bannelinge - Eseg 11:16.
- Die sondige natuur van die mens en sy verval asook die straf op sonde - God se glorie is sigbaar in die skepping, so ook Sy straf. Hier tref die straf ook gelowiges (Eseg 25-32). Hierdie slegte nuus is 'n ongelukkige realiteit.
- Die belofte van genade en hoop vir die toekoms wat in Christus in vervulling sal kom.

#### 2.8.2.3 Gedagte-ontleding van die perikoop

- **Jeremia 31:29-30**

Israel (die noordelike ryk) is in ballingskap weggevoer as gevolg van sonde, maar anders as Juda, het Israel nie probeer voorgee dat hulle aan God getrou is nie. Toe God Israel konfronteer, het hulle met skaamte hul eie sowel as hul voorouers se wederstrewigheid teenoor Hom erken, vergifnis gevra vir beide se ontrouheid en met God versoen – Jer 3:25. Hierna wend die Here hom na Juda in die vertroue dat hulle Israel se voorbeeld sou navolg – hulle bly egter ongehoorsaam. Volgens Weinfeld (1972:30) impliseer die teksgedeelte in Jeremia 3:24-25 dat die volk bewus was van die ontrouheid van hul voorgeslagte aan die Here asook dat dit straf verdien - vandaar die rede vir hul verontwaardiging. In Jer 14:20 bely die profeet namens Juda hul eie sowel as hul voorvaders se wederstrewigheid teenoor God. Die Here verwerp egter hierdie pleidooi want Hy vra van elkeen *individuele verantwoording* en *bekering* en niemand word daartoe gedwing nie (Bybel in Praktyk, 1993:1088). Juda word in Jer 16:11-13 gekonfronteer met die sondes van die ouers asook dié van hul nageslag met die hoop dat dit tot hulle sal spreek. In Jer 22:20-23 word melding gemaak van die beëindiging van koning Dawid se koningshuis deurdat Jojagin en sy nageslag deur God verwerp word, want om nie na die Here te *wil* luister nie het implikasies. Dit word 'n gewoonte wat 'n mens uiteindelik verwoes (Bybel in Praktyk, 1993:1098). Juda se sonde is gegraveer op die tafel van hul harte - Jer 17:1 – daarom benodig hulle 'n hartsverandering (Achtemeier, 1987:91). Na die ballingskap gee die Here aan Jeremia die volgende boodskap in Jer 29:11: "Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!" Wederstrewigheid bring altyd straf mee, maar die Here wil uitkoms gee (Bybel in Praktyk, 1993:1106). Jer 30 en 31 bevat, anders as die omliggende gedeeltes, 'n boodskap van

hoop en herstel. Daar word na hierdie gedeelte verwys as "die Boek van Troos". God wil hulle lot verander en volkome genesing gee (Bybel in Praktyk, 1993:1107). Die herstel wat God gee is allesomvattend en word in Jer 30:18-24 omskryf. (Bybel A-Z, 2003:453). God sê dat Hy die lot van Sy volk sal verander , dat hulle weer sal terugkom na die land wat Hy aan hul voorvaders gegee het, dat Hy regverdig sal straf, maar dat die straf wreed kan wees as gevolg van hul wederstrewigheid en ongeregtighede.

In Jer 31 word die vereiste vir herstel uitgestippel, naamlik dat dit nodig is om verhoudings te herstel. Die eerste is die herstel van die verhouding tussen die mens en God, daarna volg die herstel van die verhouding tussen mens en mens. Versoening tussen mense kan alleen geskied as die verhouding met God herstel is (Bybel in Praktyk, 1993:1108). God is genadig en regverdig en Hy wil vir almal sorg. Hy wil veral die wat verbrysel van hart is (getraumatiseerdes) en dié wat hul afhanklikheid van Hom besef, versorg - Jer 31:7-9: "Ek vergader... blindes, kreupeles, swanger vrouens... In trane sal hulle kom, met smeekgebede, maar Ek sal hulle lei... niemand sal struikel nie... Ek sal hulle droefheid in vreugde verander... daar is 'n toekoms vir jou nageslag." Die dekaloog word in Jer 31:29-34 as't ware aangepas. Van nou af word God se wet op elkeen se hart geskryf en word individuele aanspreeklikheid vir keuses deur God beklemtoon.

- **Esegiël 18:20**

Die bannelinge sien hul situasie as straf op die sonde van hul voorouers. Dieselfde gedagte word in Klaagliedere 5:7 en Jeremia 31:29-30 gevind. God verwerp hierdie stelling – Eseg 18:4. Elkeen staan individueel voor Hom, maar waar die voorbeeld van vorige geslagte deur huidige geslagte nagevolg word en dit tot wederstrewigheid teenoor God lei, verdien die huidige geslag sy straf. God is nie magteloos teen sonde nie en straf op sonde is nie fatalisties nie (Duguid, 1999:242). Dit gaan hier om 'n gesindheid en nie 'n fisiese daad nie. Indien God nie erken word en daar geen lewende verhouding met Hom is nie, sal die individu sterf (Bybel in Praktyk, 1993:1180). Die Here se genade is nie goedkoop nie en Hy sien onreg nie oor nie. Beide Esegiël en Jeremia leer dus dat elkeen vir sy eie sondes verantwoording sal doen.

In Jer 15:3-4 word vervolging met betrekking tot die volk geprofeteer as straf op Koning Manasse se gruweldade. Vandaar die gebruik van hierdie spreekwoord wat tot baie wanpersepsies aanleiding gee. Hulle beskuldig God van onregverdigheid. In Eseg 18:4 verduidelik God egter aan hulle dat vader sowel as seun aan Hom behoort. Sy wil is dat niemand verlore sal gaan nie, maar dat sonde nogtans nie ongestraf sal bly nie. Die een wat sondig, sal sterf (Blenkinsopp, 1990:82).

Esegiël toon in hoofstuk 20 aan die volk dat hulle self net so skuldig voor God staan omdat hulle die vorige geslagte se sonde voortsit. In Eseg 11:19 en 18:31-32 verduidelik hy aan hulle dat indien hulle tot inkeer kom, God hulle sal red. Die sondes van die voorvaders wek egter geen behoefte aan medelye of die begeerte om in die bresse daarvoor te tree by hulle op nie. Die hardheid van hulle harte blokkeer ook belydenis deur toekomstige geslagte en veroorsaak dat God nie tot hulle gewete kan deurdring nie (Greenhill, 1994:434; Duguid, 1999:238). In Eseg 18:10-18 verduidelik die Here dat 'n gelowige man 'n wederstrewige seun kan hê, of omgekeerd, en dat elkeen individueel voor God staan vir beoordeling. Verse 18:21-32 toon dat gesindheid belangrik is - 'n sondaar wat tot inkeer kom se verkeerde dade sal nie teen hom gehou word nie (Bybel in Praktyk, 1993:1178). God verwag van elkeen om individueel te kies vir Hom en Sy gebod, of daarteen. Hy wil nie hê dat die mens moet dink dat hy as gevolg van sy ouers se geloof of ongeloof in Hom gered sal word of nie. In hierdie wêreld is dit daarom asof elkeen op "parool" is, wat duur vir solank jy lewe aangesien elkeen geskape is met 'n *vrye wil* en self keuses kan uitoefen (Blenkinsopp, 1990:84).

#### 2.8.2.4 Woordomskrywing en begripsverklaring

❖ **Individualiteit** – Dit was 'n onbekende begrip in Antieke Israel. Die kollektiewe begrip van familie groepe of volke was die meetbare eenheid van die dag en daarom het die volk geglo dat hulle gestraf word vir hul ouers se sonde toe hulle in ballingskap weggevoer is (Bybel in Praktyk, 1993:1177; Duguid, 1999:239). Onregverdigheid is nie 'n eienskap van God se karakter nie. Hy het nie bedoel dat Hy die nageslag sal straf vir sonde gedoen deur voorgeslagte nie maar Hy sal wel die voorgeslag se gesindheid teenoor Hom by hul kinders toets (Shields, 1983:55). God toon op verskeie plekke in die Woord dat individuele keuses beoordeel word: Moses (Num 27:12-14 en Deut 3:23-27) kon byvoorbeeld as straf op sy verkeerde gesindheid nie die land Kanaän ingaan nie. In Deut 24:16; 2 Kon 14:6 en 2 Kron 25:4 word ook na insidente verwys waar die kinders nie vir hul vaders se sonde gedood is nie. Noag en sy gesin word gered van die vloed, Lot en sy gesin word gered van die ondergang van Sodom en Gomorra en Ragab en haar gesin word gered – almal gevalle wat bewys dat die individu se keuses vir God van belang is (Duguid, 1999:240). Die nuwe wet formuleer egter duidelik die belangrikheid van individuele verantwoordelikheid en dat God verlang na 'n innerlike verhouding waar Sy gebod op die harte en gedagtes van individue geskryf sal staan (Bybel in Praktyk, 1993:1110).

❖ **Suur druiwe** – Groen druiwe se smaak is onaangenaam. Die Jode het hiermee 'n sondige daad soos egbreek, moord en afgodediens verstaan wat ander verwond en terselfdertyd

onaanvaarbaar vir God was. Die effek daarvan het dikwels vir 'n gesin negatiewe nagevolge ingehou en daarom sê die volk dat hulle vir die sondes van hul voorvaders gestraf word. Die nageslag ontstaan vanuit die voorgeslag en erf so die voorouers se manier van *doen* asook hul *houding* ten opsigte van sekere objekte waaronder ook hul houding teenoor God. Die psigologie verwys hierna as "gedragsna-apery". Koning Manasse se dade het byvoorbeeld die hele volk, ook Esegiël, nadelig beïnvloed (Greenhill, 1994:436; Duguid, 1999:239). Dawid se sonde beïnvloed Absalom die meeste (2 Sam 12:11) en Salomo se sonde verwond Rehabeam (1 Kon 11:11-13 en 12:15-21). God wil hê dat die nageslag die sonde van hul voorgeslagte met empatie moet bejeën en bely sodat die situasie in 'n suiweringsproses kan ontwikkel (Greenhill, 1994:436). Nadat Juda uit ballingskap teruggekeer het, was die straf volbring – maar hulle sou voortaan vir hul eie dade aanspreeklikheid moes neem. Genadiglik kan die mens vandag kies om sy skuld na Christus te bring en in Hom te laat sterf. Net soos wat God die tempel verlaat het om saam met Sy volk in ballingskap te gaan woon, het Christus sy hemelse woning verlaat om onder Sy mense te kom woon en Sy bloed vir hulle gestort sodat hulle gered kan word. In Christus kan die mens nou self God se troon nader om genade. God se wet soos vervat in Eks 20 en Deut 5 kan nie deur Eseg 18:20 of Jer 29:30-31 ongeldig gemaak word nie aangesien God homself nooit weerspreek nie. Die enigste manier om die wet te "omseil" is deur die Kruisdood van Christus. Die belofte van Eseg 18:20 en Jer 29:30-31 kom dus eers in vervulling met Jesus Christus se koms na hierdie wêreld (Sandford & Sandford, 1985:387).

❖ **Bekeer** – In Eseg 18:30-31 word die volk vermaan om hulle te bekeer – *teshubah*. Hier vermaan die Here die volk om reg te kies. Kies lewe – dit is daar vir almal ten spyte van trauma en sonde (Blenkinsopp, 1990:84).

#### 2.8.2.5 Samevatting

- Elkeen is persoonlik verantwoordelik vir sy eie lewenskeuse.
- Wederstrewigheid veroorsaak lyding en dood asook 'n boemerang-effek van straf daarop.
- Straf is vooraf ingebou in sonde en word geaktiveer deur die gekose sonde.
- Persone oorweldig deur trauma, vra gewoonlik "waarom?," wat oor die algemeen die volgende tipe vrae impliseer:
  - Waar is God nou?
  - Wat is die sin van hierdie sinlose gebeure?
  - Wat gee sin aan die lewe?

- Die beantwoording van die volgende vrae kan 'n aanduiding van trauma wees asook die bestaan van 'n moontlike wig tussen die mens en sy God:
  - Maak God 'n verskil in jou lewe?
  - Word Hy aanbid deur jou leefstyl?
- Ongehoorsaamheid aan die Here word 'n gewoonte wat 'n mens uiteindelik verwoes.
- Hy wil die emosioneel verwondes (verbryseldes van hart) en dié wat hulself nie kan help nie, versorg.

### 2.8.3 Die oue is verby, die nuwe het gekom

**2 Kor 5:17-18a**: "Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. Dit alles is die werk van God" (Bybel, 1991).

#### 2.8.3.1 Keuse van teks

Christus se kruisiging impliseer die begin van 'n nuwe vorm van lewe op aarde. In Hom sterf die gelowige se verlede en word 'n nuwe hede vol toekomsverwagting gebore. Die rede vir die kruisiging lê in die verlange van God om na 'n periode van vervreemding met die mens te versoen. God wil dat verhoudings herstel word. Sy genadige, liefdevolle karakter word hierin geopenbaar dat Hy tot die mens nader terwyl die mens nog in opstand teen Hom is (Thrall, 2004:426-431). Om as nuwe mens in Christus te leef beteken gevolglik dat die mens nou vir Hom, maar ook vir ander leef – met Christus as voorbeeld (McCant, 1999:53; Kruse, 1991:124).

#### 2.8.3.2 Plek van boek in die Bybel

Paulus skryf sy briewe aan 'n gemeente wat in 'n kosmopolitaanse stad oorlaai met ekonomiese rykdom en weelde woon. Die ekonomiese welvaart lei tot 'n ongekende morele verval. Owerspel, egskeiding, seksuele losbandigheid, bloedskande en substansiemisbruik was aan die orde van die dag (Bybellennium, 1999:1492). Daarby het die gemeente Paulus se motiewe sowel as sy lering bevraagteken (McCant, 1999:26). Hierdie boek doen gevolglik 'n beroep op die Christen om sy geloof prakties uit te leef en sy medemens te help waar nodig (Bybellennium, 1999:1526). Paulus demonstreer deur die brief dat God sy beloftes van die Ou Testament (Jes 65:17 en Jes 66:22) nakom deur 'n nuwe verbond met die mens te sluit deur middel van Sy seun Jesus Christus. Alles wat verantwoordelik was vir verwydering tussen die mens en God kan deur die bloedoffer van Jesus weggevee word sodat die verhouding tussen die mens en God kan herstel (Kruse, 1991:126). Daarna kan alle aardse verhoudings ook herstel word (Barnett, 1999:16).

#### 2.8.3.3 Kommunikasiedoel van die perikoop (Kor 5:17-18a)

Deur die eeue was die bose aan die werk om God se kinders te mislei sodat hulle God se bedoeling met hulle as mense sou bevraagteken telkens wanneer trauma hulle tref. Paulus wy sy lewe daaraan om Christene by te staan met lering sodat hulle staande kan bly te midde van stryd. Hy self het 'n doring in die vlees gehad maar bly getrou aan God (Bybel in Praktyk, 1993:1784). Christene leef as nuwe mense en word nie beïnvloed deur ander se uiterlike vertoon nie. Paulus doen 'n beroep op die gemeente om nie op grond van die uiterlike nie, maar om op 'n geestelike vlak te beoordeel. Sy bediening behels die herstel van verhoudings - in besonder dan ook die verhouding tussen die mens en sy God as eerste prioriteit (Kruse, 1991:124). Achtemeier (1987:92) beklemtoon die feit dat emosioneel verwondes 'n persoon nodig het om hulle uit hul tronk van verwonding te help bevry. Hulle is nie by magte om self daaruit te kom nie aangesien hulle nie oor die nodige kennis en vaardigheid beskik nie. Die boodskap van – bely jou sonde, gehoorsaam die wet, lewe volgens God se wil – is volgens hom onvoldoende. Die enigste "resep" wat voldoen is die *persoon* Jesus Christus. God vereis 'n nuwe toewyding aan Hom en 'n wegkeer van die verlede met alles wat verkeerd was. Paulus pleit vir versoening met Christus. Sy motivering is in sy liefde vir Jesus Christus geanker en dit kleur die bril waarmee hy na sy medemens kyk. Hy leef nie meer vir homself nie – maar vir Christus. (Bybellennium, 1999:1534; Die Bybel met verklarende aantekeninge, 1976:508). Sy selfgesentreerdheid is vervang met 'n Christus gesentreerdheid. Soos God in Genesis 1 'n woord gespreek het en daar was lig, net so spreek God volgens 2 Kor 3:6 'n evangeliese woord, en die mens se innerlike donkerte verander na lig. 'n Herskepping vind as't ware plaas – die begin van 'n nuwe verbond asook 'n nuwe lewe (Barnett, 1999:111).

#### 2.8.3.4 Samevatting

- Christus se kruisiging impliseer die begin van 'n nuwe vorm van lewe op aarde. In Hom sterf die gelowige se verlede en word 'n nuwe hede vol toekomsverwagting gebore.
- Alles wat verantwoordelik was vir die verwydering tussen die mens en sy God kan deur die bloedoffer van Jesus weggevee word sodat die verhouding tussen hierdie mens en God herstel kan word - daarna kan alle aardse verhoudings ook herstel word.
- Emosionele verwonding veroorsaak dat die mens God se bedoeling met hom as mens bevraagteken.
- Verwondes benodig 'n persoon om hulle uit hul tronk van verwonding te help bevry. Die boodskap van – bely jou sonde, gehoorsaam die wet, lewe volgens God se wil - is onvoldoende. Die enigste "resep" wat voldoende is, is die persoon Jesus Christus.

### 2.8.4 Maak jou los van alles wat agter jou is

**Fil 3:13** "Ek verbeel my nie dat ek dit alles al het nie. Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is" (Bybel, 1991).

#### 2.8.4.1 Keuse van teks

Paulus streef hier na 'n innige verhouding met Christus. Hoe groter die begrip van wat Jesus vir die mens deur Sy dood gedoen het, hoe groter die opstandingskrag in so 'n mens (Melick, 1991:136). Wat gebeur het, het gebeur. Die verwonding moet op 'n stadium agtergelaat word anders kan dit die trauma vererger en die getraumatiseerde ook op 'n geestelike vlak verwond (Hawthorne, 1983:125). Dit is juis die geestelike vlak wat heling kan bewerk vir die getraumatiseerde. Leef in die teenswoordige (present) met jou visie gerig op God en Sy Heerlikheid.

#### 2.8.4.2 Plek van boek in die Bybel

In die Korintiër briewe vermaan Paulus die gemeente om nie te roem op hul sogenaamde perfekte geestelike kennis of om uiterlike vertoon as geloof te sien nie, maar dat hulle 'n lewe van reinheid, naasteliefde en 'n Christusgesentreerde leefwyse moet najaag. In hierdie boek waarsku Paulus die gemeente van Filippense ook daarteen (Thielman, 1995:194). Hy was verhoorafwagtend in die tronk met die moontlikheid van doodstraf wat soos 'n swaard oor sy kop gehang het tydens die skryf van die brief. Tog word dit getipeer as sy *blydskapsbrief.* Sy vreugde vind hy in Christus. In Hom ontdek hy vryheid van sy eie sondige verlede sowel as die lering dat 'n mens in Jesus Christus verlossing van sy verlede vind (Bybellennium, 1999:1581; Ware, 2005:171). Paulus wil Christus hier vasgryp soos wat hy vasgegryp is op die Damaskuspad – hy is deur die Here "gearresteer" met 'n lewenslange vonnis. Wat Paulus veral stomslaan met verwondering, is die feit dat God hom gekies het vir 'n spesifieke taak van voor sy geboorte af – Gal 1:15-15; 4:9; Amos 3:2 (Hawthorne, 1983:124).

#### 2.8.4.3 Raadpleging van eksegetiese bronne

Paulus verwonder hom aan die Goddelike roeping op elke gelowige se lewe (Hawthorne, 1983:124). Daarom beroep hy hom op die gemeente van Filippi om te fokus op dit wat belangrik is, naamlik Jesus Christus en 'n verhouding met Hom (Holloway, 2001:50; Thielman, 1995:197). Hy doen 'n verdere beroep op hulle om hulle los te maak van alles wat hulle aan die verlede koppel, aangesien dit nou onbelangrik is. Dit sluit in hul verkeerde keuses, hul gebrekkige kennis van die geestelike, hul verwaandheid asook invloede wat van voorgeslagte af oorgedra is. Hulle moet met dit alles breek en nuut begin in Jesus Christus en die wonder rondom hierdie uitnemende voorreg

probeer verstaan (Hawthorne, 1983:124). In Christus kan die mens nuwe lewe kies en saam met Hom 'n nuwe verlede begin skep. Bekering in Christus is daarom nie die eindpunt nie maar die beginpunt (Bybellennium, 1999:1582; Die Bybel met verklarende aantekeninge, 1976:567; Holloway, 2001:141; Melick, 1991:139). Paulus erken in 3:12 dat hy nog nie al die kennis aangaande Christus bemeester het nie, maar dat hy alle mislukkings asook prestasies agterlaat. Hy doen slegs een ding, naamlik om meer en meer na Jesus Christus uit te reik sodat sy kennis meer word en sy verhouding met Hom groei (Melick, 1991:137). Om Christus te *ken,* behels om Hom te *verstaan.* Dit is daarom nie so maklik nie en dit verg iets van die beradene – 'n sekere *"commitment"* (Hawthorne, 1983:124).

Paulus onderrig die gemeente om 'n toekomsblik wat Christus behels, te verkry. Huidiglik is hulle blik gevestig op die verlede (Holloway, 2001:141). Paulus beklemtoon die nodigheid van doelgerigte fokus. Die beradene asook die berader benodig 'n visie. Gemeet aan sy Damaskus ervaring is hierdie fokuspunt of visie dan die "verkryging" van Jesus Christus as Verlosser wat die getraumatiseerde se "wil" na hoër vlakke lig. Die "wil" van die mens word sodoende gelykgestel met die wil van Christus (Hawthorne, 1983:127).

### 2.8.4.4 Kommunikasiedoel van die perikoop (Fil 3:13)

Die voorafgaande gedeelte (3:8-11) verhaal dat Paulus *alles verloor* het toe hy Christus gevind het maar dat hy juis daardeur *alles verkry* het. Hy het egter nog baie om te leer. Hy erken ook dat sy kennis byvoorbeeld op geestelike vlak nie voldoende is nie. Sy geloof is daarom nog nie "perfek" nie maar hy wil voortaan voluit daarop gefokus wees om tot groter geestelike insig te kom (Hawthorne, 1983:125). Dit bied vir hom beide 'n uitdaging asook 'n motivering. Hy is nou verlos van die bagasie van sy verlede en hy kan homself voortaan toespits op die bereiking van sy einddoel, naamlik steeds meer kennis van Christus sodat hul verhouding kan verinnig en hy geestelik volwasse kan word (Thielman, 1995:196). Soos God destyds vir Israel geroep het om Sy volk te wees, roep God almal hier om in verhouding met Sy seun Jesus Christus te wees. Hy roep 'n nuwe volk tot stand, naamlik die volk van die gelowiges wat uiteindelik saamgestel word uit individue vanuit al die verskillende volkere. Paulus doen 'n beroep op die gemeente om hom te volg – nie omdat hy volmaak is nie maar omdat hy as't ware die weg gevind het (Melick, 1991:137). Hy verstaan waaroor dit gaan en hy *strek hom uit* om dit te vind – *diōkō* - omdat hy nou *uitverkoop* (comitted) aan Christus is. Sommige kommentare meen hy praat hier met 'n groep perfeksioniste wat glo hulle het al die kennis in pag. Ander meen hy praat met 'n groep wat "wetties" fungeer. Paulus beklemtoon sy tekortkominge asook sy intense begeerte na die verkryging en verstaan van

iets groter. Hy is verwonderd oor God se vermoë om te red en te heel – deur middel van die (kruis)dood van Sy Seun (Hawthorne, 1983:125).

#### 2.8.4.5 Samevatting

- Om Christus te vind, impliseer 'n breuk met die lewe soos jy dit geken het sodat Hy vir jou 'n nuwe lewe kan gee. Dit is Sy droom vir elkeen.
- Die Here *red* en bring *heling* deur middel van die (kruis)dood van Sy Seun.
- Die beradene se begrip van wat die kruisdood beteken, bepaal ook in 'n groot mate hierdie persoon se insig met betrekking tot die krag van die opstanding.
- Geloof word bepaal deur die diepte van die verhouding met Christus.
- Jesus Christus is al wat die mens nodig het, maar die gelowige moet nooit ophou groei in sy verhouding met Hom nie. Bekering is die beginpunt - nie die eindpunt nie.
- Christus verwag van elke mens om geestelik volwasse te word.
- In Hom het elkeen die geleentheid om 'n nuwe verlede vir hom asook vir sy nageslag te skep.
- Verwonding moet op 'n stadium agtergelaat word, anders kan die trauma vererger.
- Leef in die teenswoordige (present) met jou visie gerig op God en Sy Heerlikheid.
- God het 'n roeping op elkeen se lewe – ook die getraumatiseerde.
- Geloof dui op 'n korrelasie tussen die "wil" van die mens en die wil van Christus.

### 2.8.5 Die sleutel tot oorwinning is Jesus Christus

**1 Pet 1:3**: "Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop..." (Bybel, 1991).

#### 2.8.5.1 Keuse van teks

Die gelowige het die versekering dat God aan hom *nuwe lewe*, *nuwe hoop* en 'n *nuwe toekoms* gee deurdat Hy sy Seun vir ons gegee het (Schreiner, 2003:62; Elliot, 2000:329). Die gelowige se hoop is geanker in die ewige lewe. Huidige trauma kan nie opweeg teen die belofte van 'n ewige lewe saam met God nie. Daar wag dus 'n toekoms op die een wat God vasgryp en vertrou want Hy is 'n waarmaker van Sy woord.

#### 2.8.5.2 Plek van boek in Bybel

Die debat rondom die skrywer van die boek is steeds aan die gang. Simon Petrus word bevraagteken as skrywer. Silvanus, 'n dissipel van Petrus, word deur sommiges as 'n groter moontlikheid vir outeurskap gesien (Goppelt, 1993:49, Achtemeier, 1996:39). Die boek Petrus bevat die universele boodskap van *hoop*. Hierteenoor lê Paulus weer in sy briewe sterk klem op die aspek van *geloof* (Goppelt, 1993:85; Achtemeier, 1996:65). Die brief word gerig aan 'n groep gelowiges wat as gevolg van sinlose dade van geweld en onregverdige oorerwing moedeloos geraak het en gestroop is van 'n toekomsvisie. Hulle woon verspreid in verskillende provinsies as gevolg van vervolging en dit dui in 'n sekere sin op 'n parallel met die Ou-Testamentiese ballingskap van Israel. Hier wag die gelowiges egter nie om na Jerusalem terug te keer nie maar vir Jesus Christus om na húlle terug te keer (Martin, 1992:149). Petrus wil hulle bemoedig met die belofte dat Christus Sy belofte sal nakom - in Hom sal hulle oorwin omdat Hy ewige lewe besit. Die huidige toestand van mense se lewens word gewoonlik deur die verlede bepaal, maar die wedergebore mens se *nuwe* verlede behels nou Christus wat gekruisig, gestorwe, en begrawe is en wat uit die dode uit opgestaan het – vir hulle redding (Jobes, 2005:85; Goppelt, 1993:39; Achtemeier, 1996:64). Petrus toon aan die Christen *wie* hy in Christus is en dat verhoudings daardeur aangeraak en verander kan word. Hy wil die mens aanmoedig om sy lewe toe te vertrou aan God en Sy leiding. Daarom hoef die mens nie moedeloos te word indien trauma hom oorweldig nie (Bybel in Praktyk, 1993:1944; Jobes, 2005:42; Martin, 1992:157).


#### 2.8.5.3 Raadpleging van eksegetiese bronne

Die teksvers 1 Pet 1:3 verwys na die Christen se roeping en voorreg om die objek van God se genade te wees (Martin, 1992:136; Schreiner, 2003:59). Die persoon wat gekniehalter word deur oorgeërfde trauma kan in Christus weergebore word – nie fisies nie maar geestelik. Jesus het *gely*, *gesterf*, *opgestaan* en is *verheerlik*. Deur Hom te vind, kan die verlede verander word na 'n vreugdevolle toekoms gevul met 'n lewende hoop en 'n erfporsie van ewige lewe (Bybel in Praktyk, 1993:1946, Bybellennium, 1999: 1716; Jobes, 2005:84; Achtemeier, 1996:92). Christene van die Nuwe Testament was blootgestel aan verontregting deur owerheid, samelewing en soms ook die eie familiekring (Bybellennium, 1999:1715). Maar die nuutgebore mens is nie meer in dieselfde familieproblematiek vasgevang nie – alles het nou verander (Jobes, 2005:2). Jobes haal S. McKnight (1996:36) aan wat sê:

> "Peter intends his readers to understand who they are before God so that they can be who they are in society".

#### 2.8.5.4 Kommunikasiedoel van die perikoop (1 Pet 1:3)

Die brief-aanhef word in die vorm van 'n gebed geskryf. Dit gryp basies terug na 'n Ou-Testamentiese en ook Joodse gebruik. Dieselfde styl word in 2 Kor 1:3 en Efe 1:3 aangetref. 1 Pet 1:3 beskryf nie noodwendig 'n individuele ondervinding nie maar verwys waarskynlik na 'n universele ondervinding vir dié wat tot die geloof in Jesus Christus gekom het. In Hom ervaar die gelowige 'n Lewende Hoop – hoop wat verwys na individuele omstandighede, hoop wat verwys na die individu se toekomsverwagting asook ewigelewe (Jobes, 2005:81; Achtemeier, 1996:93; Schreiner, 2003:59). In hoofstuk 3 (3.7.4.1) asook hoofstuk 4 (4.2.1) word aangetoon dat struktuur deur God ingestel is en gebou is op perfekte intimiteit. Hierdie struktuur word uitgebeeld in driehoekfigure. Hier figureer die driehoeksverhoudings in perfekte harmonie as: Vader + Seun + Heilige Gees. Verwysings na *hoop* in die Nuwe Testament figureer gewoonlik in 'n driehoek as: *geloof* + *hoop* + *liefde* (1 Kor 13:13; Kol 1:4-5; 1 Thes 1:3; 5:8). Deur die genade en redding van God ontvang die nuwe mens *lewende hoop* + *'n onverganklike erfenis* + *redding* – weer 'n perfekte harmonieuse driehoek. Hiermee word tematiese interaktiewe ooreenkomste asook verwantskappe aangetoon (Elliot, 2000:332).




Struktuur is deur God ingestel en is gebou op perfekte intimiteit (Carder, 1991:84a). Hierdie driehoek verteenwoordig perfekte harmonie:

- Vader > Seun > Heilige Gees
- Geloof > hoop > liefde
- Redding > lewende hoop > onverganklike erfenis.

Petrus se brief word gerig aan God se uitverkorenes wat verspreid as vreemdelinge in die wêreld leef. Anders as Antieke Israel is hierdie verstrooiing van gelowiges nie te danke aan hul sonde nie maar wel as gevolg van hul *andersheid* – hul *wedergeboorte* in Christus. Terselfdertyd is hierdie nuut geborenes se *eskatologiese redding* deel van hul nuwe toekomsvisie. Dit bepaal waarheen hierdie mens oppad is asook hoe hy huidiglik gaan leef (Martin, 1992:153; Schreiner, 2003:59). Petrus vermaan die Christene dat hulle God as hul vader moet neem soos Jesus Christus dit doen (Jobes, 2005:81). Hy gebruik die begrip van *genade onbeskryflik groot* wat in Eks 20:6, Deut 5:10 en 1 Pet 1:3 aangetoon word deur die Hebreeuse woord *hesed* en in Grieks die woord: *eleos*. In Sy tweede gebod beloof God om *hesed* of *eleos* te bewys aan duisende geslagte van die wat Hom liefhet en Sy gebooie onderhou. Antieke Israel het hierdie verbond verbreek met die aanbidding

van die goue kalf. God bly egter getrou – Hy stuur Sy Seun vir ons. Hierdie teksvers loof Hom daarvoor (Schreiner, 2003:59). Hy het Homself aan Moses in Eks 34:6-7 geopenbaar as: "barmhartig en genadig (weer die verwysing na *hesed*), vol liefde en trou. Ek vergewe ongeregtigheid, oortreding en sonde, maar Ek spreek niemand sonder meer vry nie ... tot in die derde en vierde geslag." 1 Pet 1:2 gebruik God se Verbondsterme en eggo daarmee God se Ou Testamentiese verbondskarakter (Jobes, 2005:82). Die sluiting van 'n verbond met God waardeur identiteit bekom is, was bekend aan Israel. Petrus verbind hier die Mosaïese verbond met die volk aan Christus se nuwe verbond deur Sy kruisdood met die gelowige mens. Waar Israel in die Ou Testament geroep is as God se uitverkore volk word gelowiges in die Petrusbrief geroep as uitverkorenes in Christus. Gelowiges word vermaan om hul geloof alleen in Christus te plaas soos wat die volk in die Ou Testament hul geloof alleen in die God van Israel moes plaas (1 Pet 1:21). In 1 Pet 2:9 herinner Petrus sy lesers aan hulle posisie in Christus: "Julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig." Daar is 'n sterk ooreenkoms tussen laasgenoemde gedeelte en Eks 19:5-6 "... julle My eiendom uit al die volke... En julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees". Die aanhef van 1 Pet (1:3-2:10) is 'n opsomming van die transformasie van die Dekaloog na die nuwe verbond deur die kruisdood en opstanding van Jesus Christus. Dit verklaar die nuwe lewe in Christus waarin die mens wedergebore word mits hy dit kies (Jobes, 2005:77; Achtemeier, 1996:80). Soos wat die mens sekere kwaliteite erf van ouers en voorgeslagte – byvoorbeeld ras, sosio-ekonomiese klas, burgerskap, ensovoorts – erf die mens 'n nuwe identiteit asook burgerskap indien hy nuut gebore word in Christus – hierdeur vind 'n herdefinisie plaas ten opsigte van verhoudings en karakter (Elliot, 2000:329).

#### 2.8.5.5 Die hooftemas van die boek

- Verlossing - Christus verlos die mens van sy verlede. In Hom verkry die mens 'n nuwe toekoms.
- Verontregting – Petrus poog om die mens wat onregverdiglik ly te bemoedig. Bly gehoorsaam aan God en jou uiteinde sal geseënd wees.
- Kind van God – As Christen verkry jy 'n nuwe gesin, naamlik die medegelowiges. God is nou jou vader. Deur Sy Gees het Hy jou Sy kind gemaak en daarom is jy veilig want Hy self versorg en beskerm jou.
- Huwelikslewe en gesinslewe – Vergelding word die vuur wat verwoes. Vergifnis bring heling.

- ❖ Oordeel – Die dag van God se oordeel kom vir seker. Hy vergeld waar nodig (Bybellennium, 1993:1715; Bybel in Praktyk, 1993:1945).

#### 2.8.5.6 Begrip- en woordverklaring

- **Wedergeboorte (Nuwe Lewe) –** In Grieks: *anagennaō*. 'n Werkwoord word hier gebruik wat in die oorspronklike slegs op een ander plek voorkom naamlik in 1 Pet 1:23. God word hiermee erken nie alleen as die groot Skepper nie, maar as die Een wat mag het om nuwe lewe deur middel van 'n nuwe geboorte te gee en hierin neem Hy die inisiatief (Elliot, 2000:329). Die mens kan deur Jesus Christus weergebore word sonder om fisies te sterf! (Jobes, 2005:82). Dit impliseer die oorgang van een lewenstyl na 'n totaal ander lewens situasie. Die wedergebore mens verkry 'n nuwe erfenis met die belofte van nuwe moontlikhede. Nuwe geboorte impliseer 'n nuwe gesin (Goppelt, 1993:83; Achtemeier, 1996:67).
- **Lewende hoop –** verwys na 'n hoop wat vol lewe is. Gewone "hoop" is in werklikheid "dooie hoop". *Lewende hoop* is geanker in 'n Persoon – Jesus Christus (Jobes, 2005:84; Goppelt, 1993:83; Achtemeier, 1996:67; Elliot, 2000:330).
- **Erfenis –** dui op dit wat onvernietigbaar, silwerskoon en heilig is en word verkry vanaf die hemel. Dit staan in kontras met die verkryging van 'n aardse erfporsie. Dit wag op diegene wat Christus aangryp en word beloof deur God die Vader. Volgens 1 Pet 3:7 dui dit op "the grace of life." 1 Pet 3:9 beskryf dit as 'n seën en volgens 1 Pet 3:5 is daar ook die konnotasie van verlossing wat hieraan gekoppel word. Toekomstige redding is vir die gelowige deur Jesus Christus reeds op aarde 'n werklikheid (Jobes, 2005:86; Goppelt, 1993:86; Achtemeier, 1996:96).
- **Aan God die Vader –** hier is Hy nie slegs meer beperk tot Israel nie maar Hy is nou almal wat Jesus as Verlosser aanvaar se Vader. Dit gaan hier nie soseer om 'n kognitiewe interpretasie nie maar wel om 'n verhouding. Hy is die fontein waaruit lewende water vloei en selfs Jesus Christus, Sy seun, gehoorsaam Hom. Johannes 5:19 verklaar dat Jesus net doen wat Hy sy Vader sien doen. Soos Jesus uit Hom voortkom het Hy die gesag en mag om aan die mensekind nuwe "geboorte" te gee (Goppelt, 1993:80; Achtemeier, 1996:94).
- **Ontferming (genade) -** die gelowige verkry genade in die vorm van redding deur Jesus Christus se kruisdood. Hierdeur verkry elkeen 'n nuwe toekomsverwagting, vry van angs (Achtemeier, 1996:67).

- **Lof** – *eulogētos* - In 1 Pet 1:3 word die gedeelte begin met 'n lofprysing aan God vir die verlossing wat Hy vir die getraumatiseerde wil gee. In die gedeelte wat volg is die klem redelik sterk op diegene wat deur beproewings geraak is (Elliot, 2000:332).

#### 2.8.5.7 Samevatting

- Die ongelowige persoon wat ook gekniehalter word deur oorgeërfde trauma kan in Christus nuut gebore word – dit kan dan ook die begin van 'n emosionele genesingsproses impliseer.
- Die nuutgebore mens is nie meer in dieselfde traumatiese familie problematiek vasgevang nie – in Christus verkry hy 'n nuwe gesin met nuwe potensiaal tot groei en genesing.
- Persone wat blootgestel is aan sinlose dade van geweld en onregverdige oorerwing raak moedeloos en is gestroop van 'n toekomsvisie.
- Die mens se huidige toestand word deur die verlede bepaal maar in Christus word die verlede verander na 'n vreugdevolle toekoms, gevul met 'n lewende hoop en 'n erfporsie van die ewige lewe.
- Die mens erf sekere kwaliteite vanaf voorgeslagte soos byvoorbeeld ras, sosio-ekonomiese klas en burgerskap. In Christus erf die mens 'n nuwe identiteit wat verhoudings en karakter herdefinieer.
- In die Ou Testament is Israel geroep as uitverkore volk van God – in die Nuwe Testament roep die Here alle gelowiges as uitverkore volk in Christus.

## 2.9 SAMEVATTING VAN BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE

### 2.9.1 God laat sonde nie ongestraf nie

**Eks 20:5-6 en Deut 5:9 -** "...Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van die wat My haat, maar ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van die wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam" (Bybel, 1991).

- Die Dekaloog kan in 'n sekere sin beskryf word as die basis van alle gelowe asook beskawingsvorme en word sodoende waarskynlik een van die belangriker riglyne in die bestaan van die mens, ongeag of jy as 'n verklaarde Christen leef of nie.
- Sonde ontstaan in die hart en gedagtes van die mens en is dus meer as 'n handeling - dit gaan ten diepste om 'n *houding* of 'n *ingesteldheid*.
- Sonde is opstand teen God en Sy gebod en veroorsaak dat Hy daarteenoor sal reageer.

- Sonde vervreem die mens van homself, van God en van sy naaste.
- Gehoorsaamheid aan God en Sy gebod herstel verhoudings en vernuwe die mens sodat hy 'n vervulde lewe kan lei.
- Die Here sal die ouers se sonde slegs in die nageslag straf indien die kinders die sondige weë van hul ouers (voorgeslag) navolg.
- Aangesien God aan die mens lewe gegee het, het Hy die reg om van die mens gehoorsaamheid te verwag.

### 2.9.2 Elkeen is individueel aanspreeklik vir sy sonde

**Jer 31:29-30:** "In daardie tyd sal hulle nie meer sê: "Die vaders het groen druiwe geëet, en die kinders se tande het stomp geword" nie. Elke mens sal oor sy eie sonde sterf: wie groen druiwe eet, se tande sal stomp word" (Bybel, 1991).

**Eseg 18:20:** "Die mens wat sondig, sal sterwe. 'n Seun sal nie die straf op sy pa se sonde dra nie, en 'n pa sal nie die straf op sy seun se sonde dra nie. Wie leef volgens my wil, sal die vrugte daarvan pluk" (Bybel, 1991).

- Elkeen is persoonlik verantwoordelik vir sy eie lewenskeuse.
- Wederstrewigheid veroorsaak lyding en dood sowel as 'n boemerang-effek van straf daarop.
- Straf is vooraf ingebou in sonde en word geaktiveer deur die gekose sonde.
- Persone oorweldig deur trauma vra gewoonlik "waarom?" wat die volgende tipe vrae impliseer:
    - Waar is God nou?
    - Wat is die sin van hierdie sinlose gebeure?
    - Wat gee sin aan die lewe?
- Die beantwoording van die volgende vrae kan 'n aanduiding van trauma asook die bestaan van 'n moontlike wig tussen die mens en sy God aandui:
    - Maak God 'n verskil in jou lewe?
    - Word Hy aanbid deur jou leefstyl?
- Ongehoorsaamheid aan die Here word 'n gewoonte waardeur 'n mens uiteindelik verwoes word.
- God wil die emosioneel verwondes (verbryseldes van hart) versorg, asook diegene wat hulself nie kan help nie.

### 2.9.3 Die oue is verby – die nuwe het gekom

**2 Kor 5:17-18a:** *"Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. Dit alles is die werk van God"* (Bybel, 1991).

- Christus se kruisiging impliseer die begin van 'n nuwe vorm van lewe op aarde. In Hom sterf die gelowige se verlede en word 'n nuwe hede vol toekomsverwagting gebore.
- Alles wat verantwoordelik was vir die verwydering tussen die mens en sy God kan deur die bloedoffer van Jesus uitgekanselleer word sodat die verhouding tussen hierdie mens en God herstel kan word – daarna kan alle aardse verhoudings herstel word.
- Emosionele verwonding veroorsaak dikwels dat die mens God se bedoeling met hom as mens bevraagteken.
- Verwondes benodig 'n persoon om hulle uit hul tronk van verwonding te help bevry. Die boodskap van – bely jou sonde, gehoorsaam die wet, lewe volgens God se wil – is onvoldoende. Die enigste "resep" wat voldoende is, is die *persoon* Jesus Christus.

### 2.9.4 Maak jou los van alles wat agter jou is

**Fil 3:13:** "Ek verbeel my nie dat ek dit alles al het nie. Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is" (Bybel, 1991).

- Om Christus te vind, impliseer 'n breuk met die lewe soos jy dit geken het sodat Hy vir jou 'n nuwe lewe kan gee.
- Die Here *red* en bring *heling* deur middel van die (kruis)dood van Sy Seun.
- Die beradene se begrip van wat die kruisdood beteken, bepaal in 'n groot mate die rol van die opstandingskrag in so 'n persoon se lewe.
- Geloof word bepaal deur die diepte van die verhouding met Christus.
- Jesus Christus is al wat die mens nodig het, maar die gelowige moet nooit ophou groei in sy verhouding met Hom nie. Bekering is die beginpunt - nie die eindpunt nie.
- Christus verwag van elke mens om geestelik volwasse te word.
- In Hom het elkeen die geleentheid om 'n nuwe verlede te skep vir hom asook vir sy nageslag.
- Verwonding moet op 'n stadium agtergelaat word anders kan die trauma vererger.
- Leef in die hede met jou visie gerig op God en Sy Heerlikheid.
- God het 'n roeping vir elkeen se lewe – ook die getraumatiseerde.
- Geloof stel die "wil" van die mens gelyk aan die wil van Christus.

### 2.9.5 Die sleutel tot oorwinning is Jesus Christus

**1 Pet 1:3:** "Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop..." (Bybel, 1991).

- Die getraumatiseerde wat gekniehalter word deur oorgeërfde trauma kan in Christus nuut gebore word – dit kan dan ook die begin van 'n emosionele genesingsproses impliseer.
- Die nuutgebore mens is nie meer in dieselfde traumatiese familie-problematiek vasgevang nie – in Christus verkry hy 'n nuwe gesin met nuwe potensiaal tot groei en genesing.
- Persone wat blootgestel is aan sinlose dade van geweld en onregverdige oorerwing raak moedeloos en is gestroop van 'n toekomsvisie.
- Die mens se huidige toestand word deur die verlede bepaal, maar in Christus word die verlede verander na 'n vreugdevolle toekoms, gevul met 'n lewende hoop en 'n erfporsie van die ewige lewe.
- Die mens erf sekere kwaliteite vanaf voorgeslagte, soos byvoorbeeld ras, sosio-ekonomiese klas en burgerskap. In Christus erf die mens 'n nuwe identiteit wat verhoudings en karakter herdefinieer.
- In die Ou Testament is Israel geroep as uitverkore volk van God – in die Nuwe Testament roep die Here alle gelowiges (insluitend getraumatiseerdes) as uitverkore volk in Christus.

# HOOFSTUK 3: 'N PASTORALE SIENING VAN DIE INTERGENERATIEWE EFFEK VAN TRAUMA

## 3.1 DOELSTELLING

Volgens Pieterse (1993:48) is die objek van die pastorale berader se ondersoek gerig op "... die kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie wat in spanning tussen ideaal en werklikheid geskied, en wat as mediale handelinge ten doel het om geloof deur te gee asook kommunikatiewe geloofshandelinge te bevorder." In die lig hiervan is die doelstelling van hierdie hoofstuk om pastoraal te besin oor die effek van intergeneratiewe trauma op die adolessent en dan uiteindelik ook sekere voorlopige pastorale riglyne te formuleer wat kan bydra tot die begeleiding van jongmense in hierdie kategorie sodat optimale heling verkry word.

## 3.2 PROBLEEMSTELLING


Tauke (2004:10) 'n gesinsberader, vind in haar praktyk dat sommige adolessente verwond is as gevolg van onverwerkte trauma van vorige geslagte wat gelei het tot gewoontevormende gedrag en persoonlikheidspatrone wat van geslag na geslag oorgedra word. Allender (1995:25) vind dat kinders wat trauma deurleef het, hierdie patrone waarskynlik as volwassenes self gaan herhaal. Dit manifesteer in eie gedragspatrone of in die keuse van 'n huweliksmaat wat die spesifieke patroon voortsit om sodoende die kinderbelewenis te herhaal. Tauke ( 2004:16) verwys na 'n verslag van Newsweek waarin beweer word dat *genetika* die rou materiaal in 'n persoon se lewe verskaf terwyl *die lewe* 'n persoon se psige en gees vorm en dat die brein veral tydens die kinderjare geprogrammeer word.

Navorsing rondom hierdie tema beklemtoon telkens die feit dat dit nodig is om soveel moontlik van die voorgeslagte te wete te kom ten einde uiteindelike genesing te kan ontvang van enige trauma en daaropvolgende disfunksionele gedragspatrone. Arterburn (2005:49) bevestig hierdie siening as hy sê: "We heal our lives as we begin to search for truth about why we do what we do and why we feel the way we feel". Meeste verslawings en kompulsiewe gedragspatrone dui gewoonlik op 'n disfunksionele familieagtergrond (Carder, 1991:15b). Kinders kan reeds voor geboorte blootgestel word aan negatiewe ervarings en emosies soos byvoorbeeld vrees en spanning. Hierdie emosies word reeds in die baarmoeder geïnterpreteer en word deur die ouers aan die fetus oorgedra (Verney & Kelly, 2004:2; Hickman, 1987:20). Die moeder se emosies en denke is veral belangrik gedurende die swangerskap vir die vorming van die ongebore kindjie se persoonlikheid asook


selfwaarde en anders as gene, is hierdie aspek beheerbaar. Haar emosionele ingesteldheid hang grootliks af van haar huweliksmaat se emosionele ingesteldheid en daarom is die vader van net so veel belang in die vorming van die ongebore kindjie se persoonlikheid (Verney & Kelly, 2004:15). Verney en Kelly (2004:44) verwys na navorsing wat aandui dat daar 'n merkbare toename is in psigopatologie en veral skisofrenie in die fetus se latere lewe indien die moeder getraumatiseer is. Indien 'n ongebore baba herhaaldelik angs in die baarmoeder ervaar sal hierdie kind as volwassene steeds met angstigheid presenteer tensy daar professionele ingrepe is (Verney & Kelly, 2004:12). Die innerlike wonde bly moontlik verborge tydens die kinderjare maar in die latere adolessente tydperk wanneer die kind se identiteit ontwikkel, manifesteer die pyn (Hickman, 1987:20).

Gesinstruktuur hou onder andere verband met die mate waarin die openbare beeld van die gesin met die beeld by die huis agter geslote deure ooreenstem. Die gaping of verskil tussen die twee bepaal die mate van disfunksie in die huis en *geheime* lei tot die toenemende verwydering tussen die twee (MacDonald. 1989:92). Gesinstruktuur is deur God ingestel en is gebou op perfekte intimiteit (Carder, 1991:84a). Na die sondeval verander alles en word gebroke verhoudings die mens se erfporsie (Carder, 1991:89a). Driehoekstrukture toon die impak van die sondeval op verhoudings en word geëvalueer in terme van intimiteit, afsydigheid of konflik wat die emosionele stabiliteit of disfunksionaliteit demonstreer en terselfdertyd aantoon dat die struktuur gelaai is met spanning (Carder, 1991:87a).

### 3.2.1 Skematiese voorstellings van die verhoudings tussen God, Adam en Eva




**1.** Volgens Carder (1991:85a) was die verhoudings voor die sondeval tussen God en die mens in perfekte harmonie.




**2.** Na die sondeval is verhoudings vernietig (Carder. 1991:85a). God en Adam toon 'n afsydige verhouding terwyl God en Eva se verhouding met konflik gelaai is - tussen Adam en Eva is daar 'n hegte verhouding.

## 3.3 INTERGENERATIEWE OORDRAG

Intergeneratiewe oordrag presenteer volgens Sandford en Sandford (1985:379) op drie bekende wyses naamlik:

- **Geneties:** Oorerwing geskied in die eerste plek deur middel van genetika. So word sekere siektes soos diabetes en hartkwale asook fisiese eienskappe soos die kleur van jou oë geneties oorgedra. Persoonlikheidstrekke en gedragspatrone soos aggressie en hipersensitiwiteit kan ook oorerflik wees.
- **Ouerlike voorbeeld:** Kinders leer deur middel van hul ouers se voorbeeld - tensy God se genade ingryp.
- **Wette:** God het die wet van saai en maai ingestel – vergelyk Mark 4: "Die gelykenis van die saaier" en Gal 6:5-10. Net wat gesaai word kan uiteindelik gemaai word en hiervoor is tyd nodig. Die verloop van tyd is die rede waarom kinders soms maai wat die ouers gesaai het.

Trauma in die kinderjare beïnvloed heel dikwels ook keuses in die volwasse lewe byvoorbeeld die tipe huweliksmaat asook waardes omdat die kind se lewensverhaal in sy kern beïnvloed is (Allender, 1995:19). Getraumatiseerdes voel dikwels magteloos, wat 'n spesifieke siening van hulself en andere impliseer wat moeilik veranderbaar is. Selfhaat rondom areas van intelligensie en vermoëns verwys bykans altyd na 'n verlede van mishandeling (Allender, 1995:115). Deur hierdie patrone te identifiseer en in gebed aan God op te dra kan herstel verkry word. Die nageslag erf egter nie net die negatiewe nie - daar is ook die positiewe. Indien dit dan as regverdig beskou word dat die nageslag die positiewe van voorgeslagte erf is dit regverdig om die negatiewe ook te erf. Volgens Sandford en Sandford (1985:381) het hulle in heelparty gevalle gevind dat nadat alle ander probleme hanteer is en dit steeds sou blyk dat daar onderliggende spanning is,

daar dan heel dikwels een of ander vorm van oorgeërfde verwonding sou presenteer. Hulle stel gevolglik voor dat 'n beradene soveel moontlik inligting inwin rondom die familie en die voorgeslagte sodat alle moontlike negatiewe gedragspatrone geïdentifiseer kan word.

## 3.4 DISFUNKSIONELE GESINNE IN DIE SKRIF

"Disfunksionele families" is 'n redelik moderne term wat verwys na ongesonde gedragspatrone in 'n gesin. Hierdie gedragspatrone word dikwels van geslag na geslag oorgedra (Allender, 1995:115). In die Bybel word disfunksionele gesinne ook aangetref waarvan die geskiedenis van Abraham en sy gesin 'n voorbeeld is. Carder (1991:49c) gee 'n treffende uiteensetting van hierdie gebeurtenis en in die bespreking wat volg word 'n opsommende weergawe hiervan gebied. Abraham was 99 jaar en Sarah sy vrou 89 jaar oud toe hul beloofde seun Isak gebore is – Gen 17:21 en Gen 18:14 (Carder, 1991:49c). Isak se geboorte vlek 'n probleem oop. Jare voor sy geboorte het God aan sy vader Abraham 'n belofte rondom sy nageslag gegee wat in Gen 12:2-7 en Gen 15:1-21 aangeteken is. Na die verloop van etlike jare van onvervulde beloftes het Sarah dit goed gedink om God in Sy plan te help. Sy sou volgens die kulturele gebruik van die tyd haar diensmaagd Hagar aan Abraham as vrou gee sodat dié vir 'n erfgenaam kon sorg – Gen 16:2. Maar met Ismael se geboorte boemerang Sarah se mensgemaakte plan – Gen 16:16. Dit veroorsaak pyn en verwerping en sy dwing Abraham om vir Hagar en Ismael weg te jaag toe sy swanger is met die beloofde kind – Gen 16:5-6. Met die geboorte van Isak is die besondere dinamiek van hierdie gesin reeds volledig in plek (Carder, 1991:50c). Hierdie is 'n uitverkore bloedlyn maar nie immuun teen disfunksionele gedragspatrone nie. Die doel hier is nie om die gesin te diskrediteer nie, maar om te wys dat disfunksies lankal reeds bestaan. Isak se lewe reflekteer gevolglik sy verhouding met God asook die disfunksionele interpersoonlike verhoudings in sy gesin van oorsprong. Die gesin het in God geglo maar was soos enige ander aardse gesin nie sonder probleme nie. Die skrywer van die verhaal in Genesis beeld hierdie gesin uit as gelowiges wat soms sukkel met keuses. In vergelyking met baie hedendaagse gesinne is hier baie ooreenkomste (Carder, 1991:51c).

### 3.4.1 Die verhaal speel teen die volgende agtergrond af

- Abraham, die vader, wat smag na 'n erfgenaam.
- Sarah, die moeder en vrou van Abraham, wat volgens kulturele gebruike 'n manlike erfgenaam aan haar man moet kan gee voor sy as 'n vrou erkenning kry.
- Ismael, die halfbroer, wat verneder en uiteindelik verwerp word.
- 'n Saamgestelde gesin met Isak as die gunstelingkind.

- 'n Onnatuurlike moeder-kindverhouding waar Isak interafhanklik van Sarah, sy moeder funksioneer.
- 'n Traumatiese gebeurtenis tussen Abraham en Isak by die altaar op die berg Moria.
- 'n Ryk erfporsie waaraan Ismael geen deel gehad het nie en Isak geen aandeel in die verwerwing daarvan gehad het nie.

### 3.4.2 Isak en die trauma op Moria

Isak groei op in 'n huishouding waarin hy die middelpunt en alleenerfgenaam van 'n groot bate is. Sy moeder se lewe draai om hom, miskien selfs meer as om Abraham, wat haar twee keer verkoop het uit vrees vir sy lewe – Gen 12:11-20 en 20:2-16. Op 'n dag vra Abraham vir Isak om saam na Moria te gaan om 'n offer aan God te bring (Carder, 1991:52c). Op pad daarheen vra Isak aan sy vader waar die lam is wat geoffer gaan word (Gen 22:7). Abraham bly sy kind gerusstel met die woorde dat die Here sal voorsien. Daar is geen verdere beskrywing van kommunikasie of emosie tussen vader en seun nie. Die gebeure word feitelik aangeteken. By die altaar neem Abraham sy kind, bind hom vas, lê hom op die altaar en net betyds keer God vir Abraham en verskaf self die slagoffer. Hierop maak Abraham sy kind los, bring sy offer en verlaat die berg. Weer is daar geen gesprek tussen vader en seun nie - daar is geen aantekening van 'n emosionele verhouding of trooswoorde of van 'n verskoning van vader aan seun nie. Tog moes Abraham vir Isak innig lief gehad het vir God om hom so te toets - sonder liefde sou dit geen toets wees nie. Maar wat sou deur Isak se kop gegaan het terwyl hy vasgebind op 'n stapel hout lê en die mes in sy vader se hand sien blink. Het hy homself teengesit? Was hy daarna dieselfde persoon? En sy verhouding met sy vader – hoe het dit verander na hierdie traumatiese insident? Kon dit dieselfde bly? Uit navorsing is dit bekend dat trauma 'n persoon verander en dat oorlewendes versigtig is en met moeite ander vertrou. Dit is verder bekend dat veiligheid, voorspelbaarheid en sekerheid baie belangrik vir die getraumatiseerde is. Isak moes dieselfde beleef het. Die vraag hier is nie *hoekom* God hierdie situasie laat gebeur het nie maar die fokus is eerder op die vraag na *hoe* Isak die situasie moontlik kon interpreteer veral in die lig van huidige kennis en insig. Die Moria ondervinding was belangrik vir Abraham se geloof want dit plaas hom onder die helde van Heb 11. Isak se ondervinding daarvan was net so belangrik maar is nie weergegee nie en is daarom oop vir spekulasie (Carder, 1991:53c).

### 3.4.3 Her-traumatisering van Isak

Beraders van slagoffers van fisiese mishandeling vind dat getraumatiseerdes daarna hipersensitief is ten opsigte van 'n herhaling van 'n soortgelyke situasie waarin hulle mislei word (Carder,

1991:54c). Abraham se motief was nie om Isak te traumatiseer nie aangesien hy bloot in opdrag van God opgetree het. Isak aan die ander kant, kan anders daaroor gevoel het en dit kan die oorsaak wees vir sy intense reaksie op die misleiding van Jakob jare later – Gen 27:33 "Toe *skrik* Isak *geweldig...*" In sy ouderdom was Isak wys en versigtig, soos Gen 27:21-29 aantoon, as hy aan sy seun *voel* of hy harig is en hom soen om te *ruik* of dit Esau is. Isak is versigtig want as gevolg van sy ouderdom is hy reeds blind. Op Moria kon klein Isak *sien* wat gebeur maar nie *verstaan* nie, in sy ouderdom kan hy *verstaan* maar nie *sien* nie (Carder, 1991:54c).

### 3.4.4 Abraham as emosioneel afgesnyde eggenoot en vader

In die Skrif word Abraham deur sy verhoudings uitgebeeld as 'n persoon wat vir ander omgee. Maar in sy verhoudings met sy gesin van oorsprong tree hy emosioneel asook fisies, afsydig op. emosioneel sowel as fisies. Nadat hy sy gesin van oorsprong verlaat het, is daar geen aanduiding dat hy weer na Haran teruggekeer het nie al was hy net sewe dae in afstand van hulle af weg – Gen 21:23. Hy het verder in Gen 24:5-8 sy kneg verbied om Isak ooit terug te neem na Haran – alhoewel Isak se vrou van Haran afkomstig is. In sy nood ontken hy dat Sarah sy vrou is (Gen 20:1-18) en dit nadat God aan hom bekend maak dat sy aan hom 'n seun gaan gee (Gen 17:17). Hierdie veg vir selfbehoud van Abraham se kant af toon ooreenkomste met vandag se disfunksionele gesinne waar 'n ouer emosioneel afgesny is ter wille van selfbehoud (Carder, 1991:55c). Die Skrif maak ook nêrens melding van die feit dat Abraham vir Isak geseën het voor sy afsterwe nie.

### 3.4.5 Isak emosioneel verknog aan sy moeder

Gegewe hul kultuur moes 'n vrou aan haar man kinders kon gee en wel seuns om 'n identiteit te verkry. Sarah kon eers op 89 jarige ouderdom hierdie "identiteit" verkry. Isak was daarom vir haar van soveel belang want hy was haar "bewys" dat sy 'n vrou is – Gen 16:1-6. Sarah was lief vir Isak – waarskynlik te veel (Carder, 1991:56c). Met haar afsterwe treur Abraham die aanbevole tyd, maar nie Isak nie (Gen 23:2). Ten tye van haar dood was Isak 37 jaar oud (Gen 17:17; 23:1) en drie jaar later op die ouderdom van 40 trou hy met Rebekka terwyl hy steeds rou oor sy moeder (Gen 24:67; 25:20). Sy emosionele verknogtheid aan sy moeder het later 'n disfunksionele effek op sy huwelik.

### 3.4.6 Isak as emosioneel afgesnyde eggenoot en vader

In 'n poging om Isak te help om oor sy hartseer te kom na sy moeder se dood stuur Abraham sy kneg om vir Isak 'n vrou te soek. In Gen 24:67 bring hy Rebekka "in die tent van sy moeder en so

is hy getroos". Dit is nie 'n goeie basis vir 'n huwelik nie. Aanvanklik kon Rebekka ook nie swanger raak nie en toe dit wel gebeur, het Isak gekies om die oudste kind liewer te hê as die jongste (Carder, 1991:56c). Hier raak beide huweliksmaats kind-gefokus (Gen 25:28). Soos sy vader, ontken hy aan koning Abimeleg dat Rebekka sy vrou is (Gen 26:6-11). Hierdie feit is ontstellend, veral as in ag geneem word dat Isak nog nie gebore was toe sy vader dit aan sy moeder gedoen het nie. Hoe het dit oorgedra? Dit wil hieruit blyk dat indien daar nie daadwerklik gewerk word aan pyn in 'n gesin nie, die onverwerkte pyn as 'n patroon na die nageslag oorgedra kan word (Carder, 1991:58c).

### 3.4.7 Die idiosinkrasie van die geslagslyn

In die gesinne van Abraham sowel as Isak leer die kinders verkeerde waardes aan deur die ouers se voorbeeld. Isak verklaar aan Abimeleg dat Rebekka sy suster is net nadat Esau sy eersgeboortereg opgee. Rebekka het hierdeur waarskynlik gesien dat sy nie op haar man kan staatmaak nie. Sy is nie veilig by hom nie. Hierdie minderwaardige hantering van waardes en norme word gewoonlik die *geheime* wat na die volgende geslagte oorgedra word en veroorsaak uiteindelik ook verslawings aan middele of die mede-afhanklikheid van mense (Carder, 1991:58c). Dat Isak so lief vir Esau was, kan maklik verstaan word. Isak het grootgeword rondom sy moeder terwyl Esau die dinge kon doen wat Isak waarskynlik as kind self nooit toegelaat was om te doen nie. Esau was die veldmens. Dit is opvallend dat Jakob dieselfde opvoeding kry as Isak – beide word groot in tente in die nabyheid van die moeder – Gen 25:27-29. Die probleem in die gesin het wasdom bereik toe Isak teen God se opdrag in Gen 25:23 vir Esau in plaas van Jakob wil seën. In die uitspreek van die seën word Isak gekul en Jakob ontvang die seën. Hierdeur word onafgehandelde emosies ontbloot asook die ontstaan van 'n familiegeheim omdat die situasie nie bespreek word nie. Die gevolg is verbrokkelde verhoudings – Jakob moet vlug vir sy lewe en Esau is woedend en verbitterd (Carder, 1991:60c). Rebekka se groot fout in die situasie was haar wantroue in God se vermoë om Isak reg te laat optree. Sy en Sarah betwyfel God se vermoë om Sy woord te laat waar word. Vanuit 'n familie-as-sisteem oogpunt het hierdie gesin op die oog af kalm en geseënd voorgekom. Maar toe spanning intree, het die werklike situasie na vore gekom en het die familie as sisteem ontwortel (Carder, 1991:61c). Gevolglik het die onderliggende vyandskap tussen die gesinslede na vore getree. Tog verander die Here nie Sy plan nie en hy gebruik hierdie mense steeds in Sy groot genade ten spyte van hul disfunksionele gedragspatrone (Carder, 1991:62c).

Hierdie patroon van emosionele pyn word egter na die latere geslagte oorgedra en dit blyk verder dat die impak daarvan op die nageslag hewiger geword het. In breë trekke kan dit as volg opgesom word:

- Gen 30:25-43 – Jakob en Laban is in 'n prestasiegebaseerde verhouding gewikkel.
- Gen 29:31-30:23 – Rachel en Lea probeer liefde verdien en veg daarvoor.
- Gen 31:1-16; 26-35; 32 – Laban manipuleer sy gesin.
- Gen 37 – Josef se broers is jaloers op hom want hy is die jongste en die geliefde – ook by God.
- Gen 35:22 – Ruben verkeer seksueel met die vrou van sy vader – misleiding.
- Gen 37 – Josef se broers wil hom vermoor, mishandel hom dan fisies deur hom onder andere in 'n put te gooi en deur hom as slaaf te verkoop.

### 3.4.8 'n Skematiese voorstelling van Abraham, Isak en Jakob se geslagsregister

| **Abraham** | **Sarah** | **Isak** |
|---|---|---|
| Geroep deur God met belofte. (Gen 12:1-3). Vader (100 jaar) met desperate behoefte aan 'n erfgenaam. | Moeder (90 jaar) – kinderloos en ontroosbaar. Neem reg in eie hande en gee Hagar as vrou aan Abraham. Later spyt hieroor. | Eniggebore, wonderwerk en erfgenaam van ryk ouers. Jonger, halfbroer van gehate Ismael. |
| Verkoop sy geliefde vrou eers aan die Farao se harem (Gen 12:11-20); en toe aan Abimeleg (Gen 20:1-18) uit vrees vir sy eie lewe! - dit nadat God 'n verbond met hom sluit dat sy die beloofde erfgenaam dra (Gen 17:15-19 + 18:9-14). Abraham het 'n onverklaarbare geloofsvertroue en gehoorsaamheid aan God wat Sara en Isak as emosionele onttrekking kon beleef. Hy is bereid om sy geliefde seun aan sy God te offer. | Getraumatiseer deur haar man wat haar aan die Farao se harem verkoop uit vrees vir sy lewe.<br><br>Ontwikkel 'n emosioneel ongesonde verhouding met haar seun. Hy vervang in 'n sekere sin die man-rol van sy vader. | Isak is nog nie gebore nie.<br><br>Na sy geboorte wil sy vader hom aan sy God offer: Trauma! Kan hy sy vader ooit weer vertrou?<br><br>Kan nie oor sy moeder se dood kom nie. Op 40 trou hy met Rebekka – dit is 3 jaar na Sarah se dood. Gen 24:67 "Isak het vir Rebekka in die tent van Sarah, sy ma, laat woon en met Rebekka getrou.... So is Isak vertroos na sy ma se dood." |

| **Isak** | **Rebekka** | **Jakob** | **Esau** |
|---|---|---|---|
| Ontvang belofte van Here. (Gen 26:3-5).<br>Bid tot die Here oor sy vrou want sy was kinderloos (Gen 25:21)<br>'n Tweeling word gebore as hy 60 jaar oud is.<br>Esau, die oudste, is sy oogappel. (Gen 25:28).<br><br>Verklaar aan Abimeleg dat Rebekka sy suster is, uit vrees vir sy lewe – net soos sy pa. (Gen 26:6-11). | Aanvanklik kinderloos.<br>Die Here gee aan haar 'n belofte aangaande haar seuns (Gen 25:22-23)<br>Jakob, die jongste is deur haar voorgetrek.<br>Kan sy haar man weer vertrou nadat hy haar in gevaar stel?<br>Soos Sarah neem sy reg in eie hande en kul Isak om vir Jakob met die eersgeboortereg te seën. | Die jongste met die seën van die Here.<br><br>Kul sy broer en pa vir die seën van die eersgeborene.<br><br>Moet vlug vir sy lewe. | Bring baie kommer in ouers se lewe - Gen 26:35.<br><br>Verkoop sy eersgeboortereg aan sy broer vir 'n pot lensiesop.<br><br>Wil sy broer doodmaak omdat die hom gekul het. |

| **Jakob** | **Lea** | **Ragel** |
|---|---|---|
| Ontvang belofte van Here. (Gen 28:13-15).<br>Jakob die kuller, word nou deur sy oom verkul – trou met Lea in plaas van Ragel.<br>Word ook deur sy seuns verkul as hulle die tyding van Josef se dood bring. | Is die ongeliefde, verwerpte vrou. Die Here sien dit en seën haar met seuns.<br>Haar seuns verkoop Josef en bring sy doodstyding.<br>Sy word by aartsvaders begrawe.<br>Jesus Christus word uiteindelik uit haar stamboom, naamlik die stam van Juda, gebore en red die wêreld. | Is die geliefde vrou, maar bly kinderloos totdat Josef en Benjamin gebore word.<br>Sy word onder 'n boom, langs die pad, begrawe.<br><br>Josef red die volk van hongersnood en sy vader seën sy twee seuns – die jongste as die leier van die twee – Gen 48:19. |

### 3.4.9 Die geslagsregister van Dawid

Juda trou met Bat-Sua en verwek 3 seuns naamlik: Er (die oudste), Onan en Sela – Gen 38. Tamar trou met Er maar die Here laat hom sterf oor sy ongeregtighede. Tamar is kinderloos en trou dan met Onan sodat daar vir sy broer 'n nageslag kan wees. Onan stort sy saad op die grond sodat Tamar nie swanger word nie omdat hy nie vir sy broer 'n nageslag wil gee nie. Die Here laat hom hieroor sterf. Juda beloof sy jongste seun, Sela, aan die steeds kinderlose Tamar. Juda kom nie sy belofte aan Tamar na nie en sy kul hom om gemeenskap met haar te hê deur haar as 'n

tempel-prostituut voor te hou. Sy raak swanger by Juda en aanvanklik wou hy haar verbrand omdat sy volgens Joodse voorskrifte 'n *slegte vrou* is en dan besef hy sy aandeel in haar skuld. Peres en Serag word uit hierdie verbintenis gebore – Gen 38:27. Serag steek sy handjie eerste uit en die vroedvrou bind 'n rooi toutjie om sy vingertjie, maar hy trek terug en Peres die jongste word eerste gebore met die seën – Rut 4:12-22. Peres se stamboom is: Hesron, Ram, Amminadab, Nagson en Salma wat met Ragab die hoer trou waaruit Boas gebore is en wat met die bekende Rut trou, Obed, Isaï, en dan Dawid – 'n man so na God se hart en die jongste van sy vader se seuns. Uit die voorafgenoemde geslagsregisters is die emosioneel afwesige vader, die oorbeskermende moeder en die seën van die jongste seun opvallend. Die tendens het egter nie hier gestop nie. Selfs by koning Dawid en sy huis is hierdie elemente teenwoordig. Dawid is 'n man na God se hart (Hand 13:22) maar as vader het hy grootliks gefaal (Henslin, 1991:33a). Tydens sy kinders se tienerjare het Dawid owerspel gepleeg met Batseba, haar man vermoor toe hy uitvind sy is swanger (2 Sam 11) en daardeur 'n *geheimdraer* geword (MacDonald, 1989:91). Na hul troue sterf die kind as straf op hul sonde (2 Sam 12) en in Ps 51:8 sê Dawid aan God dat hy weet God wil hê die mens moet in sy diepste wese eerlik wees. Volgens MacDonald (1989:91) sal die waarheid opwel in die heel binneste wese van 'n mens sodra God betrokke raak as hersteller van daardie mens se wêreld.

### 3.4.10 Die fokus in besonder op Absalom

2 Sam 13:1 begin direk na bogenoemde met die volgende woorde: "Toe het daar 'n ding gebeur" gevolg deur 'n relaas van Amnon, seun van Dawid wat sy half-suster Tamar verkrag. Deur sy eie buite-egtelike verhouding het Dawid aan sy kinders getoon hoe om gebeure weg te steek en hoe om jou nie te steur aan ander se leed nie (Henslin, 1991:26a). Hy het ook aan hulle gedemonstreer dat dit onnodig is om jou behoeftes te beheer. Met die verkragting van Tamar is koning Dawid woedend maar doen niks daaraan nie, waarskynlik as gevolg van sy eie skuld deur sy buite-egtelike verhouding met Batseba en die moord op haar man Urija. Dit kan ook wees omdat Amnon die oudste was en daarom troonopvolger. Volgens gebruik moes hy Amnon verban of stenig (Henslin, 1991:29a). Andersins sou Tamar as 'n banneling haar dae in eensame afsondering moet sluit (Henslin, 1991:27a). Sy kon hierna nooit trou of kinders hê nie – 'n ondraaglike oordeel in haar tyd. 'n Vrou se versorging het afgehang van haar man of seuns en indien sy nie hierdie beskerming het nie kon sy nie as 'n regspersoon optree om byvoorbeeld vir haarself eiendom te koop nie. Dawid se niksdoen vererger dus die lot van Tamar. 'n Woedende Absalom besluit om sy suster se verkragting en sy vader se niksdoen te wreek en hy vermoor vir Amnon. Na die moord vlug Absalom vir 'n tydperk van drie jaar (2 Sam 13:38). Dawid was lief vir


sy kinders en hy het, soos almal, geweet hoekom Absalom vir Amnon doodgeslaan het (2 Sam 13:28+32). In vers 37 staan "..koning Dawid het die hele tyd net oor sy seun Amnon getreur...(39) omdat koning Dawid hom met die dood van Amnon versoen het, het hy nie teen Absalom gaan oorlog maak nie en hy het na Absalom verlang".

Volgens 2 Sam 14:1 het "Joab seun van Seruja (het) agtergekom dat die koning na Absalom verlang." Met 'n slinkse plan kry Joab dit reg dat Absalom terugkeer na die huis van sy vader. Dawid het nou (2 Sam 14:22) die geleentheid om met Absalom te gesels en aan hom te vertel hoe lief hy hom het. Hy kon die onreg regstel, maar hy doen dit nie. Sy gesin skeur uitmekaar oor onreg en sy onbeholpenheid om hulle emosioneel te versorg (Henslin, 1991:29a). Hy moes Tamar se eer herstel en Amnon ten minste verban het - dan sou Absalom nie sy broer vermoor of Joab se lande aan die brand gesteek het in 'n poging om sy aandag te kry - of sy respek vir sy vader verloor het omdat die steeds niks wou doen nie. Dawid hanteer sy gesin se pyn deur passiwiteit en ontkenning omdat hy waarskynlik nie van beter weet nie (Henslin, 1991:30a). Daarmee dra hy 'n disfunksionaliteit wat in sy voorgeslagte begin het oor na sy kinders – nie omdat hy 'n slegte vader is nie maar omdat dit die patroon van doen geword het. In Psalm 69:8-9, 11-12 skryf Dawid dat hy gewantrou en bespot word omdat hy op God vertrou. Dat hy 'n vreemdeling vir sy broers geword het en dat sy familie hom nie meer wil ken nie - dat hy gebid en gevas en rouklere aangetrek het maar dat hy daarvoor net beledigings verkry en bespot is. Dawid was ook die jongste in sy gesin, met die belofte van God dat hy sou heers – soos Isak, Jakob en Josef.

### 3.5 DIE GESIN AS BAARMOEDER

Hemfelt *et al.* (1998:30) vergelyk die gesin met die baarmoeder waar elke traumatiese gebeurtenis in die gesin, elke oomblik van spanning, elke stuk onopgeloste emosionele pyn 'n betekenisvolle negatiewe invloed op die kinders het. Verwaarloosde emosionele behoeftes by kinders presenteer volgens hulle as volg :

**A.** Kompulsiewe gedrag: sigbare simptome.
**B.** Verhoudings- en gemanifesteerde probleme.
**C.** Trauma.
**D.** Basisvlak.



❖ **Ter verduideliking**

**A. Kompulsies:** Hierdie vlak presenteer met simptome van disfunksionele afhanklikheid sowel as simptome van mede-afhanklikheid. Alle verslawing aan middels asook alle kompulsiewe handelinge wat kompulsiewe persoonlikheidseienskappe insluit is op hierdie vlak waarneembaar. Kompulsiewe gedragspatrone soos handewas kan volgens Meier en Wise (2003:154) byvoorbeeld 'n poging wees om emosies te onderdruk. Indien enige kompulsiwiteit identifiseer word, is dit 'n gegewe dat die basisstrukture met emosionele probleme gaan presenteer en benodig die persoon heling (Hemfelt *et al.,* 1998:32). Getraumatiseerde kinders toon veral in hul adolessente jare gedragsprobleme. Hieronder word onder andere enige selfvernietigende gedragspatroon verstaan (Rock, 1997:106).

**B. Verhoudings:** Hierdie vlak verteenwoordig alle verhoudings wat direk en indirek deur alle voorafgebeure beïnvloed word. Verhoudings verwys na werksverhoudings, interpersoonlike verhoudings, verhoudings met en in die kerk, asook die verhouding met God (Hemfelt *et al.,* 1998:33). Interpersoonlike probleme manifesteer byvoorbeeld as isolasie asook 'n patroon waar viktimisering homself herhaal byvoorbeeld by seksuele disfunksionaliteit en manipulerende persoonlikheidstipes. Meier en Wise (2003:4) identifiseer sommige manipulerende persoonlikhede as die "gek-makers" (*crazy makers*). Dit is diegene wat manipulerend, self-gesentreerd en empatieloos teenoor ander optree. Hierdie persone wat as "gek-makers" bekend staan, is dus emosioneel onstabiel. Allender (1995:25) wys op die feit dat woede en aggressiwiteit die basis vorm van kinderslagoffers se volwasse lewe. Omdat pyn ontken en onderdruk is, word dit nie deur hulself as 'n waarskuwingsteken herken nie en beland hierdie kinders as volwassenes, telkens in pynlike verhoudings. Die herhalende patroon hiervan beklemtoon die slagoffer se siening dat God nie goed is nie en dat hulle op hulself aangewese is. Hul passie vir die Here word verwond en hulle verstaan God net so min as wat hulle verstaan dat hul eie keuses verantwoordelik is vir die voortgesette mishandeling en verwonding. Voordat hulle nie hul pynlike verlede in die oë kyk en hanteer nie kan hulle nie beter keuses maak nie. Die skade deur trauma berokken, vernietig die kind se vermoë om lief te hê en liefgehê te word (Allender, 1995:19).

C. **Trauma:** Hierdie vlak verteenwoordig alle onopgeloste trauma wat meestal fisiese, psigiese asook geestelike mishandeling insluit. Trauma tesame met 'n swak basis in die kinderjare waarborg die verwoesting van die verhoudingsvlak. Mishandeling het baie vorme en alle ouers fouteer êrens. Die voorspelbaarheid en intensiteit of graad van foutering definieer 'n daad, houding of motief as mishandeling al dan nie (Hemfelt *et al.*, 1998:45). Vorme van trauma sluit in:

❖ **Aktiewe mishandeling -** Aktiewe mishandeling is daardie tipiese vorme van mishandeling wat maklik waarneembaar is (Hemfelt *et al.*, 1998:45). Molestering begin reeds by 'n emosionele disfunksie in die ouerhuis. Die atmosfeer is koud, onpersoonlik, rigied en die gesin was waarskynlik reeds in krisis voor die molestering plaasgevind het. Die molestering was waarskynlik die vrug van 'n bestaande disfunksionele patroon (Allender, 1995:115).

❖ **Passiewe mishandeling -** Dit verwys na die ontkenning van die kind se emosionele behoeftes en kan plaasvind as gevolg van egskeiding, dood, 'n gebrek aan aanraking (drukkies) of selfs 'n ongelukkige huwelik (Hemfelt *et al.*, 1998:47). Navorsing volgens Meier en Wise (2003:22) toon dat die persentasie adolessente wat presenteer met dwelmverslawing en selfmoordpogings in Amerika die afgelope vyftig jaar as gevolg van egskeiding met 300% toegeneem het. Die verlies en gepaardgaande gemis aan 'n ouer kan by sommige kinders 'n intense behoefte aan liefde laat wat narsisme tot gevolg kan hê. Hierdie tendens veroorsaak volgens Meier en Wise (2003:9) emosioneel onstabiele persone (*crazy makers*). Probleme by die ouerhuis veroorsaak probleme by die kind en soos wat die egskeidingsyfer klim, gaan emosioneel onstabiele persone (*crazy makers*), meer word. Verwonde mense verwond ander (Meier & Wise, 2003:39).

❖ **Emosionele bloedskande -** 'n Vorm van mishandeling wat verwys na die kind wat die ouer-rol moet oorneem ten opsigte van byvoorbeeld die alkoholis, dwelmverslaafde ouer of die emosioneel onstabiele ouer. Hier word 'n emosionele volwassenheid van die kind verwag wat tuishoort by die ouer - byvoorbeeld die geskeide verwag van die teenoorgestelde geslag kind om as emosionele maat te reageer. Hier is dus geen sprake van werklike seksuele misdrywe nie, maar die kind voel verantwoordelik vir die chaos in die huis en poog om dit te herstel. Die emosionele gevolge is egter dieselfde

as by bloedskande (Hemfelt *et al.*, 1998:50; Meier & Wise, 2003:105; Littauer & Littauer, 2000:37).

❖ **Onafgehandelde emosionele probleme** (*unfinished business*) – Dit is 'n verdere vorm van mishandeling en verwys na die ouers se emosionele probleme en vrae wat nooit hanteer is nie en bloot onderdruk word. Alle emosies soos frustrasies, woede en pyn word aan die kinders oorgedra, waarmee hulle dan identifiseer (Hemfelt *et al.*, 1998:51). Hierdie probleme kan soos 'n afgod in 'n persoon se lewe presenteer indien die emosionele verwonding nie hanteer word nie aangesien hulle lewenslank hierop fikseer (Arterburn, 2005:38; Allender 1995:115).

❖ **Negatiewe idiosinkrasie** - 'n Vorm van mishandeling wat die verbale sowel as nie-verbale boodskappe vanaf die ouers na die kinders kommunikeer. Hierdeur word die ouers se lewens- en wêreldbeskouing asook hul norme en waardes gekommunikeer. Indien hierdie boodskappe negatief is, word die kind daarmee groot en integreer dit in sy lewensuitkyk. Dit word die goue draad van hoop of hooploosheid wat van geslag na geslag oorgedra word (Hemfelt *et al.*, 1998:53; Littauer & Littauer, 2000:41).

D. **Basisvlak:** Hierdie vlak verteenwoordig die versorging van die persoon as baba en kleuter. Indien die kind se behoeftes nie vervul is nie is die basis swak. Die basiese behoefte van enige baba is die behoefte aan liefde, versorging en beskerming (Hemfelt *et al.*, 1998:33; Peck, 1978:21). Indien 'n kind hier afgeskeep word, ontwikkel toorn en onvergenoegdheid (MacDonald, 1989:161-162). Meier *et al.* (2001:112) verwys na navorsing wat bevind dat gedurende die eerste ses lewensjare van die kind 85% van sy volwasse gedragspatrone en lewensuitkyk gevorm word. Meier en Wise (2003:34) identifiseer emosionele verwonding van hierdie ouderdomsgroep as die hoofbydraende faktor tot die gedrag van latere emosioneel onstabiele volwassenes in die samelewing. Indien die baba voortdurend bederf word en alles wat hy wil hê kry, daar 'n gebrek aan dissipline is, of die kind mishandel word en die moeder onvoorspelbaar optree in haar liefdes- en versorgingsverhouding met die baba, kan "grenspersoonlikhede" ontwikkel. Hierdie kind kan dan as volwassene 'n manipuleerder wees – 'n emosioneel onstabiele persoon – wat die patroon oordra na die volgende generasie (Meier & Wise, 2003:39).

### 3.6 DIE WARE SELF (*the child within*)

Elke mens is geskape met die behoefte om te behoort. Die mens wil liefde ontvang en wil dit uitdeel. Dit is 'n Godgegewe reg en gawe (Hemfelt *et al.,* 1998:27). Liefde en toegeneentheid word nie-verbaal gekommunikeer en deur 'n kind van hierdie voorreg te ontneem word hy gekneus en verwond vir die res van sy lewe (Townsend, 1991:151a). As volwassene presenteer hierdie persoon eintlik as 'n emosioneel onvolwassene met 'n verlange en 'n gemis in sy binneste. Die persoon is bewus van iets groters in hom wat hulle dan beskryf as 'n soort naamlose identiteit. Whitfield (1987:9) beskryf dit as "*the child within*" wat deur 'n gebrek aan ontwikkeling van die selfkonsep later 'n mede-afhanklike volwassene word. Hierdie persone leef daarvoor om in ander se behoeftes te voorsien en eindig dan self in 'n toestand van doodsheid en ontkenning van die self (Whitfield, 1987:28). Die verantwoordelikheid vir hul lewe en geluk word aan ander se nukke en grille oorgelaat (Whitfield, 1987:29). Kinders wat nie die nodige ouerlike ondersteuning en aanmoediging ontvang het nie, ontwikkel vervolgens so 'n vals selfbeeld en word 'n mede-afhanklike persoonlikheid deurspek met die idiosinkrasie van slagofferstatus (Whitfield, 1987:1). Die slagofferstatus veroorsaak 'n onvermoë om emosionele traumas te hanteer en lei tot angs, vrees, verwarring en ongelukkigheid. Hierdie presentering is simptomaties van die disfunksionele en rigiede gesinstrukture (Whitfield, 1987:1). Die ware self is die identiteit wat maskerloos, energiek, tevrede, opreg, kreatief en oop is vir die onderbewussyn. Hierteenoor presenteer die vals self as vreesagtig, teruggetrokke en kruip dit agter 'n masker van perfeksionisme weg. Die vals self ontwikkel disfunksionele gedragspatrone soos afgunstigheid en is hiperkrities. Hulle is self-loos, mede-afhanklike en mensebehaers (*people pleaser*). Verder kan hulle groepsdruk nie hanteer nie omdat hulle hul identiteit verloor in ander se identiteit, die emotiewe ontken en presenteer óf met aggressiwiteit óf met passiwiteit (Whitfield, 1987:11-12). Hierdie "vals" self, of mede-afhanklike kan in die kritiese ouer of die *controller* ontwikkel. Die waarheid is dat hulle bang, wantrouig en destruktief is. Om 'n gevoel van beheer te verkry, moet hierdie persoon emosioneel afsny en sodoende die behoefte aan emosionele versorging onderdruk en vermy (Whitfield, 1987:12). Boodskappe van die onderbewussyn word sodoende geïgnoreer. Familiegeheime is gewoonlik die wortel van die probleem (Whitfield, 1987:30). Whitfield (1987:18) wys verder op die belangrike emosionele behoeftes van die ontwikkelende kind waaraan voldoen moet word ten einde in 'n gesonde volwassene te ontwikkel en vind dat ouers wat hul kinders se emosionele behoeftes verwaarloos, waarskynlik as kinders self verwaarloos is.

## 3.7 DIE GEHEUE

Geheue is nie 'n eenvoudige proses nie en nog minder is die interpretering en kodering van insidente eenvoudig (Anon, 2000:453a). Tog is die mens se vermoë om te onhou redelik akkuraat. Herinneringe word basies as twee strukture naamlik die implisiete (onderbewussyn) of eksplisiete (bewuste) geheue gestoor (Anon, 2000:454a). Navorsing rondom geheue met betrekking tot trauma *versus* nie-trauma is tans kontroversieel aangesien sommige navorsers veronderstel dat geheue vir beide trauma en nie-trauma dieselfde struktuur benodig. Ander is van mening dat daar wel ooreenkomste is in die werking van geheue maar dat daar beslis verskilpunte is ten opsigte van die kodering, interpretering en oproep van traumatiese gebeure (Anon, 2000:455a). Wat duidelik na vore kom is die feit dat sommige herinneringe nie herroep kan word nie en vergete bly as gevolg van verskeie toestande soos: repressie (doelbewuste onderdrukking van geheue), dissosiasie (persoon distansieer van gebeure), depressie, 'n gebrek aan kodering (persoon interpreteer nie gebeure nie) en 'n "*state dependent learning*" wat beteken dat sommige gedrag net herroep kan word indien dieselfde emosionele toestand weer herskep word as wat tydens die trauma die geval was. Die herroeping van geheue raak belangrik sodra 'n beradene om hulp kom aanklop as gevolg van die presentering van traumaverwante simptome, of indien die beradene na trauma verwys gedurende die terapeutiese proses, of indien die beradene verwys na geheue wat gedurende die beradingsproses na die oppervlak dring. Simptomatologiese manifestering van PTSV (Post Traumatiese Stresversteuring) presenteer as opdringerige gedagtes, terugflitse, nagmerries en hewige psigologiese sowel as fisiologiese reaksies wat soms mediese ingrepe benodig sodat die beradene gekalmeer kan word ten einde die ondervinding en herinneringe in detail te bespreek (Anon, 2000:457a). Tydens die herroeping van traumatiese geheue is die interpretasie en emosionele persepsie van gebeure van groter belang as die korrektheid daarvan en die intensiteit van emosies is geen maatstaf vir die waarheid nie (Anon, 2000:457a; MacDonald, 1995:21). Die waarde van 'n herinnering lê in die erkenning van 'n emosie en die heling daarvan omdat onbehandelde pyn in die onderbewussyn *leef* (MacDonald, 1989:168). Studies rondom tweelingoorlewendes van die *Holocaust* toon dat hoe jonger die kinders was tydens hul traumatisering hoe minder kon hulle bewustelik onthou en hoe groter was hul disfunksionaliteit as volwassenes (Van der Hart & Brom, 2000:236).

Die oproep van herinneringe help die beradene volgens Allender (1995:115) tweërlei:

- Dit help in die identifisering van die tydperk waartydens unieke gedragspatrone waarmee gepoog is om sonder God te probeer oorleef, ontwikkel het.
- Dit identifiseer verder die rede waarom die beradene kies om God te wantrou.

Welch (1998:57) – 'n Pastorale Berader, bevind in sy navorsing rondom chemiese wanbalanse: "Problems with the brain or body can expose what is in our hearts". Hy ondervind dat die meeste persone met psigiatriese probleme positief reageer op Skriftuurlike waarhede. Genesing is volgens hom moontlik indien 'n geestelike sowel as 'n fisiese onderskeid getref word tussen simptome. Fisiese probleme benodig soms mediese ingrepe terwyl geestelike probleme aan die hand van die Skrif hanteer moet word (Welch, 1998:69,87,116,132,153).

### 3.7.1 Onderdrukking van herinneringe

Die antwoord van die gemiddelde persoon op die vraag hoe sy gesin van oorsprong lyk, is gewoonlik "gelukkig" terwyl sommige 'n gebeurtenis so traumaties ondervind het dat hulle dit nie wil onthou nie (Seamands, 2002:37; Anon, 2000:448a). Doelbewuste onderdrukking van herinneringe is anders as om te vergeet omdat onderdrukking 'n spontane reaksie op trauma is. So 'n keuse het soms tot gevolg dat die persoon se hart kan verhard wat weer tot immorele blindheid kan lei. Die belangrike vraag hier is: waarom wil jy nie onthou nie, wat verhoed dit? (Allender. 1995:115). Herinneringe van die verlede is gelukkig nie die sleutel tot vandag se verandering nie. Die slagoffer kan kies om vandag te verander en God sal die herinneringe oopmaak soos Hy dit nodig vind. Die probleem van onderdrukte herinneringe is dat 'n *mag* toegedig word aan die herinneringe wat dan 'n direkte invloed uitoefen op die persoonlikheid en manifesteer as emosionele wanfunksies (Seamands, 2002:37). Sommige geheime moet geheim bly byvoorbeeld: 'n kind gebore uit 'n buite-egtelike verhouding waarvan niemand weet nie (MacDonald, 1995:127; Framo, 1992:90; Seamands, 2002:33). Indien trauma egter die alledaagse lewe negatief beïnvloed, sou dit beter wees om die onderdrukte geheue te herwin. Voorsorg is nodig by die herwinning van geheue (MacDonald, 1995:129) en in hierdie opsig moet die geestelike, psigiese en fisiese aspekte van die beradene in ag geneem word.

### 3.7.2 Redes vir die onderdrukking van herinneringe

Volgens MacDonald (1995:29) word herinneringe onderdruk vir die volgende redes:

- Die slagoffer wil nie hê die gebeure moet waar wees nie.
- Die gebeure maak nie vir die slagoffer sin nie.
- Die slagoffer beleef die gebeure as oorweldigend.
- Die oortreder het die kind met groter geweld gedreig indien die kind sou praat.
- Die slagoffer onderdruk en dissosieer as gevolg van 'n gevoel van hulpeloosheid.

### 3.7.3 Die gevolge van onderdrukte herinneringe

MacDonald (1995:132) verwys na Dr. Terr wat in haar navorsing vind dat getraumatiseerde kinders wat herinneringe onderdruk, presenteer met byvoorbeeld: emosionele gevoelloosheid en onvolwassenheid, onverskilligheid ten opsigte van fisieke pyn, 'n gebrek aan empatie en 'n afsku van emosionele intimiteit. MacDonald (1995:66) bevind dat onderdrukte herinneringe lyding veroorsaak op die emosionele, sosiale, fisiese, intellektuele asook geestelike vlakke:

- **Emosioneel:** Lei tot angs en depressie veral as 'n nuwe gebeurtenis soortgelyk aan oorspronklike plaasvind. Dit lei tot 'n oormatige behoefte aan beheer oor emosies.
- **Sosiale vlak:** Elkeen bring 'n oormaat aan pyn, woede en vrees na 'n nuwe verhouding. Die getraumatiseerde kan oorreageer wat kan lei tot oormatige beheer oor situasies of ander persone.
- **Fisiese vlak:** Trauma veroorsaak baie probleme waarvan nagmerries die bekendste is. In krisistye produseer die liggaam adrenalien om die slagoffer te help reageer. Indien trauma onbehandeld bly, kan die liggaam in 'n staat van gereedheid vasgevang word wat kan lei tot uitbranding van adrenalienproduksie wat allergieë, hoofpyne, hormonale en immuniteitprobleme, absesse, bloeddrukprobleme, kolonprobleme en selfs impotensie tot gevolg het.
- **Intellektuele vlak:** Veranderde denkpatrone ontstaan en 'n aangeleerde gedrag van hooploosheid asook hulpeloosheid kan veroorsaak word. Die getraumatiseerde glo nou dat hy homself nie kan beskerm nie en dit veroorsaak dat sommige getraumatiseerdes hiper-onafhanklik, aggressief of harteloos word.
- **Geestelike vlak:** Meestal word God en die self blameer vir die trauma in plaas van die oortreder en boosheid. Allender (1995:115) sluit hier aan as hy vind dat die kern van onderdrukte herinneringe geleë is in wantroue in God. Die slagoffer glo dat God in Sy wese nie liefde is nie en dat Hy dit nie goed met die mens bedoel nie – daarom is God nie die moeite werd om te vertrou nie. Volgens Meier & Wise (2003:108) sal die kinders uit 'n ouerhuis met 'n emosioneel onstabiele ouer hul emosionele verwonding weerspieël in hul verhouding met God – hulle kan kognitief in Hom glo maar het nie 'n emosionele verhouding met Hom nie en vrees Hom.

### 3.7.4 Die herroeping van herinneringe

Die mens is 'n produk van verskillende elemente waarvan die gesin van oorsprong en familie 'n groot deel uitmaak. Om te bepaal wat die gesin van oorsprong se aandeel is in wie jy vandag is moet jou gesin en familie se geskiedenis nagevors word (MacDonald, 1995:158). Hier kan ou

foto's byvoorbeeld van hulp wees (Littauer & Littauer, 2000:153). Hierdie persoonlike navorsing kan op twee verskillende maniere geskied, naamlik: ondersoek jou erfenis of bestudeer jou ontwikkeling volgens Eriksen se riglyne soos verduidelik in MacDonald (1995:166). Aan hand hiervan volg die volgende opsommende verduidelikings:

#### 3.7.4.1 Ondersoek jou erfenis

- **Fisiese karaktertrekke:** Soos wie lyk jy, watter fisiese trekke verwys na iemand anders in die familie?
- **Persoonlikheid en emosionaliteit:** Na wie aard jy die meeste? Hoe het die familie stres en trauma hanteer? Hoe doen jy dit? Watter tipiese stresverwante simptome was in die familie?
- **Gesondheid:** Watter mediese probleme presenteer in die familie – hoe is dit hanteer (ook emosioneel) - hoe sterf die mense in jou familie?
- **Emosionele karaktertrekke:** Stel 'n psigologiese profiel van jou voorouers en elkeen in die familie so getrou moontlik op.
- **Geestelike karaktertrekke:** Waarin glo jou familie? Hoe gemaklik kommunikeer hulle oor hul geloof?
- **Intellektuele vermoëns en prestasies:** Voorgeslagte beïnvloed die nageslag ten opsigte van intelligensie, leergestremdhede asook individuele sterk en swak eienskappe. Die waarde van prestasie, verantwoordelikheid, ensovoorts word gemodelleer deur voorgeslagte. Hoe vertoon die waardes in jou familie?

#### 3.7.4.2 Volg jou ontwikkeling as mens

Erikson (MacDonald, 1995:166) verdeel die onwikkeling van die mens se lewe in agt fases waartydens keuses gemaak word wat die lewensverloop kan beïnvloed. Hendrix en Hunt (2004:248) onderskei die volgende ses lewensfases van belang in die onwikkeling van die kind (dit stem ooreen met dié van Erikson):

- **Fase 1 – Babatydperk (Geboorte – 18 maande)** Die baba benodig voeding, emosionele en fisiese kontak asook liefde en aanvaarding sodat vertroue kan ontwikkel. Trauma veroorsaak slaap- en eetsteurnisse, diarree, geïrriteerdheid en huilerigheid. As volwassene presenteer die persoon met onverwerkte trauma as koel, terughoudend en onbetrokke of hulle oorreageer en raak oordrewe verstrengel in verhoudings as volwassenes. Ten einde jou erfenis hier na te speur moet daar gefokus word op jou

versorging as baba, byvoorbeeld: kon jy staatmaak op jou ouers se liefde, versorging en beskerming op fisiese asook emosionele vlakke?

- **Fase 2 – Kleutertydperk (18 maande – 3 Jaar):** Brein-ontwikkeling en die rol van vroeë ondervindings/insidente is in die laaste 10 jaar baie ondersoek. Die eerste 3 lewensjare is krities vir die ontwikkeling van die kind asook vir die leer-vermoë. Kinders kan verbaliseer vanaf 2.5 – 3 jaar (Terr, 1996:618). In dié ouderdomsgroep benodig die kleuter die vryheid om te ontdek, asook die boodskap dat dit aanvaarbaar is om 'n eie identiteit te verkry. Op hierdie stadium ontwikkel selfstandigheid teenoor minderwaardigheid en onsekerheid. In hierdie ouderdomsgroep onthou kinders die buitengewone eerder as die gewone insidente. Hoe groter die emosionele betrokkenheid van die kind by die insident, hoe duideliker word die insident onthou (Terr, 1996:618). Onverwerkte trauma van hierdie ouderdomsgroep, het of 'n eensame kluisenaar of 'n oordrewe, afhanklik volwassene tot gevolg. In beide gevalle word ander gemanipuleer. Trauma verwys hier na enige verandering in die huislike omgewing wat deur die kleuter as ontstellend beleef word. Hulle is intens ingestel op die ouer se emosionele belewing van gebeure en beleef alles soos wat die ouers dit beleef.
- **Fase 3 - Voorskooltydperk (3 jaar – 4 jaar):** Gedurende hierdie tydperk ontwikkel die kind se inisiatief teenoor sy skuldgevoelens en die vorming van identiteit is veral gedurende hierdie fase van belang. Nuwe identiteite en persoonlike grense (boudaries) word speel-speel getoets. Sodoende leer die kleuter om eie keuses te maak wat nodig is vir die ontwikkeling van selfvertroue en inisiatief. Onverwerkte trauma manifesteer dikwels in die volwassene by wyse van 'n oordrewe drang na beheer of andersins as 'n persoon wat ruggraatloos voorkom. As kind manifesteer trauma met onttrekking, senuweeagtigheid en skeidingsangs. Bed natmaak, vrees vir donkerte, algemene vrese, destruktiewe gedrag en woedeuitbarstings (*tantrums*) is algemene verskynsels.
- **Fase 4 – Voorskools tot skoolgaande ouderdom (4 jaar – 7 jaar):** Hierdie is die bemeesteringsvlak. *Toereikendheid teenoor onvermoë ontwikkel hiertydens.* Dit is nodig vir die voorskoolse kind om te ervaar dat hy betekenisvol is en dat hy nuwe vaardighede toereikend bemeester. Die kind benodig baie erkenning en aanmoediging tydens hierdie fase. Onverwerkte trauma veroorsaak 'n oordrewe kompeteerder of 'n oordrewe konformeerder. Vanaf skoolgaande ouderdom begin die kind sosialiseer en algaande word 'n beter begrip van terme soos "trauma" verkry alhoewel die denke steeds meer konkreet as abstrak is. Onverwerkte trauma gedurende hierdie ouderdom manifesteer later by wyse van onttrekking, leerprobleme, depressie en swak

konsentrasie. Gedragsprobleme en psigosomatiese siektes soos maagpyn en hoofpyn kan ontwikkel.

- **Fase 5 – Skoolgaande tot pre-adolessente ouderdom (7 jaar – 12 jaar):** Hiertydens ontwikkel die kind se ondernemingsgees en sy omgee vir ander. Hierdeur word die identiteit as individu teenoor die identiteit van die groep onderskei. Die eie identiteit wat losstaande van die ouers en hul verwagtings van die kind as persoon is, neem vorm aan. Onverwerkte trauma veroorsaak 'n kluisenaarstipe persoonlikheid of 'n mede-afhanklike.
- **Fase 6 - Adolessensie (12 jaar – 18 jaar):** Hiertydens ontwikkel die behoefte aan intimiteit teenoor onafhanklikheid. Die koestering van die gesin is hier van belang want dit is binne hierdie veiligheid wat die jong volwassene sy grense toets deur opinies en emosies te lug. Hulle benodig gevolglik op hierdie stadium interpersoonlike verhoudings waarbinne die selfkonsep behoue kan bly. Indien trauma tydens die fase plaasvind en dit word nie deurgewerk nie ontwikkel die persoon as 'n rebel of as 'n totale konformeerder. *Die waardesisteem, selfbeeld, asook identiteit word gedurende hierdie* fase vasgelê. Tieners het enersyds die vermoë om trauma op 'n redelik volwasse wyse te hanteer; andersyds kan hulle rebelleer, in dwelm-misbruik verval, seksueel promisku optree, misdaadgeoriënteerd optree, depressief word, onttrek of vereensaam in antisosiale gedragspatrone. Selfmoordneigings is aan die toeneem onder die ouderdomsgroep tussen 15-24 jaar (in vergelyking met ander ouderdomsgroepe) omdat die sinvolheid van die lewe bevraagteken word. Jongmense moet gevolglik multidimensioneel hanteer word ten einde hulle te bereik, wat 'n tydsame proses is en deeglik moet geskied (Eagle & Michelson, 2002:235; Johnson, 1989:2). Versorgers moet die impak van hul gedrag op die kind se welstand verstaan en geleer word. Hul gedrag moet beide 'n voorbeeld vir die kind wees, asook 'n model van hoe om op trauma te reageer. Die kind moet erkenning kry vir pogings om trauma te hanteer en moet veilig voel om emosies te deel. Dit is 'n belegging vir die toekoms om getraumatiseerde kinders te help genees (Eagle & Michelson, 2002:238).

## 3.8 GEVOLGE VAN INTERGENERATIEWE TRAUMA

Disfunksionele ouerhuise word gekenmerk deur die behoefte van die ouer(s) om te beheer (Hemfelt *et al.*, 1998:130). Hierdie is van die moeilikste gewoontes om te verander omdat dit vir die mens so moeilik is om te verstaan dat die lewe buite sy beheer is (Whitfield, 1987:68). Wanneer een ouer buite beheer is kan die ander ouer in 'n poging om die balans te herstel, oorkompenseer en buite beheer optree na die ander kant van die spektrum toe en so bydra tot die

disfunksionaliteit. So kan een ouer byvoorbeeld hiper-perfeksionisties optree terwyl die ander ouer, in 'n poging om balans te skep, in chaos kan verval (Hemfelt *et al.*, 1998:130). Gesinslede kry dan nie die nodige ondersteuning ten opsigte van hul kognitiewe, emotiewe en geestelike ontwikkeling nie (Whitfield, 1987:49; Peck, 1987:121). Die verslaafde, hetsy aan middels of gedragspatrone, poog om sy innerlike chaos te kalmeer met sy keuse van 'n "dwelm" byvoorbeeld pille of deur die manipulering van die gesin. Verskillende faktore vuur die patroon van verslawing, obsessies en kompulsies aan (Hemfelt *et al.*, 1998:130). Die tragedie is dat disfunksies in die gesin van oorsprong oorgedra word na die volgende geslagte deur substansieafhanklikheid of andersins in vermomde vorms soos werkoholisme, koopgierigheid, mede-afhanklikheid, ensovoorts (Hemfelt *et al.*, 1998:7; Peck, 1978:123). Kinders uit disfunksionele ouerhuise gebruik allerhande tegnieke ten einde die situasie te oorleef waarvan ontkenning, voorgee, die versorging van ander ten koste van hulself, intellektualisme, dissosiasie, projeksie en mede-afhanklikheid voorbeelde is (Whitfield, 1987:60). Hiper-verantwoordelikheid boots die gevoel van in beheer wees na al beteken dit dat die kind sy eie behoeftes moet afskeep (Whitfield, 1987:70). Vir die kind werk hierdie tegnieke maar in die latere volwasse lewe en in verhoudings veroorsaak dit chaos en kan dit selfs as psigoties geïnterpreteer word (Whitfield, 1987:60; Groves, 2002:57). Kinders uit disfunksionele ouerhuise het geen maatstaf van gesonde gesinstrukture nie. Vir hulle is hul disfunksionele huise met die trauma en onvoorspelbaarheid die *normale*. Hulle weet nie dat die omstandighede ongesond was of dat dit anders kan wees nie. Hulle vrees verwerping en in baie gevalle het die ouers verwerping as strafmaatreël gebruik in hul dissiplinering van die kind deur byvoorbeeld die kind weg te jaag indien hy stout was. Hierdie kinders kan konflik nie hanteer nie en vermy dit deur byvoorbeeld weg te loop of aggressief op te tree (Whitfield, 1987:70-72). Ons maak dus 'n groep volwassenes groot wat interpersoonlike probleme gaan hê wat hulle gaan oordra na die volgende *geslag* (Groves 2002:61).

Die eerste belangrike behoefte van die kind wat deur die ouers vervul behoort te word, is die *behoefte aan emosionele binding met die ouers*. Gesonde emosionele binding word gedefinieer as: "Ek maak saak vir iemand" (Townsend, 1991:148a). Die beste illustrasie betreffende die funksionering van emosionele binding in verhoudings word verkry uit die verhouding van die Heilige-Drie-Eenheid wat as Een funksioneer terwyl elkeen 'n eie, unieke persoonlikheid en karakter openbaar (Townsend, 1991:149a). Volgens Townsend (1991:168b) ontstaan 'n oorverbondenheid (versmoring) tussen ouers en kinders wanneer daar enersyds wel emosionele binding aanwesig is, maar andersyds verwarring rondom persoonlike grense ontstaan. Daar is geen plek vir die individu en sy siening in hierdie gesin nie - die verhouding tussen Sarah en Isak is

moontlik 'n voorbeeld hiervan. In die gesin waar daar wel reëls maar geen emosionele binding is nie, ontstaan afsydigheid; byvoorbeeld die werkoholis of die verhouding tussen Dawid en Absalom. Disfunksionele gesinne is die gesinne waar beide reëls en emosionele binding afwesig is. Hierdie is die groep wat die meeste emosionele pyn ervaar byvoorbeeld Amnon en Tamar asook die hedendaagse tieners wat geen verantwoordelikheid vir hul dade neem nie en terselfdertyd streef na onmiddellike behoeftebevrediging. Die kerngesonde gesin het duidelike gesinsreëls asook emosionele binding tussen die onderskeie gesinslede (Townsend, 1991:159a). Ouerskap bestaan uit twee pole waarvan die een pool beskerming, onvoorwaardelike liefde en aanvaarding insluit en die teenpool verwerping van negatiewe gedrag en liefdevolle kritiek, insluit. Hierdie twee pole is veronderstel om in harmonie met mekaar te funksioneer met liefde as die brandstof. In sommige ouerhuise is hierdie balans versteur. Kinders wat uit traumatiese kinderjare kom en swak verhoudings met ouers het, beland as volwassene heel dikwels in een van die volgende twee tipiese krisissituasies: nabyheid wat tot vernietiging of versmoring lei of onafhanklikheid wat verwerping impliseer. Die kind se afhanklikheid laat die ouer bedreig voel terwyl sy onafhanklikheid die ouers verwerp laat voel.

## 3.9 MEDE-AFHANKLIKHEID OF PASSIEF-AFHANKLIKHEIDSVERSTEURING

Mede-afhanklikheid het vir generasies lê en broei onder die oppervlak maar is besig om te ontaard in *dié* probleem. Hedendaagse gesinne word oorval deur statistieke van egskeiding, bloedskande, vrese om te trou en al die verwante traumasimptome (Hemfelt *et al.*, 1998:14; Carder, 1991:18b). Amerika presenteer tans met ongeveer 15 miljoen alkoholverslaafdes. Indien elke alkoholis net 4 persone van belang in sy lewe negatief beïnvloed, is die somtotaal van mede-afhanklikes digby die 60 miljoen persone. Verder is ongeveer 28 miljoen Amerikaners die volwasse kinders van alkoholiste en dus mede-afhanklikes. Hierdie syfers fokus slegs op die omvang van alkoholisme en raak net twee geslagte - ander verslawings en disfunksies is nie in berekening gebring nie en die syfers is daarom eintlik baie konserwatief. Volgens Amerikaanse statistieke het een uit vier persone 'n kans om die slagoffer te wees van mede-afhanklikheidsprobleme wat onder andere verband hou met egskeiding, verhoudingsprobleme, verslawing, depressie, aggressie en verdere soortgelyke probleme wat mense se lewens kompliseer en vertroebel (Hemfelt *et al.*, 1998:8).

"Disfunksionele families" verwys na ongesonde kompulsiewe gedragspatrone in 'n gesin en hou heel dikwels ook op een of ander wyse verband met die terme *mede-afhanklikheid* of *passief-afhanklikheid*. Die probleem word aangevuur deur oorgeërfde familiepatrone wat van geslag na geslag oorgedra word deur middel van familiegeheime as gevolg van onverwerkte trauma

(Allander, 1995:115). Die afhanklikheid waarvan hier sprake is, word verder gedefinieer as die afhanklikheid van mense of gedragspatrone in 'n poging om innerlike chaos mee te beheer (Hemfelt *et al.,* 1998:5). Hierdie persone het 'n diepgesetelde behoefte aan versorging en wil afhanklik wees van iemand wat dan verkeerdelik deur hulle as liefde geïnterpreteer word (Peck, 1987:117). Mede-afhanklikes of passief-afhanklikes bevredig die behoeftes van ander ten einde hulself as waardevol te beleef en verslaaf die ander persoon sodoende aan hul probleem van afhanklikheid (Brawand, 1991:121; Peck, 1987:119). Hierdie verwondes se keuse van 'n huweliksmaat is gewoonlik nie toevallig nie. Beide hierdie persone word deur hul onderbewussyn gemotiveer tot die soek en die vind van mekaar. Hulle het mekaar nodig sodat elkeen se afhanklikheid gevoed kan word (Hemfelt *et al.,* 1998:66). Hulle worstel met 'n vakuum van emosionele leegheid en probeer dit vul deur hul verslawing aan mense of middels wat uiteindelik 'n indirekte poging is om ander te beheer (Peck, 1987:123). Die probleem van die passief-afhanklikheidsversteurde is geïdentifiseer tydens terapeutiese ingrepe rondom alkoholiste en hul gesinne. Daar is gevind dat die gemiddelde alkoholis verbitterd is teenoor God, rebels en terselfdertyd kinderlik afhanklik is van die mense rondom hom. Daar is verder gevind dat die gerehabiliteerde alkoholis sy gesin binne 'n jaar na sy herstel verloor. Die rede blyk verband te hou met die gesin se behoefte om in beheer van die alkoholis te wees en sonder sy verslawing is daar niemand meer om te beheer nie (Hemfelt *et al.,* 1998:6). Die gesin is nie verslaaf aan alkohol nie, maar aan die situasie wat hulle die gevoel van "in beheer wees" gee. Terwyl die alkoholis verslaaf is aan die drank, is die mede-afhanklike verslaaf aan die situasie en verhoed die mede-afhanklike sodoende dat die verslaafde kan genees. Sedertdien is gevind dat die kenmerke van mede-afhanklikheid nie net van toepassing is op alkoholisme nie – dit verwys na alle situasies waar afhanklikheid en dus disfunksies ter sprake is (Hemfelt *et al.,* 1998:7). Die probleem by mede-afhanklikheid is dat die persoon 'n meester op die gebied van ontkenning is en nie sy toestand erken nie. Die persoon het sy emosionele pyn en gebrek planmatig begrawe. Ontkenning word daarom die grootste struikelblok op die pad na genesing (Hemfelt *et al.,* 1998:37). Alle ouers maak foute, maar emosionele mishandeling het 'n spesifieke voorspelbaarheid en graad van intensiteit wat drasties verskil van die ouer wat af en toe fouteer (Hemfelt *et al.,* 1998:45). Die kind se lewens- en wêreldbeskouing ontwikkel uit die verbale sowel as die nie-verbale boodskappe afkomstig van die ouers en net soos trekvoëls elke jaar instinktief terugtrek na warmer dele, trek die mens emosioneel terug na die struktuur van sy gesin van oorsprong (Hemfelt *et al.,* 1998:58). In hierdie opsig is dit belangrik om te let op die resultate van navorsing wat aantoon dat twintig persent (20%) van besluite in samewerking met die bewuste geneem word en tagtig persent (80%) van keuses word as gevolg van dit wat in die onderbewussyn weggesteek is, geneem (Hemfelt *et*

*al.*, 1998:58). Mede-afhanklikes se dryfveer is die behoefte om dit wat verkeerd is in hul gesin van oorsprong, te herstel deur in verhoudings betrokke te raak wat dieselfde effek gaan skep as dié in die gesin van oorsprong. In die nuwe verhouding poog die mede-afhanklike om die probleem van die gesin van oorsprong op te los. Indien dit nie slaag nie, glo hulle dat hulle verantwoordelik was vir dit wat verkeerd was in die gesin van oorsprong en dat hulle nou daarvoor gestraf word. Hulle is soms verslaaf aan emosionele pyn en die herskep van pynvolle situasies gee aan hulle die gevoel van bekendheid wat gemaklik is en terselfdertyd 'n gevoel van veiligheid skep (Hemfelt *et al.*, 1998:63).

Mede-afhanklikheid word ook gevind in die help-professies in die kerk. Disfunksionele individue (mede-afhanklikes) kies soms beroepe waarin hulle hul afhanklikheid van mense kan uitleef (Brawand, 1991:120). Hulle het nodig om *nodig* te voel as gevolg van hul "verslawing" aan die mens-in-nood. Hulle disfunksies is identifiseerbaar deur hul oor-verantwoordelikheidsbesef teenoor diegene in nood, hulle is *people pleasers* en weier daarom geen versoek nie. Hulle wil graag as *redders* bekend staan en ontneem die slagoffer so die voorreg tot verantwoordelikheid deur alles vir hulle te doen. Hulle is gewoonlik perfeksioniste, vrees verwerping en is hipersensitief vir kritiek (Brawand, 1991:121; Hemfelt *et al.*, 1998:75). Die mede-afhanklike professionele persoon drink egter van 'n droë fontein wat nooit sy dors kan les nie en terselfdertyd versprei hy sodoende sy eie disfunksionaliteit (Brawand, 1991:121). Meier en Wise (2003:44) verwys na emosioneel verwonde gemeentelede wat as "gek-makers" bekend staan en as gevolg van onkunde deur die predikers chaos in die gemeente veroorsaak. Hulle word veral in finansiële posisies in kerke aangetref.

### 3.9.1 Mede-afhanklikheid as patroon

Daar is 'n teelaarde geskep wat die patroon van mede-afhanklikheid bevorder (Hemfelt *et al.*, 1998:72). Die oplossing lê in die identifisering van die oorspronklike sneller sodat die patroon verbreek word en heling kan plaasvind. Die ontwikkeling van mede-afhanklikheid as probleem presenteer as volg (Hemfelt *et al.*, 1998:14):

- Een of meer kompulsiewe handelinge identifiseer die probleem byvoorbeeld werkoholisme. Die antwoord op die vraag "Waarsonder sal jy nie kan oorleef nie?" openbaar waarskynlik jou kompulsiewe patroon.

- Die persoon is steeds ontsteld oor die huis waarin hy grootgeword het. Die spook van sy kinderjare en die van sy ouers en van hul ouers jaag die nageslag steeds. Hierdie spoke

of familiegeheime moet eers verjaag word alvorens enige heling kan geskied. Familiegeheime (Carder, 1991:19b) is nie noodwendig sensasioneel nie, maar hulle verkry hul mag deur die feit dat "iets" geheim gehou moet word. Die geheime kan eenvoudige inligting bevat maar is altyd belangrik in die oplossing van disfunksies (Carder, 1991:19b). Geheime vorm gedragspatrone terwyl vryheid opgesluit lê in die waarheid. Die patroon rondom geheime is reeds eeue oud – koning Dawid het vir ongeveer 'n jaar lank die Batseba geheim bewaar (MacDonald, 1989:91). Geheime veroorsaak misleiding wat net deur die openbaarmaking daarvan genees kan word (MacDonald, 1989:91). Hoe meer 'n individu sy verlede begryp, hoe groter is die moontlikheid om dit wat na die volgende geslag oorgedra word, te *beheer* (Carder, 1991:68a).

- Die selfwaarde en emosionele intelligensie is baie laag. Antwoorde op die volgende vrae impliseer die waarde van jou selfbeeld. Hoe tevrede is jy met jouself? Het jy vriende? Is jy heeltyd op die verdediging?

- Hang jou geluk af van iemand anders se keuses en voel jy permanent verantwoordelik vir andere se keuses en geluk? Die mede-afhanklike se belangrike verhoudings word vertroebel deur 'n onvermoë om 'n balans tussen afhanklikheid en onafhanklikheid te bereik.

- Hierdie persoon is 'n meester op die gebied van ontkenning en onderdrukking van emosies. Mede-afhanklikheid ontstaan uit 'n disfunksionele gesin van oorsprong. Hulle interpretasie van gebeure is foutief en hulle het 'n onvermoë om objektief of realisties na probleme te kyk. Hulle is gedurig bekommerd oor onbenullighede en dinge wat buite hul beheer is en dit lei tot voortdurende frustrasie. Hul angsvlakke is hoog en hulle beleef voortdurend 'n gevoel van hooploosheid.

- Hulle lewe wissel van een ongesonde ekstreem na 'n volgende. Hulle is permanent buite beheer of in 'n wanbalans. Daar is weinig vrede of balans in hul lewe aanwesig. Hulle is permanent op soek na die geluksgodin en mis dit altyd. Hulle is rustelose, ontevrede mense.

Hierdie genoemde eienskappe van mede-afhanklikes veroorsaak drie identifiseerbare gedragspatrone in hul lewe (Hemfelt *et al.*, 1998:14) naamlik:

- Die konsep van 'n gesin word in die kinderjare gevorm en dit is hoe hulle gesin gaan lyk. Alle mense herhaal die patroon waarmee hulle opgevoed is.
- Ondervinding in die gesin van oorsprong beïnvloed hul denkpatroon en keuses as volwassenes.
- Logiese en rasionele denke kan bogenoemde nie verander nie. Tyd heel ook nie hierdie wonde nie - inteendeel dit word erger met tyd.

### 3.9.2 Ontkenning van die patroon

Dit is belangrik om te verstaan dat mede-afhanklikheid chronies en progressief is. Indien dit byvoorbeeld manifesteer as eetversteurings of mishandeling, kan dit tot die dood lei (Hemfelt *et al.*, 1998:174). Ontkenning en 'n swak selfbeeld is uitstaande kenmerke hiervan.

- **Ontkenning:** Hierdeur is dit vir die mede-afhanklike moontlik om verslaaf te bly aan die toestand van hulpeloosheid. Hulle benodig genesing op twee gebiede naamlik die verslawing aan die huweliksmaat se afhanklikheid asook sy eie afhanklikheid. Ontkenning veroorsaak dat die mede-afhanklike deur 'n donker bril na die omstandighede kyk en sodoende die detail mis en die leuen vir die waarheid glo (Hemfelt *et al.*, 1998:89).
- **Swak selfbeeld:** Mede-afhanklikes het 'n swak selfbeeld. Hulle is onseker oor wie hulle is en daarom is hul persoonlike grense vaag en vermeng hul identiteite met diegene vir wie hulle lief is (Hemfelt *et al.*, 1998:114). Hulle het so 'n behoefte aan aanvaarding dat hulle fisiese aangetrokkenheid of verliefdheid verwar met liefde en hulle hanteer gevolglik verhoudings soos wat hulle enige ander verslawing sou hanteer. Hierdie swak selfbeeld beïnvloed gevolglik ook die persoon se verhouding met God negatief (Townsend, 1991:158a).

### 3.9.3 Stappe in die verbreking van mede-afhanklikheid as patroon

Om die patroon te verbreek benodig ingrepe op soveel moontlik gebiede tegelykertyd (Hemfelt *et al.*, 1998:82). Die volgende stappe word deur Hemfelt *et al.* (1989:176) beskryf in die verbreking van mede-afhanklikheid as patroon:

- Identifiseer jou eie posisie met betrekking tot verslawende gewoontes en gedragspatrone deur die dinge te identifiseer wat onnodige tyd in beslag neem, byvoorbeeld jou werk.

Identifiseer die dinge wat jy probeer wegsteek van ander soos byvoorbeeld 'n verlore kinderlewe en gee erkenning daaraan.

- Beantwoord vrae soos: Was daar emosionele binding in jou verhouding met jou vriende, gesinslede en troeteldiere? Noem jou grootste vrese, jou vooruitsigte en jou gelukkigste oomblikke. Vertel jou storie – verkieslik ook aan God. Diegene wat Hom "vasgryp" en mee neem op hierdie reis herstel vinniger (Hemfelt *et al.*, 1998:179).
- Identifiseer alle verhoudings in jou lewe wat jy as van toepassing op "familie" sou interpreteer. "Familie" bestaan eerstens uit die gesin van oorsprong – vriende kan egter ook in 'n sin 'n kring van "familie" vorm. Die persone in 'n werksopset vorm 'n verdere familiekring, ensovoorts. Mede-afhanklikheid suurdeeg deur na alle verhoudings en elke aspek van die persoon se lewe, en daarom is elke persoon wat 'n belangrike impak in jou lewe gehad het hier van belang (Hemfelt *et al.*, 1998:181).

### 3.9.4 Die omvang van mede-afhanklikheid

Die probleem strek verder as net die persone wat vir hulp kom aanklop. Hierdie probleem het sy greep stewig in alle professies wat mens-gerig is, dus ook Christen-professies (Brawand, 1991:115). Statistiek van 1991 toon dat drie-en-twintig persent (23%) predikers seksueel onaanvaarbare gedrag tydens hul diensjare getoon het en dat slegs vier persent (4%) uitgevang is (Brawand, 1991:116). Syfers soos hierdie beklemtoon maar net hoe verwond die mens oor die algemeen is en hoe groot sy nood is – ook onder gelowiges. God het die mens geskape met 'n behoefte aan intimiteit wat eerstens verkry word uit die mens se verhouding met God en tweedens die gesin. Navorsing toon dat manlike Christenleiers wat presenteer met disfunksies veral worstel met emosionele probleme en 'n lae selfwaarde wat voortspruit uit 'n disfunksionele verhouding met hul aardse vader. Die emosioneel afwesige vader wat nooit erkenning aan sy seun gee nie dra by tot die seun se worsteling rondom selfbeeld asook sy manlikheid (Brawand, 1991:119).

## 3.10 HANTERINGSMEGANISMES VAN DIE SEKONDÊR GETRAUMATISEERDE

Disfunksionaliteit presenteer met graadverskille waar die ekstreme op uiters gekompliseerde probleme dui. Indien sulke probleme al meer 'n daaglikse patroon begin aanneem, dan is dit volgens Carder (1991:76a) en MacDonald (1995:53) nodig om te begin let op die tipiese hanteringsmeganismes wat die volgende insluit:

- **Reaksieformasie:** Hierdie term verwys na die handeling wat lynreg teenoorgesteld is van dit wat verwag word en waar gedrag met die ekstreme presenteer, byvoorbeeld in gevalle waar die kind nie gestraf word vir verkeerde gedrag nie omdat die ouer te veel gestraf is as kind –

uiteindelik word die kind glad nie gedissiplineer nie. Reaksieformasie word dikwels gebruik om emosionele pyn mee te verberg.

- **Verplasing en ontlading:** Hier verplaas die persoon sy pyn en woede na 'n ander. Ander vorms van ontlading kan presenteer in afknouery en gevegte. Soos wat 'n kind ouer word, sal hierdie negatiewe vorme van ontlading en verplasing meer destruktief word - vandaar byvoorbeeld die bende-kultuur. Tipiese voorbeelde van verplasing is die gesin wat om hulp kom aanklop betreffende die swartskaap of geïdentifiseerde pasiënt. Hierdie sondebok verteenwoordig die gesin in krisis waar almal terapie benodig (Carder, 1991:78a).
- **Projeksie:** Projeksie geskied gewoonlik waar verskillende persone met soortgelyke kompulsies presenteer maar op die oog af lyk dit verskillend. So kan 'n ouer wat 'n alkoholis is en 'n kind dieselfde persoonlikheidstrekke besit maar omdat die kind 'n geheelonthouer is dink die kind dat hulle verskil.
- **Introjeksie:** Die persoon is identiteitloos en integreer ander se identiteit asof dit hul eie is. So raak die persoon se identiteit ineengestrengel in 'n ander s'n. Hulle versorg ander maar verwaarloos hulself en kan in 'n *controller* ontaard wat die gesin versmoor.
- **Onderdrukking:** Twee vorme van onderdrukking word hier onderskei. In die een vorm kan die volwassene die insident onthou, maar alle emosies daaromtrent is vergete en het volgens hulle geen negatiewe effek op hul lewe nie. In die ander vorm onthou die volwassene niks van die insident nie. Die eerste onderdruk die pyn en die tweede onderdruk die totale gebeure.
- **Rasionalisering:** Die persoon regverdig sy gedrag deur ontkenning. Soms is persone onbewus daarvan dat hulle dit doen.
- **Splitsing:** Slegs die positiewe word onthou.
- **Dissosiasie:** Hier gaan dit oor die proses waartydens die bewuste doelbewus afsny van dit wat met die liggaam gebeur soos byvoorbeeld tydens 'n verkragting. Dit word uiteindelik 'n hanteringsmeganisme wat daagliks gebruik word om negatiewe belewenisse mee te hanteer.

## 3.11 DIE TIPIESE GEDRAG VAN DISFUNKSIONELE GESINNE MET 'N PRIMÊR GETRAUMATISEERDE

### 3.11.1 Drie reëls van gesinne met 'n primêr getraumatiseerde

Claudia Black (1982:31-49) identifiseer drie universele reëls van die disfunksionele gesin. Alle gesinne gebruik soms hierdie reëls. Sommige gesinne gebruik sommige van hierdie reëls permanent. Sommige gesinne gebruik al hierdie reëls somtyds en sommige gesinne gebruik al die

reëls permanent, wat veroorsaak dat die getraumatiseerde kind binne so 'n disfunksionele gesin bloot oorleef en nooit sy Godgegewe identiteit ontdek nie (Carder, 1991:71a).

#### 3.11.1.1 Niemand praat daaroor nie

Disfunksionele ouers normaliseer die ongewone deur voor te gee dat dit die wyse is waarop 'n normale gesin funksioneer en dat indien die ongemak lank genoeg ignoreer word, dit miskien vanself sal weggaan. Die gesin bespreek later niks met mekaar nie en volgens Arterburn (2005:60) lei hierdie geheimhouding tot 'n misvormde emosionele binding tussen gesinslede.

#### 3.11.1.2 Niemand word vertrou nie

Die kinders word geleer dat buitestaanders skinder en dat almal foute maak. Vertroue in die gesin word geskaad wanneer beloftes en afsprake deur die ouers verbreek word. So ontwikkel emosies van vernedering, minderwaardigheid en woede in die kind (Carder, 1991:72a). Die groot verwonding is die besef dat as die ouers my nie wil versorg nie, wie sal? Ter wille van oorlewing moet die kind emosioneel afsny – van homself, sy gesin, sy vriende, die kerk en van God en raak somtyds prestasiegedrewe in 'n poging om onafhanklik van ander te funksioneer (Townsend, 1991:161-162a). Om op 'n later stadium die emosioneel afgestomptheid telkens aan God te bely, kan uiteindelik 'n belangrike stap in die genesingsproses wees.

#### 3.11.1.3 Niemand mag beleef nie

Hierdie persone dink dat die enigste manier om die seer te verhoed is, deur dit te ontken. Ontkenning verander persepsies met betrekking tot die lewens- en wêreldbeskouing wat die volgende geslag negatief beïnvloed deurdat alle emosies onderdruk word - die negatiewe asook die positiewe (Carder, 1991:73a). Die verwonde kind besluit dat hy nooit sal hê wat hy wil hê nie en besluit dan dat hy dit in elk geval nie wil hê nie. Sodoende onttrek hy emosioneel. Indien die kind innerlik afstomp, wend hulle hul na buite vir rigtinggewers. So wend die emosioneel afgestompte seun hom na die kultuur van sy dag om aan hom 'n gepaste gedragspatroon voor te skryf, byvoorbeeld: pornografie, verslawing, aggressie, werkoholisme. Hierdie seun ontwikkel later in die emosioneel afgestompte vader wat nie besef dat sy eie kind emosionele behoeftes het nie. Indien hierdie patroon nie verander word nie, kan hierdie kind dieselfde pad as sy vader loop en kan die patroon oorgedra word aan elke daarop volgende generasie (Carder, 1991:73a).

## 3.12 OORGEËRFDE GESINSTRUKTURE EN -STYLE

Meier en Wise (2003:110) stel dit treffend: "Your relationships at home will affect every other relationship in your life!" Hanteringstyle, familiegeheime en minderwaardigheid is die voertuie wat sekondêre verwonding van geslag na geslag oordra. Gesinstruktuur vorm die basis van die oordrag terwyl styl die front is wat voorgehou word. Hoe meer die styl en die struktuur verskil hoe groter die sekondêre traumatisering en hoe meer familiegeheime is daar (Carder, 1991:84a).

Disfunksies word volgens Carder (1991:75a) soos volg van geslag na geslag oorgedra:

- Die gesin implementeer 'n struktuur wat vereis dat alle emosies geïgnoreer word, dat niemand oor enigiets praat nie en dat niemand vertrou word nie. Die behoefte aan liefde is Godgegewe en die gebrek, weerhouding of tekort hieraan, veroorsaak emosionele wonde wat permanente letsels laat. Hierdie struktuur word vervolgens die hanteringsmeganisme wat in enige verhouding destruktief is. In die disfunksionele gesin van oorsprong verleen hierdie struktuur egter 'n gevoel van veiligheid asook beheer en terselfdertyd word geen pyn ervaar nie.
- Soos wat die kind se hanteringsmeganismes ontwikkel, verkry hy 'n spesifieke rol in die gesin. Die emotiewe word onderdruk en hy begin outomaties optree. Die rol is ingeoefen en kondisionering versterk die patroon. Die rol het 'n spesifieke funksie en tesame met die gekondisioneerde gedragspatroon gee dit aan die kind die gevoel van *behoort* in die gesin – ongeag die disfunksionaliteit daarvan.
- As volwassene benodig die kind verhoudings waarin hy dieselfde rol en funksie kan vervul as in die gesin van oorsprong want dit is wat hy geleer het en dit is al wat hy ken. Indien hulle nie daarin kan slaag om so 'n perfekte pasmaat te kry nie eindig hul verhoudings in chaos. Verhoudings sluit in werksverhoudings, vriendskappe, verhoudings in die kerk of gemeenskap, die verhouding met die owerheid, met gesagsfigure en met geliefdes. Hierdie mense se lewens verval uiteindelik in chaos (disfunksies) omdat hulle die patroon vertrou wat veroorsaak het dat hulle hulself wantrou.

## 3.13 TERAPIE

### 3.13.1 Trauma is uniek

Daar is geen kits- of wonderoplossing as dit kom by trauma en traumaverwante probleme nie. Elke slagoffer asook sy traumasituasie is uniek en die terapie moet by die individu en sy nood aanpas (Remer & Ferguson, 1998:144; Kudler, 2000:9). Trauma-slagoffers ontwikkel 'n biologiese oorsensitiwiteit vir enige negatiewe stimulus. Hierdie slagoffers toon dan die neiging tot 'n

permanente oorreaksie rondom enige negatiewe impuls, tot so 'n mate dat hulle bykans op 'n permanente basis stimuli van gevaar beleef. Psigologiese en mediese behandeling mag dalk nie genoegsaam wees vir genesing nie (Anon, 2000:439-440b). Die getal kinders wat aan trauma blootgestel word, is ontstellend hoog. Seksuele misdrywe is die meeste nagevors en statistiek toon dat ongeveer 20% meisies en 5-10% seuns hieraan blootgestel word (Anon, 2004:446a). Die mees konstante bevinding rondom traumanavorsing toon dat getraumatiseerde kinders letsels oorhou wat 'n effek het op elke aspek van hul latere lewe as volwassenes en dat hierdie kinders se moontlikheid om as psigoties gediagnoseer te word, twee tot vyf keer groter is as die kinders wat nie getraumatiseer is nie (Anon, 2004:446a). Slagoffers ly aan 'n swak selfbeeld, sukkel met sosialisering en hul akademiese, asook beroepslewe, en is dikwels onsuksesvol. Hulle word makliker vasgevang in patrone van kriminaliteit, geweld, alkohol, en dwelmmisbruik en daarom benodig die primêr asook sekondêr getraumatiseerde kind stabiliteit wat ook by ander soos mentors en onderwysers verkry kan word (Carder, 1991:89a; Groves 2002:57). Pastorale Beraders kan hier 'n groot rol speel. Die doel van pastorale berading is om 'n Skriftuurlike lewens- en wêreldbeskouing by die kind te help skep en om die getraumatiseerde te begelei tot emosionele heling. Enige destruktiewe gebeurtenis, soos trauma tesame met ongehoorsaamheid aan God se voorskrifte, verseker dat die "sondes van die vaders" in 'n sekere sin na die volgende geslag oorgedra word. Peck (1978:31) vind dat hoe langer 'n kind se probleme geïgnoreer word, hoe ingewikkelder en moeiliker word dit om die probleme op te los, terwyl Seamands (2002:62-63) vind dat sommige gedragspatrone en hanteringstyle eers verander as die emosionele pyn hanteer en genees is. Sommige probleme soos kompulsiwiteit benodig herprogrammering en indien onbehandeld word dit na die volgende geslag oorgedra (Henslin, 1991:107b). Waar daar nie behandeling of hulp beskikbaar is nie, raak persone maklik verslaaf aan 'n dwelm van hul keuse. Hierdie dwelm kan 'n middel wees soos pille, of dit kan 'n gewoonte wees soos werkoholisme, of waarna die persoon ook al gryp indien die lewe as oorweldigend beleef word. Arterburn (2005:vii) wys daarop dat genesing 'n keuse is waarin God en mens tegelykertyd betrokke moet raak. God bepaal wie jou gaan help, die hoe en die wanneer. Jy moet egter die keuse maak of jy genesing wil hê (Arterburn, 2005:17).

### 3.13.2 Die geïdentifiseerde pasiënt

Disfunksionele gesinne presenteer altyd met 'n geïdentifiseerde pasiënt. Hierdie persoon is die een in die gesin wat die pyn van die familie se onverwerkte emosies sowel as die familie se geheime dra (Carder, 1991:17b). Die pad na herstel begin by die kruis maar eindig nie daar nie en alhoewel God genesing in 'n oomblik kan bewerk, hoef Hy nie. Meer dikwels vra God dat die

mens sy disfunksionele gedrag in die oë moet kyk en dit verander (Carder, 1991:17b). Hier is die ondersteuning van Pastorale Beraders van groot waarde (Carder, 1991:27b). In die behandeling van byvoorbeeld alkoholisme is gevind dat die gesin steeds uitmekaar val na die heling van die alkoholis en dat die gesin as sisteem berading benodig (Carder, 1991:27b). Berading aan die gesin as sisteem het 'n positiewe verskil in hierdie gesinne gemaak asook aan ander gesinne in pyn (Carder, 1991:28b).

#### 3.13.2.1 Aspekte om in ag te neem tydens terapie

- **Ouers doen die beste wat hulle kan met hul bestaande kennis:** Ouers tree onbewustelik teenoor gesinslede op soos wat teenoor hulle as kinders in hul gesin van oorsprong opgetree is. Om dit te verander moet 'n ouer sy ouers se motief bevraagteken en dan aanpas sodat daar 'n nuwe manier van ouerskapstyl kan ontwikkel (Carder, 1991:30b).

- **Tyd heel nie alle wonde nie:** Dit is veral waar binne die gesinsisteem waar trauma soos verkragting, bloedskande en ander soortgelyke gebeure aan die orde was. Indien geen stappe geneem word om te heel nie, sal die verwonding voortgaan en kan dit selfs vererger (Carder, 1991:33). Deel van heling is om te rou oor verliese - hierdeur word die toekoms geheel (Arterburn, 2005:73).

- **Kommunikeer verandering:** Verandering wat by die ouers plaasvind, moet aan die kinders verbaal of nie-verbaal gekommunikeer word sodat nuwe gedragspatrone aangeleer kan word.

- **Geloof:** 'n Verhouding met God wat Skrifgebaseerd is vorm die basis vir genesing (Carder, 1991:43). Yancey (1990:213) haal Bettelheim, 'n *Holocaust* oorlewende, aan wat sê: "It is a well-known fact of the concentration camps that those who had strong religious and moral convictions managed life there much better than the rest. Their beliefs, including belief in an afterlife, gave them a strength which was far above that of most others". Woede teenoor God verwys dikwels na onopgeloste probleme in die gesin van oorsprong (Carder, 1991:44). Elke persoon besit 'n denkbeeldige voorstelling van God wat gevorm is deur emosionele gebeure, met ander woorde, 'n gevoel (Seamands, 2002:93). Dit wat die gemiddelde persoon van God dink teenoor dit wat dieselfde persoon oor God voel, verskil gewoonlik baie en die graad van verskil impliseer gewoonlik dat daar verborge pyn teenwoordig is wat geheel moet word. Die berader moet onthou dat trauma 'n persoon fisies, psigies en geestelik affekteer en

dat Skrifgebaseerde waarhede deur hierdie *trauma filters* van die beradene geïnterpreteer word – wat meebring dat Bybelse waarheid verdraaid gedekodeer word deur die beradene. Byvoorbeeld: waar 'n beradene probleme het met sy aardse vaderfiguur, sal daar probleme ondervind word met die aanspreek van God as Vader omdat die beradene daardeur aan sy aardse vader herinner sal word en God so sal sien (Seamands, 2002:95).

❖ **Die ondersteuningsnetwerk:** Die kerk van God moet in beweging kom en beradenes in liefde ondersteun. Die kerk moet Christus demonstreer aan die gebrokenes deur te luister, te ondersteun en deur gebed (Seamands, 2002:55; Meier & Wise, 2003:206). Adolessente moet geleer word om moeilike situasies en emosies te hanteer asook die geleentheid gebied word om 'n positiewe belewenis van die self te ontwikkel. Hiervoor benodig hulle die aanleer van hanteringsmeganismes en geborgenheid. 'n Ondersteuningsnetwerk kan bydra tot die vervulling van hierdie behoeftes (Allender, 1995:164). Arterburn (2005:12) verwys hierna as die vermoë en geleentheid om met ander op 'n emosionele vlak te *bind*.

❖ **Verkry sin uit die gebeure:** Op 'n stadium soek die adolessent na sin in die trauma. Hulle onttrek van die insident en probeer dit ontleed. Blaam word nou verskuif na ander soos byvoorbeeld die gesin, vriende en God. In die herorganiseringsfase poog die slagoffer om sy psigologiese balans te herstel. Die slagoffer is nou gereed vir professionele ingrepe om sin aan die trauma te gee (Allender, 1995:164). Navorsing rondom *Holocaust* oorlewendes toon dat die vernaamste rede hoekom hulle kon triomfeer, was as gevolg van hul behoefte om sin en betekenis uit hulle ervarings te verkry (Tauke, 2004:52). Volgens Yancey (1990:199) is dit die uitdaging wat aan beraders gestel word om aan die getraumatiseerde aanvaarding van hul pyn te gee en hul sodoende te help om sin daaruit te verkry.

*Holocaust* oorlewendes het volgens Tauke (2004:51-52) die volgende oorlewingstegnieke aangegryp:

- Tydens gevangenisskap was hulle geanker in hul geloof.
- Hulle het met geestelike waardes in plaas van die omstandighede geïdentifiseer.
- Hulle het vriende gemaak met medegevangenes wat dieselfde lewens- en wêreldbeskouing gehuldig het.
- Hulle was vervul met dankbaarheid teenoor dit wat hulle nog het en die mooi wat nog oor was – al was dit soms net in herinneringe.
- Hulle fokus was op hoop en nie op hul omstandighede nie.

- Hulle het hul sin vir humor behou ten spyte van die omstandighede.
- Hulle het probeer om sin uit hul ellende te verkry en het gepoog om as mens daardeur te groei.
- Die Nazi's kon nie hul liefde vir hul gesin en familie vernietig nie.

### 3.13.3 Die waarde van gesinsterapie

Deur die gesin te beraad, kan intergeneratiewe trauma genees word (Williams, 1998:130). Hierdie ingrepe verseker die kind dat nie hy of sy gesin waansinnig is nie, maar normaal onder die omstandigheid en dat dit goed is om hulp van buite te verkry indien nodig (Williams, 1998:130). Dit bring die *hoop* terug in hul lewe en verskuif ook die probleem, asook die fokus, vanaf die slagoffer na die trauma. Indien die getraumatiseerde ouer of 'n gesinslid terapie kry, moet die hele gesin verkieslik deel van die proses wees (Williams, 1998:127; Carder, 1991:35). Deel van die heling is om sin te kry uit die trauma, wat waarde toevoeg tot elke gesinslid. Indien die gesin as 'n eenheid kan funksioneer wat mekaar waardeer, ondersteun en respekteer, het heling gebeur (Williams, 1998:128). Sodra die kinders uitgesluit word van die terapeutiese proses en die trauma in geheimhouding gehul word, kan die gesin nie heel nie. Waar elkeen in die gesin betrek word, kan 'n nuwe sisteem gebou word en 'n sterker, meer buigsame gesinstruktuur ontwikkel (Williams, 1998:128-129; Carder, 1991:35). Kinders leer in hierdie proses om te gee en te neem. Hulle word bemagtig om verantwoordelikheid vir die self te neem en word emosioneel volwasse (Carder, 1991:37). Elkeen in die disfunksionele gesin moet doen wat nodig is om te heel en as dit individuele terapie impliseer, dan is dit wat moet gebeur (Carder, 1991:40). Kinders wat aan gesinsterapie blootgestel was, kommunikeer beter, het meer insig in probleme, asook die kreatiewe hantering daarvan.

- **Geestelike insette**

In navorsing gedoen deur Barrett (1999:193) oor 'n tydperk van 15 jaar is aan getraumatiseerdes gevra wat hulle gehelp het om te genees. Antwoorde hierop het gewentel om *liefde* asook *selfkennis*. Eerstens het persone geglo dat daar 'n begeerte binne in hulle was wat hulle gemotiveer het om die pad van heling te stap. Tweedens het hulle geleer om hulself te verstaan deur hulself te leer ken. Hulle het geleer om gedragspatrone te herken sodat hulle kon verander as hulle wou. Verhoudings met hulself, familie en vriende is sodoende herstel. Soos wat hul gedrag verander het, het hul ervaring van die geestelike dimensie ook verander en het hul behoefte aan waarde en betekenisvolheid toegeneem (Barrett, 1999:195). Geestelike insette het aan getraumatiseerdes die geleentheid gebied om vinniger te herstel – dit hoef nie psigologiese ingrepe te vervang nie maar moet dit eerder begrond. Volgens Barrett (1999:196) behoort die geestelike

dimensie 'n plek te kry in die totale terapeutiese proses aangesien trauma eerstens die geestelike vlak beïnvloed. Die slagoffer se onskuldigheid, vertroue en vrede in die mensdom is vir altyd verander. Hulle beleef hulself as weerloos, hulpeloos en ontoereikend en die lewe is skielik betekenisloos en daar moet 'n geleentheid vir verandering geskep word waartydens die beradene die volgende vraag moet beantwoord: wat weerhou jou daarvan om jouself en die lewe te beleef? Gedragspatrone en norme wat jou indwing in situasies waar jy nie wil wees nie, moet ook bevraagteken word. Wat is die patroon wat die persoon in 'n verhouding hou wat besig is om hom te vernietig? Wat is die patroon wat verhoed dat dit verander? (Barrett, 1999:196). 'n Gesinsberader is verhoudingsgeoriënteerd, soek sterk punte (positiewe), is oplossing gefokus, strategies, gedissiplineerd – alles aspekte wat ook kardinaal is ten opsigte van geestelike groei (Barrett, 1999:203). In hierdie verband haal Barrett (1999:203) vir Albert Schweitzer aan: "Patients carry their own doctor inside. They come to us not knowing that truth. We are at our best when we give the physician who resides within each patient a chance to go to work". Hiermee stem Arterburn (2005:ix) asook Schwartz (1999:227) saam.

### 3.13.4 Vergifnis

Vergifnis speel 'n uiters belangrike rol in die verbreking van die patroon van intergeneratiewe traumaoordrag, herstel in die verhouding met God en die bring van heling vir die mens (Stoop & Masteller, 1996:159,163; Anderson, 1996:201). Vergifnis is nodig waar 'n daad wat so sleg en korrup van aard gepleeg is dat ander vir jou sê dat dit onvergeefbaar is (Arterburn, 2005:121). Vergifnis is daarom 'n wilsbesluit en uiteindelik 'n keuse en van daardie oomblik af begin die proses van emosionele losmaking (Stoop & Masteller, 1996:167). Die pyn en herinneringe moet steeds deurgewerk word, maar die eerste belangrike stap na genesing is dan geneem. Vergifnis is 'n keuse wat deur middel van 'n proses bewerk word (Stoop & Masteller, 1996:211).

#### 3.13.4.1 Die waarde van onthou

Vergifnis beteken nie om te vergeet nie. Inteendeel slegs deur te onthou, kan die pyn verwerk word. "Onthou" is gesetel in die brein en behels emosies, gedragspatrone, houdings, prentjies van gebeure en ingesteldhede (Seamands, 2002:13). Die mens het nodig om te onthou sodat stappe geneem kan word om die herhaling van pynlike gebeure te keer en sodoende die oordrag na volgende generasies te verhoed. Pyn is 'n Goddelike gawe sodat die mens kan registreer dat iets verkeerd is en aandag nodig het (Arterburn, 2005:28). God vergewe en vergeet (Jer. 31:34). Die mens het die vermoë om te vergewe maar net indien hy kan onthou (Stoop & Masteller, 1996:185; Anderson, 1996:202). Indien herinneringe onderdruk word in 'n poging om daarvan te vergeet, leef

die persoon in ontkenning en lei dit tot disfunksionaliteit (Stoop & Masteller, 1996:190). Kinders uit disfunksionele ouerhuise sien alles as swart of wit. Hulle ken net die ekstreme en daarom is hul ouers óf goed óf sleg en nie menslik met goeie en slegte kwaliteite nie. Die krag van vergifnis lê gevolglik in die vermoë om te vergewe terwyl jy onthou (Stoop & Masteller, 1996:203; Meier & Wise, 2003:224). Om te vergewe neem tyd en stel 'n nuwe selfwaarde en potensiaal in die persoon vry sodra negatiewe energie van die verlede laat gaan word (Meier & Wise, 2003:223). Volgens Meier en Wise (2003:231) besit vergifnis die potensiaal om 'n persoon se menswaardigheid aan hom terug te gee.

#### 3.13.4.2 Stappe na vergifnis

- **Erken die verwonding:** Die doel is nie om te verwyt nie; dit is om die impak te verstaan sodat vergifnis sinvol gedoen kan word (Stoop & Masteller, 1996:171; Anderson, 1996:203; Meier & Wise, 2003:227; Arterburn, 2005:33). Dit is nodig om die volgende vrae aan jouself te beantwoord:
  - **Wat het gebeur?** Moenie in ontkenning of as slagoffer bly leef nie. Net waarheid bring vryheid. Ontgif (*detox*) jou emosies en verkry sin in lyding.
  - **Wie het dit gedoen?** Moenie verantwoordelikheid aanvaar vir 'n daad wat deur 'n ander persoon gepleeg is nie. Plaas die verantwoordelikheid van 'n gebeurtenis waar dit hoort.
  - **Wat se effek het dit gehad?** Erken jou verwonding sodat jy kan vergewe en die mens kan word wat God bedoel het jy moet wees.

- **Neem verantwoordelikheid:** Die beradene moet verantwoordelikheid neem vir sy aandeel in die gebeure en 'n keuse maak om te vergewe aangesien dit 'n wilsbesluit is om die oortreder vry te laat (Seamands, 2002:155; Anderson, 1996:204).

- **Spesifiseer emosies:** Emosies moet in detail gespesifiseer word ten einde God toe te laat om spesifiek te werk en te heel (Seamands, 2002:70; Anderson, 1996:204). Om trauma kognitief te verstaan, beteken nie dit is vergewe nie. Die volgende emosies is meestal teenwoordig: vrees, woede en minderwaardigheid (Stoop & Masteller, 1996:171).
  - **Vrees:** Trauma gebeur meestal tydens die kinderjare waar die oortreder 'n volwassene is wat deur die kind gerespekteer word. As volwassene word hierdie vrees dan jare later oorgedra op alle verhoudings.

- **Woede:** Woede as emosie kan omskryf word as die aandring op verandering (Meier *et al.,* 2001:158). Iets het gebeur waarop die mens reageer met woede, wat beteken, "staak dit – ek hou nie daarvan nie". Woede kan die mens inspireer om grense in verhoudings ter wille van veiligheid te skep (Stoop & Masteller, 1996:225; Peck, 1978:66). Woede as emosie word dikwels as sonde getipeer maar ware vergifnis benodig die erkenning van woede voordat dit verwerk kan word. Sonde lê nie in die belewing van woede as emosie nie maar wel in die hanteringswyse daarvan (Stoop & Masteller, 1996:224). Dit is belangrik om daarop te let dat die daad met die minste negatiewe effek gebruik moet word om uiting aan woede te gee (Stoop & Masteller, 1996:171). Onderdrukte woede beroof die mens van die emosie van geluk wat lei tot depressie, verbittering, haat en onvergewensgesindheid wat siektes kan veroorsaak (Meier *et al.,* 2001:157 en 1996:169; Stoop & Masteller, 1996:228). Verlore kinderjare en 'n verlore identiteit lei dikwels tot frustrasies wat uiting vind in woedeuitbarstings. Elke mede-afhanklike dra woede wat meestal deur ontkenning versteek word (Hemfelt *et al.,* 1998:103). In Efe 4:25-32 gee God voorskrifte om woede mee te hanteer. Hieruit is dit duidelik dat waarheid en eerlikheid nodig is (v.25). Selfbeheersing moet aan die dag gelê word en kritiek moet positief wees (v.26-28). Argumente moet taktvol benader word (v.29-30). Hierdie sake moet vertroulik behandel word (v.31) en moet uiteindelik op vergifnis uitloop (v.31).
- **Skaamte en minderwaardigheid (*shame*):** Dit verwys na die waarde waarmee 'n persoon homself bejeën en dui dikwels op die houding van, *ek is nie goed genoeg nie.* Minderwaardigheid word soms vanaf ouers na kinders oorgedra (Carder, 1991:43c). By *skuldgevoelens* beleef die persoon sy dade as nie goed nie, terwyl by *minderwaardigheid* die persoon hom beleef as nie goed genoeg nie (Stoop & Masteller, 1996:171; Whitfield, 1987:44). Gesinne met hierdie gedragspatroon word as disfunksionele of chaotiese gesinne tipeer veral aangesien die geheime hier ter sprake kommunikasie tussen gesinslede ontmoedig of vernietig (Whitfield, 1987:39, 48+49). In so 'n disfunksionele gesin word van die gesinslede verwag om te doen soos aan hulle voorgesê word en nie soos die ouerlike voorbeeld toon nie. Persone wat gebuk gaan onder gevoelens van minderwaardigheid is dikwels ongelukkig en gespanne. Deur kompulsiewe handelinge soos alkohol- of dwelmmisbruik, kortstondige intense vriendskappe en manipulasie probeer hulle soms die ongelukkigheid mee hanteer (Whitfield, 1987:50-51).

- **Eienskappe van geestelike minderwaardigheid:** Minderwaardigheid is 'n ernstige probleem vir disfunksionele persone om te oorkom veral as die gesin van oorsprong godsdienstig was. Die gemiddelde persoon se teologie impliseer dat God lewens beoordeel en dat die mens se eindbestemming óf die hemel óf die hel is afhangende van hoeveel sonde elkeen het. Daar is 'n verskil tussen skuldgevoelens waar bevryding verkry word sodra sonde bely is en minderwaardigheid wat aan geestelikheid gekoppel is (Henslin, 1991:97b). Eksterne minderwaardigheid impliseer 'n geestelikheid soos deur die mens geïnterpreteer en toegepas - byvoorbeeld ouers wat hul kinders dissiplineer deur die kind te dreig met die onttrekking van God se liefde indien die kind nie doen soos die ouer wil hê nie (Henslin, 1991:98b). Eksterne geestelike minderwaardigheid moedig gevolglik geheimhouding aan deur vooropgestelde idees oor wat reg en verkeerd is (Henslin, 1991:100b). Interne geestelike minderwaardigheid verwys na die wete dat jy sleg en onaanvaarbaar is as gevolg van al jou oortredinge. Lyers aan geestelike minderwaardigheid het oor die algemeen probleme rondom die hantering van emosies, kompulsiwiteit en probleme. Hierdie persone beleef alles as 'n teken van sonde.

#### 3.13.4.3 Verlieshantering

"It has been said that he who controls your past controls your future" (Tauke, 2004:41). Enige persepsie, ongeag of dit waarheid is of nie, beïnvloed 'n individu se lewens- en wêreldbeskouing, sy verhoudings, sy gedrag en daarom sy toekoms (Tauke, 2004:41). Slagoffers beleef op 'n stadium smart rondom die negatiewe effek wat trauma op hul verhoudings het, asook die tyd wat dit 'n persoon neem om van die trauma te herstel. Sodra hierdie fase voorkom, het die volle implikasie van die trauma hul getref en kan die integreringsproses begin. Dit is belangrik om die verliese wat gely is as gevolg van trauma te identifiseer, te herleef en te rou oor die pyn daarvan (Whitfield, 1987:59; Arterburn, 2005:77). Indien dit nie gebeur nie, word die prys daarvoor betaal deur middel van disfunksies. Volgens Whitfield (1987:87) word ongeveer twaalf persent (12%) kennis en herinneringe in die bewuste geheue gestoor terwyl agt-en-tagtig persent (88%) in die onderbewussyn gestoor word. Verliese is altyd persoonlik en enigiets wat die selfbeeld skaad, impliseer 'n verlies (Whitfield, 1987:89). Dieselfde energie wat nodig is om rou te onderdruk, is nodig om dit te verwerk (Whitfield, 1987:93). Hemfelt *et al.* (1998:209-210) het Kubler-Ross se rou model aangepas en vind dat die mede-afhanklike êrens in 'n rou fase vasgehaak het en hulp benodig om dit te identifiseer:

- Skok en ontkenning wat emosionele afgestomptheid veroorsaak, is kenmerkend van disfunksionele ouerhuise (Hemfelt *et al.*, 1998:214-217).
- Woede is 'n emosie wat nodig is vir selfbeskerming en 'n Godgegewe emosie waarmee pyn en verlies hanteer word. Kinders uit disfunksionele ouerhuise onderdruk hierdie emosie en raak perfeksionistiese mensebehaers wat ander permanent probeer tevrede hou (Hemfelt *et al.*, 1998:219).
- Depressie is meestal onderdrukte woede. Woede word of hanteer deur uiting daaraan te gee, of deur daaroor te rou, of dit word begrawe in die onderbewussyn vanwaar dit as depressie presenteer (Meier *et al.*, 2001:128).
- Onderhandeling en wensdenkery is dikwels die manier waarop 'n persoon poog om kortpaaie deur die pyn te verkry. Hartseer is die regte emosie wanneer 'n seer ontbloot word. Trane het sy eie genesingskrag en word deur emosioneel gesonde mense aangewend (Meier *et al.*, 2001:134).
- Aanvaarding, voorneme en vergifnis is die finale proses op die pad na herstel. Nuwe voornemens moet geskep word waarvan vergifnis die belangrikste is. Die mens benodig vergifnis op die fisiese, psigiese en geestelike vlakke sodat volkome genesing kan plaasvind (Hemfelt *et al.*, 1998:228).

**Kortliks:** Daar moet gerou word oor alle pyn van die gesin van oorsprong, veral in disfunksionele gesinne. Rou met betrekking tot die skeidingsproses ten opsigte van die ouerhuis. Rou met betrekking tot alle disfunksionele hanteringsmeganismes en kompulsies wat opgesê word. Rou met betrekking tot alle verliese wat gely is as gevolg van die onverwerkte emosies – verlore tyd, onbereikte ideale.

#### 3.13.4.4 Die pyn van selfvergifnis

Kinders wat in 'n disfunksionele huis grootgeword het, het geleer dat hulle te blameer is en dat hulle skuldig is aan wat ook al verkeerd geloop het en dat hulle niks beter verdien nie (Stoop & Masteller, 1996:297). Dit is vir hierdie kinders uiters moeilik om hierdie disfunksionele denkpatroon te verander omdat hulle in die eerste plek nooit vergifnis beleef het nie (Stoop & Masteller, 1996:302). Onverwerkte skuld veroorsaak onstabiele besluitneming. Dit vertroebel perspektiewe, verdraai betekenisse en vernietig die nodige selfvertroue. Die bagasie van die verlede verseker 'n ongesonde toekoms wat net deur waarheid herstel kan word (MacDonald, 1988:165-166). Om die pyn van slagoffer wees te erken, is 'n eerste stap in die proses van heling. 'n Volgende nodige stap is om die self te vergewe en die self te aanvaar. Om jouself lief te hê is nie dieselfde as

egoïsme nie - dit verwys bloot na die waardering wat jy het vir hoe God jou geskep het. Eer Hom daarvoor. Selfvergifnis benodig volgens Stoop en Masteller (1996:298) die volgende stappe:

- **Erken die pyn:** Dit is vir die beradene nodig om te weet wat gebeur het en wat sy aandeel daarin was. Soms is dit slegs nodig om jouself vir jou onkunde te verskoon – ander tye is dit nodig om jouself vry te spreek sodat jy weer nuut kan begin (Arterburn, 2005:129). Onbehandelde pyn veroorsaak wantroue in ander en in jouself (MacDonald, 1988:168-169).
- **Identifiseer die emosies:** Die belangrikste hier is waarskynlik woede vir die self en 'n gevoel van skande wat tot depressie kan lei.
- **Ontlaai die emosies:** Praat daaroor met jouself, 'n vertroueling of dagboek dit. Die negatiewe emosies kan aanleiding gee tot selfvernietigende gedrag waarteen gewaak moet word.
- **Begrensing:** Volgens Meier en Wise (2003:96) is begrensing veral nodig in 'n verhouding waar een persoon 'n gek-maker is. Die grense moet realistiese verwagtings behels, byvoorbeeld die verwagting dat jou maat jou met respek sal behandel. Die grense moet duidelik geverbaliseer word sodat jou maat dit kan verstaan. Jy moet bereid wees om jou grense met vasberadenheid te beskerm.
- **Die afskryf van slegte skuld:** Die emosionele skuldlas teen die self is net so vernietigend as dit wat teen ander gehou word. Om emosionele heling te beleef, moet hierdie skuldlas afgeskryf word anders duur die trauma en verwonding steeds voort (Stoop & Masteller, 1996:297-301; Arterburn, 2005:136).

#### 3.13.4.5 Oorweeg versoening

Dit moet plaasvind slegs indien dit tot voordeel van beide partye is. Vergifnis is 'n individuele keuse terwyl die herstel van 'n verhouding die toestemming van 'n ander party benodig. Vergifnis benodig nie noodwendig die herstel van 'n verhouding nie. Die een kan sonder die ander plaasvind (Stoop & Masteller, 1996:263; Seamands, 2002:15).

### 3.13.5 Persoonlike grense (*Boundaries*)

Grense verwys na struktuur wat die self beskerm en verdedig (Meier & Wise, 2003:164). Struktuur behels beperkings, reëls asook rigtinggewers wat roetine en stabiliteit in 'n persoon se lewe bring en waarmee die individu sy identiteit beskerm (Townsend, 1991:165b; Welch, 1998:141). Waar persoonlike begrensing verwaarloos is, word struktuur benodig om dit te herstel. Struktuur skep

orde uit chaos en help met die daarstel van 'n persoonlike verantwoordelikheidsbesef. Hierdeur word die *wil* gevorm wat die kind in sy latere lewe sal help in die uitoefening van keuses (Townsend, 1991:165b). Grense skep duidelik verstaanbare riglyne met betrekking tot byvoorbeeld huishoudelike reëls. Die beradene begin as individu funksioneer met die reg op sekere privaatheid, voorkeure, afkeure asook behoeftes. Fisiese en geestelike struktuur is nodig vir herstel (Welch, 1998:146). Verder is Bybelstudie, selgroepe en/of die skryf van 'n joernaal nodig vir die daarstelling van 'n gesonde en gebalanseerde geestelike struktuur. Fisiese struktuur behels 'n plan vir jou lewe wat spesifiek is (Welch, 1998:147).

### 3.13.6 Gebed as helingstegniek

Gebed as terapie word tweërlei gebruik, eerstens vir die genesing van emosionele pyn en tweedens om voorbidding te doen namens die gesin of familie.

#### 3.13.6.1 Emosionele genesing

Emosies is soms te pynlik om te onthou, maar dit beïnvloed steeds 'n persoon se lewe. Volgens Anderson (1996:199) werp Ps 139:23-24 "Deursoek my ...." lig op die traumas in die lewe. God alleen weet van al die trauma en deur Hom te vra sal hy die herinneringe na die oppervlakte bring sodat die getraumatiseerde kan genees. Deur gebed en die leiding van die Heilige Gees kan hierdie herinneringe geïdentifiseer word sodat heling kan geskied (Seamands, 2002:22). Die doel hier is heling van pynlike herinneringe asook 'n her-programmering van gedragspatrone wat net deur die werking van die Heilige Gees kan gebeur (Seamands, 2002:28-29). Die gebed moet spesifiek wees ten opsigte van belydenis, mislukkings en behoeftes (Seamands, 2002:67). Gebed verander nie noodwendig die situasie nie maar dit verander die manier waarop na die situasie gekyk word. Seamands (2002:131) definieer die berader treffend as *tydelike assistent* (hulp) vir die Heilige Gees. Hulp – want die doel van berading is om die beradene te help om 'n verhouding met God te bou. Tydelik – want die beradene mag nie permanent op die berader steun nie - hy moet in die proses volwasse word. Beraders tree in hierdie sin dan ook tydelik in die bresse vir beradenes.

#### 3.13.6.2 Voorbereiding van beradene

Dit is belangrik dat die beradene in voeling kom met sy emosies asook herinneringe rondom trauma en onderdrukte herinneringe. Soveel inligting moontlik rondom beide moet versamel en identifiseer word (Seamands, 2002:125).

#### 3.13.6.3 Gebed

God werk met die inligting wat die persoon aan Hom bekend maak en toevertrou. Gebed as 'n tegniek in die herstelproses is 'n tydsame proses. Beide die berader en die beradene moet ontvanklik vir die inspraak van die Heilige Gees wees. Na die gebede rondom heling afgehandel is, volg die gebede rondom vergifnis (Seamands, 2002:150).

#### 3.13.6.4 Om belydenis te doen namens die gesin of familie

Versamel so veel moontlik geskiedkundige inligting rondom die familie (Sandford & Sandford, 1985:388; Brown en Yoder, 1995:41).

- Daar moet vervolgens voorbidding gedoen word vir elkeen in die familie – ook die aangetroudes. Hierdie gebede moet in totale nederigheid, afhanklikheid en in gehoorsaamheid aan die Heilige Gees geskied maar terselfdertyd moet die berader sy posisie in Christus ken en inneem (Sandford & Sandford, 1985:388).
- Volgens Brown en Yoder (1995:41) is dit nodig om die sondes, ongeregtighede asook alle negatiewe gedragspatrone binne hierdie familie te identifiseer waar moontlik en dit dan te bely. Hiermee stem Sandford en Sandford (1985:388) saam. Hulle stel verder voor dat ook die positiewe na die Here gebring word vir ondersoek en dat Hy gevra word om die negatiewe in seën te verander.

## 3.14 SAMEVATTING

Sommige beradenes is verwond as gevolg van sondes en trauma van vorige geslagte wat gelei het tot gewoontevormende gedrag- en persoonlikheidspatrone wat van geslag na geslag oorgedra is. Terwyl genetika die rou materiaal van potensiaal aan 'n persoon se lewe verskaf, vorm *die lewe* 'n persoon se psige en gees en is dit veral die brein wat op 'n deurslaggewende wyse reeds gedurende die kinderjare geprogrammeer word. Dit is belangrik om soveel inligting moontlik van die familie, asook voorgeslagte, te wete te kom ten einde enige negatiewe patrone binne hierdie spesifieke familie te kan identifiseer en te hanteer – veral enige onverwerkte trauma en daaropvolgende disfunksionele gedragspatrone. Alle verslawings en kompulsiewe gedragspatrone dui gewoonlik op 'n disfunksionele familieagtergrond. Kinders kan reeds voor geboorte blootgestel word aan negatiewe ervarings en emosies in die baarmoeder. Hierdie innerlike wonde bly moontlik verborge tydens die kinderjare maar in die latere adolessente tydperk wanneer die kind se identiteit ontwikkel, manifesteer die pyn heel dikwels. Gesinstruktuur verwys na die mate waarin die openbare beeld van die gesin met die beeld by die huis agter geslote deure ooreenstem. Die gaping of verskil tussen die twee bepaal die mate van disfunksie in die huis en geheime veroorsaak

die toenemende verwydering tussen die twee. Gesinstruktuur is deur God ingestel en is gebou op perfekte intimiteit. Na die sondeval verander alles en word gebroke verhoudings die mens se erfporsie. Driehoekstrukture gee gewoonlik 'n goeie aanduiding van die impak van die sondeval op verhoudings en word geëvalueer in terme van intimiteit, afsydigheid of konflik wat die emosionele stabiliteit of disfunksionaliteit demonstreer - terselfdertyd toon dit aan dat die struktuur gelaai is met spanning. Intergeneratiewe oordrag blyk veral plaas te vind op die volgende drie wyses: genetika, ouerlike voorbeeld en die wette soos deur God ingestel. Reeds in die Skrif word disfunksionele *gesinne aangetref waarvan die geskiedenis van Abraham en sy gesin 'n voorbeeld is. Hieruit* blyk dat indien daar nie daadwerklik gewerk word aan pyn in 'n gesin nie, die patroon na die nageslag oorgedra kan word. Die minderwaardige hantering van waardes en norme word gewoonlik die geheime wat na die volgende geslagte oorgedra word. Dit veroorsaak ook verslawings aan middele of die mede-afhanklikheid aan mense. Rebekka en Sarah betwyfel God se vermoë om Sy woord te laat waar word en toon die gevolge wanneer die mens God wantrou en inmeng in Sy raadsplan. Hemfelt *et al.* vergelyk die gesin met die baarmoeder waar elke traumatiese gebeurtenis in die gesin, elke oomblik van spanning, elke stuk onopgeloste emosionele pyn 'n betekenisvolle negatiewe invloed op veral die kinders het. Verwaarlosing van 'n kind se emosionele behoeftes word gekenmerk deur die aanwesigheid van kompulsiewe gedragspatrone asook verhoudingsprobleme. Die manifestering van hierdie probleme word dikwels veroorsaak deur onverwerkte trauma of deurdat die persoon as kind in 'n ongeborge omgewing opgegroei het. Die mens wil liefde ontvang en dit ook uitdeel. Dit is 'n Godgegewe reg en gawe. Liefde en toegeneentheid word nie-verbaal gekommunikeer en deur 'n kind van hierdie voorreg te ontneem, word sy selfkonsep gekneus en verwond vir die res van sy lewe en kan die kind later 'n mede-afhanklike volwassene word. Mede-afhanklikes leef daarvoor om in ander se behoeftes te voorsien en eindig dan in 'n toestand van doodsheid en ontkenning van die self wat die siening van slagofferstatus versterk asook 'n onvermoë om emosionele traumas te hanteer. Angs, ongelukkigheid en 'n onvermoë om groepsdruk te hanteer, word gevolglik gekenmerk deur hul gedrag – familiegeheime is gewoonlik die wortel van dié probleem. Navorsing bevind dat 'n persoon tegelykertyd op die bewuste vlak asook die onbewuste vlak kan funksioneer – daarom het herinneringe so 'n sterk invloed op 'n mens. Sommige herinneringe kan nie herroep word nie en bly vergete as gevolg van verskeie toestande. Die herroeping van geheue raak belangrik sodra 'n beradene om hulp kom aanklop as gevolg van die voorkoms van traumaverwante simptome. Tydens die herroeping van die "traumatiese geheue" is die interpretasie en emosionele persepsie van gebeure van groter belang as die noodwendige korrektheid daarvan.

Om te bepaal wat die gesin van oorsprong se aandeel ten opsigte van die huidige persoon is, moet die gesin en familie se geskiedenis nagevors word. Dit behels navorsing rondom fisiese eienskappe, intellektuele vermoëns, emosionele karaktertrekke, geestelikheid asook prestasies. Hierdie persoonlike navorsing word gedoen aan die hand van persoonlike erfenis sowel as persoonlike ontwikkeling. Daar is geen kits- of wonderoplossing as dit kom by trauma en traumaverwante probleme nie. Elke slagoffer en traumasituasie is uniek en die terapie moet by die individu en hul nood aanpas. Die mees konstante bevinding rondom traumanavorsing toon dat getraumatiseerde kinders letsels oorhou wat 'n effek het op elke aspek van hul latere lewe as volwassenes en dat hierdie kinders se moontlikheid om as psigoties gediagnoseer te word, twee tot vyf keer groter is as by ander kinders. Hierdie kinders word makliker vasgevang in patrone van kriminaliteit, geweld, alkohol- en dwelmmisbruik en daarom benodig so 'n kind stabiliteit wat ook by andere soos mentors en onderwysers verkry kan word. Pastorale Beraders kan hier 'n groot rol speel. Die doel van pastorale berading is om 'n Skriftuurlike lewens- en wêreldbeskouing by hierdie kind te help skep en om die getraumatiseerde te begelei tot emosionele heling. Enige destruktiewe gebeurtenis soos trauma, tesame met ongehoorsaamheid aan God se voorskrifte, verseker dat die "sondes van die vaders" na die volgende geslag oorgedra word. Volgens Carder behoort die korrigering van destruktiewe gesinsreëls, die hanteringstyle en die driehoekstrukture op grond van Skriftuurlike beginsels plaas te vind. Peck vind dat hoe langer 'n kind se probleme geïgnoreer word, hoe ingewikkelder en moeiliker word dit om die probleme op die langtermyn op te los.

- **Samevattend** kan gesê word dat die volgende aspekte geblyk het van besondere belang te wees ten opsigte van die terapeutiese proses:
  - Ouers doen hul bes gegewe die kennis tot hul beskikking.
  - Tyd heel nie alle wonde nie.
  - 'n Ondersteuningsnetwerk is van kardinale belang.
  - Dit is belangrik om sin uit die gebeure te verkry.
  - Die Here vorm die kern van terapie, maar die beradene se verhouding met God is waarskynlik verwond en gekneus en moet herstel word.
  - Vergifnis vorm 'n hoeksteen in terapie omdat dit die vermoë het om die patroon van intergeneratiewe traumaoordrag te verbreek, die verhouding met die Here te herstel, en innerlike genesing aan die verwonde te bring.
  - Die daarstel van persoonlike grense verskaf die nodige struktuur in die beradene se lewe.
  - Gebed vorm dié kern waarmee *totale* innerlike genesing bereik word.

# META-TEORETIESE AFDELING

## HOOFSTUK 4: EVALUERING VAN BYDRAES UIT ANDER VAKDISSIPLINES

### 4.1 INLEIDING

Meta-teorie verwys na "'n teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word wat raakvlakke met ander vakke deel, dit wil sê vakke wat aspekte van dieselfde werklikheidsveld ondersoek" (Venter, 1993:247). Hiersonder sal die ontwikkeling van 'n praktyk-teorie wetenskaplik onvolledig wees aangesien meta-teorie meehelp in die verklaring en begronding van 'n teologiese basis-teorie.

### 4.2 DOELSTELLING

In die ondersoek na die effek van intergeneratiewe trauma op die nageslag word daar in hierdie hoofstuk veral gefokus op die resultate van navorsing deur die psigologie en sosiologie aangaande intergeneratiewe trauma asook algemene historiese verslae met betrekking tot veral groot wêreld oorloë van die verlede. Hierdie resultate sal uiteindelik geïnkorporeer word in die finale formulering van praktyk-teoretiese riglyne met die oog op die pastorale begeleiding van persone wat worstel met die gevolge van intergeneratiewe trauma.

Die hoofstuk word ingedeel in die volgende hoofpunte:

- Die historiese verloop met betrekking tot intergeneratiewe trauma
- Die omskrywing van belangrike begrippe
- Die effek van intergeneratiewe trauma
- Die gesin as sekondêr getraumatiseerde sisteem
- Terapie
- Samevatting

### 4.3 DIE HISTORIESE VERLOOP MET BETREKKING TOT INTERGENERATIEWE TRAUMA

Met betrekking tot navorsing rondom die tema van intergeneratiewe trauma word daar in hierdie studie baie sterk gefokus op literatuur wat verband hou met die Tweede Wêreld Oorlog asook die Viëtnam Oorlog waar die klem veral gefokus is op die gevolge van onverwerkte trauma op die nageslag. Met betrekking tot die Suid-Afrikaanse milieu het navorser kennis geneem van literatuur wat die afgelope aantal jare verskyn het ten opsigte van die destydse "bos-oorlog" op die grens van Namibië en Angola waarby die Suid-Afrikaanse weermag betrokke was (bronne soos byvoorbeeld

die volgende: Fowler, 1995; Fowler 1996; Holt, 2005; Kruger, 1981; Louw, 2000; Louw 2001; Potgieter, 1986; Stiff, 1998; Thomson, 2006; Van Niekerk, 1981). In laasvermelde bronne is die klem egter meer gefokus op die getraumatiseerde soldaat self en nie soseer op die gevolge van hierdie persoon se trauma op die nageslag nie.

Die oordrag van intergeneratiewe trauma is in 1966 vir die eerste keer deur terapeute opgemerk by kinders, en selfs kleinkinders van *Holocaust* oorlewendes wat terapie benodig en wat met trauma simptome soortgelyk aan die van eerste geslag oorlewendes presenteer (Danieli, 1998:3a; Abrams, 1999:225; Shoshan, 1989:193; Fossion *et al.,* 2003:519). Kinders is tot op daardie stadium of oor-diagnoseer as psigoties of onder-diagnoseer as simptoomloos in plaas daarvan dat die hele kwessie rondom sekondêre trauma geïdentifiseer is. Die rede hiervoor is die feit dat kennis rondom die effek van intergeneratiewe oordrag tot op daardie stadium onvoldoende was, en in beide gevalle is die kinders se nood verkeerdelik hanteer deur terapeute (Steinberg, 1998:40). Emosionele probleme van seuns van Viëtnam veterane het oor die algemeen geblyk na vore te kom deur middel van nagmerries, vrese vir die dood en terugflitse soortgelyk as dié van die vader. Kinders van *Holocaust* oorlewendes was vervolgens die eerste groep op wie navorsing gedoen is, veral met betrekking tot die aspek van sekondêre traumatisering – simptome wat hier sterk na vore gekom het is byvoorbeeld depressie, angs, fobies, skuldgevoelens, skeidingsangs en nagmerries (Steinberg, 1998:36).

Steinberg (1998:38-40) het gevind dat kinders ongeag van ouderdom of geslag weerloos teen die effek van trauma is en dat 'n in-diepte ondersoek na die funksionering van die gesin as struktuur asook 'n ondersoek na die trauma gebeurtenis self nodig is ten einde by volle genesing uit te kom. Danieli (1998:681b) vind dat die empiriese navorsing betreffende intergeneratiewe trauma steeds onvoldoende is en dat daar tegelykertyd 'n al groter besef van die impak hiervan op kinders en kleinkinders is. Die proses van erkenning aan die problematiek rondom intergeneratiewe trauma strek reeds oor 'n tydperk van vyf dekades alhoewel die volle implikasies daarvan in talle gevalle steeds geïgnoreer word. Dat trauma selfs 'n effek het op die lewens van die wat nog nie gebore is nie, is vir talle 'n vreemde gedagte. Volgens Danieli (1998:683b) is die opstel van 'n familiestamboom van terapeutiese waarde, en sy stel ook voor dat die familie se traumageskiedenis geïdentifiseer moet word voordat enige diagnoses gemaak word. Volgens haar moet 'n beradene teen sy familie agtergrond asook hul lewens- en wêreldbeskouing verstaan word. Danieli en haar span se navorsing is uniek hierin dat dit die effek van trauma verspreid oor verskeie wêrelddele navors deur middel van longitudinale studies - dit is inligting versamel oor 'n tydperk

van jare. Die slagoffer se lewe voor, tydens en na die trauma word bestudeer en daar word spesifiek gepoog om die *effek*, die *wyse* en die *boodskap* van die oordrag op volgende geslagte te identifiseer (Danieli, 1998:1a). Verskeie van die navorsers beklemtoon dan ook hul bekommernis betreffende die effek van trauma-oordrag op die volgende geslagte asook die leemte betreffende teologiese nadenke met betrekking tot hierdie onderwerp (Danieli, 1998:1-2a).

## 4.4 OMSKRYWING EN IDENTIFISERING VAN BELANGRIKE BEGRIPPE

### 4.4.1 Trauma

Die impak van trauma hang af van die tipe trauma en of dit 'n eenmalige of meervoudige trauma is (Matsakis, 1996:31-31). Trauma word veroorsaak deur:

- 'n Doelbewuste menslike handeling – soos verkragting, poging tot moord, oorlog. Die impak hiervan word as die mees negatiefste beleef en neem ook langer om te genees.
- 'n Onbeplande menslike handeling – soos 'n motor-ongeluk.
- Natuur-rampe – soos die tsunami, aardbewings, ens.
- 'n Eenmalige teenoor meervoudige trauma – soos 'n eenmalige verkragting teenoor bloedskande versprei oor 'n tydperk van jare.

### 4.4.2 Sekondêre traumatisering

Sekondêre Traumatiese Stres (STS) verwys oor die algemeen na simptome teenwoordig by die persoon of persone wat primêr verantwoordelik vir die versorging van 'n getraumatiseerde is, en affekteer elkeen wat emosioneel by die slagoffer betrokke is. Dit sluit in gesinslede, familielede, vriende, bure, kollegas en terapeute. Hierdie mense word sekondêre trauma slagoffers genoem. Tot dusvêr is sekondêre slagoffers as die ondersteuningsnetwerk vir die primêre slagoffer gesien en is hulle bloot geleer om meer hulp aan die primêre slagoffer te verleen. Hulle belewing van die trauma is sodoende geïgnoreer. As gevolg van navorsing het hierdie siening egter begin verander (Figley, 1998:7; Gilbert, 1998:47; Remer & Ferguson, 1998:140).

*Sekondêre trauma* word *soms ook verbind aan die aspek van te veel omgee – 'caring to much'* (Gilbert, 1998:48). Huweliksmaats is veral vatbaar vir sekondêre traumatisering aangesien die eggenoot deurgaans poog om sin te maak uit sy of haar maat se trauma. In 'n poging om die verhouding in stand te hou kan die eggenoot oor-verantwoordelik optree asook oor-funksioneer wat tot disfunksies kan lei (Gilbert, 1998:47). Waar die eggenoot primêr getraumatiseer is en met Post Traumatiese Stresversteuring (PTSV) worstel, volg dit dikwels dat die maat dan sekondêr

getraumatiseer word. Indien die sekondêr getraumatiseerde nie die nodige ondersteuning kry nie kan dit uiteindelik tot uitbranding lei (Gilbert, 1998:50).

Trauma verander die slagoffer en affekteer veral sy gesin. Hierdie effek word deur sommige navorsers beskryf as sekondêre- of intergeneratiewe traumatisering. In ooreenstemming met die *Holocaust* navorsing se bevindings bestaan daar 'n korrelasie tussen kinders se gedragsprobleme en die trauma van die ouer (Rosenheck & Fontana, 1998:732; Groves, 2002:34). Ancharoff *et al.* (1998:257) waarsku egter dat die begrip intergeneratiewe- of sekondêre trauma nog nie genoegsaam nagevors is nie. Dit is tans 'n nuwe navorsingsveld en die beskikbare kennis rondom die effek, asook die trefwydte van die ouer se trauma op die nageslag is nog onvoldoende. Die hoeveelheid geslagte wat byvoorbeeld beïnvloed word deur intergeneratiewe- of sekondêre trauma is onbekend. Die rol wat die kind se ouderdom en geslag tydens sekondêre traumatisering speel, benodig ook verdere navorsing (Ancharoff *et al.*, 1998:257; Steinberg, 1998:42).

### 4.4.3 Die ondersteuningsnetwerk


Gesinne met blootstelling aan 'n getraumatiseerde benodig 'n ondersteuningsnetwerk in die vorm van familie en vriende. Ondersteuningsnetwerke dien as buffer teen die oordrag en gevolge van intergeneratiewe trauma (Hunter-King, 1998:255; Black & Newman, 2000:134-135).

### 4.4.4 Die brein

Bruce Perry (1997:125-126) en andere by Baylor Universiteit het navorsing rondom die neurochemiese balans van die brein na 'n traumatiese ingreep gedoen, en interessante gegewens bekom. Vir die doel van hierdie studie is die impak van trauma op die brein belangrik aangesien Perry se navorsing aandui dat 'n brein-disfunksie, ook veroorsaak deur emotiewe disfunksies, aan die nageslag oorgedra kan word. Herhaaldelike geweld, soos trauma, kan byvoorbeeld die struktuur van die ontwikkelende brein verander. Neurochemiese veranderings veroorsaak impulsiwiteit wat aanleiding tot gewelddadige gedrag kan gee. Perry se navorsing het aangetoon dat gewelddadige optrede ondervinding-gebasseer en nie soseer geneties is nie. Geweld geskied volgens Amerikaanse statistieke meestal binne gesinsverband.

Die brein is volgens Perry die geboorteplek van enige gewelddadige oortreding (aspekte soos byvoorbeeld verkragting, moord, ensovoorts). Verskeie funksies word vervolgens geaktiveer vanuit spesifieke areas van die brein (Perry, 1997:127). Die breinstam en middelbrein huisves die meer eenvoudige funksies soos asemhaling, liggaamstemperatuur, bloeddruk en hartslag. Die mees

komplekse funksies soos taal en abstrakte denke is geleë in die komplekse kortikaal strukture. Grafies kan dit soos volg voorgestel word (Perry, 1997:128):




Die breinstruktuur en funksies ontwikkel regdeur die lewensjare met die grootste ontwikkeling tydens die kinderjare. Die neurologie van geweld hang af van die wisselwerking tussen die aktiwiteite van die breinstam en die korteks. Faktore soos stres en trauma wat die aktiwiteite van die breinstam verhoog, kan tesame met die gebruik van enige middel wat die korteks aktiwiteit inkort (alkohol en dwelms) 'n individu se aggressie, impulsiwiteit en/of neiging tot geweld aktiveer (Perry, 1997:129). Gedurende die kleuterjare ontwikkel die laer, eenvoudige brein gedeeltes eerste. Met verloop van tyd en oefening vind daar egter progressiewe ontwikkeling in verhouding tot die ontwikkeling van die hoër breingedeeltes plaas. Enige oorstimulering van die laer gedeeltes (breinstam en middelbrein) of onder-stimulering van die hoër gedeeltes (limbiese of korteks) gee aanleiding tot 'n wanbalans in die kortikale modulasie ratio (dit is die verhouding tussen die breinstam en middelbrein teenoor die limbiesesisteem en die korteks) en kan sodoende aanleiding gee tot aggressiewe en gewelddadige gedrag (Perry, 1997:130). Vroeë lewensondervinding het 'n disproporsionele invloed op die ontwikkeling van die brein aangesien die jonger brein meer ontvanklik is. 'n Ondervinding wat 'n twaalfjarige byvoorbeeld kan hanteer het die vermoë om 'n baba te vernietig (soos om byvoorbeeld vir 2 weke geen aanraking te ervaar nie). Beide die tekort aan versorging en die blootstelling aan trauma kan die ontwikkeling van die sentrale senuwee sisteem inkort en terselfdertyd 'n impulsiewe, reaktiewe, gewelddadige individu *skep* (Perry, 1997:131). Emosionele verwaarlosing vanaf geboorte lei tot emotiewe belemmering omdat dié dele van die brein wat emosie registreer, nie ontwikkel het nie. Hierdie kind sal emosioneel

afgestomp (gewetenloos) voorkom en weerstand bied teen enige toenadering; insluitende terapie (Perry, 1997:132). Emotiewe vermoëns is ondervinding gebasseer. Indien die kind met niemand 'n emosionele band kan ontwikkel nie, kan positiewe emosionele gedrag nie verwag word nie (Perry, 1997:133). Volgens Perry (1997:135) kan die *toename in geweld onder die jeug direk toegeskryf word aan die wêreld wat deur ouers vir hul kinders geskep en nagelaat is.* Kinders wat voortdurend aan neurologiese trauma blootgestel word, kan met aandag-afleibaarheidsindroom asook leergestremdhede presenteer. Gedurende hul vormingsjare is die kinders konstant aan verskuilde vrees blootgestel en word geweld menigmaal as instrument gebruik om hul probleme mee op te los. Hierdie kinders ondervind dikwels probleme om kognitief te redeneer, ervaar dikwels slaapsteurnisse, beleef angs asook verhoogde spiertonus (sametrekkende krag van die spier) wat hulle as hiperaktief brandmerk. Daar word vervolgens heel dikwels gepoog om hierdie verhoogde reaktiwiteit van stres en angs met dwelms en alkohol te beheer wat egter weer aanleiding tot verhoogde gewelddadigheid gee (Perry, 1997:139). Nie almal wat emosioneel verwaarloos is raak aggressief nie, aangesien die waarde en norme sisteem (geloof) van die betrokke individu van deurslaggewende belang is. Getraumatiseerde kinders en straatkinders wat kognitief onderontwikkeld is, en wat min tot geen emosionele aandag kry nie veroorsaak egter oor die algemeen heelwat probleme vir die gemeenskap. Die teenwoordigheid van 'n sterk gesinsverhouding of van 'n emosioneel-stabiel volwassene in so 'n kind se lewe maak die verskil – selfs al is dit 'n buitestaander (Perry, 1997:142; Black & Newman, 2000:134). Getraumatiseerde kinders se angsvlakke is deurgaans oorgestimuleer wat verhoed dat die korteks ontwikkel. Hierdie kinders interpreteer slegs nie-verbale kommunikasie. Verbale kommunikasie kan eers geïnterpreteer word as hulle geborge voel en genoegsaam gekalmeer is. Interpretasie van enige kommunikasie geskied teen die agtergrond van ondervinding – hierin is die geheue dus deurslaggewend. Die getraumatiseerde kind se geheue is gevul met onvoorspelbaarheid, pyn, angs en ongeborgenheid. Terapeutiese ingrepe sal vervolgens moet fokus op die herskep van geheue deur middel van voorspelbare, positiewe insette wat met geduld en takt uitgevoer word. Ingrepe sal telkens by die individu se behoefte aangepas moet word (Perry, 1997:144). Perry (1997:144 – 145) asook Newell (1997:181) kom tot die slotsom dat die oplossing vir geweld in 'n veranderde kultuur lê en dat kinderopvoedingspraktyke in hierdie opsig sal moet aanpas en selfs moet verander. Die samelewing moet opgevoed word om die kind as 'n *mens* te sien en so te hanteer.

## 4.5 DIE EFFEK VAN INTERGENERATIEWE TRAUMA

Die navorsing van Steinberg (1987:38) toon dat trauma op verskillende wyses na die volgende geslag oorgedra word - byvoorbeeld deur middel van blootstelling aan die simptome van die ouer, asook deur oor-identifisering met die getraumatiseerde ouer. 'n Ouer se persoonlike lewenservaring bepaal sy lewens- en wêreldbeskouing en word die essensie van wat die ouer aan sy kind oordra (Groves, 2000:23; Goleman, 1997:101-102). Felsen (1998:44) vind dat die oordrag van trauma direk en spesifiek kan wees wat impliseer dat die kinders aan die psigose van die ouer blootgestel kan word. Getraumatiseerde ouers ontwikkel gedragspatrone wat deur middel van hul voorbeeld aan hulle kinders oorgedra word (Zinner & Shapiro, 1972:523; Danieli, 1988:282c; Rosenheck & Fontana, 1998:732; Groves, 2002:34; Johnson, 1989:57; Wilson, 1988:231). Zinner en Shapiro (1972:523 - 530) beweer dat ouers splinter dele van hul eie onvermoë asook seer op hulle kinders projekteer. Hierdie projeksie veroorsaak dat die ongewenste patroon in die ouer-kind-verhouding herhaal word. Die onopgeloste trauma van die ouer en sy hantering daarvan word sodoende op sy nageslag geprojekteer. Die nageslag neem hierdie negatiewe gedragspatroon nou verder met hulle saam. Felsen (1998:46) en andere (Davidson & Mellor, 2001:345; Fossion *et al.*, 2003:520) toon dat die oordrag vanaf die moeder oor die algemeen geskied deur middel van 'n swak selfbeeld, paranoia en gebrekkige empatie terwyl oordrag vanaf die vader meer geneig is om oorgedra te word deur middel van aspekte soos depressie en "ipekonders". Die effek op dogters is meer negatief as op seuns, en hulle presenteer oor die algemeen met simptome van onttrekking, vrese, psigosomatiese siektes asook 'n swak self-beeld (Felsen, 1998:46). Studies toon ook dat die moeder se emosionele verbondenheid met haar baba 'n groter moontlikheid van trauma oordrag meebring (Felsen, 1998:47). In gevalle waar die kind na 'n afgestorwene vernoem is en identifikasie met die oorledene geskied, tesame met die aanwesigheid van skeidingsangs by die getraumatiseerde ouer, kan die proses van sekondêre traumatisering verder versterk word (Steinberg, 1998:37-38). In teenstelling hiermee bewys navorsing dat indien ouers openlik met hul kinders praat oor hul traumas en hul hantering daarvan, sekondêre trauma teengewerk word (Steinberg, 1998:38).

### 4.5.1 Oordragswyses

#### 4.5.1.1 Familiegeheime – *"conspiracy of silence"*

Oordrag van trauma geskied op verskillende wyses, naamlik verbaal, die geskrewe woord, liggaamstaal en ook deur middel van "stiltes". Hierdie stiltes word deur Danieli (1998:2a) gekoppel aan die sogenaamde 'familiegeheime'. Familiegeheime verwys na die geïnterpreteerde boodskap van die trauma wat nie-verbaal aan die gesin oorgedra word. Hierdie interpretasie word die nuwe

lewens- en wêreldbeskouing van die gesin (Ancharoff *et al.*, 1998:263). Danieli se navorsing toon 'n emosionele onvermoë by terapeute asook die samelewing om die omvang van trauma by *Holocaust* oorlewendes en later hul kinders te hanteer. Die grusaamheid van die trauma lei dikwels daartoe dat professionele terapeute en die wat as ondersteuningsnetwerk dien, geneig is om dit te wil ontken, te ignoreer, of te systap. Slagoffers word gevolglik soms van medeverantwoordelikheid en oordrywing verdink en sodoende word hul lyding geïgnoreer asook geïntensiveer. Die gebrek aan insig deur die ondersteuningsnetwerk gee aanleiding tot die "*conspiracy of silence*". Die gevolg van hierdie proses het dan dikwels daartoe aanleiding gegee dat *Holocaust* oorlewendes in stilswye of geheimhouding verval het omdat niemand na hul verhaal wou luister of dit wou glo nie (Danieli, 1998:4a+678b). Die enigste uitlaatklep is dan binne die betrokke gesin.

Volgens Ancharoff *et al.* (1998:262) lê die grootste gevaar van trauma-oordrag in die onverwerkte emosies van die ouer wat deur die kind geïnternaliseer word. Hierdie geheimhouding affekteer die slagoffer, sy gesin, sy familiesisteem, die gemeenskap en selfs volkere. Die slagoffer kan die verwonding nie verbaliseer nie en kan daarom nie sin uit die trauma verkry nie. In *Holocaust* gesinne waar beide ouers oorlewendes was, sal die ouer wat die grootste trauma beleef het oor die algemeen geneig wees om die mees swygsame een te wees. Hierdie stilswyende ouer se "oordrag van trauma" sal dan gewoonlik deur die huweliksmaat geskied, deurspek met wan-interpretasies (Danieli, 1998:5a). Sommige oorlewendes verkies om niks van hul lyding aan hul kinders mee te deel nie in 'n poging om hul kinders die pyn te spaar. Hierdie stilte veroorsaak egter 'n *atmosfeer* wat aanleiding gee tot skuldgevoelens en wroeging by die kinders wat vir hulle onverstaanbaar is (Danieli, 1998:5a). Sy haal Bettelheim aan wat sê:

> "What cannot be talked about can also not be put to rest; and if it is not, the wounds continue to fester from generation to generation" (Danieli, 1998:5a).

Die stilte word vergestalt in mites en familiegeheime wat die vraag laat ontstaan: is die stilte deel van die trauma, is dit deel van die simptome van trauma, of is dit nuwe trauma wat uitvloei vanuit die oorspronklike trauma? (Danieli, 1998:678b). Geheimhouding dra op hierdie wyse dan ook by tot die disfunksionaliteit binne 'n bloedlyn (Catherall, 1998:201).

#### 4.5.1.2 Emosionele onbetrokkenheid

Die getraumatiseerde familiesisteem word volgens Catherall (1998:195) gekenmerk deur emosionele onbetrokkenheid van gesinslede by mekaar. Hierdie gesinne het as sisteem nie die

vermoë om sy lede emosioneel te versorg nie. Die individu is dan geneig om te verval in 'n vorm van emosionele afgestomptheid en kan tot 'n laer ego-staat regresseer. Vir die suksesvolle oplossing van probleme is emosionele intelligensie kern belangrik. Emosies is nodig ten einde te oorleef maar kan so oorweldigend wees dat dit die intellek kan elimineer (Catherall, 1998:196). Die mens se sin vir waardes en moraliteit lê in die brein. Dit is hier waar keuses gemaak en beplanning gedoen word. Impulse aktiveer die emotiewe maar as die emotiewe die intellek elimineer sal die persoon impulsief optree. Die mens moet eerstens impuls-beheer kan toepas anders word hy daaraan uitgelewer. Impulse hou verder verband met aangeleerde gedrag en inoefening - so sal soldate impulsief reageer in lewensbedreigende situasies. Hul gedrag is aangeleer en in-geoefen. Die basis van 'n mens se karakter lê juis in sy vermoë om impulse te beheer aangesien impulse onderdanig aan die mens se wil en karakter is (Goleman, 1997:4). Waar onbeholpe ouers gekonfronteer word met ekstreme emosies, verwaarloos die gesinsisteem soms tot so 'n mate dat die kinders moet ingryp en die rol as ouer oorneem. In sulke situasies moet die kinders dan na mekaar omsien en dikwels ook die ouer versorg. Rol verwarring lei tot verwarring van die self en gebrekkige ontwikkeling van die selfbeeld asook die selfwaarde (Catherall, 1998:197). Volgens Auerhahn en Laub (1998:37) geskied die oordrag van trauma nie-verbaal vanaf die ouer na die kind en wel deur die wisselwerking van verskillende emosies soos afhanklikheid teenoor onafhanklikheid, en liefde teenoor aggressie. Binne gesonde gesinne is daar 'n balans tussen hierdie elemente - getraumatiseerde ouers beleef hierdie emosionele wisselwerking egter as angswekkend. Die rede is dat hulle self die slagoffers van so 'n disfunksionele emosionele wisselwerking was en dit as traumaties beleef het. Indien getraumatiseerde ouers hierdie emosies in hulself of in hul kinders se gedrag herken, vrees hulle dan gewoonlik ook die manifestering daarvan. Dit kan selfs gebeur dat die ouers hul kinders as moontlike oortreders begin sien en as sulks hanteer (Auerhahn & Laub, 1998:39). Die tweede generasie leef bykans emosieloos deurdat hulle hul eie behoeftes onderdruk en ondergeskik maak aan die van hul ouers. In 'n poging om vir die verliese wat hul ouers gely het te vergoed, streef hierdie generasie daarna om die ideale kinders vir hul ouers te wees. Hul onvermoë hiertoe laat hulle met 'n gevoel van magteloosheid en skuld. Die generasie beleef veral probleme rondom intieme verhoudings met hul eggenote en kinders as gevolg van hul emosieloosheid aan die een kant, en 'n emosioneel oor-afhanklikheid aan hul kinders aan die ander kant. As ouers leef hulle met 'n verwagting dat hulle kinders hul behoefte aan emosionele binding sal bevredig wat sodoende sal vergoed vir wat hulle as kind gebrek gelei het (Fossion *et al.*, 2003:522; Shoshan, 1989:195).

#### 4.5.1.3 Stories en mites

Trauma kan na die volgende geslagte oorgedra word deur middel van stories waarin die idiosinkratiese wêreldbeskouing van die familie ingebou is (Catherall, 1998:189). Dit is moeilik om hierdie idiosinkrasie te verander aangesien niemand huidiglik hiervoor verantwoordelik is nie - dit is oorgeërf. Die probleem hiervan is dat die patroon onbewustelik in stand gehou word. Stories rondom die familie lewer ook interessante mites waarin trauma asook die boodskap van daardie trauma dikwels versteek is. Hierdie boodskap of lewensles beïnvloed die lewens- en wêreldbeskouing van diegene binne hierdie bloedlyn, ongeag of dit reg of verkeerd geïnterpreteer is (Catherall, 1998:201). Die familiereëls word dikwels deur middel van die mites van geslag na geslag oorgedra. Hierdie reëls definieer die familiesisteem en verklaar die familie se lewens- en wêreldbeskouing. Deur die gedrag van disfunksionele gesinne te bestudeer, kan die mites en die ongeskrewe reëls van so 'n familiesisteem ontbloot word (Catherall, 1998:201). Sulke mites is in meeste gevalle gekoppel aan die familiegeheime (*conspiracy of silence*). Dit wat die familie die graagste wil wegsteek word deur die mite gekamoefleer. So sal 'n gesin beweer dat hulle baie geheg aan mekaar is, terwyl die waarheid is dat hulle emosioneel afgesny van mekaar leef maar 'n goeie front voorhou (Stoop & Masteller, 1996:68). Deur vals mites te ontbloot kan disfunksionele patrone gevolglik ontbloot en herstel word (Stoop & Masteller, 1996:68).

#### 4.5.1.4 Disfunksionele gedragspatrone

Trauma verander die gedrag van die slagoffer asook die gedrag van die gesin. Hierdie veranderde gedragspatrone word na die volgende geslag oorgedra in die vorm van byvoorbeeld temas. Veiligheid kan so 'n tema wees en kan as volg manifesteer: *Holocaust* oorlewendes steek hul nageslag weg ter wille van dié se veiligheid. Hierdie "wegsteek" manifesteer deur die verandering van die Van, gedurige verhuising, die verkryging van meer as een identiteit, ensovoorts.

### 4.5.2 Gevolge van oordrag

Volgens Auerhahn en Laub (1998:37) se navorsing rondom *Holocaust* oorlewendes poog kinders van slagoffers, wat in gebreke bly om trauma suksesvol te verwerk, om hul ouers hierin by te staan. Dit is ironies dat empiriese navorsing erkenning gee aan die sekondêre verwonding van terapeute maar versigtig is met uitsprake ten opsigte van die emosionele dilemma van die kinders van trauma slagoffers (Auerhahn & Laub, 1998:37). Danieli (1998:5a) vind dat kinders van oorlewendes hul ouers se belewenis van die *Holocaust* Internaliseer. Hierdie internalisering manifesteer dan deur die kinders se gedrag. *Holocaust* oorlewendes weier heel dikwels om disfunksionele gedragspatrone in hulself of hul kinders te erken omdat hulle die erkenning daarvan as 'n verdere

oorwinning van Hitler sien. Hulle is verder geneig om enige emosionele gedragsprobleem as 'n aanklag teen hul vermoë as ouers te interpreteer en vrees dan dat óf hulle óf hulle kinders as "abnormaal" gebrandmerk sal word. Dit lei dikwels tot verdere trauma aangesien almal tydens Hitler se regime, wat van 'n abnormaliteit verdink is, vergas is (Danieli, 1998:5a).

Die bestudering van die gevolge van intergeneratiewe trauma op *Holocaust* oorlewendes en hul nageslag moet teen bovermelde agtergrond geïnterpreteer word. Dit kan volgens Danieli (1998:9a) die impak van trauma, die aansteeklikheid daarvan en ook die gedragspatrone in 'n familiesisteem verklaar. Psigosomatiese simptome, rolverwagting, die lewens- en wêreldbeskouing van die gesin, individuele sterk en swak persoonlikheidseienskappe asook beroepskeuses in 'n familie kan in talle gevalle aan die hand van faktore soos hierdie verklaar word. Gesien in die lig van die familiesisteem *erf* 'n volgende generasie gevolglik die onverwerkte trauma asook die newe effekte daarvan op die vorige generasie (Danieli, 1998:9a). Navorsing rondom Viëtnam veterane toon 'n groter moontlikheid van Post Traumatiese Stresversteuring (PTSV) indien hulle afstam van Tweede Wêreldoorlog veterane. Die feit dat die vaders as helde in die Tweede Wêreldoorlog beskou is, terwyl Viëtnam veterane amper as misdadigers beskou en geen helde verwelkoming gekry het nie dra waarskynlik tot die probleem by. Navorsing bevestig dat die oordrag van trauma by die tweede geslag veterane beïnvloed word deur die voorkoms van trauma en gepaardgaande PTSV simptomatologie by die eerste generasie veterane (Hunter-King, 1998:239). Hierdie korrelasie ondersteun die idee van intergeneratiewe trauma. Kinders openbaar simptome van depressie, wantroue, emosionele afgestomptheid, 'n swak selfbeeld, psigiatriese probleme, swak gesinsverhoudinge en 'n hoë graad van aggressiwiteit (Davidson & Mellor, 2001:346).

### 4.5.3 Die versteekte boodskap van die oordrag

Danieli (1998:10a) identifiseer verskillende hanteringstyle vir trauma in families van oorlogsoorlewendes naamlik: slagoffer, vegter, emosioneel afgestomp, en ons-het-oorleef gesinne. Hierdie tipering vergestalt die moontlikheid van lewenslange oordrag van traumatiese gevolge van die *Holocaust*, die sameswering tot geheimhouding (*conspiracy of silence*) asook die effek daarvan op die nageslag. Die gesin koester bewustelik of onbewustelik 'n lewens- en wêreldbeskouing wat tiperend van hul betrokke familiesisteem is. Sodoende word die gesin die "vervoermiddel" van die idiosinkrasie na die volgende geslag. Die identifisering van moontlike disfunksies asook kennis met betrekking tot die wyse van oordrag, kan lei tot vroegtydige suksesvolle terapeutiese ingrepe sodat die volgende geslag geen disfunksionaliteit oorerf nie. Volgens Danieli (1998:9a) word intergeneratiewe oordrag nie alleen deur ouers veroorsaak nie

maar ook onder meer deur die geskiedenis, politiek, die kunste, geloofsoortuiging, tradisies van 'n gemeenskap asook 'n bevolkingsgroep. In die literatuur is daar veral twee standpunte betreffende die invloed van primêre traumata en die oordrag daarvan op volgende geslagte. Die een benadering fokus sterk op die aspek van *weerloosheid* terwyl die ander benadering weer fokus op *weerbaarheid*. Die weerloosheidsaanhangers vind dat trauma die slagoffer weerloos laat met betrekking tot volgende stresvolle situasies. Die weerbaarheidsaanhangers daarenteen is van mening dat getraumatiseerdes daaropvolgende stressors oor die algemeen beter hanteer. Volgens hulle is oorlewendes meer weerbaar teen nuwe trauma as die individu wat dit vir die eerste maal ervaar. Beide denkrigtings erken die belangrikheid van individuele hanteringsmeganismes asook posttraumatiese toestande met betrekking tot gesonde aanpassing (Danieli, 1998:10a).

## 4.6 DIE GESIN AS SEKONDÊR GETRAUMATISEERDE SISTEEM

Enige trauma slagoffer is deel van 'n gesin waarin die ander gesinslede geen ander keuse het as om hul ruimte met die slagoffer te deel nie. Beide Figley (1998:6) en Bowen (1994:420) definieer die gesin as 'n interafhanklike, emosionele eenheid waarbinne enige gebeurtenis wat 'n lid van die gesin affekteer 'n soortgelyke effek op die ander gesinslede sal hê. Volgens Figley (1998:15) bestaan daar 'n leemte in die navorsing van traumatologie met betrekking tot die sekondêre impak van trauma op gesinslede van die getraumatiseerde persoon. Anders as terapeute kan gesinslede nie ontvlug van die situasie nie. Hulle is emosioneel meer betrokke by die slagoffer en normaalweg bereid om meer stres en verwonding te verduur as ander. Navorsing bevestig dan ook dat meer blootstelling aan getraumatiseerde gedrag lei tot groter sekondêre verwonding wat weer tot groter disfunksionaliteit van die gesin as sisteem aanleiding gee (Catherall, 1998:187; Figley, 1998:26).

Navorsing met betrekking tot getraumatiseerde gesinne toon dat blootstelling aan 'n primêr getraumatiseerde gesinslid lei tot sekondêre traumatisering van die ander gesinslede. Sekondêre traumatisering is ook opgemerk by gesinslede wat opgegroei het in 'n "uitgebrande" gesinsomgewing wat veroorsaak is deur onverwerkte trauma van een of meer gesinslede (Catherall, 1998:189). In sommige gesinne het die primêre trauma in vorige geslagte plaasgevind en mag die slagoffers selfs al dood wees. Tog kan die familie tans aan uitbranding ly as gevolg van daardie vroeëre trauma (Catherall, 1998:189). Volgens Figley (1998:26) is dit 'n gegewe dat onbehandelde trauma van een gesinslid die hele gesin negatief beïnvloed en ook traumatiseer. Om hierdie rede is dit dan ook belangrik dat gesinsterapeute en ander belanghebbendes meer, asook beter opleiding in traumatologie behoort te ontvang, veral met betrekking tot aspekte soos stres, uitbranding en PTSV.

Figley (1998:17) haal vir Hill aan wat in navorsing op gesinne van die Tweede Wêreld Oorlog die konsep van "familie stres" geïdentifiseer het, asook die feit dat krisisse soos oorloë en naoorlogse hereniging spanning in die gesin skep. Studies rondom die Viëtnam veterane en hul gesinne toon ook spesifieke gedragspatrone wat telkens in gesinne soos hierdie aan die orde is. Na 'n oorlog duur die oorlog in die huis voort en gesinne met 'n veteraan wat ly aan PTSV vertoon fundamentele verskille van gesinne daarsonder. Meer veterane presenteer met huweliksprobleme en tree aggressief teenoor hul eggenote op. Hulle is verder ook meer geneig tot vyandige optrede teenoor ander geliefdes (Figley, 1998:17). Veterane vind dit dikwels moeilik, selfs onmoontlik om die rol van eggenoot, vader, en broodwinner te vertolk (Figley, 1998:19). Studies toon verder dat terapeutiese ingrepe by Viëtnam veterane meer suksesvol is sodra die gesinslede ook betrek word (Figley, 1998:17). Solomon en andere (soos aangehaal deur Figley, 1998:20) vind dat teenoor gesinne van emosioneel gesonde veterane, die eggenote en kinders van veterane met PTSV meer geneig tot psigopatologie en sosiale disfunksie is.

### 4.6.1 Die invloed van die ouer se onverwerkte trauma op die nageslag

Steinberg (1998:29) toon dat indien kinders net *hoor* van 'n geliefde se trauma dit opsigself genoegsame rede tot sekondêre traumatisering bied. Sy vind dat kinders van getraumatiseerde ouers weens blootstelling aan die ouer se simptomatologie uiteindelik self met PTSV gediagnoseer kan word – hulle beleef terugflitse en gedrag soortgelyk aan dié van hul ouers. Danieli (1998:9a) en Remer & Ferguson (1998:140) wys daarop dat trauma *aansteeklik* is. Ouerlike reaksie op trauma is deurslaggewend met betrekking tot die kind se belewing daarvan, selfs waar die kind die primêre slagoffer is. Trauma is 'n interpersoonlike ervaring en die wyse van oordrag vanaf ouer na kind – intergeneratiewe trauma – is waarskynlik deur middel van die ouers se emosionele belewing van die betrokke trauma (Steinberg, 1998:30). Kinders van Viëtnam veterane of van die *Holocaust* kan met dieselfde PTSV simptome as hul ouers presenteer.

Navorsing verwys deurgaans na die impak van die ouer se emosionaliteit met betrekking tot die kind se belewenis van die trauma – dit kan uiteindelik 'n veel belangriker rol vervul as die oorspronklike trauma self. Ouerskapstyl is geneig om as gevolg van trauma te verander na angstigheid en 'n gevoel van onvermoë om geliefdes genoegsaam te beskerm – dit word dan baie maklik deur die kind geïnterpreteer as onveiligheid. Daarenteen verseker ouerlike kalmte geborgenheid by die kind (Steinberg, 1998:34). Volgens Scott Peck (1978:39) is ouers self verantwoordelik vir die oordrag van hul "sondes" op hul kinders.

#### 4.6.1.1 Die rol van die moeder

In navorsing rondom vermiste Viëtnam oorlogsgevangenes is gevind dat die rol van die moeder deurslaggewend vir die emosionele gesondheid van haar gesin is (Hunter-King, 1998:252; Stoop & Masteller, 1996:84). Haar emosionele ingesteldheid is bepalend vir die emosionele gesondheid van die gesin (Stoop & Masteller, 1996:84) asook dit wat aan die volgende geslag oorgedra word (Hunter-King, 1998:252). In die gesin waar moeder en kinders openlik met mekaar kommunikeer rondom die vermiste vader se lot, asook die kinders se emosionele belewenis daarvan, is die gesin minder getraumatiseer en emosioneel beter aangepas as die gesin waar die moeder in stilte verval het (Hunter-King, 1998:252). Hierdie effek is ook gevind in gesinne waar 'n kind of broer vermis is.

#### 4.6.1.2 Die vader se verantwoordelikheid

Die vader beïnvloed die gesin as sisteem en dit kan soos volg opgesom word:

- **Die rigiede gesin:** Hier is die vader die outokraat. Sy woord is wet ongeag die korrektheid daarvan. Dissipline in die gesin is onredelik streng. Emosionele belewing word geïgnoreer en die hantering van probleme is oneffektief (Stoop & Masteller, 1996:79).
- **Die chaotiese gesin:** Hierdie vader is afwesig met betrekking tot sy rol as leier van die gesin. Daar is min of geen reëls en beplanning nie. Dinge gebeur volgens elkeen se eie gier. Dissipline en die deurvoer van probleemoplossing is swak (Stoop & Masteller, 1996:78). Familiegeheime is teenwoordig en dit is 'n gegewe dat die emosies van gesinslede geïgnoreer word (Whitfield, 1987:38). Fisiese of emosionele mishandeling word in hierdie gesin aangetref en gesinslede worstel met skuldgevoelens, minderwaardigheid en ontkenning van die emotiewe (Whitfield, 1987:39). Die chaotiese gesin presenteer op 'n laer funksionele vlak as die disfunksionele gesin.
- **Die aangepaste gesin:** Hierdie gesin handhaaf 'n balans tussen die rigiede- en die chaotiese gesin wat beide ekstreme op die kontinuum is. Die vader is die leier van sy gesin maar hy doen dit met verantwoordelikheid. Probleme word in gesinsverband hanteer en daar is geen rolverwarring nie (Stoop & Masteller, 1996:82).

### 4.6.2 Identifisering van gesinstipes

Soos in 4.5.3 vermeld, identifiseer Danieli (1998:9a) die volgende verskillende hanteringstyle vir trauma in families van oorlogsoorlewendes naamlik:

- **Slagoffer gesinne:** Hierdie gesinne presenteer met depressie, vrese vir herhaling van trauma, is skoorsoekerig en projekteer skuldgevoelens op ander. Hul algemene hanteringsmeganisme is projeksie.

- **Vegter gesinne:** Hierdie gesinne is konfronterend, uittartend, ongeduldig ten opsigte van enige teken van onvermoë - insluitend hul eie, is sukses gedrewe en gedetermineerd om ander teen trauma te beskerm. Hul algemene hanteringsmeganisme is intellektualisme.
- **Emosioneel afgestompte gesinne:** Hierdie gesinne is emosioneel afgestomp, onttrek van die samelewing en vermy kontak met ander oorlewendes. Hul algemene hanteringsmeganisme is selfhaat.
- **"Ons-het-oorleef" gesinne:** Hierdie gesinne is materieel suksesvol en prestasie gedrewe, maar leef afgesny van ander oorlewendes. Studies toon dat selfmoord onder dié groep die hoogste is. Hul algemene hanteringsmeganisme is 'n kognitiewe- en intellektuele ingesteldheid (Danieli, 1998:10a; Felsen, 1998:47).

Felsen (1998:47) se navorsing het aangetoon dat intergeneratiewe trauma oordrag afhang van die hanteringsmeganismes en persoonlikheidstipe van getraumatiseerdes en dat dit in sekere opsigte belangriker is ten opsigte van die verstaan van oordrag van trauma as die trauma self. Volgens Felsen is dit dan ook so dat die hanteringsmeganisme vir traumata in 'n gesin die betrokke familiesisteem beïnvloed en dat hierdie metode van hantering na die volgende geslagte oorgedra word. Felsen vind in die verband besondere aanklank by die onderskeie hantering style van trauma soos uiteengesit deur Danieli (1998:9a). Gesien in hierdie lig tree die *vegter* en die *ons-het-oorleef* gesinne meer kognitief en aktief ten opsigte van probleme op. Die *slagoffer* en *afgestompte* gesinne word meer geaffekteer deur die ouers se trauma en is dit veral hulle wat met trauma simptome worstel. Die slagoffer gesin gebruik projeksie as hanteringsmeganisme, terwyl die emosioneel afgestompte gesin na binne keer en die self afkraak. Verder blyk dit dat 'n disfunksionele ouerskapstyl 'n gevolg van trauma kan wees en dat dit 'n verdere intergeneratiewe oordrag van trauma teweeg kan bring wat uiteindelik eskaleer in 'n verskeidenheid van probleme by kinders (Felsen, 1998:50).

### 4.6.3 Disfunksionele gesinssisteme

Viëtnam oorlogsveterane met gediagnoseerde PTSV se kinders beleef oor die algemeen emosionele afgestomptheid, depressie, gedrags- en skoolverwante probleme (Williams, 1998:94). In gevalle soos hierdie is daar heel dikwels 'n identifisering met die emosionele pyn van die ouer. As volwassene beïnvloed hierdie identifikasie die kind se beroepskeuses, keuse van huweliksmaat en leefstyl (Williams, 1998:94). Kinders wat opgroei in huise waar die ouer as kind getraumatiseer is en nou aan PTSV ly, word aan disfunksionaliteit blootgestel en hoe groter die ouer se nood hoe groter die disfunksionaliteit (Williams, 1998:97). Ten einde disfunksionele gesinne te verstaan is

dit nodig om die gesonde gesin te tipeer en volgens Stoop en Masteller (1996:75) asook Hemfelt *et al.* (1989: 109) en Kaye (1991:83) lyk die gesonde gesin as volg:

- Hierdie gesin funksioneer gebalanseerd en kan maklik aanpas by verandering. Emosionele probleme word konstruktief hanteer sodat daar geen onopgeloste probleme oorbly nie. Daar is geen verslawing by ouers teenwoordig nie insluitend geen werksverslawing, eetversteurings, of koop kompulsies nie.
- Probleme word in gesinsverband hanteer; nie individueel nie en hulle geloof in God is hul anker.
- Daar is gesonde intergeneratiewe verhoudings.
- Duidelike grense (*boundaries*) bestaan tussen die individuele gesinslede. Beide ouers het 'n goeie selfbeeld en is emosioneel selfversorgend. Die kinders verkry duidelike norme en waardes van die ouers as riglyne.
- Verskille word aanvaar en aangemoedig en emosies kan openlik uitgeleef word.
- Individuele idees word aanvaar en gerespekteer. Kinders tree met waagmoed op en vrees nie "mislukkings" nie aangesien perfeksionisme nie 'n voorwaarde is nie.
- Gesinslede is vrygewig teenoor mekaar.
- 'n Gesonde emosionele klimaat en sekuriteit word gehandhaaf en die ouers is emosioneel volwasse. Kinders beleef liefde en aanvaarding.
- Die gesin word as 'n veilige hawe beskou en beide ouers werk aan die huweliksverhouding.
- Elkeen in die gesin word toegelaat om soms te onttrek na 'n eie ruimte.

Williams (1998:98) haal vir Albeck aan wat na die "generational consequences of trauma" verwys in die gesin met disfunksionele patrone as gevolg van die effek van intergeneratiewe trauma. Verskeie ander navorsers (Catherall, 1998:190; Ancharoff *et al.*, 1998:262; Hemfelt *et al.*, 1989:110) ondervind dieselfde primêre gesindheid en emosionele ingesteldheid by die getraumatiseerde ouer wat as intergeneratiewe trauma aan die volgende geslag oorgedra word, naamlik:

- 'n Disfunksionele verwysingsraamwerk. Die ouer/s het 'n gefrustreerde en onrealistiese lewens- en wêreldbeskouing. Een of beide ouers se geloof word gekenmerk deur 'n wettiese en rigiede siening van God.
- 'n Gevoel van onveiligheid wat tot wanfunksies ten opsigte van *vertroue in* en *afhanklikheid van* ander kan lei.

- 'n Versteurde selfwaarde en emosionele onvolwassenheid. Een of beide ouers steun op die kind vir hul versorging en veroorsaak so dat die ouer-kind-verhouding omgeruil word wat tot rolverwarring lei. Elke lid van die gesin word in 'n "rol" *vasgevang* sodat elkeen 'n sekere funksie in die gesin vervul waaruit hulle nie kan *ontsnap* nie.
- Skuldgevoelens, verleentheid en selfverwyt is aan die orde van die dag.
- Psigosomatiese simptome is teenwoordig.
- Vervreemding van die slagoffer sodra dié se status bekend word. Die hantering van probleme geskied oor die algemeen disfunksioneel en oneffektief. Die getraumatiseerde gesin kan nie probleme identifiseer, prioritiseer of verantwoordelikheid daarvoor neem nie. Probleme word persoongesentreerd in plaas van gesinsgesentreerd hanteer. Die persoon word die probleem in stede daarvan dat die probleem die fokuspunt word.
- Ongesonde pogings om die slagoffer en die gesin te beheer. Daar is 'n oor-reaksie op normale stressors asook ontoereikende kommunikasie - wat in baie gevalle afbrekend is.
- Emosionele mishandeling. Daar heers 'n atmosfeer van emosionele afgestompheid asook apatie met betrekking tot getraumatiseerde gesinslede. Ouers word dikwels deur die kinders as ontoeganklik beleef.
- 'n Disfunksionele onafhanklikheid en individualiteit. Persoonlike grense met betrekking tot individualisme, privaatheid en onafhanklikheid kry nie erkenning nie. Die kind word nie toegelaat om as volwassene van die huis af weg te trek nie of word te vroeg daartoe gedwing.
- 'n Verlies aan beheer oor die lewe. Een of beide ouers is afhanklik van byvoorbeeld alkohol, werk of 'n kompulsiewe handeling. Self-vernietigende gedrag is teenwoordig en getraumatiseerde gesinne is dikwels geneig om geweld asook verslawing as hanteringsmeganismes te gebruik.
- Normale kinderontwikkeling stagneer. Die huislike atmosfeer is klinies en onstimulerend met die gevolg dat niemand in die gesin tot groter hoogtes aangespoor word nie - geen lid van die gesin leef vervolgens volgens sy potensiaal nie en individualiteit word ook nie bevorder nie.
- Daar is 'n gebrek aan intimiteit met betrekking tot verhoudings. Die behoefte aan ondersteuning vind uiting in ongesonde verbintenisse. Catherall (1998:190-191) se navorsing toon dat gesinslede in sulke gevalle onbetrokke by mekaar is. Hulle stel nie in mekaar belang nie en bied geen onderteuningsnetwerk vir mekaar nie. Hulle ken gevolglik nie mekaar se diepste behoeftes nie.

- Ongelukkige huwelike asook ouers wat in so 'n vyandige atmosfeer bly ter wille van die kinders, voortdurende onderlinge rusies en egskeiding.

Indien die ouers nie die nodige stabiliteit aan die gesin kan gee nie kan dit deur emosioneel gesonde volwassenes buite die gesin verskaf word soos byvoorbeeld: onderwysers, maatskaplike werkers, beraders, asook mentors (Williams, 1998:109). Evaluering van die kind is deurslaggewend in die bepaling van die omvang van die probleem, asook met betrekking tot die terapeutiese ingrepe. Die rol van die kind in die gesin gesien vanuit die kind se oogpunt, en vanuit die oogpunt van die res van die gesin is deurslaggewend met betrekking tot die gesondheid of disfunksionaliteit van die gesinstruktuur. Getraumatiseerde ouers beskou hul gesinne soms as 'n moontlike gevaar ten opsigte van verdere trauma en verwonding. Deur verwerping, woedeuitbarstings en emosionele mishandeling "beskerm" die getraumatiseerde ouer vervolgens homself. Die skade hierdeur berokken spreek vanself (Williams, 1998:112).

## 4.7 TERAPIE

### 4.7.1 Die doel van terapie

Die doel van terapie is om vanuit die traumatiese gebeure 'n nuwe werklikheid met 'n nuwe sinvolle lewens- en wêreldbeskouing te skep (Ancharoff *et al.*, 1998:263). Volgens Figley (1998:20) vra slagoffers die volgende vyf vrae en benodig hulle antwoorde daarop alvorens hulle met hul lewe kan aangaan:

- Wat presies het met my gebeur?
- Waarom het dit gebeur?
- Waarom het ek opgetree soos ek opgetree het tydens die gebeure?
- Waarom het my gedrag van toe af verander?
- Wat sal ek doen as dit weer gebeur – sal ek oorleef?

Die identifisering van sekondêre traumatisering is egter kompleks (Ancharoff *et al.*, 1998:267). Somtyds spieël die oordrag die ouer se Post Traumatiese Stres Simptome, maar in sekere gevalle kan dit ook ander simptome meebring. Ancharoff *et al.* (1998:258) se navorsing rondom kinders van *Holocaust* oorlewendes bevestig die bevindinge van verskeie studies naamlik dat die kinders hul ouers as weerloos sien en hulle probeer beskerm teen emosionele pyn, dat hulle skeidingsangs beleef, en dat hulle nie die ouer se traumaherinneringe wil aanhoor nie. Die ouers het aan hul kinders 'n gesindheid oorgedra wat sê die wêreld is onveilig, boos en dat die toekoms onseker is. In studies rondom Viëtnam veterane is dieselfde spore van intergeneratiewe oordrag van trauma

gevind. Kinders van veterane toon oor die algemeen psigososiale- en leerprobleme, vra moeilik hulp, en beleef 'n onvermoë om stres suksesvol te hanteer. *Dit blyk dat adolessensie die mees ontvanklikste tydperk vir intergeneratiewe of sekondêre traumatisering is.* In hierdie opsig is die verhouding tussen die oorlogsveteraan en sy kind(ers) ineengestrengel sodat onafhanklike funksionering gebrekkig ontwikkel. Dit blyk verder dat die tipe trauma, die individu se persoonlikheid, asook die ondersteuningsnetwerk deurslaggewend is in die verwerking en moontlike oordrag van trauma (Ancharoff *et al.*, 1998:268). Felsen (1998:44) ondersteun hierdie siening van Ancharoff *et al.* in sy standpunt dat die graad van oordrag afhang van die tipe trauma, die ouderdom van die kind, die kind se emosionele volwassenheid en interpretasie vermoë, die duur van die trauma asook die geslag van beide die getraumatiseerde ouer en die kind.

Volgens Catherall (1998:193) fokus terapeutiese ingrepe gevolglik op aspekte soos die volgende:

- Die aanleer van effektiewe kommunikasie.
- Die korrigering van disfunksionele gedragspatrone.
- Die gesin se emosionele binding.
- Die gesin se lewens- en wêreldbeskouing.
- Traumasimptome beide by die gesin en slagoffer.

### 4.7.2 Korrekte diagnosering

Daar is tot dusver nog geen meetinstrument om die graad of die intensiteit van die oordrag van intergeneratiewe trauma mee te meet nie, maar 'n identifikasie van risiko draende faktore bestaan wel. Die vasstelling van die kind se vermoeë ten opsigte van kognitiewe, emotiewe, en psigologiese funksies is belangrik. Hiermee saam is die ouers se psigososiale vermoëns, asook die kwaliteit van die huweliksverhouding belangrik. Die gesin se lewens- en wêreldbeskouing moet ook verdiskonteer word aangesien dit oorgedra word na die volgende geslag deur middel van mites, oortuigings, en gedragspatrone (Ancharoff *et al.*, 1998:268).

Ten einde 'n korrekte diagnose ten opsigte van 'n kind se probleemgedrag te maak is dit nodig om die gesin se traumageskiedenis te verkry. Kinders van Viëtnam veterane presenteer byvoorbeeld met hiperaktiwiteit, 'n swak selfbeeld, aggressie, nagmerries, probleme ten opsigte van outoriteit, en die hantering van emosies. Die probleem hier is dat die spesifieke simptomatologie ook by ander disfunksionele gedragspatrone presenteer waar dit nie noodwendig altyd in verband staan met intergeneratiewe trauma oordrag nie (Ancharoff *et al.*, 1998:268). Dit is dus kernbelangrik dat die tipe trauma, die wyse van kommunikasie daarvan aan die kind, die gedragsmanifestasie daarvan by die vader asook by die kind, en die dinamiek van die gesin nagevors moet word

alvorens 'n diagnose gemaak word (Ancharoff *et al.,* 1998:268). In die Viëtnam veteraan gesinne blyk dit dat die rol van die moeder ewe belangrik is. Indien sy sekondêr getraumatiseer is, kan sy baie maklik in depressie en woede verval. Wat haar houding betref is sy dan geneig om te verander na *verskonend* en *selfloos* en word sy sodoende 'n bemagtiger van haar man se disfunksionele gedrag. Vir haar gesin skep dit 'n probleem aangesien sy meehelp in die verwonding van die kinders (Ancharoff *et al.*, 1998:269). Terwyl die sekondêr getraumatiseerde kinders klein is, kan die disfunksionele ouerskapstyl as sinvol deur die gesin beleef word. Die probleme begin egter gewoonlik met adolessensie wanneer die tiener minder afhanklik van die ouer wil wees. Die afwesige vader kan die tiener se groeiende behoefte aan onafhanklikheid as verwerping interpreteer en verwytend begin optree wat tot rebellie en aggressie by die kind kan lei. Aan die ander kant kan die vader die kind se disfunksionele gedrag onbewustelik aanmoedig omdat hy (die vader) self behoefte aan ontlading van sy disfunksionele emosies het (Ancharoff *et al.*, 1998:269).

### 4.7.3 Terapeutiese ingrepe

In die vroeë vyftigerjare is daar begin om die gesin terapeuties te behandel ten opsigte van die voorkoms van gesinslede met emosionele probleme (Bowen, 1994:103). Huidiglik is dit steeds 'n nuwe konsep wat verdere navorsing benodig, maar dit blyk 'n positiewe bydrae tot terapeutiese ingrepe te maak. In sy navorsing rondom die behandeling van byvoorbeeld skisofrene het Bowen (1994:107) gevind dat psigoterapie suksesvol is terwyl die persoon behandeling ontvang, sodra hy egter teruggeplaas word in die gesinsisteem begin die disfunksies weer. As alternatief is daar begin om die gesin as sisteem te betrek by die behandeling wat besonder positiewe resultate tot gevolg gehad het. Gesinne wat vir hulp kom aanklop gee meestal 'n verkeerde rede, byvoorbeeld: 'n Kind sal presenteer met gedragsprobleme terwyl die dieperliggende oorsaak verband hou met onverwerkte trauma. Die familiesisteem kan visueel voorgestel word deur middel van genogramme en driehoekstrukture sodat gedragspatrone en onderlinge emosionele ingesteldhede ontbloot word. Hierdeur kan die beradene homself as 'n individu met 'n identiteit van sy eie onderskei van die familiesisteem (Titelman, 1998:8-12; Stoop & Masteller, 1996:102; Augsburger, 1996:31+ 50; Carder, 1991:88a). Gedragspatrone in die familiesisteem kan soms geheime ontbloot wat op geen ander manier aan die lig sou kom nie. Verslawing en kompulsiewe gedrag (byvoorbeeld kos, seks, werk) is meestal die produk van 'n disfunksionele gesinsagtergrond (Stoop & Masteller, 1996:102). Die gesin word vervolgens gedefinieer as 'n sisteem waarin twee volwassenes tesame met hul kind(ers) in 'n horisontale verbond tot mekaar, asook in 'n vertikale verbond tot God staan. Binne hierdie verbond word die kind/ers in liefde tot volwassenheid begelei (Stoop & Masteller, 1996:41-

42). In die hedendaagse disfunksionele gesin is hierdie liefdesverbond stukkend of bloot oneffektief. Verder is dit so dat elke persoon 'n spesifieke rol vertolk in sy gesin. Hierdie rol vereis sekere gedragspatrone wat óf disfunksioneel, óf gesond kan wees. Voorbeelde in hierdie verband is die swartskaap, neulpot of redder. Indien die persoon hierdie rol wil verander moet hy die familie as sisteem ken en verstaan aangesien elkeen in die gesin interaktief tot mekaar staan (Stoop & Masteller, 1996:53). Persoon A reageer byvoorbeeld op 'n irriterende prikkel vanaf persoon B. Omdat ons interaktief tot mekaar staan sal persoon B die reaksie van persoon A weer as irriterend beleef. Hierdie is die manifestering van 'n gedragspatroon. Vir 'n persoon om die patroon te verbreek moet hy verstaan hoe die sisteem werk sodat die bestaande patroon met 'n nuwe patroon vervang kan word.

Visuele voorstelling vereis beide kognitiewe en emotiewe betrokkenheid van die beradene wat daardeur die identifisering van patrone vergemaklik (Venter, 1989:184). Die opstel van 'n traumagram rondom die geskiedenis van 'n gesin is vervolgens deurslaggewend met betrekking tot 'n sinvolle terapeutiese uitkoms (Barnes, 1998:173; Rosenheck & Fontana, 1998:741). Daar is soms 'n lang tydsverloop tussen die trauma en die terapeutiese ingreep met goeie redes – byvoorbeeld die feit dat getraumatiseerde gesinne glo niemand sal hul pyn verstaan nie. Aanvanklik is slegs die geïdentifiseerde pasiënt of die primêr getraumatiseerde persoon terapeuties behandel. Soos reeds genoem, het navorsing aangetoon dat sekondêre trauma net so ingrypend is aangesien almal in 'n gesin getraumatiseer word en saam met 'n geliefde wat trauma beleef, ly (Barnes, 1998:174). Hierdie klemverskuiwing het daartoe gelei dat die terapeutiese ingreep vanaf die slagoffer na die gesin verplaas is. Die struktuur van die gesin word gevorm en in stand gehou deur die gesin se lewens- en wêreldbeskouing – meer direk die van die ouers. Trauma tref gevolglik beide die struktuur van die gesin asook hul lewens- en wêreldbeskouing met dieselfde impak omdat die struktuur en ook die lewens- en wêreldbeskouing interafhanklik tot mekaar staan (Barnes, 1998:175-176; Minuchin & Fishman, 1991:207).

Indien 'n kind as gevolg van sekondêre traumatisering deur die ouers met gedragsprobleme presenteer, moet daarteen gewaak word om nie uit die staanspoor die ouers te blameer nie (Ancharoff *et al.*, 1998:270). Aan die ouers moet verduidelik word dat hulle reaksie op 'n abnormale gebeurtenis eintlik "normaal" was. Deur trauma simptomatologie en die moontlikheid van intergeneratiewe oordrag daarvan aan die gesin te verduidelik kan hulle weer 'n gevoel van beheer oor die situasie verkry deurdat hulle keuses kan uitoefen ten opsigte van terapeutiese ingrepe. Die beste terapeutiese resultate word verkry indien terapie in sulke gevalle binne

gesinsverband geskied. Trauma lei ook dikwels tot 'n wantroue en 'n disfunksionaliteit met betrekking tot verhoudings – in 'n poging om die gesin te beskerm kan die getraumatiseerde gevolglik die gesin weerhou van terapie en ook terapie vir homself weier (Ancharoff *et al.*, 1998:271). Terapie geskied aan 'n individuele lid van die gesin, aan die egpaar, of aan die gesin in terme van die verskillende verteenwoordigende sisteme (patrone) teenwoordig in die gesin (Titelman, 1998:8). Hierdie sisteem verkry 'n lewe van sy eie en word dan deur die sisteem self beskerm – dit is verder geneig om verandering teen te staan en voort te bou op aangeleerde gedragspatrone (Augsburger, 1996:31; Carder, 1991:68a).

Stoop en Masteller (1996:104) verwys na drie tipes psigologiese en sosiale eienskappe wat volgens hulle kan help om hierdie sisteem te beskerm naamlik:

- Individuele grense: dit is die eienskappe en gedragspatrone wat die individu onderskei van ander.
- Intergeneratiewe grense: dit onderskei die verskillende rolle van die ouers en die kinders – indien onduidelik sal rol verwarring plaas vind en kan dit gebeur dat die kinders die ouers moet versorg.
- Gesinsgrense: die grense wat een gesin onderskei van ander gesinne.

Binne elkeen van bovermelde groepe is daar drie moontlike hanteringsstyle wat te rigied, te los of in balans kan geskied en wat die gesin as sisteem beïnvloed (Stoop & Masteller, 1996:104):

- ➢ Die rigiede styl: die grense is onbeweegbaar met geen ruimte vir individualiteit nie.
- ➢ Die verwarrende styl: hier is geen grense en geen reëls nie en niemand neem leiding nie.
- ➢ Die gebalanseerde styl: hier is genoegsame grense wat verwarring verhoed en daar is ook genoeg ruimte vir individualiteit.

Die sukses van sisteem terapie hang af van die terapeut se definisie van die gesin en van sy kennis betreffende sy eie gesin (Titelman, 1998:8). Die gesin as sisteem balanseer êrens tussen individualiteit (onafhanklikheid) aan die een kant en eenheid (afhanklikheid) aan die ander kant. Hierdie is tegelykertyd 'n emosionele en 'n kognitiewe proses wat gesinne as problematies kan beleef (Titelman, 1998:8). Bowen poog om die proses waarmee die mens hierdie differensiasie tussen die emosionele en kognitiewe maak te verbeter. Dit vind plaas deur eerstens die angsvlakke te normaliseer en daarna die individu se selfbeeld te ontwikkel – daarna word die gesin as emosionelesisteem ontwikkel (Titelman, 1998:8).

Figley (1998:20) ontwikkel wat hy noem die "Empowerment Model". Hiervolgens moet die gesin eers gehelp word om te aanvaar dat trauma 'n emosionele impak asook gedragsversteurings tot gevolg het alvorens terapie kan begin. Sy model bestaan uit vyf fases wat so ontwerp is dat die gesinslede die kans kry om die traumatiese gebeure weer te beleef, en elkeen sy emosionele asook kognitiewe reaksies kan identifiseer en bedink. Dit gee dan ook aan die gesin die geleentheid om as 'n eenheid sin te maak uit die impak daarvan.

Figley (1998:20) se model inisieer gesprekvoering en lyk as volg:

- **Fase 1:** Die terapeut moet geloofwaardig en bekwaam voorkom sodat die gesin kan "*commit*" aan die terapeutiese proses. Die terapeut moet vertroue inboesem.
- **Fase 2:** Die probleem moet geïdentifiseer word en daarvoor is "onthou" nodig. Elkeen in die gesin kry 'n spreekbeurt om sy weergawe en belewing van die trauma te gee. Hiertydens mag niemand die spreker in die rede val, die weergawe verkleineer, of bevraagteken nie. Sodoende kan die gesin gehelp word om die belangrikste stressor te identifiseer sodat terapeutiese ingrepe bepaal kan word. Die doel hier is dat die *wat*, *hoe* en *waarom* gevra word. Die kinders kan byvoorbeeld die min aandag wat hulle van die ouers kry, bevraagteken, of die huweliksmaats kan kla dat hulle die smart alleen moes dra, ensovoorts. Dit is 'n pynlike stadium maar indien elkeen se pyn op die tafel is, kan orde uit die chaos geskep word.
- **Fase 3:** Die probleem word nou hersien en die gesin word begelei na 'n eenheid. Daar word gelet op die verskil in sienings maar ook op ooreenkomste. Dit bring 'n veranderde belewing van trauma mee en dit verander die hanteringsmeganismes. Die gesin begin trauma as 'n uitdaging eerder as vernietiging ervaar.
- **Fase 4:** 'n Individuele strategie word bepaal sodat elkeen as individu kan heel en sodoende kan bydra tot die heling van die gesin. Hierin ondersteun die gesinslede mekaar.
- **Fase 5:** Die ontknopingsfase behels dat die gesin oor die trauma kan gesels. Hulle identifiseer die mylpale wat reeds bereik is, bespreek toekomstige doelwitte, en hoe hulle mekaar gaan ondersteun en die gebeure gaan hanteer. Die pad na heel word is meer soos 'n groei proses waarvoor hulle nou as gesin kans sien. Hulle het weer beheer oor hulle lewe asook hoop vir die toekoms.

Barnes (1998:182) asook Minuchin en Fishman (1991:31) kom tot dieselfde gevolgtrekkings as Figley (1998:20) wanneer hulle vind dat die terapeut wat met getraumatiseerde gesinne werk uiters sensitief moet wees vir die individu se belewing van die trauma asook sy sensitiwiteit met

betrekking tot 'n spesifieke stressor. Getraumatiseerde gesinne se wantroue, verwerping van terapie, angs en rou moet in ag geneem word. Die onderskeie lede van die gesin het nodig dat hul individuele belewing van die trauma gerespekteer word en dat ouers oor die algemeen meer bekommerd oor hul kinders as oor hulself sal wees. Die terapeut moet onthou dat trauma ook kognitief en emosioneel beleef word in die gesin as struktuur en dat dit met geduld hanteer moet word. Die struktuur van die gesin omvat volgens Barnes hul lewens- en wêreldbeskouing. Soos Figley (1998:20) erken hy ook vlakke van belewing en elke vlak van belewing maak 'n bydrae tot die ontwikkeling van 'n nuwe lewens- en wêreldbeskouing.

**Die vlakke presenteer soos volg**

- **Eerste vlak:** Die gesin moet die trauma en die impak daarvan op hul lewe verstaan. Elkeen moet sy weergawe gee en die betekenis inhoud van sy woorde verduidelik.
- **Tweede vlak:** Hiertydens word gekyk na persepsies rondom die slagoffer asook die insident voor en na trauma. Hier kan waardevolle insig ontwikkel ook betreffende huidige gesinsprobleme.
- **Derde vlak:** Terapeut tree nou op met professionele ingrepe aangesien die gesin behoefte het aan normaliteit. Die terapeut kan verduidelik hoe lyk normale hantering van traumatiese gebeure en hy kan die gesin se sterkpunte vir hul begin uitwys asook die gedrag wat terapie benodig.
- **Vierde vlak:** Die gesin se geloofsoortuigings ten opsigte van skuldgevoelens en verwyte word nou hanteer (Barnes, 1998:182)

### 4.7.4 Die gesin as multigeneratiewe emosionele eenheid met besondere verwysing na die teorie van Bowen

Die gesin van oorsprong word in die literatuur al hoe belangriker geag ten opsigte van die vorming van die individu as volwassene (Stoop & Masteller, 1996:102; Titelman, 1998:8; Augsburger, 1996:31; Tauke, 2004:9; Peck, 1978:52; Venter, 1989:184). Murray Bowen (1994:418) beklemtoon hierdie aspek besonder sterk. Hy kom tot die gevolgtrekking dat daar 'n direkte korrelasie tussen emosionele disfunksies en die emosionele gesondheid van die gesin van oorsprong en ook die emosionele gesondheid van vorige generasies is. Pieter Titelman het onder Bowen studeer en na dié se afsterwe uitgebreide navorsing met betrekking tot sy teorie en uitgangspunte gedoen. Daar word vervolgens gefokus op die teorie van Bowen (1994) soos uiteengesit, vertolk, en toegepas deur Titelman (1998), Stoop en Masteller (1996) asook Augsburger (1996:31).

Bowen (1994:420) sien die gesin as 'n emosionele eenheid waarbinne terapie behoort te geskied. Die doel van terapie sou wees om verhoudings binne hierdie eenheid te ontwikkel en te verbeter, beginnende by die individu (Titelman, 1998:8; Stoop & Masteller, 1996:102; Augsburger, 1996:34). Die besondere klem in Bowen (1994:420) se teorie is geleë in die feit dat hy na die individu kyk teen die agtergrond van die gesin as 'n multigeneratiewe emosionele eenheid, terwyl ander teorieë geneig is om die individu te beoordeel teen die agtergrond van diagnoses wat wissel van normaal tot psigoties (Titelman, 1998:8; Stoop & Masteller, 1996:102).

Bowen benader die individu as 'n samesmelting tussen die unieke eienskappe van die persoon en die unieke eienskappe van die familiegeskiedenis waarbinne hy gebore is (Titelman, 1998:10; Augsburger, 1996:34). Hierdie eienskappe is geanker in die biologiese erfenis, huidige interpersoonlike verhoudings en is gekoppel aan die gesin se spesifieke sosiokulturele konteks (Augsburger, 1996:31). Die fisiologiese onderbou in die gesin fokus op die invloed van stres in die sisteem en op die struktuur. Interpersoonlike verhoudings daarenteen is weer 'n weerspieëling van disfunksionele patrone wat as gevolg van stres ontwikkel. Op die sosiokulturele vlak verkry die gesin erkenning vir die feit dat hulle deel is van subsisteme in die gemeenskap, kultuurgroep asook bevolkingsgroep (Augsburger, 1996:31). Hierdie genoemde sisteme is deurgaans aktief en terselfdertyd interafhanklik van mekaar, en is die beste waarneembaar in tye van stres (Augsburger, 1996:31). Elke persoon het 'n funksie binne die gesin wat medebepaal word deur sy geslag, geboorte orde, idiosinkrasie van die gesin, asook belangrike gebeure in vorige geslagte. Dit alles is uiteindelik medebepalend ten opsigte van die vorming van die individu se lewens- en wêreldbeskouing. Ingrypende gebeure soos trauma het die vermoë om die normale funksionaliteit van die individu en ook sy lewens- en wêreldbeskouing te beïnvloed en te verander. Hierdie gebeure veroorsaak gewoonlik dat die persoon op 'n laer egovlak funksioneer en daardeur die geërfde verwagtings, rolle, en posisies in die gesin ontmasker (Augsburger, 1996:33; Titelman, 1998:10; Stoop & Masteller, 1996:44). Volgens die siening van Augsburger (1996:35) kan intensiewe terapie bydra om 'n individu te bemagtig tot groter verantwoordelikheid en individualiteit in tye van kalmte; terwyl die persoon steeds in tye van stres die aangeleerde hanteringsmeganismes (vanuit die gesin van oorsprong) sal toepas. Nuwe hanteringsmeganismes kan egter met tyd aangeleer en geïnkorporeer word.


#### 4.7.4.1 Driehoekstrukture

Die gesinstruktuur verwys na die emosionele verhoudings tussen gesinslede asook die rolle van die onderskeie gesinslede met mekaar (Carder, 1991:84a). Struktuur verwys na die manier


waarop die gesin funksioneer wanneer niemand kyk nie. Dit toon die emosionele werklikheid en weerspieël onder andere wie in beheer van die gesin is (Carder, 1991:84a). Styl verwys na die beeld wat die gesin na buite uitstraal. Waar styl en struktuur dramaties verskil is daar gewoonlik familiegeheime asook disfunksies teenwoordig. Disfunksionele gedragspatrone word deur middel van die struktuur na die volgende geslag oorgedra in die vorm van emosionele probleme van óf oordrewe afhanklikheid, óf onttrekking. Dit word dan die erflating van voorgeslagte en is daarom van besondere belang ten einde 'n betrokke gesin te verstaan (Bowen, 1994:425; Titelman, 1998:13; Carder, 1991:84a). Volgens Stoop en Masteller (1996:133) verklap driehoekstrukture die interne geheime van 'n verhouding. Oordrewe afhanklikheid, stres, of oordrewe onafhanklikheid ruk hierdie struktuur van balans af en kan dit in duie laat stort (Titelman, 1998:12). Verandering kenmerk gesonde verhoudings omdat geen verhouding staties behoort te wees nie en indien dit wel die geval is, is daar fout (Carder, 1991:86a).

Die basis van 'n gesin word deur die verhouding tussen man en vrou bepaal wat deurgaans fluktueer as gevolg van stres. Hierdie basis verhouding behoort meestal intiem te wees andersins dui dit op probleme (Carder, 1991:84a). Die toevoeging van 'n derde persoon toon gewoonlik die gebreke wat reeds teenwoordig in die verhouding is (Stoop & Masteller, 1996:133; Bowen 1994:424). In gesonde verhoudings word stres en enige belangrike gebeurtenis beter verwerk omdat die gesinslede mekaar emosioneel ondersteun. Sodra persone met emosionele- en verhoudingsprobleme worstel kan die verhoudings in die gesin van oorsprong bevraagteken word (Titelman, 1998:13; Carder, 1991:84a; Townsend, J. 1991:151a). Binne disfunksionele gesinne is die kwessie rondom die emosionele verbondenheid aan die ouers (veral met die moeder) gewoonlik een van die grootste faktore. Kinders wat met emosionele probleme worstel en wie se huwelike in egskeiding eindig, se gedrag hou heel dikwels verband met 'n oor-verbondenheid met die ouers in die gesin van oorsprong (Bowen, 1994:433).


Driehoekstrukture funksioneer volgens Stoop en Masteller (1996:137-139) op vier verskillende maniere. Die interpretasie werk soos volg: die onderste verbinding vorm die basis van die verhouding, met die boonste punt as verteenwoordigend van die derde persoon wat telkens bygevoeg word. Die soliede lyn verteenwoordig 'n hegte- of harmonieuse verhouding terwyl die gebroke lyn 'n afsydige- of konflik verhouding voorstel.




**1.** Die eerste driehoek met al drie lyne soliede swart strepe is die gebalanseerde driehoek waarin die drie persone goed oor die weg kom. Hier heers 'n atmosfeer van harmonie. Dit is dan ook die struktuur waarna almal streef.



**2.** Die tweede driehoek bestaan uit drie gebroke lyne. Hierdie tipe struktuur dui op totale disfunksionaliteit. Hier is konstante wrywing en die verhouding sal op die lang duur disintegreer.



**3**. Die derde driehoek bestaan uit twee gebroke en een soliede lyn. In die verhouding verwerp twee persone die derde persoon byvoorbeeld: twee boeties wat met hul sussie baklei. Hier is egter sprake van 'n balans en die verhouding kan op die langduur slaag. Die verhouding het potensiaal.



**4.** Die vierde driehoek bestaan uit twee soliede en een gebroke lyn. Hier kom die derde persoon met beide ander persone oor die weg terwyl hulle nie met mekaar oor die weg kom nie byvoorbeeld die ma wat probeer om vrede tussen pa en seun te bewaar. Die verhouding is ongebalanseerd en sal probleme oplewer.

#### 4.7.4.2 Differensiasie tussen afhanklikheid en onafhanklikheid

Die Bowen (1994:108) teorie rus verder op differensiasie tussen afhanklikheid (eenheid) en onafhanklikheid (individualiteit) waardeur verhoudings oor die algemeen gedefinieer word. Volgens Stoop en Masteller (1996:76) ontstaan disfunksionaliteit sodra hierdie pole nie in balans is nie. 'n Individu se funksionaliteit in 'n verhouding word medebepaal deur die tipe emosionele verhouding wat die individu met sy ouers gehad het deurdat elke nuwe verhouding die verhouding met die ouers spieël (Titelman, 1998:14; Bowen 1994:530). Indien 'n persoon optimaal wil funksioneer moet hy die verhoudings in sy gesin van oorsprong bevraagteken, definieer, en tot insig kom ten opsigte van sy plek en funksie in daardie gesin. Hierdeur ontwikkel die self tot emosionele volwassenheid (Titelman, 1998:15; Stoop & Masteller, 1996:76). Groei en verandering kom eerstens deur insig te verkry ten opsigte van dit wat die persoon ontneem (ontsê) is aangesien 'n mens gemotiveer word deur dit wat hom ontsê is, tweedens deur individuele aandeel in die probleem te identifiseer, en laastens deur verantwoordelikheid te aanvaar vir individuele keuses (Augsburger, 1996:33). Ten einde suksesvol te differensieer moet hierdie persoon dus sy ouers en hul motivering ken en hiervoor is inligting van ten minste drie voorgeslagte (verkieslik sewe) nodig. Gedurende die afgelope 150 – 200 jaar was daar 64 tot 128 gesinne wat elk 'n effek het op die persoon wat jy vandag is (Titelman, 1998:16). Deur die onvolwasse gedragspatrone van beide ouers te identifiseer kan hierdie persoon die dele wat hy geïntegreer het vanaf vorige geslagte, identifiseer. Volgens Bowen is kennis van die voorgeslagte die sleutel tot die huidige geslag aangesien die voorgeslagte lewe deur die huidige geslag (Titelman, 1998:17; Stoop & Masteller, 1996:9). Elke mens bestaan uit sterk en swak karaktertrekke en tydens jou afsterwe laat jy iets daarvan na aan die volgende geslag. Bowen (1994:435) kom tot die gevolgtrekking dat die verhouding tussen ouers die oorsaak van gedragsprobleme by kinders is. In die lig hiervan het hy reeds gedurende die sestiger jare besluit om die ouers in plaas van die kinders te beraad - baie ouers het dan ook begrip hiervoor gehad. Die eerste vlak van sy teorie is die opstelling van 'n genogram met soveel moontlik inligting rondom geboorte datums, afsterwe, huweliksdatums, egskeidings, en enige ander geskiedkundige inligting wat bekombaar is. Dit vorm die padkaart na terapeutiese ingrepe en selfkennis omdat dit die individu help om te sien waar hy inpas in die familiesisteem en watter rol hy hierin speel (Titelman, 1998:51; Stoop & Masteller, 1996:105).

#### 4.7.4.3 Verantwoordelike individualiteit

Die tweede vlak van Bowen (1994:530) se metode berus op die emosionele interaksie tussen gesinslede. Die eerste belangrike verhouding in hierdie verband is die van die egpaar (ouers) met mekaar. Hierin word vervolgens gepoog om die individualiteit van die egpaar te onderskei van hul

verstrengelheid met mekaar, en met hul onderskeie ouers. In enige verhouding is die eerste betekenisvolle stap die oomblik wat een persoon verantwoordelikheid vir homself neem en ophou om die ander persoon te verwyt, te verdedig, of verantwoordelik te hou vir enigiets, of self te onttrek. Die doel van hierdie oefening is verder om die self te verstaan teen die agtergrond van die gesin van oorsprong (Titelman, 1998:29; Augsburger, 1996:39). Vir 'n suksesvolle terapeutiese ingreep is dit van belang dat die terapeut homself ken en verstaan ten opsigte van sy emosionele belewing en identiteit. Dit is belangrik omdat die terapeut heel dikwels (selfs onbewustelik) dele van sy emosionaliteit aan die beradene oordra en ook omgekeerd (Bowen, 1994:531-532). Die terapeut moet daarom te alle tye poog om neutraal te staan en nie oorbetrokke te raak by die beradene nie aangesien dit kan lei tot verwarring en 'n emosionele verstrengelheid tussen terapeut en beradene terwyl die self dan verlore raak in die terapeutiese proses (Titelman, 1998:33; Augsburger, 1996:39). Hier is die kennis van driehoeksverhoudings handig. Bowen se teorie impliseer neutrale denke, is nie beskuldigend nie, oorreageer nie – inisieer eerder, en raak nie verstrengel in driehoeksverhoudings nie. Dit beklemtoon die sien van dinge soos dit is, en nie soos iemand dink dit behoort te wees nie (Titelman, 1998:33). Om die self te onderskei beteken eerstens om los te raak van die huidige emosionele wêreld en om dan die situasie te interpreteer teen die agtergrond van die familie se geskiedenis. Bowen sien in hierdie opsig die terapeut as 'n begeleier teen die agtergrond van intergeneratiewe emosionele patrone, simptomatologie, temas, geboorte plek, en rol in die gesin soos wat dit huidiglik presenteer in die huweliksverhouding, gesin van oorsprong, asook die familiesisteem (Titelman, 1998:34-35).

#### 4.7.4.4 Onderskeiding tussen die emotiewe en die kognitiewe

Bowen onderskei verder tussen die emotiewe en die kognitiewe. Beradenes word begelei om die emotiewe te bedink en te bespreek eerder as om dit te beleef – hulle word aangemoedig om belangrike snellers te identifiseer en hierdeur word die beradene dan begelei tot die ontdekking asook identifisering van die self (Titelman, 1998:38). Emosionele distansiëring lei tot 'n neutrale posisie wat 'n selfstandige individu tot gevolg het. Hierdie distansiëring moet geskied teen die agtergrond van die familie se emosionele erfenis ten einde suksesvol te wees. Dit gebeur deur te "luister" in plaas van te reageer. Die doel van hierdie terapeutiese benadering is om die individu te inspireer om navorsing te doen rondom die gesin van oorsprong in terme van die familiegeskiedenis. Die lewe word dus 'n "navorsingsprojek". Hierdie siening stimuleer die denke (Titelman, 1998:43). Om die familiesisteem kognitief te ondersoek, behels volgens Bowen (1994:416) asook Titelman (1998:44) se verwerking van die teorie, die volgende:

- Wat verstaan moet word van 'n persoon is die wie, die wat, die wanneer, die waar en die hoekom in verhouding tot sy familiegeskiedenis.
- Die identifisering van gedragspatrone en prosesse in sy familiesisteem.
- Die balansering van driehoeksverhoudings deurdat daar al minder sprake is van onttrekking, angs, reaktiwiteit, verdediging, en die gee van advies. Die persoon moet die emosionele bril waardeur hy na homself en sy gesin kyk, verruil vir 'n kognitiewe bril waarmee hy na verhoudings kyk. Verhoudings word verstaan deur middel van die kognitiewe en nie deur die emotiewe nie.
- Die versterking en aanmoediging van waarnemingsvermoë. Hierdie is nie 'n eenmalige gebeurtenis nie; dit vra 'n bereidwilligheid tot 'n deurlopende groei proses.

'n Gesin- of familiesisteem vorm 'n emotiewe eenheid ongeag gevoelens. Hierdie emotiewe eenheid funksioneer deurlopend soos 'n magnetiese veld, ongeag van wat ook al gebeur - alle verhoudings word dan ook deur hierdie proses bepaal. Die negatiewe manifesteer ook hierin deur vrese en tekortkominge. Daar is met ander woorde deurgaans 'n konstante vloei van emosionele aksie en reaksie wat verbind is met vorige geslagte en hul belewenisse (Titelman, 1998:51).

Drie betekenisvolle emosionele velde wat mekaar deurentyd onbewustelik beïnvloed, word soos volg deur Bowen (Titelman, 1998:54) geïdentifiseer:

- **Die eerste veld:** Die van die beradene, sy maat en hul gesin.
- **Die tweede veld:** Die maat se vader, moeder en bloedverwante.
- **Die derde veld:** Die beradene se vader, moeder, bloedverwante en vorige geslagte.

Die veld rondom die beradene met sy ouers impliseer 'n emosionele verknogtheid of emosionele afgestomptheid wat 'n effek op huidige verhoudings het. Hierdie emosionele veld is gelaai met betekenis of atmosfeer wat die individu inspireer en motiveer. Die manifestasie van hierdie betekenisvolle atmosfeer lê in die tipiese gedragspatrone van die beradene ten opsigte van verhoudings (Titelman, 1998:53). Iets van die impak van diegene rondom die individu word deur Bowen (1994:540) treffend soos volg verwoord: "If you can get a person to person relationship with each living person in your extended family, it will help you "grow up" more than anything else you could ever do in life". Bowen (vergelyk Titelman, 1998:59) plaas baie klem op die rol van sekere belangrike gebeurtenisse met betrekking tot elke individu.

Die vakterm wat hy in hierdie verband gebruik, is *nodal events* – dit sou beskryf kon word as *knooppunt* gebeurtenisse. Voorbeelde in hierdie verband is die volgende:

- Sodra kinders met skool begin of indien hulle van skool verander.
- Wanneer kinders die huis verlaat.
- Verhuising.
- Egskeiding.
- Her-troue.
- Siektes.
- Aftrede.
- Sterftes of enige ingreep wat deur die gesin as belangrik beleef word.

Die interaksie tussen sulke knooppunt gebeure, gedragspatrone, asook vlakke van persoonlike onafhanklikheid teenoor individualiteit openbaar gewoonlik die emosioneel gelaaide verhoudings tussen die kerngesin en die breë familiesisteem.

## 4.8 SAMEVATTING

Terapeute het in 1966 vir die eerste keer begin verwys na die verskynsel van intergeneratiewe trauma in hul terapeutiese betrokkenheid by die kinders en kleinkinders van *Holocaust* oorlewendes. Tot op daardie stadium is kinders of oor-diagnoseer as psigoties, of onder-diagnoseer as simptoomloos; terwyl die hele kwessie rondom sekondêre traumatiese invloed geensins in berekening gebring is nie. Kinders van *Holocaust* oorlewendes was vervolgens van die eerste groepe op wie navorsing gedoen is rondom sekondêre traumatisering; wat uiteraard dan ook ten nouste verband hou met intergeneratiewe trauma - daarna is soortgelyke navorsing ook toegepas met betrekking tot die kinders van latere oorloë soos byvoorbeeld die kinders van Viëtnam veterane.

Alhoewel daar huidiglik in die literatuur 'n mate van erkenning aan die problematiek van intergeneratiewe trauma gegee word, word die volle implikasie in baie gevalle steeds geïgnoreer. Dat trauma selfs 'n effek het op die lewens van die wat nog nie gebore is nie, is vir talle 'n vreemde gedagte. 'n Navorser soos Danieli (1998:683b) het tot dusver baanbrekerswerk gedoen ten opsigte van intergeneratiewe -trauma en het aangetoon dat die opstel van genogramme en die verkryging van die beradene of gesin se traumageskiedenis van kardinale belang is met die oog op die uiteindelike suksesvolle diagnosering, en emosionele heling van die beradene. Hierin steun

talle navorsers soos Figley (1998:15-20), Bowen (1994:435) , Stoop & Masteller (1996:102) haar. Danieli (1998:1-2a) bevestig egter dat daar 'n leemte betreffende teologiese nadenke met betrekking tot hierdie onderwerp is en Ancharoff *et al.* (1998:257) beklemtoon ook die feit dat hierdie onderwerp in sy geheel nog 'n nuwe navorsingsveld is en daarom baie navorsing benodig.

Sekondêre trauma verwys onder andere na die simptome wat teenwoordig is by die persoon of persone wat primêr verantwoordelik is vir die versorging van 'n getraumatiseerde – gewoonlik die gesin omdat hulle anders as terapeute nie van die omstandighede kan ontsnap nie. Sekondêr getraumatiseerdes verkry dikwels nie die nodige hulp rondom hul traumatisering nie. Die verdere ironie rondom hierdie saak is die feit dat empiriese navorsing erkenning gee aan die sekondêre verwonding van terapeute maar versigtig is met uitsprake ten opsigte van die emosionele verwonding van die kinders van getraumatiseerde slagoffers. Trauma word op verskillende wyses na die volgende geslag oorgedra; waarvan ouerlike invloed die belangrikste is deurdat die ouer se reaksie op trauma met betrekking op die kind se belewing daarvan deurslaggewend is. Oordrag geskied byvoorbeeld deur blootstelling aan die psigose van die ouer, ouerlike voorbeeld, of deur die oor-identifisering met die getraumatiseerde ouer. Dit is belangrik om te onthou dat kinders met hul ouers se *onverwerkte emosionele pyn* identifiseer. Die vader en moeder se impak op die kinders verskil ook - die moeder dra oor die algemeen 'n swak selfbeeld, paranoia, en gebrekkige empatie aan die kinders oor, terwyl die vader verantwoordelik is vir onder andere depressie en "ipekonders". Die moeder beïnvloed die kind emosioneel terwyl die vader die gesin sistemies beïnvloed byvoorbeeld deur chaoties of te rigied te wees.

Waar getraumatiseerde ouers openlik met hul kinders gesels oor traumatiese gebeure van die verlede word sekondêre traumatisering grootliks verhoed. In sommige gesinne het die primêre trauma in vorige geslagte plaasgevind en mag die slagoffers selfs al dood wees – tog word die huidige geslag daardeur beïnvloed. Dit blyk dat adolessensie die mees ontvanklikste tydperk vir intergeneratiewe traumatisering is. Die grootste negatiewe oorsaak van intergeneratiewe trauma lê in die geheimhouding van gebeure. Geheimhouding beïnvloed die gesin as sisteem deurdat hul lewens- en wêreldbeskouing hierdeur geraak word en die gesin in disfunksionaliteit kan verval. 'n Verdere probleem is die feit dat die lewens- en wêreldbeskouing van die gesin met moeite verander. Danieli (1998:5a) haal vir Bettelheim aan wat sê: "What cannot be talked about can also not be put to rest; and if it is not, the wounds continue to fester from generation to generation".

Dit blyk dat gesinne wat vir hulp kom aanklop meestal 'n verkeerde rede gee. 'n Kind sal byvoorbeeld presenteer met gedragsprobleme terwyl die dieperliggende oorsaak verband hou met onverwerkte trauma. Terapeute moet daarteen waak om nie uit die staanspoor die ouers te blameer nie. Die kind se reaksie op 'n abnormale gebeurtenis was waarskynlik eintlik "normaal". In sulke gevalle blyk die verkryging van die gesin se traumageskiedenis deurslaggewend te wees met betrekking tot sinvolle terapeutiese uitkomste.

Die basis van 'n gesin word deur die verhouding tussen man en vrou bepaal wat beteken dat sodra persone met emosionele- en verhoudingsprobleme presenteer, die verhoudings in die gesin van oorsprong bevraagteken kan word. Bowen benader die individu as 'n samesmelting tussen die unieke eienskappe van die persoon en die unieke eienskappe van die familiegeskiedenis waarbinne die individu gebore is. Sy teorie rus verder op differensiasie tussen afhanklikheid (eenheid) en onafhanklikheid (individualiteit) waardeur verhoudings oor die algemeen gedefinieer word. Disfunksionele gedragspatrone ontstaan sodra hierdie pole nie in balans is nie. Ten einde suksesvol te differensieer moet die beradene sy ouers en hul motivering ken en hiervoor is inligting van ten minste drie voorgeslagte nodig. Volgens Bowen (1994) is kennis van die voorgeslagte die sleutel tot die huidige geslag aangesien die voorgeslagte as't ware steeds "lewe" deur die huidige geslag.

'n Gesin- of familiesisteem vorm 'n emotiewe eenheid ongeag gevoelens. Hierdie emotiewe eenheid funksioneer deurlopend soos 'n magnetiese veld, ongeag van wat ook al gebeur - alle verhoudings word dan ook deur hierdie proses bepaal. Binne hierdie magnetiese veld manifesteer die negatiewe ook heel dikwels deur middel van aspekte soos vrese en tekortkominge. Daar is gevolglik deurgaans 'n konstante vloei van emosionele aksie en reaksie wat verbind is met vorige geslagte en hul belewenisse. Deur genogramme en driehoekstrukture kan die emosionele verhoudings en gedragspatrone van 'n familie grafies voorgestel en ontbloot word, sodat die huidige generasie emosionele heling en beheer kan verkry ten opsigte van daardie negatiewe "erflatings" wat andersins weer deur hulle aan die volgende geslag oorgedra sou word.

# HOOFSTUK 5: EVALUERING VAN DIE RESULTATE VAN 'N EMPIRIESE ONDERSOEK

## 5.1 INLEIDING

In aansluiting by die vorige hoofstukke word hier gepoog om praksis en teorie te verbind asook te oorbrug ten einde 'n nuwe, sinvolle teorie met die oog op begeleiding van die tiener wat verwond is as gevolg van oorgeërfde intergeneratiewe trauma, daar te stel (Heyns & Pieterse, 1998:74; Venter, 1996:89). In hierdie hoofstuk gaan gepoog word om deur middel van die verskillende teoretiese perspektiewe asook 'n empiriese ondersoek die teologiese teorieë en ervaring te koppel ten einde 'n praktyk-teoretiese riglyn daar te stel (Heyns & Pieterse, 1990:76; Van der Ven, 1993:38).

## 5.2 EMPIRIESE NAVORSING

### 5.2.1 Doelstelling

Die doel van hierdie hoofstuk is om die praksis en teorie nouer bymekaar te betrek deur middel van 'n empiriese ondersoek. In hierdie hoofstuk gaan daar op 'n verantwoordbare wyse vasgestel word of onverwerkte traumatiese gebeure in voorgeslagte 'n negatiewe effek op hul nageslag het. Indien dit so is, kan insig asook begrip verkry word en kan dit bydra tot die uiteindelike formulering van praktyk-teoretiese riglyne waarvolgens persone wat in hierdie proses emosioneel verwond geraak het, begelei kan word tot 'n groter mate van innerlike heelheid.

## 5.3 METODOLOGIE

'n Empiriese ondersoek is nodig vir sinvolle teorievorming. Die term "empiries" verwys na leer deur middel van ondervinding (Verklarende Afrikaanse Woordeboek, 1993:173). 'n Empiriese ondersoek impliseer vervolgens dat die praktyk geanaliseer word deur middel van die versameling van inligting, die beskrywing daarvan en die uiteindelike verwerking daarvan. Die besinning of nadenke aangaande die praktyk vorm dan ook die kern in soortgelyke ondersoeke (Heyns & Pieterse, 1990:21). Venter (1996:89) definieer empiriese ondersoeke as die ontleding van 'n situasie asook die praktyk ten einde 'n nuwe praktykteorie daar te stel. 'n Empiriese studie van hierdie omvang benodig 'n spesifieke styl. Huidiglik bestaan daar twee hoofstyle van navorsing naamlik 'n kwalitatiewe en 'n kwantitatiewe benadering (Neuman, 1997:14; Strydom, 1999:33). Kwalitatiewe navorsing volg 'n induktiewe werkswyse waar gevolgtrekkings gemaak word uit

onderhoudvoering terwyl kwantitatiewe navorsing 'n deduktiewe werkswyse volg waar vraelyste verwerk word tot 'n interpretasie (Heyns & Pieterse, 1990:81).

Neuman (1997:14) onderskei soos volg met betrekking tot hierdie twee wyses van navorsing:

| KWANTITATIEWE STYL | KWALITATIEWE STYL |
|---|---|
| Meet objektiewe feite | Konstrueer kulturele betekenis |
| Fokus op veranderlikes met betroubaarheid as sleutelfaktor | Fokus op interaktiewe gebeure met getrouheid as sleutelfaktor |
| Waardevry | Waarde is teenwoordig en eksplisiet |
| Onafhanklik van die konteks | Situasiegebonde |
| Gebruik baie gevallestudies | Gebruik min gevallestudies |
| Statistiese analise | Tematiese analise |
| Navorser staan los van situasie | Navorser in diepte betrokke |

In hierdie studie val die klem meer op 'n kwalitatiewe benadering en is van medewerkers gebruik gemaak wat die emosionele slagoffers is van onverwerkte intergeneratiewe trauma. Data is deur middel van vraelyste ingesamel wat deur die informante tydens 'n onderhoudsessie voltooi is. Hierdie vraelyste is opgestel in oorleg met professor P. Joubert, sielkundige en dosent aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom kampus.

### 5.3.1 Kwalitatiewe navorsing

Volgens Neuman (1997:331) het kwalitatiewe navorsing duidelike karakter eienskappe naamlik:

- **Die konteks is van kritieke belang:** Kwalitatiewe navorsers is van mening dat die betekenis van enige gebeure in 'n groot mate afhang van die konteks waarin dit plaasvind. Sosiale konteks is dus baie belangrik vir die verstaan van die sosiale wêreld.
- **Die waarde van gevallestudies:** Die kwantitatiewe navorser versamel spesifieke inligting vanuit 'n groot aantal gevallestudies terwyl die kwalitatiewe navorser soveel inligting moontlik oor een gevallestudie insamel en dit in diepte bestudeer.
- **Integriteit van die navorser:** Die wyse van aanbieding is die belangrikste manier om die leser se vertroue te verkry en hiervoor is genoegsame inligting nodig. Die kwalitatiewe

navorser gebruik sy persoonlike insig en perspektief as mens tot voordeel van die sosiale studie met in ag neming van sy eie lewens en wêreldbeskouing.

- **Basis-teorie:** Die kwalitatiewe navorser begin altyd met 'n basisvraag. Dit veroorsaak 'n wisselwerking tussen die data en die teorie.
- **Proses en opvolg van gebeure:** Tydsverloop is belangrik by kwalitatiewe navorsing. Die evolusie van 'n spesifieke gebeurtenis word verwoord in die opstel van 'n tydlyn – in die geval van hierdie studie, gaan dit dan om die *genogram*.
- **Interpretasie:** Kwalitatiewe navorsing bevat byna nooit diagramme en tabelle met hoeveelhede nie. Data word geïnterpreteer deur betekenis daaraan te gee deur middel van sinvolle oordrag daarvan aan die leser en deur die leser (medenavorsers) se lewens en wêreldbeskouing in ag te neem.

### 5.3.2 Etiese riglyne

Hierdie studie word gedoen met in ag neming van bogenoemde riglyne. Tydens die invul van die vraelys en die daaropvolgende onderhoudvoering is klem op die vertroulikheid van die inligting gelê omdat medenavorsers dikwels huiwerig is om inligting rakende sensitiewe sake bekend te maak. Die medenavorsers is verseker dat geen identifiseerbare aanduiders in hierdie studie gebruik sal word nie.

## 5.4 BESPREKING VAN TERUGVOER

Die kwalitatiewe ondersoek vra die vraag: Het onverwerkte trauma in voorgeslagte 'n negatiewe effek op hul nageslag? Indien dit die geval is, kan dit 'n moontlike antwoord, asook 'n moontlike oplossing, op die huidige probleme rondom die jeug bied. Deur te kyk na die gesin en nageslag van Abraham is hanteringsriglyne in die Skrif gevind wat antwoorde op hierdie probleem verskaf. Die navorser het met verskeie professionele persone onderhoude gevoer om die relevansie van hierdie navorsing in die praktyk, te toets. Skriftelike toestemming om die inligting bekend te maak, is telkens verkry.

### 5.4.1 Leraars

Onderhoude is met leraars van verskillende denominasies gevoer om die ter saaklikheid van die navorsingstuk vir die kerk te bepaal.

- **Denominasie**

**Medewerker 1:** Afrikaanse Protestantse Kerk.

**Medewerker 2:** Evangelies-Gereformeerde Kerk.

**Medewerker 3:** Nederduits-Gereformeerde Kerk.

**Medewerker 4:** Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika.

- **Tydperk in beroep**

**Medewerker 1:** 3 jaar.

**Medewerker 2:** 10 jaar.

**Medewerker 3:** 14 jaar.

**Medewerker 4:** 20 jaar.

- **Is u bekend met die begrip "intergeneratiewe trauma"?**

**Medewerker 1:** Ja.

**Medewerker 2:** Ja, nadat die begrip verduidelik is.

**Medewerker 3:** Ja, ouers wat presenteer met onverwerkte trauma kan hulle kinders emosioneel verwond.

**Medewerker 4:** Ja, nadat die begrip verduidelik is.

- **Het u al beradenes met hierdie probleem beraad?**

**Medewerker 1:** Nee, maar is bewus daarvan dat dit bestaan.

**Medewerker 2:** Noudat die term verduidelik is besef hy dat dit die kern van sommige huidige probleme kan wees.

**Medewerker 3:** Beradenes presenteer gereeld hiermee.

**Medewerker 4:** Beradenes presenteer af en toe hiermee.

- **Is u van mening dat hierdie 'n moontlike probleem area kan wees?**

**Medewerker 1:** Ja.

**Medewerker 2:** Dit is 'n 100% probleemarea. Hierdie leraar is huidiglik self besig met 'n nagraadse studie waarin gepoog word om die effek van disfunksionele ouers op hul kinders, te bepaal. Hierin vind hy aansluiting by die tema van navorser naamlik, "intergeneratiewe trauma".

**Medewerker 3:** Ja.

**Medewerker 4:** Ja, hy besef nou dat baie gemeentelede eintlik stukkend is en nie verstaan waarom nie – hy het ook nie verstaan nie, maar besef nou dat die effek van

intergeneratiewe trauma 'n antwoord kan wees op baie van hierdie probleme.

### 5.4.2 Maatskaplike werkers

Die navorser het verskeie maatskaplike werkers hieromtrent genader en onderhoude gevoer om te bepaal of "intergeneratiewe trauma" deur hulle as 'n moontlike oorsaak van sommige probleme ondervind word. Navorser het ook inter-kultureel onderhoude met maatskaplike werkers gevoer waarin dit geblyk het dat die effek van "intergeneratiewe trauma" ook in ander kulture ondervind word. Hulle kon egter nie toestemming tot die bekendmaking van die inligting gee nie, omdat hulle vir die staat werk. Die terugvoer van die inligting soos verskaf deur maatskaplike werkers wat hul eie praktyke het, was soos volg:

- **Tydperk in beroep**

  **Medewerker 1:** 16 jaar.

  **Medewerker 2:** 35 jaar.
- **Is u bekend met die begrip "intergeneratiewe trauma"?**

  **Medewerker 1:** Ja, nadat die begrip verduidelik is.

  **Medewerker 2:** Ja, nadat die begrip verduidelik is.

- **Het u gevalle wat met hierdie probleem worstel, behandel?**

  **Medewerker 1:** Dikwels.

  **Medewerker 2:** Ja - van tyd tot tyd. Was ook betrokke met berading by 6 SAI (grensoorlog).

- **Is u van mening dat hierdie 'n probleem area kan wees?**

  **Medewerker 1:** Ja, respondent sien dikwels persone wat hiermee worstel. Vir haar lyk dit asof "die storie geskryf word deur die voorgeslag en net uitgespeel word deur die nageslag".

  **Medewerker 2:** Beslis, byvoorbeeld die soldate betrokke in die grensoorlog is nooit "*debrief*" nie en manifesteer met onverwerkte trauma wat hulle op hulle gesinne ontlaai. Dit moet 'n negatiewe effek op die gesinne hê. Respondent het na haar broer as voorbeeld verwys wat "anders" is vandat hy grensdiens gedoen het jare gelede.

### 5.4.3 Sielkundiges

Navorser het ook met sielkundiges onderhoude gevoer om die insidensie van hierdie vraagstuk te bepaal.

- **Tydperk in beroep**

  **Medewerker 1:** 20 jaar.

  **Medewerker 2:** 17 jaar.

- **Is u bekend met die term "intergeneratiewe trauma"?**

  **Medewerker 1:** Ja.

  **Medewerker 2:** Ja.

- **Het u pasiënte wat met hierdie probleem worstel, behandel?**

  **Medewerker 1:** Ja. Alle verhoudingsprobleme worstel eintlik met onverwerkte trauma wat van die voorgeslagte oorgeërf is.

  **Medewerker 2:** Ja, byna daagliks.

- **Is u van mening dat dit 'n probleem area kan wees?**

  **Medewerker 1:** Ja, trauma in voorgeslagte manifesteer in die nageslag as patologie wat in verhoudings manifesteer. Sielkunde verwys na die terapie rondom hierdie probleem as "sirkulêre terapie".

  **Medewerker 2:** Ja. Die respondent spreek die behoefte uit om die effek van intergeneratiewe -trauma op die verwonding van die geestelike sy van 'n pasiënt te onderskei van die psigiese vlak Sy spreek ook die behoefte uit na 'n bepaling van die effek van trauma op die geestelike vlak van verwondes. Waar okkultisme byvoorbeeld in voorgeslagte manifesteer, word daar soms 'n weerstand teen terapie ondervind by sommige van die nageslag, wat moontlik deur geestelike ingrepe aangespreek kan word

### 5.4.4 Samevattende gevolgtrekking

Die idee dat die nageslag die onverwerkte verwonding van voorgeslagte kan "erf", is veral sterk beklemtoon deur die twee sielkundiges wat as respondente opgetree het. Die leraars asook die maatskaplike werkers het, nadat die begrip aan hulle verduidelik is, die patroon van verwonding van geslag na geslag herken. Een maatskaplike respondent het gevra "doen asseblief iets!" om

verwondes te help genees, en een sielkundige het die behoefte dat verwondes genesing op 'n "geestelike vlak" benodig, uitgespreek.


## 5.5 BESPREKING VAN GEÏDENTIFISEERDE GESINNE

Vraelyste is deur die medewerkers tydens 'n onderhoud voltooi. Die tydsduur van die assesseringsonderhoud het gewissel vanaf twee tot drie ure. Die inligting is daarna verwerk en in 'n genogram opgesom. Tydens 'n opvolg onderhoud is die traumageskiedenis asook verhoudings op emosionele vlak in driehoekstrukture voorgestel – tydsduur hier was weer tussen twee tot drie ure. Die struktuur en styl van elke gesin asook die rol van die respondent in die gesin is skematies voorgestel en aan respondent verduidelik. Na mate groter insig in gedragspatrone verkry is, is nuwe inligting telkens bygevoeg en verwerk. Waar moontlik is daar ook 'n onderhoud met die ouers gevoer.

### 5.5.1 Gesin A

Die medewerker het na my uit vrye wil gekom en omdat haar familie agtergrond aansluit by die *Holocaust* navorsing is besluit om haar by hierdie studie te betrek. Die gesin bestaan uit 'n vader, moeder en drie kinders. Die medewerker is tans 'n student. Sy presenteer met hiperaktiwiteit asook verslawing en gebruik Ritalin as kalmeermiddel.

#### 5.5.1.1 Genogram (Sien bylaag F, p.230 vir verduideliking van simbole)



### 5.5.1.2 Agtergrond

Die oupa (moederskant) is Joods en sterf in die *Holocaust*. Die ouma (moederskant) vlug met haar baba dogter uit Nederland na Suid-Afrika. Uit die ouma se tweede huwelik is 'n seun gebore. Beide die ouma en die stiefoupa is oorlede. Die ouma het nooit oor die gebeure rondom haar Joodse eggenoot gepraat nie.

Die medewerker se moeder presenteer met nagmerries, perfeksionisme, migraine, epilepsie en is verslaaf aan voorskrif medisyne. Dit blyk dat daar 'n verstrengelde (*enmessed*) verhouding tussen die moeder en die ouma was. Die moeder het die *Holocaust* gebeure as traumaties beleef en die spook van haar vader se moontlike lyding in die konsentrasiekamp, jaag haar steeds.

Die medewerker presenteer met nagmerries, verslawing, hiperaktiwiteit, migraine, humeurigheid en 'n gevoel van angstigheid. Die medewerker is as jong kind deur haar moeder van die *Holocaust* en meegaande trauma vertel. Haar oupa aan vaderskant is ook van Joodse afkoms en is getroud met 'n Afrikaanse meisie. Haar vader was in die destydse 'bosoorlog' op die grens van Namibië en Angola maar hy praat glad nie daaroor nie. Hy presenteer met artritis asook angstigheid. Die medewerker beleef hom as iemand met 'n vermenging van streng Joods-Christelike lewensuitkyk en Christenskap. Hy leef sy Christenskap wetties en rigied uit – wat ooreenstem met navorsing betreffende die disfunksionele gesin (*cf.* 4.6.3). Sy beleef Christenskap as tegelyk "wetties" en noodsaaklik. Die kinders in die gesin was verbied om oor die verslawing van die moeder te praat en het as gevolg daarvan die emotiewe onderdruk. Volgens Claudia Black (*cf.* 3.11.1) is hierdie 'n tipiese gevolg van die disfunksionele hanteringswyse van die gesin, as gevolg van die getraumatiseerde persoon se verwonding (*cf.* 3.11.1). Tydens die onderhoude was die medewerker duidelik verleë en ontsteld oor die diepte van die emosie wat beleef is, asook haar onvermoë om dit te beheer. Die medewerker weier om uiting aan emosies te gee. Haar lyftaal het tydens die onderhoude telkens gereduseer na dié van 'n jong kind. Die feit dat die medewerker vir navorser vertrou word toegeskryf aan die werking van die Heilige Gees asook haar toenemende onvermoë om die opgekropte emosies te beheer. Dit blyk verder dat die medewerker soos deur Carder (*cf.* 3.11.1) bevind, haar Godgegewe identiteit nooit ontdek of ontgin het nie – sy het bloot probeer oorleef. Sy is angstig oor die toekoms, onseker oor haar lewensdoelwit en visie, ken haar eie vermoëns en persoonlikheid glad nie – terwyl haar onsekerheid sterk deurgeskemer het.

Volgens die medewerker is sy deurgaans vasgevang in pynlike verhoudings. Haar verhouding met vriende en vriendinne beskryf sy as vriendelik maar afsydig. Sy het gevolglik besluit om eerder

onbetrokke by mense te wees – dan is die pyn van skeiding minder. Sy beleef haar verhouding met haar ouers die afgelope twee jaar as betrokke maar vol konflik. Dit is egter 'n verbetering op dit waaraan sy gewoond was. Die medewerker wantrou ander, vra moeilik hulp en sien alles as wit of swart (reg of verkeerd) – 'n patroon oorgedra vanaf haar vader (*cf.* 4.6.3). Haar lewens- en wêreldbeskouing toon 'n angstigheid selfs wanneer dit goed gaan, aangesien sy altyd 'n ramp verwag. Sy onderdruk haar emosies asook behoeftes ten gunste van ander en presenteer as 'n "*people pleaser*".

#### 5.5.1.3 Traumageskiedenis

- Die *Holocaust* waarin die oupa in 'n onbekende konsentrasiekamp oorlede is, asook die vlug na 'n onbekende Suid-Afrika – waaroor die ouma nie wou praat nie, en die moeder geïnterpreteerde boodskappe gegee het.
- Die grensoorlog waarin die vader diens gedoen het en waaroor glad nie gepraat word nie.
- Die geboorte van die jongste kind wat verstandelik gestrem is.
- Die verslawing van die moeder en die gepaardgaande verwonding as gevolg daarvan.
- Die verlies van haar moeder as gevolg van die verslawing asook die verstandelik gestremde broer wat al die beskikbare aandag gekry het.

#### 5.5.1.4 Medewerker se rol in die gesin

Haar funksie in die gesin was dié van die versorger – eerstens van haar moeder en tweedens van haar breingeremde broer. Sy het onderneem om na haar ouers se afsterwe, na haar broer om te sien. Die medewerker beleef dit soms as angswekkend. Sy beleef deurgaans dat haar ouers haar as mens bevraagteken en nie in haar glo nie. Dit voel vir haar asof hulle altyd die slegste van haar verwag, en dat sy die swartskaap in die gesin is, alhoewel sy prestasiegedrewe is en goed presteer. Die prestasies het egter nie die verlangde erkenning gebring nie. Die beradene manifesteer met onttrekking, vrese, psigosomatiese siektes, en 'n swak selfwaarde (*cf.* 4.6.3). Sy sien haar ouers, en veral haar moeder, as weerloos en probeer haar beskerm teen emosionele pyn. Die medewerker self beleef skeidingsangs en wil nie die moeder of ouma se traumaherinneringe aanhoor nie. Dit stem ooreen met Ancharoff *et al.* (1998:258) se navorsing rondom kinders van *Holocaust* oorlewendes (*cf.* 4.7.1).

#### 5.5.1.5 Gesinsdinamika

Nadat die ouers die vraelys in bylaag C betreffende die gesinsdinamika voltooi het, het dit geblyk dat die gesinne van oorsprong disfunksioneel gefunksioneer het. Die moeder se verslawing is waarskynlik onder andere die gevolg van onverwerkte trauma en het ook veroorsaak dat sy 'n gebrekkige emosionele geborgenheid aan haar kinders oordra (vergelyk 4.6.1.1). Sy presenteer tegelykertyd met emosieloosheid aan die een kant, en 'n emosioneel oor-afhanklikheid van haar kinders aan die ander kant (*cf.* 4.5.1.2).

Die vader het klaarblyklik 'n chaotiese struktuur (*cf.* 4.6.1.2) daargestel – waarskynlik ook as gevolg van sy eie onverwerkte trauma en gepaardgaande angstigheid. Soos in die navorsing aangetoon kan dit 'n geïnterpreteerde gevoel van onveiligheid by die kind laat (*cf.* 4.6.1). Die vader was byvoorbeeld afwesig met betrekking tot sy rol as leier van die gesin; hy was selde tuis; daar was nie konstante toepassing van dissipline nie; familiegeheime is aanwesig; emosies van gesinslede is geïgnoreer en die medewerker worstel as gevolg daarvan met skuldgevoelens, minderwaardigheid en die ontkenning van die emotiewe (*cf.* 4.6.1.2).

#### 5.5.1.6 Gesinstruktuur en –styl

Die gesinstruktuur verwys na die emosionele verhoudings tussen gesinslede asook die rolle van die onderskeie gesinslede met mekaar (Carder, 1991:84). Gesinstruktuur verwys ook na die manier waarop die gesin funksioneer wanneer niemand kyk nie, hierteenoor verwys die gesinstyl na die beeld wat hulle na buite uitstraal. Volgens die medewerker het die gesin se styl en struktuur dramaties verskil. Hulle het by tye twee verskillende gesinne gefunksioneer – wat 'n aanduiding van familiegeheime en disfunksies is. Disfunksionele gedragspatrone word deur middel van die struktuur na die volgende geslag oorgedra in die vorm van emosionele probleme van óf oordrewe afhanklikheid óf onttrekking. In hierdie geval maak die medewerker gebruik van onttrekking as 'n hanteringsmeganisme.

#### 5.5.1.7 Gesin se lewens- en wêreldbeskouing

Beide die ouers het aan hul kinders 'n angstigheid oorgedra wat impliseer dat die wêreld onveilig en boos is, en die toekoms onseker. Dit lei in al groter mate daartoe dat die medewerker onttrek van die samelewing en probeer om emosioneel afgestomp te leef. Sy beleef 'n diep gewortelde selfhaat en presenteer met onttrekking, vrese, psigosomatiese siektes en 'n swak self-beeld (Felsen, 1998:46).

#### 5.5.1.8 Terapie

Ten einde haar tot 'n nuwe lewens- en wêreldbeskouing te begelei , is sy in die proses begelei om die volgende waarhede te ontdek (*cf.* 4.7.1):

- Wat presies het met my gebeur?

  Haar behoefte aan emosionele versorging deur haar ouers, is deur hulle "vervul" met *geld.* Sy presenteer met 'n ouer-wond in haar hart en beleef "ek-is-nie-goed-genoeg-nie" – wat haar met 'n emosie van minderwaardigheid laat.

- Waarom het dit gebeur?

  Sy moes kognitief verstaan dat beide haar ouers met die negatiewe effek van "familiegeheime" en "*unfinished business*" geërf van voorgeslagte, maar ook met hulle eie onverwerkte trauma, geworstel het. Hulle het as ouers teenoor hulle kinders opgetree soos wat daar teenoor hulle as kinders opgetree is, maar dat hulle die beste gedoen het met hulle beskikbare kennis. Sy het nou 'n keuse om die beste te doen met haar beskikbare kennis. Sy kan gevolglik nou self kies of sy met die verwonding wil voortgaan en of sy dit wil agterlaat.

- Waarom het ek opgetree soos ek opgetree het tydens die gebeure? (kognitief)

  Die beradene het tot die insig gekom dat 'n kind primêre behoeftes het waaraan die ouer, volgens Skrif, moet voldoen en indien dit nie gebeur nie sal die kind uiting gee aan die gepaardgaande verwonde emosies. Sy het haar situasie hanteer soos enige kind van daardie ouderdom sou. Beide haar behoeftes en haar disfunksionele hantering van die gebrek aan vervulling daarvan was "normaal" vir die omstandighede.

- Waarom het my gedrag van toe af verander?

  Sy het eerstens die leuen van die duiwel, naamlik dat sy minderwaardig is, en dat die Here se bedoeling met haar as individu nie goed is nie, geglo. Sy het tweedens verdedigingsmeganismes gekies waarmee sy emosioneel wou oorleef. As kind het dit gewerk, maar as volwassene gee dit probleme. Dit veroorsaak dat geen verhouding vir haar werk nie en daarom kry sy altyd seer. Sy sal dus nuwe hanteringsmeganismes moet aanleer. Dit is wel 'n tydsame proses, maar sy het nou die *mag* om beter keuses met beter gevolge te kan maak. Sodoende kan sy 'n instrument in die Here se hande word wat kan meehelp in die uiteindelike genesing van haar gesin. Dit, tesame met vergifnis kan die negatiewe effek van intergeneratiewe trauma verander in seën.

- Wat sal ek doen indien dit weer gebeur – sal ek oorleef?

  Sy is nou 'n volwassene wat uit haar foute geleer het en 'n verhouding met die Here kan hê. Hy sal haar lei (soos wat Hy vir Esegiël gelei het) en daarom sal sy oorleef – mits sy Hom met haar saamneem.

- Maak die Here 'n verskil in my lewe?

  Huidiglik is sy voluit gefokus op die Here. Sy verstaan Hom nog nie ten volle nie en beleef selfs soms nog 'n mate van vrees vir Hom omdat sy nog onseker is met betrekking tot Sy bedoeling met haar as mens. Dit is gevolglik vir haar nog moeilik om Hom ten volle te vertrou – nogtans *kies* sy om die pad saam met Hom te loop.

- Kan ander Hom in my lewe raaksien?

  Dit is nog te betwyfel, maar dit maak nie saak nie – solank Hy haar net raaksien.


#### 5.5.1.9 Samevattende gevolgtrekking

Die effek van onverwerkte trauma, asook oorgeërfde trauma, kan verwoestend op die volgende geslag inwerk. Hierdie gesin presenteer met drie kinders wat oneindig baie pyn beleef. Die hartseerste hieromtrent is die verwonding van hul geloof in die Here. Die medewerker weet op 'n kognitiewe vlak dat sy nie sonder die Here kan oorleef nie, maar haar vrees dat Hy haar miskien ook in die steek gaan laat is nog baie groot en hieraan sal nog gewerk moet word. Alhoewel hier geen sprake is van kitsoplossings nie, is hier nogtans aanduidings sprake van 'n wonderbaarlike ingryping deur die Here; aangesien dit net Hy is wat 'n verwonde persoon soos hierdie kon aanraak om ten minste te *wil* verander – dit maak die deur oop vir 'n nuwe toekoms!

### 5.5.2 Gesin B

Die medewerker is deur die skool na navorser verwys. Sy is die oudste (15 jaar) van twee kinders.

#### 5.5.2.1 Genogram (Sien bylaag F, p.230 vir verduideliking van simbole)




#### 5.5.2.2 Agtergrond

Medewerker se moeder en vader is geskei nadat dit aan die lig gekom het dat haar vader haar vanaf ouderdom 9 jaar tot 13 jaar herhaaldelik verkrag het. Sy het dit geheim gehou omdat haar vader gedreig het om die moeder en boetie dood te maak as sy sou praat. Sy is op geen medikasie nie, en mag geen terapie ten opsigte van die verkragtings ontvang alvorens die hofsake nie afgehandel is nie – dit sloer al twee jaar. Die moeder woon huidiglik by haar verloofde. Die onderhoud en assessering van hierdie gesin verskil van Gesin A, en toon dat terapeutiese ingrepe die individualiteit, asook die tipe trauma in berekening moet bring, en daarby moet aanpas (*cf.* 3.13.1).

Tydens die eerste onderhoud is 'n deeglike assessering gedoen. Verskillende fasette is geëvalueer; soos onder andere haar egosterkte, die intensiteit van haar woede, die binding met haar moeder, asook haar dissosiatiewe ervaring skaal. Verdere assessering het geskied deur middel van kreatiewe tegnieke soos byvoorbeeld: 'n plakskildery (collage), asook verskeie tekeninge wat later deur haar, in die teenwoordigheid van die navorser, geïnterpreteer is. Die assessering het getoon dat sy dissosieer en in daardie oomblikke waarskynlik in 'n "fantasiewêreld" ontvlug. Die dissosiëring bemoeilik terapie aangesien dit deur die trauma veroorsaak word en daar geen terapie rondom die verkragting mag plaasvind alvorens die sloerende hofsaak afgehandel is nie. Verder fantaseer sy ook oor die dood en beleef haar vriendekring as negatief – volgens haar probeer almal haar te ná kom en skinder oor haar. Die enigste mense met wie medewerker oor die

weg kom is twee onderwysers – hulle *luister* na haar. Medewerker interpreteer dit as *aandag* en *omgee*. Medewerker beleef meestal emosies soos *eensaamheid, hartseer, en 'n gevoel van doodsheid*.

Tydens die tweede onderhoud is die vraelyste, Bylae C tot E (aangeheg), deur die medewerker voltooi. Hierdie inligting tesame met die eerste onderhoud se assessering is vergelyk, en tot 'n eenheid verwerk. In die onderhoud met die moeder is terugvoering gegee, en nuwe inligting deur die voltooiing van Bylaag B (aangeheg) verkry, wat bygewerk is. Hiertydens het dit aan die lig gekom dat die moeder, asook 'n niggie, as negejariges verkrag is. Hierdie trauma is aanvanklik geheim gehou en daar was geen terapeutiese ingrepe nie. Die trauma is hanteer deur die emotiewe te onderdruk. Hier is dus familiegeheime, onafgehandelde emosionele probleme, asook emosionele afgestomptheid teenwoordig, wat tot disfunksionele hanteringspatrone in die familie as geheel aanleiding gegee het. Navorsing bevestig dat die ouer wat as kind emosioneel verwaarloos is die patroon teenoor sy kinders sal herhaal, aangesien trauma tesame met 'n swak basis in die kinderjare die verwoesting van verhoudings veroorsaak. Die skade wat op so 'n wyse deur trauma berokken, is vernietig gevolglik die kind se vermoë om lief te hê, en om liefgehê te word (*cf.* 3.6 en *cf.* 4.5.1.2). Tydens die onderhoud met die moeder is verder vasgestel dat sy deur 'n psigiater as bipolêr gediagnoseer en op medikasie geplaas is. Sy het egter die gebruik van die medikasie sedertdien gestaak omdat sy die negatiewe effek daarvan moeilik hanteer en gevolglik ook enige verdere mediese ingrepe weier ten opsigte van medewerker – wat met depressie presenteer. Navorser het met 'n psigiater hieroor gepraat en hy is van mening dat alhoewel verwaarloosde depressie aanleiding kan gee tot maniese depressie (bipolêr), laasgenoemde in meeste gevalle oorgeërf word – dit is dan ook geneig om te manifesteer in sekere familiegroepe.

In opvolgonderhoude is daar aandag gegee aan tegnieke waarmee die medewerker haar woedeuitbarstings op 'n beheerde wyse kon hanteer asook maniere waarop sy uiting aan hierdie onderdrukte emosies kon gee. Die medewerker se belewenis van die Here was verward en sy het gevoel dat Hy haar in die steek gelaat het.

Die oupa aan vaderskant het van die vader se moeder geskei, daarna nog twee maal getrou en geskei, en woon huidiglik saam met 'n vrou. Medewerker het 'n hegte verhouding met haar ouma aan moederskant en gaan elke naweek en vakansies by haar bly.

#### 5.5.2.3 Traumageskiedenis

- Oumagrootjie aan moederskant – seksuele verwonding en miskraam. Beide hierdie traumatiese ervarings is in geheimhouding gehul.
- Die moeder is op 9 jarige ouderdom deur haar suster se vriend verkrag.
- 'n Niggie van die moeder is ook op 9 jarige ouderdom verkrag.
- Die dogter is vanaf ouderdom 9 tot 13 jaar deur haar vader verkrag.
- Die moeder en vader skei.

#### 5.5.2.4 Medewerker se rol in die gesin

Op die stadium is die medewerker die "geïdentifiseerde pasiënt". Sy is die een in die gesin wat die pyn van die familie se onverwerkte emosies, asook die familie se geheime dra (*cf.* 3.13.2). Die medewerker beleef haarself as die moeilikheidmaker van die gesin. Die medewerker voel dat die gesin sonder haar gelukkig sal wees. Sy presenteer met psigosomatiese simptome soos: asma, hoofpyn, maagpyn en naarheid. In 'n onderhoud met die moeder deel sy die navorser mee dat sy en haar dogter met asma, en wat sy beskryf as "*mood swings*" presenteer.

#### 5.5.2.5 Gesinsdinamika

Navorsing bevestig dat molestering heel dikwels op dieper vlak gewortel is by 'n emosionele disfunksie in die ouerhuis. Die gesin was waarskynlik reeds in krisis voor die molestering plaasgevind het en gevolglik was die molestering waarskynlik die vrug van daardie bestaande disfunksionele patroon (*cf.* 3.5). Die verhouding tussen moeder en medewerker presenteer volgens die medewerker, vandat sy kan onthou, met konflik en woedeuitbarstings. Die medewerker beskryf haar moeder oor die algemeen as woedend en humeurig, en erken dat sy self onbeheerbare woede-uitbarstings beleef. Navorsing (*cf.* 3.5 en *cf.* 4.5.1.2) bevind dat woede en aggressiwiteit, soos hier teenwoordig by die moeder, uiteindelik die basis van kinderslagoffers se volwasse lewe vorm. Die oordrag van trauma geskied ook binne hierdie tipe van milieu meestal op 'n nie-verbale wyse vanaf die ouer na die kind deur die wisselwerking van verskillende emosies soos byvoorbeeld dié tussen liefde en aggressie.

Navorsing (*cf.* 4.5.1.2) bevind verder dat die tweede generasie bykans emosieloos leef omdat hulle hul eie behoeftes onderdruk het. Met betrekking tot die onderhawige geval tree hierdie moeder emosioneel afgestomp op en is huidiglik in ontkenning (*denial*) met betrekking tot medewerker se situasie. Sy hanteer die verkragting van medewerker "belangeloos" en amper asof sy van 'n vreemde kind praat. Volgens navorsing beleef die tweede generasie veral probleme rondom

intieme verhoudings met hul eggenote en kinders en verwag hulle van hul kinders om hul behoefte aan emosionele binding te bevredig, wat sodoende sal vergoed ten opsigte van daardie aspekte wat hulle self as kind aan gebrek gelei het (cf. 4.5.1.3). Dit blyk dat hierdie moeder opnuut getraumatiseer is deur medewerker se trauma en dat sy as gevolg daarvan in verwarring leef betreffende haar rol as moeder en ondersteuner vir medewerker aangesien sy self nog behoefte aan ondersteuning het – van medewerker is daar gevolglik in 'n sekere sin verwag om hierdie "rol" te vervul waardeur sy die gemis in haar ma se lewe moet "aanvul"

Die moeder het haar eie trauma geheim gehou en presenteer waarskynlik ook met onafgehandelde emosionele probleme (*unfinished business*) waarmee die medewerker dan moontlik ook geïdentifiseer het. Die moeder gaan van die standpunt uit dat die medewerker oor die trauma moet kom soos wat sy dit moes doen. Dié disfunksionele hanteringspatroon word op sodoende aan die nageslag oorgedra. Beide die medewerker en haar moeder begeer 'n beter verhouding met mekaar, maar weet nie hoe om die muur tussen hulle af te breek nie.

**5.5.2.6 Gesinstruktuur en –styl**

Disfunksionele gedragsprobleme is in die gesinsisteem "in-geoefen" (cf.4.5.1.2 en cf. 3.12) sodat hierdie gesin huidiglik met verskeie disfunksies presenteer. Beide moeder en medewerker is emosioneel intens verwond gedurende die lewensfase waartydens die adolessent se identiteit as individu aan die ontwikkel is (*cf.* 3.7.4.2). Trauma asook die disfunksionele hantering daarvan, skep 'n teëlaarde wat die patroon van mede-afhanklikheid bevorder en dus intergeneratiewe trauma veroorsaak. Die oplossing lê dan ook heel dikwels in die identifisering van die oorspronklike sneller sodat die patroon verbreek kan word en heling kan plaasvind. In hierdie gesin is een so 'n sneller geïdentifiseer, naamlik die moeder se verkragting as kind. Soos reeds aangedui is dit so dat "geheime" intergeneratiewe trauma veroorsaak, terwyl die "waarheid" dit ontlont. In hierdie geval is trauma oor ten minste drie generasies versprei – oumagrootjie aan moederskant, moeder en medewerker.

Die mens is geskape met 'n behoefte aan liefde, en die weerhouding daarvan, of 'n tekort daaraan veroorsaak emosionele wonde wat permanente letsels laat. Sodoende word disfunksionele gedragspatrone ontwikkel wat die nageslag, soos in dié geval, benadeel. Binne hierdie familiesisteem is hanteringsmeganismes aangeleer wat uiteindelik hulle verhoudings negatief beïnvloed het (*cf.* 3.12). In hierdie verband vind medewerker 1 (*cf.* 5.4.3), wat as sielkundige praktiseer en veral fokus op kinders, byvoorbeeld in sy praktyk dat kinders se verhoudings met hul

maats, onderwysers, gesagsfigure, hul ouers en ook almal in hul latere volwasse lewe, die patologie toon van onafgehandelde emosionele probleme wat deur voorgeslagte beleef is. In hierdie opsig vind hy dikwels dat die idee van "die derde en die vierde generasie" wat met probleme presenteer 'n werklikheid is. Disfunksionele hanteringsmeganismes is volgens hom dikwels aan die nageslag oorgedra en huidiglik waarneembaar in kinders se disfunksionele gedragspatrone en verhoudings – wat dan ook die verhouding met hulself asook met die Here insluit.

#### 5.5.2.7 Gesin se lewens- en wêreldbeskouing

Hierdie gesin het 'n lewensuitkyk wat impliseer dat die beste wyse om probleme (trauma) te hanteer, is om dit te ignoreer. Niemand praat daaroor nie, en emosionaliteit word as self-bejammerend beskou. Volgens Claudia Black (*cf.* 3.11.1) is hierdie 'n tipiese gevolg van die disfunksionele hanteringswyse van die gesin. Die medewerker is gevolglik in 'n koshuis geplaas om te verhoed dat medewerker haar moeder emosioneel manipuleer en sodat medewerker kan leer om die gebeure te hanteer. Die moeder woon in dieselfde dorp. Die medewerker beleef dit as verwerping veral omdat die broer vanuit die huis skool gaan. Die moeder praat glad nie met medewerker oor die trauma of gepaardgaande verwonding nie (*cf.* 3.11.1.1) en daar is 'n duidelike onvermoë om as ondersteuningsnetwerk vir mekaar te dien – terwyl die behoefte duidelik sigbaar is.

Volgens navorsing (*cf.* 4.4.2) verander trauma die slagoffer en affekteer veral sy gesin. Hierdie effek word beskryf as sekondêre of intergeneratiewe traumatisering. In hierdie gesin het trauma eers die moeder en jare later ook medewerker se onskuldigheid, vertroue en vrede in die mensdom negatief verander. Beide beleef hulself as weerloos, hulpeloos, asook ontoereikend. Aangesien daar, soos reeds vermeld, huidiglik geen terapeutiese ingreep in die medewerker se lewe rondom die trauma mag wees nie, weens die onafgehandelde hofsaak (indien die verdediging kan bewys dat sy terapie rondom die trauma ontvang het, kan die saak uit die hof gegooi word) het navorser gevolglik besluit dat dit beter sal wees om op hierdie stadium die terapeutiese ingreep meer te fokus op die moeder. Die moeder blyk positief te wees ten opsigte van terapie – wat dit moontlik sal maak om hulle lewens- en wêreldbeskouing positief te probeer beïnvloed. Vrae wat die moeder kan motiveer in die soeke na 'n nuwe lewens- en wêreldbeskouing, en wat vervolgens met haar hanteer is, is die volgende:

- Wat weerhou jou daarvan om jouself, asook die lewe positief te begin ervaar?

- Wat is die patroon wat jou vasgevang hou in sekere verhoudings wat die vermoë het om jou te verniietig?
- Wat is die faktore wat verhoed dat die patroon verander?
- Wat verhoed jou om die mens te word wat jy graag wil wees? (*cf.* 3.13.3).

Moeder en medewerker het 'n verwonde belewing van die Here. Volgens navorsing (*cf.* 3.12.2.1) word denkbeeldige voorstellings van God gevorm deur emosioneel gelaaide gebeure. Hierdie beelde het dan die vermoë om Skrifgebaseerde waarhede te verdraai. Dié gesin was geen uitsondering nie. Moeder en dogter het die Here se bedoeling met hulle bevraagteken. Beide het kognitief geglo, terwyl hulle in hul harte nogtans getwyfel het aan die Here se liefde vir hulle. Die medewerker erken dat sy vrae soos: "Waar was God?" vra, en dat sy ervaar dat sy op haar "eie" is. Sy voel dat die Here nie eintlik vir haar omgee nie en sy twyfel of Hy dit goed bedoel met haar – anders sou Hy mos die verkragtings gekeer het. Sy het 'n kognitiewe keuse gemaak en die Here "gekies" omdat sy glo dat Hy wel bestaan, maar sy beleef Hom nog nie.

**5.5.2.8 Terapie**

Navorser dien as 'n ondersteuning vir die medewerker deur te luister, te ondersteun en deur te bid. Tydens die gebedsingrepe word God aanvanklik nie as 'Vader' aangespreek nie, omdat die slagoffer 'n probleem met haar aardse vader het en gevolglik God deur daardie filters sien (*cf.* 3.7.3).

Die medewerker mag tans geen terapie ontvang nie as gevolg van 'n onafgehandelde hofsaak (indien die verdediging kan bewys dat sy terapie rondom die trauma ontvang het, kan die saak uit die hof gegooi word). Omdat die verwonding ook intergeneratief veroorsaak is, is dit as sinvol beskou om intussen die moeder tot innerlike heling te begelei, wat dan ook in lyn is met die uiteindelike oogmerke van hierdie studie. Deur die moeder se emosionele genesing kan medewerker se trauma uiteindelik dan ook soveel gemakliker hanteer en verlig word (cf. 3.3). As daar verder in ag geneem word dat die effek vanaf die moeder die grootste impak op die kinders het, en dat dieselfde geslag ouer die grootste impak op die kind het, is dit soveel te meer sinvol om die situasie op hierdie wyse te hanteer.

Daar is vervolgens besluit om die terapie aan hierdie gesin in fases te laat geskied. Die eerste fase was om die medewerker te kalmeer, te verseker van ondersteuning deur navorser, en saam met haar ook te werk aan haar verhouding met God. Jer 31:7-9 is as kernteks aan haar gegee terwyl

Esegiël saam met haar deurgewerk word, tesame met die basiese vertrekpunt: Wanneer dit lyk asof alles verlore is en daar werklik geen hoop meer is nie daag die Here op en verander alles. Na afloop van die hofsaak (wat vanaf Oktober 2007 na Maart 2008 uitgestel is) sal daar meer intensief in die terapie gefokus word op die trauma rondom die verkragtings in die verlede. Verder word sy tans sterk ondersteun deur middel van gebed – tydens hierdie sessies is navorser daarop ingestel om aanvanklik nie in die gebed te sterk te fokus op die 'Vader' as aanspreekvorm vir God nie aangesien haar aardse pa so 'n negatiewe invloed op haar lewe gehad het (*cf.* 3.7.3).

In fase twee is daar vervolgens baie sterk gefokus op die moeder. Huidiglik word dit met groot omsigtigheid aangepak, aangesien die moeder as gevolg van haar dogter se trauma, opnuut getraumatiseer is. Daar is aan die moeder verduidelik dat ongeveer twaalf persent (12%) herinneringe in die bewuste geheue gestoor word, terwyl agt-en-tagtig persent (88%) in die onderbewussyn gestoor word (*cf.* 3.13.4.3). As in ag geneem word dat die bewustelike handelinge deur die onderbewussyn gemotiveer word, en dat dieselfde energie wat nodig is om rou te onderdruk benodig word om dit deur te werk, sal dit vir haar sinvol wees om die verwonding deur te werk.

Die volgende is aan die moeder voorgehou om die nodigheid van terapie by haar tuis te bring (*cf.* 3.13.2.1):

- Tyd heel nie alle wonde nie. Haar verwonding het deur die onderdrukking van die emotiewe voortgegaan, en moontlik selfs vererger.
- Ouers doen die beste wat hulle kan, gegewe hul bestaande kennis. Ouers tree onbewustelik teenoor gesinslede op soos wat teenoor hulle as kinders in hul gesin van oorsprong opgetree is. Die moeder moet deurentyd verseker word dat sy nie 'n *slegte* moeder is nie – met inagneming van haar eie traumatiese geskiedenis tree sy eintlik "normaal" op.
- Sy kan sin uit die gebeure verkry – hiervoor is aanvaarding van die trauma nodig. Daarna kan sy *kies* om die trauma *agter te laat* en opnuut te begin lewe.
- Vergifnis dra grootliks by tot 'n verbreking van die patroon van intergeneratiewe verwonding.

Fase drie behels gesinsterapie en sal daarop fokus om moeder en medewerker se verhouding te genees sodat die negatiewe gevolge van intergeneratiewe verwonding op verhoudingsvlak genees

kan word en beide 'n nuwe lewe in en deur Christus kan ontdek. Hierdie fase sal uiteraard eers ten volle kan realiseer na afloop van die hofsaak.


**5.5.2.9 Samevattende gevolgtrekking**

Die proses om sin uit die moeder en die medewerker se trauma te verkry, is 'n tydsame proses omdat die verwonding oor generasies strek. Omdat die verwonding ook intergeneratief veroorsaak is, is dit as sinvol beskou om intussen die moeder tot innerlike heling te begelei, wat dan ook in lyn is met die uiteindelike oogmerke van hierdie studie. Die moeder is in proses om bemagtig te word sodat sy haar eie keuses rondom gedragspatrone kan maak. Hierdeur kan sy haar "beheer" (power) – wat sy tydens haar verkragting verloor het, terugneem. Dit kan 'n groot stuk genesing vir haar meebring en kan daardeur ook genesing vir medewerker meebring. In aansluiting by Catheral (1998:201) wat in haar navorsing vind dat familiegeheime ontbloot kan word deur disfunksionele gesinne se gedragspatrone te bestudeer, is die familiesisteem in hierdie geval aan moederskant bestudeer en het 'n patroon van seksuele misdrywe aan die lig gekom. Met die nodige begeleiding is dit gevolglik moontlik dat moeder en medewerker saam in hierdie familiesisteem die "helde" kan word wat, met behulp van die nodige begeleiding uiteindelik die nageslag van verdere seksuele trauma *bevry* – op hierdie wyse kan hulle dan mettertyd ook al meer sin verkry vanuit hulle eie trauma. Die herstel van hulle verhouding met die Here asook met mekaar kan op hierdie wyse dan 'n positiewe bydra wees vir hul nageslag. Huidiglik is die grootste hartseer in dié gesin hulle "verdraaide" belewing van God wat dan ook daartoe gelei het dat hulle glo dat hulle "minderwaardig" is en dat God nie in hulle belangstel nie – hierdie is deel van die toekomstige uitdaging vir navorser saam met hierdie gesin.

### 5.5.3 Gesin C

Die medewerker het uit vrye keuse na navorser gekom. Die gesin bestaan huidiglik uit 'n moeder en vier kinders. Die vader is oorlede aan kanker.

#### 5.5.3.1 Genogram (Sien bylaag F, p.230 vir verduideliking van simbole)




#### 5.5.3.2 Agtergrond

Die vader was in die polisie gedurende die tagtigerjare maar het nooit daaroor gepraat nie. Na die vader se dood het alles volgens medewerker verander. Volgens haar het alle barsies in die gesin se basis daarna in kraters verander en allesoorheersend geraak. Die gesin het geen sterwensbegeleiding ontvang rondom die vader se siekte of afsterwe nie. Nieteenstaande die feit dat medewerker se moeder 'n verpleegkundige is, is die dood van haar eggenoot uiters traumaties beleef en beleef sy na sy afsterwe 'n totale emosionele insinking. Medewerker vrees vervolgens dat haar broer die patroon van selfmoord in die familie gaan volg. Verder is daar 'n patroon van kanker in die familie aan vaderskant sowel as moederskant. Die vader se ouers is as liefdevol deur medewerker beleef. Die vader was die oudste en enigste seun en daarom redelik bederf. Medewerker beleef hul eie gesin as "*close*". Medewerker se ouma (aan vaderskant) het haar grootgemaak as gevolg van haar moeder se beroep.

Die moeder se gesin van oorsprong funksioneer disfunksioneel. Daar is nie 'n emosionele band tussen medewerker se moeder en haar moeder nie. Medewerker beleef haar ouma aan moederskant as "anders" en die huwelik tussen ouma en oupa as, "hulle het dit oorleef". Die ouma

aan moederskant se pa is oorlede toe hulle as kinders nog klein was en die oumagrootjie moes haar kinders alleen grootmaak. Die oumagrootjie aan moederskant (denominasie: AGS) verwerp die ouma as gevolg van die Gereformeerde kerkverband van haar skoonseun. Hierdie oumagrootjie weier later dat die skoonseun die familieplaas koop as gevolg van sy kerkverband. Hierdie verhouding het nooit herstel nie.

Die verhouding tussen medewerker se vader en moeder is besonder goed en sy beskryf hulle as "*close*". Medewerker se vader het 'n naby verhouding met sy gesin van oorsprong gehad. Die vader se oudste suster aard volgens medewerker na haar ouma aan vaderskant. Sy word deur medewerker as dominant beskryf, haar man as "slap" en haar kinders as rebels en minagtend teenoor hul ouers. Die vader se jongste suster het volgens medewerker "als". Volgens medewerker is hier dus sterk aanduidings van disfunksionele verhoudings in die vader se gesin van oorsprong – dit skep vir medewerker 'n groot probleem.

#### 5.5.3.3 Traumageskiedenis

- Ouma aan moederskant se vader sterf en haar ma (oumagrootjie) maak die 4 kinders alleen groot.
- Ouma aan moederskant word verwerp deur haar moeder as gevolg van die kerkverband van haar man. Die familieplaas aan moederskant word verkoop aan vreemdes omdat oumagrootjie weier dat haar skoonseun die familieplaas koop as gevolg van sy kerkverband.
- Die vader word op 'n stadium met terminale kanker gediagnoseer – hy sterf na 'n siekbed van 12 maande. Geen sterwensbegeleiding vind plaas ten opsigte van die vader of die gesin nie.
- Die moeder ervaar 'n algehele emosionele insinking 'n jaar na haar man se dood.
- Die moeder het verder ook twee miskrame gehad – een na die oudste kind en een voor die jongste kind.
- Die moeder se tweede jongste broer vergas homself op die ouderdom van 35 jaar as gevolg van bipolêre depressie.
- 'n Neef van 18 jarige ouderdom aan moederskant pleeg selfmoord toe hy homself ophang by sy ouerhuis. Bipolêre depressie het ook in hierdie geval 'n groot rol gespeel – dit vind plaas ongeveer twee jaar na sy oom se selfmoord.
- 'n Tweede seun ('n broer van medewerker) pleeg selfmoord deur homself by sy werk op te hang, ongeveer drie jaar na sy oom se selfmoord en een jaar na sy broer se selfmoord. Hy was 18 jaar oud en ook in hierdie geval het bipolêre depressie 'n rol gespeel.

- Al hierdie gebeure was uiteraard uiters traumaties vir hierdie familie as geheel
- Medewerker se jongste broer is met depressie gediagnoseer en is tans op antidepressante.
- Die oupagrootjie aan vaderskant doen diens in die Tweede Wêreld Oorlog en pleeg later selfmoord deur homself te skiet.

**5.5.3.4 Medewerker se rol in die gesin**

Volgens gesinslede was medewerker 'n probleembaba wat baie gehuil en daarom aandag afgedwing het. Die gesin het haar as "vreemd" beleef en dit toegeskryf aan die feit dat sy kreatief is. Medewerker is oordrewe onafhanklik, het probleme met gesagsfigure, bevraagteken alles, beleef haarself as hardkoppig en word as voorskrywend deur haar gesin beleef as gevolg van haar vermoë om sterk opinies te vorm en standpunte in te neem. Medewerker beleef haarself as die een in die huis wat kognitief ingestel is en aan die ander leiding moet gee – redder van gesin en outokraat. Medewerker gebruik rasionalisering as 'n hanteringsmeganisme sonder dat sy daarvan bewus is en regverdig haar gedrag deur middel van ontkenning. Dit is kenmerkend van die sekondêr getraumatiseerde (*cf.* 3.10).

Medewerker en oudste suster baklei baie – hierdie suster is na 'n huwelik van 4 maande van haar man geskei, omdat haar beste vriendin met sy kind swanger geraak het. Die verhouding tussen die twee susters is huidiglik rustiger. Die verhouding met haar tweede oudste suster is volgens medewerker baie goed en hulle vertrou mekaar. Sy is egter baie bekommerd oor hierdie suster aangesien sy in 'n verhouding betrokke is waar die man onder andere met dwelms eksperimenteer. Hierdie suster se hanteringsmeganisme dui sterk op introjeksie – die persoon se identiteit raak ineengestrengel met dié van 'n ander persoon sodat hulle ander versorg maar die *self* verwaarloos en as't ware identiteitloos voorkom. Huidiglik werk medewerker hard aan haar verhouding met haar broer. Haar broer was volgens haar altyd afsydig en eenkant. Die selfmoord van die tweede neef was deur hom traumaties beleef omdat daar 'n hegte band tussen hulle was. Hy het na die diagnose van depressie en die gepaardgaande medikasie handomkeer verander.

Medewerker beleef haarself huidiglik as soekend na die sin van die lewe, haar gawes en talente, asook God se doel met haar lewe. Sy beleef haarself meestal as verward. Medewerker het op 'n stadium van kerk verander – is nou in AGS. "JA" die Here maak 'n verskil in haar lewe en sy het Hom nodig, en "JA" haar geloof benodig nog groei.

Medewerker is deur haar moeder na 'n sielkundige geneem en is deur hom op antidepressante geplaas – medewerker beleef dit as negatief. Sy voel dit is "onsinnig" om haar emosies met 'n vreemdeling te deel – waarskynlik omdat sy so rasionaliseer en geneig is om die emotiewe te onderdruk.

#### 5.5.3.5 Gesinsdinamika

Medewerker beleef haar vader as die gesagsfiguur in die huis. Hy was deurgaans die kalmerende faktor en was die enigste persoon wat haar verstaan het. Teenoor haar moeder was daar altyd 'n rebelsheid wat na die vader se afsterwe vererger het. Medewerker beleef dat prestasie vir haar moeder belangrik is en dat sy sekere verwagtings rondom medewerker koester wat medewerker nie kan laat realiseer nie. Medewerker ervaar dat moeder net op haarself en haar eie behoeftes fokus en dat sy medewerker as persoon miskyk – dit frustreer haar. As tiener het sy teenoor alles en almal gerebelleer – veral teenoor haar moeder en God. Medewerker bevraagteken moeder se gesagsposisie en steur haar nie daaraan nie. Moeder word na 'n senuwee ineenstorting deur huisdokter by hul huis met slaapterapie behandel. Lede van die gesin presenteer tydens hierdie fase met skeidingsangs.

Die oudste suster pas volgens medewerker nie in by gesin nie en word as "groot voor haar tyd" deur medewerker beskryf. Die suster wou vir almal 'n 'moeder' wees maar was as tiener uitermatig rebels teenoor die moeder. Die middel suster word deur medewerker as stil beskryf. Sy "ontdooi" nou eers. Die jongste broer het homself met dwelms, wat bekend staan as "*uppers*", gekalmeer na die vader se dood.

#### 5.5.3.6 Gesinstruktuur en –styl

Volgens medewerker is die gesinstruktuur en –styl demografies, gebalanseerd en dieselfde agter geslote deure as voor ander. Voor medewerker se vader oorlede is, het sy nie nodig gehad om enigiets te bevraagteken nie, maar toe spanning as komponent by hierdie gesin ingegooi word, het die struktuur "ontplof" en het die hele prentjie verander. Die disfunksies wat onder die oppervlak lê en broei het, het te voorskyn gekom (*cf.* 4.7.4.1). Navorsing toon dat die moeder van 'n gesin in 'n baie groot mate die gesin se emosionele ingesteldheid bepaal. Indien die moeder van 'n gesin kalm en met geen "*unfinished business*" presenteer nie, sal haar gesin as sulks manifesteer (*cf.* 4.6.1). Medewerker se gesin van oorsprong presenteer egter met emosionele probleme wat heenwys na die moeder se disfunksionele patrone wat oorgeërf is vanuit haar gesin van oorsprong, wat weer oorgeërf is vanuit haar moeder se gesin van oorsprong! Hier is dus duidelike

aanduidings van intergeneratiewe verwonding wat oorgeërf is vanaf die voorgeslagte. Binne disfunksionele gesinne is die kwessie rondom die emosionele verbondenheid aan die ouers (veral met die moeder) gewoonlik ook een van die groot bepalende faktore. By kinders wat byvoorbeeld met emosionele probleme worstel is daar heel dikwels 'n oor-verbondenheid met die ouers in die gesin van oorsprong. By sulke verhoudings is daar dan gewoonlik óf 'n emosionele verknogtheid óf 'n emosionele afgestomptheid wat 'n effek het op huidige verhoudings. Heelwat van hierdie aspekte is dan ook waarneembaar by medewerker in haar verhoudings met diegene ná aan haar. Haar verhoudings word verder ook gekenmerk deur rasionalisasie - hiermee onderdruk en hanteer sy die emotiewe sodat haar verhoudings met die teenoorgestelde geslag as problematies presenteer.

#### 5.5.3.7 Gesin se lewens- en wêreldbeskouing

Huidiglik gebruik die moeder die terme "ons-het-oorleef" met verwysing na die vader se afsterwe. Gegewe die genogram, was haar gesin van oorsprong disfunksioneel en is die gebruik van hierdie terme tipies van disfunksionele gesinne. Volgens navorsing (*cf.* 4.6.2) presenteer families met hierdie lewens- en wêreldbeskouing as materieel suksesvol en neig hulle dikwels ook tot prestasie gedrewenheid. Hulle leef egter emosioneel afgesny van geliefdes en studies toon dat selfmoord onder dié groep van die hoogste is. Probleme word kognitief en intellektueel hanteer. Volgens die genogram manifesteer die moeder se gesin van oorsprong met die tipiese gedragspatroon van selfmoord en is emotief afgesny van geliefdes. Die huwelik tussen die ouma en oupa aan moederskant word ook deur die medewerker as "hulle-het-oorleef" beskryf. Volgens die medewerker blyk dit dat die ouma aan moederskant haarself verwyt oor haar jongste seun se selfmoord – daar was geleenthede dat sy hom verwyt het rondom die feit dat hy tydens 'n uiters besige fase van haar lewe gebore is. Hierdie ouma is die jongste in haar gesin van oorsprong en een van 'n tweeling, waarvan een baba by geboorte gesterf het. Medewerker beleef haar ouma aan moederskant as "anders".

Medewerker steur haar nie aan wat ander dink nie. Sy glo daarin om haar "eie ding te doen" ongeag die opinie van andere. Sy glo ook daarin dat 'n mens jouself tevrede moet stel. Negatiewe dinge gebeur – sy hanteer dit met 'n "*get over it*". Medewerker se hanteringsmeganisme is kognitief en intellektueel, en sy beskryf die emotiewe as irrasioneel. Emosionele intelligensie is volgens studies egter kern belangrik vir suksesvolle probleemoplossing aangesien emosies nodig is vir oorlewing en impulse die medium is wat emosies aktiveer (*cf.* 4.5.1.2). Die mens se sin vir waardes en moraliteit lê in die brein want dit is waar keuses gemaak en beplanning gedoen word.

As impulse die intellek uitskakel sal die mens impulsief optree. Die mens moet daarom impulsbeheer kan toepas aangesien die basis van die karakter gesetel is in hierdie persoon se vermoë om impulse te beheer. Impulse is gevolglik veronderstel om onderdanig te wees aan die mens se wil en karakter.

#### 5.5.3.8 Terapie

'n Gesin- of familiesisteem vorm 'n emotiewe eenheid ongeag gevoelens. Hierdie emotiewe eenheid funksioneer deurlopend soos 'n magnetiese veld, ongeag van wat ook al gebeur. Alle verhoudings word dan ook deur hierdie proses bepaal. Die negatiewe manifesteer soms ook binne hierdie eenheid deur middel van vrese en tekortkominge. Daar is met ander woorde deurgaans 'n konstante vloei van emosionele aksie en reaksie wat verbind is met vorige geslagte en hul belewenisse. Die medewerker funksioneer baie sterk kognitief en gevolglik is daar in die gesprekke met haar gebruik gemaak van Bowen se teorie van emosionele distansiëring aangesien dit vir haar ondersteunend kan wees in haar soeke en ontdekking van die self. Die lewe is verder vir haar as 'n *navorsingsprojek* voorgehou wat terselfdertyd as inspirasie vir haar denke kan dien (*cf.* 4.7.4.4).

Om hierdie betrokke familiesisteem kognitief te ondersoek en te evalueer, is gesprekke aan die hand van die volgende riglyne gevoer:

- Medewerker moet die *wie*, die *wat*, die *wanneer*, die *waar* en die *hoekom* in verhouding tot sy familiegeskiedenis bevraagteken sodat insig verkry kan word.
- Gedragspatrone in die familie moet identifiseer word - die genogram is hiervoor gebruik.
- Die balansering van driehoeksverhoudings is gebruik om onttrekking, angs, reaktiwiteit, verdediging, en die gee van advies te beperk.
- Medewerker se waarnemingsvermoë is aangemoedig – hy moet ook bewus wees van die feit dat hierdie proses nie 'n eenmalige gebeurtenis is nie maar dat dit 'n bereidwilligheid vra tot 'n deurlopende groei proses.

#### 5.5.3.9 Samevattende gevolgtrekking


Die genogram van hierdie gesin toon duidelike disfunksies by sowel die moeder as die vader se families. Hier is intergeneratiewe verwonding ter sprake, tesame met die trauma van die vader se terminale siekte en sy uiteindelike dood. Met behulp van terapie kan die oorgeërfde patroon van disfunksies getermineer word en die trauma rondom die vader hanteer word sodat die nageslag deur middel van die medewerker nuwe en beter keuses rondom gedragspatrone kan maak. Op hierdie wyse kan medewerker dan ook tot 'n sinvolle "afsluiting" (*closure*) begelei word met

betrekking tot beide die verwondings – dit is dan ook steeds deel van die toekomstige uitdaging in die proses saam met navorser. Uit Bylaag D (aangeheg) is dit duidelik dat medewerker God se bedoeling met haar as mens bevraagteken. Dit stem ooreen met navorsing (*cf.* 3.7.3).

### 5.5.4 Gesin D

Medewerker het uit vrye wil 'n afspraak met navorser gemaak. Sy vader en moeder is geskei toe hy 14 jaar oud was. Hy het 'n ouer suster met wie hy nie oor die weg kom nie.

#### 5.5.4.1 Genogram (sien bylaag F, p.230 vir verduideliking van simbole)




#### 5.5.4.2 Agtergrond

Medewerker se vader was in die "grens-oorlog" en het vir hulle byvoorbeeld vertel hoe sy vriend langs hom doodgeskiet is. Die vader het gedurende later jare alkohol as "verdowingsmiddel" gebruik en onder die invloed hiervan het hy soms van die oorlog gepraat. Die vader het ook soms woede uitbarstings gekry waartydens hy die moeder aangerand het ten aanskoue van die kinders. Medewerker het dit as traumaties beleef en kry deesdae terugflitse daarvan. Medewerker poog om die gebeure te verwerk. Die oupa aan vaderskant is oorlede toe medewerker se vader 7 jaar oud was. Die ouma aan vaderskant is weer getroud maar die huwelik was nie gelukkig nie en die stiefvader het medewerker se vader mishandel. Uit die huwelik tussen medewerker se ouma en die stiefoupa is 'n seun gebore wie se gesin huidiglik met disfunksies presenteer. Medewerker beskryf die ouma as 'n harde en koue mens en hy hou nie van haar nie.

Medewerker was op 'n stadium in 'n disfunksionele verhouding waarin die meisie hom fisies afgeknou het. Medewerker presenteer met angstigheid, depressie, leer-probleme en hy beskou

homself as 'n "moeilike persoonlikheid". Medewerker wil nie sy vader se disfunksies oorerf nie en beleef angstigheid hieroor.

Die moeder se vader is 'n alkoholis en 'n egbreker. Hierdie huwelik was vol spanning. Die moeder drink volgens medewerker te veel, maar is nie 'n alkoholis nie. Die familie aan moederskant presenteer volgens medewerker met disfunksies en hy wil ook nie soos hulle wees nie.

#### 5.5.4.3 Traumageskiedenis

- Vader in "grens-oorlog".
- Woede uitbarstings van vader.
- Vader rand moeder in die teenwoordigheid van die kinders aan.
- Vader presenteer met alkoholisme en rook.
- Moeder presenteer met rook en alkoholisme.

#### 5.5.4.4 Medewerker se rol in die gesin

Medewerker het tot dusver bloot probeer oorleef. Hy presenteer as 'n introvert en wantrou ander se motiewe. Die eerste 14 jaar van sy lewe was gevul met angs en onsekerheid omdat hy nooit geweet het wat by die huis op hom wag nie. Emotiewe vermoëns is ondervinding-gebaseer en daarom is dit so dat indien die kind met niemand 'n emosionele band kan ontwikkel nie, kan positiewe emosionele gedrag nie verwag word nie (*cf.* 4.4.4). Medewerker was waarskynlik die vredemaker in die gesin. "Hy wou net nie moeilikheid hê nie". Medewerker het geen verhouding met sy suster nie en beskryf haar as 'n "gek-maker". Sy is volgens medewerker depressief, maar hy twyfel of sy dit weet. Medewerker en die ouma aan moederskant het 'n baie hegte verhouding.

#### 5.5.4.5 Gesinsdinamika

Hier is nie sprake van emosionele binding tussen die gesinslede nie. Hulle leef afgesny van mekaar en sien mekaar selde. Medewerker verkies dit so. Volgens navorsing is emosionele onbetrokkenheid kenmerkend van die getraumatiseerde familiesisteem (*cf.* 4.5.1.2). Die moeder word deur medewerker gesien as 'n ekstrovert wat die vader getreiter het totdat hy haar aangerand het – sy het daarvoor gesoek. Die vader word verskoon omdat hy 'n liefdesteleurstelling gehad het en daarna vrouens as minderwaardig gesien het. Medewerker interpreteer dit as genoegsame rede om vrouens aan te rand. Hyself wil dit egter nooit doen nie, maar is bang dit gebeur wel êrens. Om hierdie rede vermy hy huidiglik enige verhoudings en het hy min vriende, en verkieslik

"geen" vriende nie. Medewerker se gesin van oorsprong het hom in homself laat keer en hy kan maklik in die versoeking kom om soos 'n kluisenaar te lewe.

#### 5.5.4.6 Gesinstruktuur en –styl

Die vader het 'n struktuur van chaos daargestel. Hy was afwesig met betrekking tot sy rol as leier van die gesin. Dissipline en die deurvoer van probleemoplossings was swak en daar was geen reëls of beplanning nie. Hier is waarskynlik familiegeheime teenwoordig en dit is 'n gegewe dat die emosies van gesinslede geïgnoreer is. Volgens navorsing word fisiese of emosionele mishandeling in die chaotiese gesin aangetref en gesinslede worstel met skuldgevoelens, minderwaardigheid en ontkenning van die emotiewe. In hierdie gesin het die vader die moeder aangerand (*cf.* 4.6.1.2). Navorsing (*cf.* 4.6) bewys ook dat oorlogsveterane meer met huweliksprobleme, aggressiwiteit teenoor eggenote en vyandigheid teenoor geliefdes presenteer en dat hulle dit dikwels moeilik vind, selfs onmoontlik, om die rol van eggenoot, vader, en broodwinner te vertolk – soos wat dan nou ook in hierdie geval bevestig word.

#### 5.5.4.7 Gesin se lewens- en wêreldbeskouing

Medewerker beskryf sy gesin van oorsprong se lewens- en wêreldbeskouing as dié van "slagoffers". Hierdie tipe gesinne is geneig om te presenteer met depressie, vrese vir herhaling van trauma, is skoorsoekerig, en projekteer skuldgevoelens op ander. Hul algemene hanteringsmeganisme is projeksie (*cf.* 4.6.2). Medewerker rasionaliseer beide sy oupa aan moederskant as egbreker en sy moeder se aanranding deur sy vader. Volgens hom het die ouma aan moederskant die oupa telkens teruggewen met haar liefde. Hy sien hierdie ouma as sag en liefdevol. Hy *verstaan* egter dat sy oupa nie anders kon as om 'n egbreker te wees nie.

> "Hy het 'n drank probleem gehad en waarskynlik het 'n vrou hom ook te ná gekom
> - gelukkig het sy ouma verstaan".

Die huwelik tussen die oupa en ouma was vol konflik maar presenteer huidiglik "rustig". Hierdie oupa was in 'n motorongeluk en kan as gevolg van ligte breinskade nie onthou dat hy 'n egbreker was nie – hierdie tipe gedrag het gevolglik ook tot 'n einde gekom.

#### 5.5.4.8 Terapie

Volgens navorsing (*cf.* 4.4.4) is getraumatiseerde kinders se angsvlakke deurgaans oorgestimuleer, wat verhoed dat die korteks behoorlik ontwikkel – hulle interpreteer gevolglik slegs nie-verbale kommunikasie. Eers wanneer hierdie kinders geborge voel en genoegsaam gekalmeer is, sal hulle verbale kommunikasie behoorlik kan interpreteer. Interpretasie geskied normaalweg

teen die agtergrond van ondervinding – hier speel die geheue dus 'n deurslaggewende rol. Die getraumatiseerde kind se geheue is gevul met onvoorspelbaarheid, pyn, angs, en ongeborgenheid. Terapeutiese ingrepe sal vervolgens moet fokus op die herskep van geheue deur middel van voorspelbare, positiewe insette wat met geduld en takt uitgevoer word. Ingrepe sal telkens by die individu se behoefte aangepas moet word. Medewerker het 'n behoefte aan terapie, maar sy vrese is huidiglik op die voorgrond en redelik oorweldigend. Hy ervaar God as 'n "paaiboelie" wat hom net wil straf, en hy bevraagteken God se bedoeling met hom as mens – hy besef egter dat 'n mens 'n verhouding met God moet hê, hy weet egter nie hoe nie. Hier moet gefokus word op die bou van 'n vertrouensverhouding terwyl daar deurgaans assessering gedoen word. In hierdie proses moet antwoorde telkens geverifieer word omdat medewerker so wantrouig is en gevolglik neig om feite of te weerhou of verdraaid weer te gee. Antwoorde moet dus deurgaans getoets word. Daar moet baie swaar gesteun word op die Heilige Gees se leiding en sorg moet gedra word om ook die geestelike honger waarmee medewerker presenteer, aan te spreek.

#### 5.5.4.9 Samevattende gevolgtrekking

Medewerker presenteer met beide oorgeërfde trauma asook sekondêre trauma en daarom is sy verwarring so groot. Die oorgeërfde verwonding en die gepaardgaande gedragspatrone kan afgesien van kognitiewe herstrukturering ook deur gebedsterapie aangespreek en geheel word en daarna kan die sekondêre verwonding ook hanteer word. Uit hierdie geval blyk maar net weer eens dat tieners wat met intergeneratiewe verwonding presenteer, emosioneel baie broos is en gevolglik met groot omsigtigheid en empatie hanteer moet word. 'n Verdere belangrike ontdekking hier was dat die medewerker disfunksionele gedrag regverdig en dit as "normaal" sien. Dit strook met die navorsing wat bevind dat 'n kind wat aan trauma blootgestel was se denkpatroon negatief ontwikkel omdat die korteks ontwikkeling nie genoegsame positiewe stimulasie ervaar het nie (*cf.* 4.4.4). Medewerker beleef daarom 'n onvermoë om tussen *reg* en *verkeerd* te onderskei en benodig intensiewe terapie wat nuwe denkpatrone kan neerlê.

## 5.6 SAMEVATTING

Uit die empiriese navorsing kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Dit blyk dat intergeneratiewe verwonding 'n negatiewe effek op die nageslag het, dat sielkundiges veral daarmee gekonfronteer word, en dat daar onder andere by sommige van hulle 'n behoefte aan geestelike intervensie is betreffende hierdie verwondes. Dit blyk ook dat psigoterapie bemoeilik word waar okkultiese bedrywighede in die voorgeslagte

manifesteer en dat dit geestelik aangespreek moet word voor suksesvolle terapeutiese ingrepe kan begin.

- Onder die leraars vanuit verskillende denominasies met wie onderhoude gevoer is, is die gevoel eenparig dat die tema van intergeneratiewe trauma nuwe lig kan werp op gemeentelede wat verwond bly ten spyte van ingrepe, en dat dit hulle gaan motiveer om voortaan met 'n wyer visie na mense en hul probleme te kyk. Medewerker 2 onder die leraars is self besig met verdere studies rondom die effek wat ouers se gebrokenheid op hul kinders het, en hy het tot die slotsom gekom (nadat die begrip aan hom verduidelik is) dat "intergeneratiewe trauma" in talle gevalle die kern oorsaak van huidige gedragsprobleme is – by ouers asook die kinders.

- Medewerker 1 (maatskaplike werker) sê dit is vir haar asof "die storie geskryf word deur die voorgeslag en net uitgespeel word deur die nageslag".

- Die negatiewe effek van intergeneratiewe verwonding lê op verskeie vlakke – emosioneel, fisies, psigies en veral geestelik. Verwondes presenteer met byvoorbeeld verslawing, bipolêre depressie, hiperaktiwiteit, leer probleme, minderwaardigheid, psigosomatiese simptome asook 'n behoefte aan geestelike groei. Om hierdie onderskeie dimensies aan te spreek, is inderdaad die hulp van 'n multidissiplinêre span nodig. Dit blyk daarom dat 'n multidimensionele asook 'n holistiese benadering onontbeerlik is met betrekking tot gevalle soos hierdie. In hierdie verband is dit dan ook belangrik om kennis te neem van die akademiese bydraes wat reeds deur pastorale beraders (*cf.* Hoofstuk 3) rondom hierdie aangeleentheid gelewer is.

- Emosionele verwonding kan, soos by gesin A en C, veroorsaak word deur die onopgeloste trauma van voorgeslagte. Dit kan egter, soos by gesin B en D, 'n herhaling van spesifieke gedragspatrone wees byvoorbeeld seksuele wandade of woedeuitbarstings, tesame met onopgeloste emosionele verwonding (*unfinished business*) – hierdie is dan alles aspekte wat aan die nageslag oorgedra word.

- Die uitstaande kenmerk by die gesinne wat betrokke was by hierdie empiriese navorsing is, afgesien van hul emosionele verwonding, ook hul geestelike verwonding. Die medewerkers van die gesinne (asook die moeder by gesin B) aanvaar op kognitiewe vlak

die bestaan van God en hulle wil gevolglik graag in Hom glo maar hulle ondervind probleme om Hom op 'n daaglikse basis te vertrou. Hierdie aspek bied aan pastorale beraders 'n besondere uitdaging.

- Minderwaardigheidsgevoelens wat een van die gevolge van emosionele verwonding van die verlede is, speel by elk van die gevalle wat hanteer is 'n baie groot rol – dit laat hulle dan ook voel dat hulle nie goed genoeg vir God is nie. Wat hierdie aspek betref, lê daar nog heelwat werk voor betreffende die toekomstige pastorale begeleiding van hierdie medewerkers.

- Medewerker A was tegelykertyd "verlig" oor die feit dat haar disfunksionele lewe 'n "oorsaak" het, maar ook verslae as gevolg van die pynlike effek daarvan. Medewerker B het geen reaksie op dié inligting getoon nie, terwyl haar moeder verlig voorgekom het oor die feit dat "iets daaraan gedoen" kan word. Medewerker C was opgewonde oor die feit dat sy 'n rol in die genesing van die huidige geslag asook haar nageslag kan speel. Medewerker D was angstig om genees te word van die familie se disfunksionele gedragspatrone.

- Die negatiewe effek van intergeneratiewe verwonding is hoogs verontrustend. Verwonding van hierdie aard is nie oppervlakkig nie en daar is pynlike emosionele wortels wat baie diep gevestig het. Vir navorser was die sigbare tekens van diep pyn en wroeging by al vier die gesinne opmerklik. Die vier medewerkers het hul verwonding verskillend hanteer. Medewerker A het haar pyn gesus met dwelms, medewerker B dissosieer, medewerker C gebruik rasionalisering om te ontvlug en medewerker D onttrek van die samelewing (kluisenaar). Dit blyk dat hoe meer generasies beïnvloed was deur die trauma, hoe groter is die "infeksie" en hoe dieper is die wonde met betrekking tot die nageslag. Die begeleiding van verwondes van intergeneratiewe trauma hou verband met 'n langtermyn herstel proses waarbinne die toewyding van beide die berader sowel as die emosioneel verwonde persoon uiters noodsaaklik is.

- Terapie met betrekking tot pyn wat op so 'n diep vlak lê, kán 'n groot verskil maak – die rol van die pastorale berader sal egter moet geskied in totale afhanklikheid van die Heilige Gees omdat dit in laaste instansie net Hy is wat op die langtermyn volkome genesing kan fasiliteer - dit is immers net Hy wat die werklike feite en oorsake ken.

- Intergenerratiewe verwondes moet met groot versigtigheid en empatie hanteer word. Die oopkrap van familiegeheime is pynlik en dit kan destruktiewe gevolge hê indien dit verkeerd hanteer word – tog blyk dit aan die ander kant bevrydend en genesend te wees indien dit met omsigtigheid en oorleg benader word.

# PRAKTYK-TEORETIESE AFDELING

## HOOFSTUK 6: FORMULERING VAN PRAKTYK-TEORETIESE RIGLYNE

### 6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word daar gepoog om praksis en teorie met mekaar te versoen. Op grond van die metateoretiese afdeling (hoofstukke 4 en 5) asook die basisteoretiese afdeling (hoofstukke 2 en 3) is dit duidelik dat die nageslag menigmaal verwond word as gevolg van onverwerkte trauma in *voorgeslagte. Hierdie verwonding manifesteer deur middel van verskeie gedragspatrone waarvan* promiskuïteit, disfunksionele ouerhuise en verslawing voorbeelde is. As deel van 'n pastorale benadering tot sulke emosioneel verwonde persone (en veral dan ook tieners) speel die Skrif dan ook 'n belangrike rol. Die mens kan slegs vanuit die Skrif beraad en oortuig word van God en Sy heerlikheid (De Klerk & Van Rensburg, 2005:3) en in die formulering van praktyk-teoretiese riglyne sal dit dan ook die basiese vertrekpunt wees in hierdie hoofstuk.

### 6.2 DOELSTELLING

Ten einde praktyk-teoretiese riglyne te formuleer vir die pastorale begeleiding van die tiener wat as gevolg van intergeneratiewe trauma verwond is, is dit nodig om die basisteoretiese perspektiewe met die metateoretiese perspektiewe te integreer. Zerfass se voorgestelde model van wisselwerking tussen praksis en teorie (*cf.* 2.5) kom op hierdie wyse dan ook tot volle uitvoering. 'n Brug tussen die praksis en die teologiese teorieë word sodoende gevorm wat die teorie prakties maak in sy verkondiging (Van der Ven, 1993:23).

### 6.3 OMSKRYWING VAN PRAKTYK-TEORIE AS BEGRIP

Volgens Pieterse (1993:52) word 'n praktyk-teorie vir elke mededeelsame handeling ontwerp. Die bevindinge van die empiriese ondersoek word uiteindelik in die praktyk deur middel van interaksie met die bestaande praktyk-teologiese teorieë geïntegreer. Op hierdie wyse is daar dan 'n kritiese interaksie tussen die praktyk en die huidige praktiese teologiese teorieë sodat bestaande konsepte verder uitgebou kan word (Heyns & Pieterse, 1990:86; Van der Ven, 1993:38).

### 6.4 PASTORALE BEDIENINGSRIGLYNE

#### 6.4.1 Inleiding

Elke mens en sy situasie is uniek. Dit is daarom belangrik om sorg te dra dat elke beradingsessie by die spesifieke behoeftes van die beradene aanpas. In hierdie verband is die leiding van die

Heilige Gees tesame met gebed onontbeerlik (Seamands, 2002:22). Die voorgestelde model is 'n hulpmiddel en behoort nie slaafs nagevolg te word nie. Dit is 'n riglyn in die proses om tieners wat verwond is as gevolg van intergeneratiewe trauma tot innerlike genesing en heling te begelei.

In antwoord op die vraag na die moontlike effek van intergeneratiewe verwonding, is dit nodig om die gesin van oorsprong se aandeel in wie jy vandag is, te beantwoord, en daarom moet die gesin en familie se geskiedenis nagevors word. Dit is gevolglik nodig om soveel moontlik inligting rondom die gesin van oorsprong asook die familie se geskiedenis na te spoor (*cf.* 3.2 en 3.7.4).

#### 6.4.1.1 Voorgestelde model vir hulpverlening

- Vereistes betreffende die berader
- Assessering
- Interpretasie
- Die terapeutiese proses
- Skrifbeginsels
- Vergifnis
- Gebed as kernbeginsel van die terapeutiese proses

#### 6.4.1.2 Vereistes betreffende die berader

- **Geestelikheid**

  "The quest for meaning disappears when religion dies" (Van der Ven, 1993:39). Teen die agtergrond van 'n stelling soos hierdie is dit gevolglik van kardinale belang dat 'n berader self 'n verhouding met God sal hê en deur die Heilige Gees begelei word tot insig van homself. Eers dan kan begeleiding aan die beradene suksesvol plaasvind (*cf.* 2.1).

- **Rol van Berader**

  Die berader is 'n *tydelike assistent* (hulp) vir die Heilige Gees. (*cf.* 3.13.8).

  *Hulp* – want die Heilige Gees is die een wat eintlik die werk doen – die berader is eintlik maar net in 'n sekere sin 'n 'fasiliteerder'.

  *Tydelik* – wanneer hierdie berader nie meer daar is nie roep God weer andere om verder met die werk voort te gaan.

- **Vertroue**

  Die berader moet geloofwaardig en bekwaam voorkom. Slegs indien die gesin die terapeut vertrou, sal hulle die pad van genesing loop, daarsonder is hulpverlening onmoontlik (*cf.* 4.7.3). Minuchin en Fishman (1991:31-32) verduidelik dat getraumatiseerde gesinne met baie empatie hanteer moet word. Hul wantroue, verwerping van terapie, vrees, angs en rou moet in ag geneem word.

- **Selfkennis**

  Vir 'n suksesvolle terapeutiese ingreep (*cf.* 4.7.4.3) is dit van belang dat die berader homself ken en verstaan ten opsigte van sy eie emosionele belewing en identiteit. Sonder selfkennis kan 'n berader (selfs onbewustelik) ongesonde dele van sy emosionaliteit aan die beradene oordra en ook omgekeerd. Die berader moet daarom te alle tye poog om neutraal te staan en nie oorbetrokke te raak by die beradene nie aangesien dit kan lei tot verwarring asook 'n emosionele verstrengelheid (*enmeshed*) tussen die berader en die beradene terwyl die *self* dan verlore raak in die terapeutiese proses.

#### 6.4.1.3 Assessering

Dit is die verkryging van inligting ten einde probleme te identifiseer en daadwerklik aan te spreek sodat die beradene effektief tot emosionele en geestelike genesing begelei kan word. Met betrekking tot die tema van hierdie studie is die identifisering van patrone wat vanaf die voorgeslagte geërf is belangrik vir uiteindelike gedragsverandering en innerlike genesing. Die versameling van die inligting in hierdie verband vind plaas in ooreenstemming met die volgende fases:

- **Fase 1**

  Om die beradene as individu te identifiseer is dit nodig om die self te sien teen die agtergrond van die gesin van oorsprong asook die familiegeskiedenis - die beradene moet gevolglik dan ook sy funksie in die gesin van oorsprong verstaan. Hulle moet die oorgeërfde patrone herken sodat daarmee gewerk kan word en heling verkry kan word (*cf.* 3.7.4).

❖ **Fase 2**

Versamel so veel moontlik geskiedkundige inligting rondom die familie. Hierdie versameling kan op twee verskillende maniere geskied naamlik: deur jou 'erfenis' te bevraagteken (*cf.* 3.7.4) en sodoende antwoorde te verkry op vrae soos: soos wie lyk ek, na wie aard ek die meeste, watter gesondheidsprobleme het ek geërf en van wie, waarin glo my familie en hoe lyk hulle waarde- en norme sisteem? Inligting word tweedens verkry deur krities te let op die onderskeie ontwikkelingsfases in jou lewe en te soek na moontlike situasies waar daar emosionele pyn, trauma of sekere tekorte aanwesig was (*cf.* 3.7.4). Die belangrike fases in hierdie verband is die volgende:

- **Baba tydperk (geboorte – 18 maande):** Tydens hierdie fase is die ontwikkeling van basiese innerlike vertroue baie belangrik. Die baba is ten volle afhanklik van die ouers vir versorging. Daar moet nou bepaal word of die beradene op die ouers kon staatmaak vir die nodige versorging, liefde en aandag (*cf.* 3.7.4).

- **Kleuter tydperk (18 maande – 3 Jaar):** Selfstandigheid teenoor minderwaardigheid en onsekerheid ontwikkel veral tydens hierdie fase. Hierdie eienskappe ontwikkel deur die vryheid om te ontdek. Gedurende hierdie tydperk beleef die kleuter alles soos wat die ouers dit beleef (*cf.* 3.7.4; 4.5 en 4.6.1).

- **Voorskoolse tydperk (3 jaar – 4 jaar):** Hiertydens leer die kleuter speel-speel wie hy is en ontwikkel sodoende 'n identiteit, selfvertroue asook inisiatief. As kind manifesteer trauma met onttrekking, senuweeagtigheid en skeidingsangs. Bed natmaak, vrees vir donkerte, algemene vrese, destruktiewe gedrag en woede uitbarstings (*tantrums*) is algemene verskynsels (*cf.* 3.7.4).

- **Voorskool en skoolgaande ouderdom (4 jaar – 7 jaar):** Hiertydens leer die kind om nuwe vaardighede te bemeester. Hier beleef die kind hom as toereikend of as onsuksesvol. Aanmoediging en erkenning is van kardinale belang tydens hierdie fase. Onverwerkte trauma gedurende hierdie ouderdom manifesteer later by wyse van onttrekking, leer-probleme, depressie en aandag afleibaarheid (*cf.* 3.7.4).

- **Skoolgaande ouderdom en pre-adolessensie (7 jaar – 12 jaar):** Die adolessent se identiteit as individu teenoor die identiteit van die groep is veronderstel om

tydens hierdie fase sterker na vore te kom en duideliker van mekaar onderskei te word (*cf.* 3.7.4).

- **Asolessensie (12 jaar – 18 jaar):** Die behoefte aan intimiteit teenoor onafhanklikheid ontwikkel tydens hierdie fase. Die waardesisteem, selfbeeld asook identiteit word gedurende hierdie fase vasgelê. Ten einde jong mense te kan bereik tydens hierdie fase van hul lewens, moet hulle multidimensioneel hanteer word (*cf.* 3.7.4 en 4.7.4.2).

❖ **Fase 3**

- Deur die gebruik van genogramme (*cf.* 4.7.4.2), driehoekstrukture (*cf.* 4.7.4.1) en 'n traumagram (*cf.* 4.7.3) kan versamelde inligting grafies voorgestel word sodat gedragspatrone makliker waarneembaar vir die beradene is. Ten einde die familiesisteem kognitief te ondersoek, word die volgende stappe voorgestel (*cf.* 4.7.4.4):
- Die beradene moet die *wie*, die *wat*, *wanneer*, *waar* en *waarom* in verhouding tot sy familiegeskiedenis evalueer en eksploreer.
- Gedragspatrone in die familiesisteem moet geïdentifiseer word.
- Verhoudings moet eerder kognitief as emosioneel beoordeel word. Die beradene moet gevolglik sy emosionele bril verruil vir 'n kognitiewe kyk na die verhoudings in sy gesin.
- Identifiseer emosionele snellers – dit lei tot selfinsig en selfkennis.
- Moedig die beradene se waarnemingvermoë aan aangesien die ontginning van die familiegeskiedenis nie beperk is tot 'n eenmalige terapeutiese ingreep nie.

#### 6.4.1.4 Interpretasie

Die berader interpreteer die versamelde inligting nou in terme van *die gesin as baarmoeder* (*cf.* 3.5) en gebruik die geïnterpreteerde model as rigtinggewer vir terapie.

- **Kompulsiewe gedrag:** Alle sigbare simptome soos verslawing en kompulsiewe handelinge word hieronder geïdentifiseer (*cf.* 3.5).

- **Verhoudings:** Alle vorme van verhoudings word hieronder verstaan byvoorbeeld: ouer-kind verhouding, vriendskappe, verhouding met gesagsfigure, en dies meer.

Verhoudings word deur trauma asook die beïnvloed. Indien daar dus probleme rondom verhoudings manifesteer is dit 'n gegewe dat daar of trauma of basisvlak probleme of beide voorgekom het in die beradene se lewe (*cf.* 3.5).

- **Trauma:** Dit verwys na alle onopgeloste trauma wat meestal fisiese, psigiese asook geestelike mishandeling insluit. Trauma tesame met 'n swak basis in die kinderjare waarborg die verwoesting van die verhoudingsvlak. Verskillende vorme van trauma sluit onder andere die volgende in:
  - **Aktiewe mishandeling:** Aktiewe mishandeling is daardie tipiese vorme van mishandeling wat maklik waarneembaar is, soos byvoorbeeld molestering en fisiese aanranding (*cf.* 3.5).
  - **Passiewe mishandeling:** Verwys na die ontkenning van die kind se emosionele behoeftes en kan plaasvind as gevolg van egskeiding, dood, 'n gebrek aan aanraking (drukkies) of selfs 'n ongelukkige huwelik (*cf.* 3.5).
  - **Emosionele bloedskande:** Hier is daar nie soseer sprake van werklike seksuele misdrywe nie - die ouer verwag egter van die kind 'n emosionele volwassenheid wat eintlik nie van 'n kind op hierdie ouderdom verwag kan word nie. Dit impliseer verder dat die kind die ouer moet begelei en versorg. Die rolle van die ouer en die kind word hier omgeruil, wat uiteindelik 'n identiteitsverwarring by die kind tot gevolg het. Dikwels word die kind dan ook in hierdie proses verantwoordelik gehou word vir die orde in die ouerhuis (*cf.* 3.5).
  - **Onafgehandelde emosionele probleme** (*unfinished business*)**:** Dit verwys na die ouers se emosionele probleme en vrae wat nooit hanteer is nie, maar bloot onderdruk is. Alle emosies soos frustrasies, woede en pyn word gevolglik aan die kinders oorgedra, waarmee hulle dan identifiseer (*cf.* 3.5). Deur die "*conspiracy of silence*" word trauma dan op hierdie wyse uiters effektief oorgedra na die volgende generasie (*cf.* 4.5.1.1 en *cf.* 4.6.1).
  - **Negatiewe idiosinkrasie:** Dit is die ouers se lewens en wêreldbeskouing asook hul norme en waardes wat verbaal en nie-verbaal aan die kinders gekommunikeer word. Dit word enersyds die goue draad van hoop, of andersyds 'n vernietigende band van hooploosheid wat van geslag na geslag oorgedra word (*cf.* 3.5; 4.5.1.3; 4.5.3 en 4.6.2).

- **Basisvlak:** Dit is die vormingstydperk in die kind se lewe en weerspieël die basis wat gelê is van voor geboorte af.
  - **Swangerskap en die geboorteproses:** Kinders kan reeds tydens die voorgeboorte fase blootgestel word aan negatiewe ervarings asook emosies, soos byvoorbeeld vrees en spanning. Hierdie emosies word reeds in die baarmoeder geïnterpreteer en word deur die ouers aan die fetus oorgedra. Die innerlike wonde bly moontlik verborge tydens die kinderjare maar in die latere adolessente tydperk wanneer die kind se identiteit ontwikkel, manifesteer die pyn (*cf.* 3.2).
  - **Kinderjare:** Hierdie vlak verteenwoordig die versorging van die persoon as baba en kleuter. Indien die kind se behoeftes nie vervul is nie is die *fondasie* swak. Gedurende die eerste ses lewensjare van die kind word 85% van sy volwasse gedragspatrone en lewensuitkyk gevorm - dit is dus 'n belangrike tydperk in die mens se ontwikkeling (*cf.* 3.5; *cf.* 4.4.4 en *cf.* 4.6.3).

#### 6.4.1.5 Die terapeutiese proses

- **Gesinsverband asook individueel**

  Terapie moet verkieslik in gesinsverband geskied (*cf.* 3.13.3 en *cf.* 4.7.4) ten einde optimale genesing te verkry. Die proses (*cf.* 4.7.3) kan indien nodig net so toegepas word met betrekking tot individuele terapie, en verloop soos volg:
  - **Eerste vlak:** Die gesin moet die impak van trauma en/of disfunksies op hul lewe verstaan. Elkeen in die gesin kry 'n spreekbeurt om sy weergawe van die belewing te gee asook die betekenis inhoud van sy woorde te verduidelik. Die doel hier is dat die *wat, hoe* en *waarom* gevra word. Dit is 'n pynlike stadium maar indien elkeen se pyn op die tafel is, kan orde uit die chaos geskep word.
  - **Tweede vlak:** Hiertydens word gekyk na persepsies rondom trauma en/of disfunksies in die gesin. Waardevolle insig ontwikkel sodoende betreffende huidige gesins- asook individuele gedragsprobleme.
  - **Derde vlak:** Die probleem in sy geheel word nou geëvalueer en die gesin word begelei na 'n eenheid en samehorigheid. In hierdie proses word daar gelet op die verskil in sienings maar ook op ooreenkomste. Dit bring 'n veranderde belewing van trauma en verwonding mee asook aanpassing en wysigings ten opsigte van hanteringsmeganismes. Die gesin begin

verwonding as 'n uitdaging eerder as vernietiging ervaar. Die berader moet die beradene / gesin begelei sodat sin uit die verwonding verkry word.

- **Vierde vlak:** Individuele strategieë word bepaal sodat elkeen as individu heling kan ervaar en sodoende kan bydra tot die heling van die gesin. Hierin ondersteun die gesinslede mekaar.
- **Vyfde vlak:** Die ontknopingsfase behels dat die gesin oor die trauma en/of verwonding kan gesels. Hulle identifiseer die mylpale wat reeds bereik is, bespreek toekomstige doelwitte asook hoe hulle mekaar gaan ondersteun en gebeure gaan hanteer. Die pad na heel word is meer soos 'n groeiproses waarvoor hulle nou as gesin kans sien. Hulle het weer beheer oor hul lewe asook hoop vir die toekoms en het ook in retrospeksie sin in die verwonding gevind.

#### 6.4.1.6 Skrifbeginsels

- Dit is nodig om aan die beradene te verduidelik dat om God te ken, nie beteken dat die lewe sonder trauma gaan wees nie. Deur egter in die regte verhouding tot Hom te staan, sal Hy trauma tot jou voordeel laat werk - Rom 8:28 "...vir hulle wat God liefhet, sal alles ten goede meewerk..." (*cf.* 2.8.1.3).
- Dit is verder nodig om die belangrikheid van die Dekaloog as rigsnoer vir die lewe aan die beradene te verduidelik. Die beradene moet verstaan dat die voorskrifte hierin die mens bewaar van 'n chaotiese lewe ongeag of jy as Christen leef of nie. Die mens het egter 'n keuse – hy kan kies om die wet te gehoorsaam of nie (*cf.* 2.8.1.3). God het aan die mens lewe gegee en daarom mag Hy eis dat die mens Hom moet gehoorsaam (*cf.* 2.8.1.6). Indien die mens ongehoorsaamheid kies, sal dit tot die vernietigende oordeel deur God lei (*cf.* 2.8.1.3).
- Die feit dat God die ouers se houding teenoor Hom aan hul kinders gaan toets, beklemtoon Sy genade en regverdigheid daarin dat die kinders 'n kans kry om eie keuses te maak (*cf.* 2.8.1.1).

❖ **Kernbegrippe**

Die berader moet seker maak dat die beradene sekere begrippe en frases se betekenisse verstaan ten einde uiteindelik in staat te wees om God se vereistes en beloftes te kan verstaan. Deur die verduideliking van die betekenis-inhoud van sekere begrippe kan die beradene dan ook self verantwoordelikheid neem vir individuele

keuses rondom sy geloof en toekoms. 'n Bespreking rondom die kernbegrippe (wat nou volg) bied aan die berader ook die geleentheid om die beradene na God te lei (indien daar nog 'n gebrek aan geloofsekerheid sou wees), sy verhouding met God te herstel of om die beradene te begelei na 'n dieper verhouding met Jesus Christus.

- **Sonde:** God sien sonde (*cf.* 2.8.1.5.1) as 'n houding van rebelsheid, wantroue of haat teenoor Hom. Hy gaan die nageslag se houding teenoor Hom toets en hulle so 'n kans gee om reg te kies sodat hulle Sy seën kan ontvang (*cf.* 2.8.2.1). Die beradene moet verstaan dat die gevolge / letsels / kneusplekke van sonde nie altyd ongedaan gemaak word nie, selfs al word dit vergewe – in hierdie opsig het dit dan soms 'n uitkringende effek wat andere binne hierdie siek milieu ook beïnvloed (cf. 2.8.1.3). In hierdie opsig veroorsaak sonde 'n boemerang effek sodat die straf daarop 'n spontane reaksie is. Straf is vooraf ingebou in sonde en word geaktiveer deur die gekose sonde. Die tiener moet die volgende vrae (*cf.* 2.8.2.2) beantwoord om te bepaal of hy 'n verhouding met God het of nie:
  - Maak God 'n verskil in jou lewe?
  - Word Hy aanbid deur jou leefstyl?

- **Afgode:** Hieronder word verstaan *enige persoon* of *enigiets anders,* selfs byvoorbeeld 'n traumatiese insident wat nie êrens finaal afgehandel, afgesluit (*closure*) en agter gelaat word nie (*cf.* 2.8.1.5.1).

- **Jaloesie:** Die Here beskerm wat Syne is met 'n ongekende vurigheid; terselfdertyd verwag Hy dieselfde toewyding van diegene wat hulself as Syne verklaar (*cf.* 2.8.1.5.1).

- **Toereken / besoek:** God "besoek" die mens sodat 'n verandering van hart kan plaasvind. Sodra God se liefde en genade vertrap word, gebruik Hy soms beproewinge ('straf') om die mens mee terug te roep na Hom toe. Beproewinge is hierdie opsig in God se hande 'n positiewe handeling wat uiteindelik tot seën lei (*cf.* 2.8.1.5.1).

- **Liefde:** Die feit dat God genade en seën tot in die duisendste geslag van die wat Hom liefhet sal betoon, beklemtoon God se liefdevolle karakter. Hy "haat" straf en verkies om te seën (*cf.* 2.8.1.5.1).

- **Individuele verantwoordelikheid:** Die Here vra van elkeen *individuele verantwoording* (*cf.* 2.8.2.3) asook *bekering* en niemand word daartoe gedwing nie. God toon op verskeie plekke in die Woord (*cf.* 2.8.2.4) aan dat individuele keuses beoordeel word: Moses, Noag en sy gesin, Lot en sy gesin, asook Ragab en haar gesin. Die Here verlang na 'n innerlike verhouding met Hom. In Jer 29:11 is die belofte: "Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!"

- **Verhoudings:** Jer 31 beklemtoon die noodsaaklikheid van herstel van verhoudings indien die volk wil terugkeer na God toe. Die eerste verhouding van belang wat herstel benodig is die herstel van die verhouding tussen die mens en God – eers daarna kan die verhouding tussen mens en mens herstel. Versoening tussen mense kan alleen geskied as die verhouding met God herstel is. Alles wat verantwoordelik was vir die verwydering tussen die mens en sy God kan deur die bloedoffer van Jesus uitgekanselleer word sodat die verhouding tussen hulle herstel kan word - daarna kan alle aardse verhoudings ook herstel word (*cf.* 2.8.3.4).

- **God as versorger:** Hy wil veral die wat verbrysel van hart is (getraumatiseerdes en emosioneel verwondes) asook dié wat hul afhanklikheid van Hom besef, versorg – Jer 31:7-9: "Ek vergader... blindes, kreupeles, swanger vrouens... In trane sal hulle kom, met smeekgebede, maar Ek sal hulle lei... niemand sal struikel nie... Ek sal hulle droefheid in vreugde verander... daar is 'n toekoms vir jou nageslag" (*cf.* 2.8.2.3).

- **Suur druiwe:** Dit was 'n gesegde van Antieke Israel. Die nageslag ontstaan vanuit die voorgeslag en erf so die voorouers se manier van *doen* asook hul *houding* ten opsigte van sekere objekte waaronder ook hul houding teenoor God. Gedrag na-apery verseker die oordrag van hierdie aangeleerdheid wat die voorspoed van die nageslag positief of negatief beïnvloed. God wil hê dat die

nageslag die sonde van hul voorgeslagte met empatie moet bejeën en bely sodat die situasie in 'n suiweringsproses kan ontwikkel (*cf.* 2.8.2.4).

- **Bekeer:** Kies lewe in Jesus Christus – dit is daar vir almal ten spyte van trauma, verwonding en sonde (*cf.* 2.8.2.4).

- **Die Kruisiging:** Christus se kruisiging impliseer die begin van 'n nuwe vorm van lewe op aarde. In Hom sterf die gelowige se verlede en word 'n nuwe hede vol toekomsverwagting gebore (*cf.* 2.8.3.4). As Christen verkry jy 'n nuwe gesin, naamlik die medegelowiges met God as jou Vader. Deur Sy Gees het Hy jou Sy kind gemaak en daarom is jy veilig want Hy self versorg en beskerm jou (*cf.* 2.8.5.5).

- **Verwonding:** Emosionele verwonding veroorsaak dat die mens God se bedoeling met hom as mens bevraagteken (*cf* 2.8.3.4). Hoe groter die begrip van wat Jesus vir die mens deur Sy kruisdood gedoen het, hoe groter is die opstandingskrag in so 'n mens (*cf.* 2.8.4.1). Die tiener moet geleer word dat dit wat gebeur het, het gebeur. Die verwonding moet op 'n stadium agtergelaat word, anders kan dit die trauma vererger en die tiener ook op 'n geestelike vlak verwond. Die mens wat onregverdiglik ly, kan bemoedig word met die gedagte: Bly gehoorsaam aan God en jou uiteinde sal geseënd wees (*cf.* 2.8.5.5).

- **Roeping:** Elkeen moet onthou dat bekering die beginpunt en nie die eindpunt is nie. Na bekering moet elkeen na 'n dieper verhouding met Jesus Christus en na meer heiligmaking streef. Bekering is daarom maar net die begin van die pad van heiligmaking. Die Here verwag van elkeen om geestelik volwasse te word – in hierdie proses is daar ook 'n roeping op elkeen se lewe is – ook die persoon wat as gevolg van intergeneratiewe trauma verwond geraak het (*cf.* 2.8.4.5).

- **Wedergeboorte (nuwe lewe):** Die mens kan deur Jesus Christus weer gebore word sonder om fisies te sterf! Dit impliseer die oorgang van een lewenstyl na 'n totaal ander lewens situasie. Die wedergebore mens verkry 'n nuwe erfenis met die belofte van nuwe moontlikhede (*cf.* 2.8.5.6).

- **Lewende hoop:** Dit verwys na 'n hoop wat vol lewe is. Gewone "hoop" is in werklikheid "dooie hoop". *Lewende hoop* is daarenteen geanker in 'n Persoon – Jesus Christus (*cf.* 2.8.5.6).

- **Erfenis:** Dit dui op dit wat onvernietigbaar, silwerskoon en heilig is en word vanaf die hemel verkry. Dit wag op diegene wat Christus aangryp en word beloof deur God die Vader. Toekomstige redding is vir die gelowige deur Jesus Christus reeds op aarde 'n werklikheid (*cf.* 2.8.5.6).

- **God die Vader:** God is na die kruisiging almal se Vader. Dit gaan hier om 'n verhouding met God as Vader deur Jesus Christus Sy Seun. Hy is die fontein waaruit lewende water vloei en selfs Jesus Christus Sy seun gehoorsaam Hom (*cf.* 2.8.5.6).

- **Ontferming (genade):** Die gelowige verkry genade in die vorm van redding deur Jesus Christus se kruisdood. Hierdeur verkry elkeen 'n nuwe toekomsverwagting, vry van angs (*cf.* 2.8.5.6).

#### 6.4.1.7 Vergifnis

Vergifnis (*cf.* 3.13.4) speel 'n belangrike rol in die verbreking van die patroon van intergeneratiewe trauma oordrag, herstel in die verhouding met God en die bring van heling vir die mens.

- Vergifnis is 'n wilsbesluit
- Die mens het die vermoë om te vergewe. Dit is egter belangrik dat die feite en detail onthou moet word. Die krag van vergifnis lê in die vermoë om te vergewe terwyl jy onthou.
- Dit is 'n tydsame proses.
- Vergifnis gee aan die mens sy menswaardigheid terug.

➢ **Stappe na vergifnis**

- Erken die verwonding
- Neem verantwoordelikheid vir jou aandeel aan die gebeure.
- Spesifiseer emosies in detail ten einde God toe te laat om spesifiek te werk en te heel.

- Vrees, woede asook gevoelens van minderwaardigheid is meestal teenwoordig en dit moet gevolglik ook hanteer word voordat vergifnis ten volle kan realiseer.
- Oorweeg versoening met oortreder maar onthou dat vergifnis nie versoening beteken nie. Versoening is afhanklik van die gewilligheid van 'n ander party terwyl vergifnis van die beradene self af hang (*cf.* 3.13.4 E).

➢ **Die pyn van selfvergifnis**

Om die self te vergewe en te aanvaar is 'n moeilike maar nodige stap. Om jouself lief te hê, impliseer dat jy waardering het vir hoe God jou geskep het en dat jy Hom daarvoor eer (*cf.* 3.13.4 D). Selfvergifnis benodig die volgende stappe:

- Erken die pyn.
- Identifiseer die emosies.
- Ontlaai die emosies.
- Skep nuwe grense in verhoudings.
- Die afskryf van slegte skuld – vergewe jouself.

➢ **Verlieshantering**

Dit is belangrik om alle verliese wat gelei is as gevolg van trauma, te identifiseer, te herleef en te rou oor die pyn daarvan - en uiteindelik dan alle betrokkenes te kan vergewe
(*cf.* 3.13.4 C).

### 6.4.1.8 Gebed as kernbeginsel van die terapeutiese proses

❖ Gebed is die belangrikste faset van die hele terapeutiese proses en word enersyds gebruik met die oog op die genesing van emosionele pyn asook die genesing van pynlike herinneringe, en andersyds vir voorbidding namens die gesin of familie. Daar moet voorbidding vir elkeen in die familie – ook die aangetroudes – gedoen word. Alle negatiewe en positiewe geïdentifiseerde gedragspatrone binne die familie word in gebed punt vir punt hanteer – waar belydenis nodig is moet dit gedoen word. God word dan ook gevra om die negatiewe patrone in seën te verander (*cf.* 3.13.8 A).

❖ Die gebede geskied in nederigheid, afhanklikheid en in gehoorsaamheid aan die Heilige Gees - die berader moet daarom sy posisie in Christus ken en inneem. 'n Verhouding

met God vorm die basis van genesing en verander die beradene se negatiewe lewens- en wêreld beskouing na 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing (*cf.* 3.13.8).

- Op hierdie stadium word die gesin/individu se belewenis ten opsigte van skuldgevoelens en verwyte ook hanteer sodat vergifnis en heling ook in hierdie verband kan realiseer.

- Nadat soveel moontlik inligting rondom emosionele verwonding verkry is, kan daar nou op gebed as die volgende stap gefokus word (Seamands, 2002:22). Gedurende die gebed word daar veral gefokus op die oorspronklike situasie van trauma en verwonding en word daar spesifiek gebid vir genesing van die emosies en herinneringe gekoppel aan die traumatiese situasie. In hierdie verband moet daar gewaak word teen 'n wye veralgemeende gebed en daar moet punt vir punt gefokus word op spesifieke detail. Hierdie is nie 'n vinnige proses nie – dit neem tyd (*cf.* 3.13.8). Die doel hier is genesing op emosionele vlak sodat daar 'n her-programmering van negatiewe gedragspatrone kan plaasvind (*cf.* 3.13.8).

- Gebede (wat ook afgewissel word met gesprekvoering) tydens hierdie fase vorm dan die kern van die terapeutiese proses as geheel. Beide die berader asook die beradene moet ook ontvanklik wees vir die inspraak van die Heilige Gees (*cf.* 3.13.8).

- Die doel hier is meer as blote genesing – dit reik na 'n dieper verhouding met Jesus Christus. Langtermyn emosionele genesing (en selfs soms fisiese genesing) is heel dikwels dan ook die uitvloeisel van hierdie proses in sy geheel (Seamands, 2002:25).

## 6.5 SAMEVATTING

### 6.5.1 Vereistes betreffende die berader

- Die berader moet self 'n innige verhouding met Jesus Christus, sy Verlosser hê.
- Die berader moet sy plek as 'n tydelike hulp vir die Heilige Gees ken.
- Die berader moet self emosioneel gesond wees.

### 6.5.2 Assessering

Assessering is die verkryging van inligting ten einde probleme te identifiseer en daadwerklik aan te spreek sodat die beradene effektief tot innerlike genesing begelei kan word. Assessering geskied in verskillende fases en wyses.

### 6.5.3 Interpretasie

Interpretasie van inligting is nodig ten einde terapeutiese ingrepe te bepaal.

### 6.5.4 Die terapeutiese proses

Terapie betrek die individu of gesin en geskied in vyf fases. As deel van hierdie proses word die pyn van selfvergifnis asook die hantering van verliese deurgewerk. Die verduideliking van sekere kernbegrippe en Skrifbeginsels is belangrik vir die beradene se verstaan van God die Vader en sy verhouding met die Here Jesus Christus.

### 6.5.5 Skrifbeginsels

Deur die verduideliking van sekere Skrifbeginsels en frases kan die beradene God se beloftes en Sy vereistes beter leer ken. Die berader kan langs hierdie weg 'n beradene na God lei , sy verhouding met God herstel of sy verhouding met God verdiep.

### 6.5.6 Vergifnis

Vergifnis speel 'n belangrike rol in die verbreking van intergeneratiewe trauma oordrag asook met betrekking tot die heling van die persoon in sy verhouding met God – dit bevorder ook die helingsproses in geheel.

### 6.5.7 Gebed as kernbeginsel van die terapeutiese proses

Die rol van gebed is onontbeerlik en behels die voorbereiding van die beradene asook die gebedsfase self.

# GEVOLGTREKKINGS

## HOOFSTUK 7: SAMEVATTENDE KONKLUSIES

In hierdie hoofstuk word die gevolgtrekkings ten opsigte van elke individuele hoofstuk van die studie aan die orde gestel en ten slotte volg dan ook 'n aantal voorstelle betreffende verdere navorsing rondom aanverwante temas.

### 7.1 BASIS-TEORIE

#### 7.1.1 Eksegetiese riglyne

##### 7.1.1.1 God laat sonde nie ongestraf nie

**Eks 20:5-6 en Deut 5:9 -** "...Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van die wat My haat, maar ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van die wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam" (Bybel, 1991).

- Alle gelowe en beskawingsvorme word begrond in die Dekaloog ongeag of jy as Christen leef of nie.
- Sonde word gedefinieer as 'n houding of ingesteldheid wat in die mens se hart en gedagtes ontstaan en is daarom iets meer as 'n blote handeling.
- God sal in beweging kom betreffende sonde aangesien dit in wese opstand teen God en Sy gebod is.
- Deur sonde vervreem die mens van homself, van God en van sy naaste.
- Alle aardse verhoudinge kan herstel en vernuwe mits die mens weer in gehoorsaamheid aan God en Sy gebod leef.
- Ouers se sonde word slegs aan die nageslag besoek indien die kinders die sondige weë van hul ouers navolg.
- God het die reg om van die mens gehoorsaamheid te verwag aangesien Hy aan die mens lewe gegee het.

#### 7.1.1.2 Elkeen is individueel aanspreeklik vir sy sondes

**Jer 31:29-30:** "In daardie tyd sal hulle nie meer sê: "Die vaders het groen druiwe geëet, en die kinders se tande het stomp geword" nie. Elke mens sal oor sy eie sonde sterf: wie groen druiwe eet, se tande sal stomp word" (Bybel, 1991).

**Eseg 18:20:** "Die mens wat sondig, sal sterwe. 'n Seun sal nie die straf op sy pa se sonde dra nie, en 'n pa sal nie die straf op sy seun se sonde dra nie. Wie leef volgens my wil, sal die vrugte daarvan pluk" (Bybel, 1991).

- Elke mens moet persoonlike verantwoordelikheid vir sy lewens keuses neem.
- Lyding en dood word deur sonde veroorsaak.
- Straf is vooraf ingebou in sonde en word geaktiveer deur die gekose sonde.
- Die mens wat oorweldig is deur traumatiese gebeure neig oor die algemeen om die volgende universele vrae te vra:
    - Waar is God nou?
    - Wat is die sin van hierdie sinlose gebeure?
    - Wat gee sin aan die lewe?
- Die beantwoording van die volgende vrae kan 'n aanduiding van trauma asook die bestaan van 'n moontlike wig tussen die mens en sy God aandui:
    - Maak God 'n verskil in jou lewe?
    - Word Hy aanbid deur jou leefstyl?
- Ongehoorsaamheid aan die Here word 'n manier van lewe wat die mens uiteindelik verwoes.
- God wil die emosioneel verwondes (verbryselde van hart) asook diegene wat hulself nie kan help nie versorg.

#### 7.1.1.3 Die oue is verby – die nuwe het gekom

**Kor 5:17-18a**: "Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. Dit alles is die werk van God" (Bybel, 1991).

- In Christus sterf die gelowige se verlede en word 'n nuwe hede vol toekomsverwagting gebore. Die kruisiging hou die belofte in van 'n nuwe lewensvorm op aarde.
- Deur Christus se bloedoffer word alles wat verantwoordelik was vir die verwydering tussen die mens en sy God weggevee.

- Die verwonde persoon bevraagteken God se bedoeling met hom as mens.
- Verwondes benodig 'n persoon om hulle uit hul tronk van verwonding te help bevry. Die "resep" van, bely jou sonde, gehoorsaam die wet en lewe volgens God se wil, is hier onvoldoende. Die enigste "resep" wat voldoen, is die Persoon Jesus Christus.

#### 7.1.1.4 Maak jou los van alles wat agter jou is

**Fil 3:13:** "Ek verbeel my nie dat ek dit alles al het nie. Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is" (Bybel, 1991).

- Christus se droom vir elke emosioneel verwonde mens is 'n breuk met die lewe soos wat jy dit geken het sodat Hy vir jou 'n nuwe lewe kan gee.
- Jesus Christus is al wat die mens nodig het en daarom moet die gelowige nooit ophou groei in sy verhouding met Hom nie. Bekering is die beginpunt - nie die eindpunt nie.
- Dit is elke mens se verantwoordelikheid om geestelik volwasse te word.
- In Hom het elkeen die geleentheid om 'n nuwe verlede te skep vir homself asook sy nageslag.
- Geloof word bepaal deur die opregtheid van 'n verhouding met Christus.
- Elkeen moet waak teen die wanpersepsie van uiterlike vertoon as geloof.

#### 7.1.1.5 Die sleutel tot oorwinning is Jesus Christus

**1 Pet 1:3:** "Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop..." (Bybel, 1991).

- Verwondes wat blootgestel was aan sinlose dade van geweld en onregverdige oorerwing raak moedeloos en word beroof van hul toekomsvisie.
- Die persoon wat verwond is deur oorgeërfde trauma, kan in Christus nuut gebore word.
- In Christus verkry elkeen 'n nuwe gesin sodat die verwonde nie langer meer in dieselfde traumatiese familie dinamiek vasgevang bly nie.
- Die huidige omstandighede in 'n mens se lewe word deur die verlede bepaal, maar in Christus word die verlede verander na 'n vreugdevolle toekoms, gevul met 'n lewende hoop en 'n erfporsie van ewige lewe.

- Die mens erf sekere kwaliteite van voorgeslagte soos byvoorbeeld ras, sosio-ekonomiese klas en burgerskap, maar in Christus erf die mens 'n nuwe identiteit wat verhoudings en selfwaarde herdefinieer.
- In die Ou Testament word Israel geroep as uitverkore volk van God – in die Nuwe Testament roep die Here alle gelowiges as uitverkore volk in Christus.

## 7.2 PASTORALE PERSPEKTIEWE

Sommige beradenes is verwond as gevolg van sondes en trauma wat in vorige geslagte gebeur het en wat nooit geheel is nie. Hierdie verwonding van die voorgeslagte lei tot gewoontevormende gedrag- en persoonlikheidspatrone wat geneig is om van geslag na geslag oorgedra te word. Waar die *lewe* 'n persoon se psige en gees vorm, verskaf genetika die rou materiaal van potensiaal aan die persoon. Die brein word meestal gedurende die kinderjare beïnvloed en as't ware "geprogrammeer". Dit is belangrik om soveel inligting moontlik van die familie en voorgeslagte te wete te kom ten einde enige negatiewe patrone binne hierdie spesifieke familie te kan identifiseer en te hanteer – veral enige onverwerkte trauma en daaropvolgende disfunksionele gedragspatrone. 'n Disfunksionele familie agtergrond word oor die algemeen gespieël deur verslawings en kompulsiewe gedragspatrone. Dit is verder ook belangrik om kennis te neem van die feit dat 'n mens voor sy geboorte reeds blootgestel kon wees aan negatiewe ervarings en emosies. Gedurende die vroeë kinderjare kan hierdie innerlike wonde verborge bly - tydens die latere adolessente tydperk wanneer die kind se identiteit ontwikkel, is pyn soos hierdie egter geneig om te manifesteer. Disfunksies in 'n gesin is teenwoordig indien die gaping of verskil tussen die openbare beeld van die gesin met die werklikheid agter geslote deure verskil. Die oorsaak van die gaping tussen die openbare beeld en die werklikheid lê gewoonlik in familiegeheime opgesluit. Gesinstruktuur verwys na die mate waarin die openbare beeld van die gesin met die beeld by die huis agter geslote deure ooreenstem. God self het struktuur ingestel en dit gebou op perfekte intimiteit. Die sondeval het alles verander en gebroke verhoudings het die mens se erfporsie geword. Driehoekstrukture kan die impak van die sondeval op verhoudings visualiseer sodat dit geëvalueer kan word in terme van intimiteit, afsydigheid of konflik. Dit demonstreer dan die emosionele stabiliteit of disfunksionaliteit in verhoudings en toon terselfdertyd aan of die struktuur met spanning gelaai is of nie. Intergeneratiewe trauma blyk veral plaas te vind op drie wyses, naamlik genetiese oordrag, ouerlike voorbeeld en as gevolg van die funksionering van wette soos deur God ingestel. In die Skrif word sekere disfunksionele kenmerke aangetref in die geskiedenis van Abraham en sy familie. Uit hulle voorbeeld blyk dit dat indien daar nie daadwerklik gewerk word aan pyn in 'n gesin nie, die patroon na die nageslag oorgedra kan word. Die minderwaardige

hantering van waardes en norme word gewoonlik die geheime wat na die volgende geslagte oorgedra word. Dit veroorsaak verder ook verslawings aan middele of mede-afhanklikheid aan persone. Hemfelt *et al.* kom tot die gevolgtrekking dat die gesin soos 'n baarmoeder funksioneer en dat elke traumatiese gebeurtenis, elke oomblik van spanning, elke stuk onopgeloste emosionele pyn, 'n betekenisvolle negatiewe invloed op veral die kinders het. Emosionele verwaarlosing tydens die kinderjare word gewoonlik weerspieël in die volwassene se kompulsiewe gedragspatrone asook probleme op sy verhoudingsvlakke.

Die mens het behoefte aan liefde en wil dit ook uitdeel. Dit is sy Godgegewe reg en gawe. Liefde en toegeneentheid word heel dikwels ook nie-verbaal gekommunikeer. Deur 'n kind hierdie voorreg te ontneem, word sy selfkonsep gekneus en verwond vir die res van sy lewe. Dit kan veroorsaak dat die kind later 'n mede-afhanklike volwassene word. Die probleem rondom mede-afhanklikheid is daarin geleë dat die mede-afhanklike persoon so in ander se behoeftes voorsien dat hy self in 'n toestand van doodsheid en ontkenning van die self verval en dit versterk dan maar net die mede-afhanklike se siening van slagoffer status asook hul onvermoë om emosionele traumas te hanteer. Angs, ongelukkigheid en 'n onvermoë om groepsdruk te hanteer is dan maar net 'n verdere gevolg van hierdie situasie - familiegeheime is heel dikwels dan ook die wortel van dié probleem. Navorsing toon aan dat die mens afgesien van die bewustelike vlak tegelyk ook op die onbewuste vlak funksioneer – in hierdie verband gebruik die gemiddelde persoon tot soveel as 50% emosionele en verstandelike energie in die onbewustelike daaglikse onderdrukking van onaangename herinneringe uit die verlede. Sommige herinneringe kan egter nie bewustelik herroep word nie en bly vergete as gevolg van verskeie toestande. Die herroeping van geheue raak egter belangrik sodra 'n beradene om hulp kom aanklop as gevolg van die voorkoms van trauma verwante simptome. Tydens die herroeping van sulke traumatiese geheue is die interpretasie en emosionele persepsie van gebeure van groter belang as die noodwendige korrektheid daarvan.

Ten einde te bepaal wat die gesin van oorsprong se aandeel ten opsigte van die huidige persoon se verwonding is, moet die gesin en familie se geskiedenis nagevors word. Hier is navorsing rondom fisiese eienskappe, intellektuele vermoëns, emosionele karaktertrekke, geestelikheid asook prestasies nodig. Die navorsing met betrekking tot 'n spesifieke individu word gedoen aan die hand van persoonlike ontwikkeling asook die erfenis van sekere karaktertrekke - daar is gevolglik geen kits of wonder oplossing as dit kom by trauma en trauma verwante probleme nie. Elke situasie is uniek en die terapie moet by die individu en sy nood aanpas. Die mees konstante

en konsekwente bevinding rondom trauma navorsing toon dat getraumatiseerde kinders letsels oorhou wat 'n effek het op elke aspek van hul latere lewe as volwassenes, en dat hierdie kinders se moontlikheid om as psigoties gediagnoseer te word twee tot vyf keer groter is as ander kinders. Hierdie kinders word makliker vasgevang in patrone van kriminaliteit, geweld, alkohol asook dwelmmisbruik. So 'n kind benodig stabiliteit wat by persone soos mentors en onderwysers verkry kan word. Pastorale Beraders kan hier 'n groot rol speel en 'n beduidende verskil maak. Die doel van pastorale berading is om 'n Skrif gefundeerde idiosinkrasie by die kind te help skep en om die getraumatiseerde te begelei tot emosionele heling. Enige destruktiewe gebeurtenis soos trauma, tesame met ongehoorsaamheid aan God se voorskrifte, kan daartoe lei dat die "sondes van die vaders" na die volgende geslag oorgedra word. Volgens Carder behoort die korrigering van destruktiewe gesinsreëls, die hanteringstyle en die toepassing van driehoekstrukture op grond van Skrifgefundeerde beginsels plaas te vind. Hoe langer 'n kind se probleme geïgnoreer word, hoe ingewikkelder en moeiliker word dit om die probleme op te los.

**Samevattend** kan gesê word dat die volgende aspekte van besondere belang ten opsigte van die terapeutiese proses is:

- Ouers doen hul bes gegewe die kennis tot hul beskikking.
- Tyd heel nie alle wonde nie.
- 'n Ondersteuningsnetwerk is van kardinale belang.
- Dit is belangrik om sin uit die gebeure te verkry.
- Die Here God vorm die kern van terapie, maar die emosioneel verwonde persoon se verhouding met God is waarskynlik skeef getrek en verdraaid en moet herstel word.
- Vergifnis vorm 'n hoeksteen in terapie.
- Die daarstel van persoonlike grense verskaf die nodige struktuur in die beradene se lewe.
- Gebed is die enigste wyse waarop innerlike herstel verkry kan word.

## 7.3 META-TEORETIESE PERSPEKTIEWE

Terapeute verwys in 1966 vir die eerste keer na die verskynsel van intergeneratiewe trauma na aanleiding van hul terapeutiese betrokkenheid by die kinders en kleinkinders van *Holocaust* oorlewendes. Tot op daardie stadium is kinders of oor-gediagnoseer as psigoties of onder-gediagnoseer as simptoomloos. Ook die hele aangeleentheid met betrekking tot sekondêre trauma is geensins in berekening gebring in hierdie proses nie. Kinders van *Holocaust* oorlewendes was vervolgens van die eerste groepe op wie navorsing gedoen is rondom sekondêre traumatisering.

Soortgelyke navorsing is daarna toegepas met betrekking tot die kinders van latere oorloë soos byvoorbeeld die kinders van Viëtnam veterane.

Intergeneratiewe trauma verkry tans in die literatuur 'n mate van erkenning maar die volle implikasie daarvan word in baie gevalle steeds geïgnoreer. 'n Vreemde gedagte is die feit dat trauma selfs die lewens van die wat nog nie gebore is nie kan beïnvloed. Danieli (1998:683b) is 'n navorser wat tot dusver baanbrekerswerk gedoen het ten opsigte van intergeneratiewe trauma. Sy het bevind dat die opstel van genogramme en die verkryging van die beradene of gesin se traumageskiedenis van kardinale belang is met die oog op uiteindelik suksesvolle diagnose en emosionele heling. Hierin steun talle navorsers soos Figley (1998:15-20), Bowen (1994:435), Stoop en Masteller (1996:102) haar. Danieli (1998:1-2a) identifiseer vervolgens ook 'n leemte betreffende teologiese nadenke met betrekking tot hierdie onderwerp. Ancharoff *et al.*(1998:257) meld die feit dat hierdie onderwerp in sy geheel nog 'n nuwe navorsingsveld is en baie navorsing benodig.

Sekondêre trauma dui onder andere op daardie simptome wat waarneembaar is by die persoon / persone wat primêr gemoeid is met die versorging van 'n getraumatiseerde. Dit behels gewoonlik die gesin omdat hulle, anders as terapeute, nie van die omstandighede kan ontsnap nie. Die sekondêr getraumatiseerdes verkry dikwels nie die nodige hulp rondom traumatisering nie. In hierdie verband is dit ironies dat empiriese navorsing erkenning gee aan die sekondêre verwonding van terapeute maar versigtig is met uitsprake ten opsigte van die emosionele verwonding van die kinders van getraumatiseerde slagoffers. Trauma word op verskillende wyses na die volgende geslag oorgedra, waarvan ouerlike invloed die belangrikste faktor is. Oordrag geskied byvoorbeeld deur blootstelling aan die psigoses van die ouer, ouerlike voorbeeld of oor-identifisering met die getraumatiseerde ouer. Kinders identifiseer gewoonlik ook baie sterk met hul ouers se onverwerkte emosionele pyn. Die vader en moeder se impak op die kinders verskil ook - die moeder dra in baie gevalle 'n lae selfbeeld, paranoia en gebrekkige empatie oor aan die kinders, terwyl die vader verantwoordelik is vir onder andere depressie en psigosomatiese siektes. Die moeder beïnvloed die kind ook meer emosioneel terwyl die vader die gesin weer meer sistemies beïnvloed byvoorbeeld deur te rigied of chaoties/ongeorden te wees.

Getraumatiseerde ouers wat met hul kinders gesels oor die traumatiese gebeure van die verlede verhoed sekondêre traumatisering tot 'n groot mate. In sommige families het die primêre trauma in vorige geslagte plaasgevind en mag die slagoffers reeds dood wees - die huidige geslag kan

egter steeds daardeur beïnvloed wees. Adolessensie blyk die mees ontvanklikste tydperk vir intergeneratiewe traumatisering te wees. Geheimhouding blyk die grootste negatiewe oorsaak van intergeneratiewe trauma te wees deurdat dit die gesin as sisteem beïnvloed, hul lewens- en wêreldbeskouing hierdeur geraak word en die gesin gevolglik in disfunksionaliteite kan laat verval. 'n Verdere probleem is die feit dat die lewens- en wêreldbeskouing van die gesin met moeite verander. Danieli (1998:5a) haal vir Bettelheim aan wat sê:

> "What cannot be talked about can also not be put to rest; and if it is not, the wounds continue to fester from generation to generation."

Gesinne wat vir hulp kom aanklop, gee meestal 'n verkeerde rede. 'n Kind sal byvoorbeeld presenteer met gedragsprobleme terwyl die dieperliggende oorsaak verband hou met onverwerkte trauma. Terapeute moet daarom waak om nie uit die staanspoor die ouers te blameer nie. Die aangemelde kind se reaksie op die trauma was waarskynlik eintlik *normaal.* In sulke gevalle blyk die verkryging van die gesin se traumageskiedenis deurslaggewend te wees met betrekking tot sinvolle terapeutiese uitkomste.

Die basis van 'n gesin word deur die verhouding tussen man en vrou bepaal. Dit impliseer dat indien persone met emosionele- en verhoudingsprobleme presenteer, daar na die verhoudings in die gesin van oorsprong gekyk kan word. Bowen (1994:420) benader die individu as 'n samesmelting tussen die unieke eienskappe van die persoon self asook die unieke eienskappe van die familiegeskiedenis waarbinne die individu gebore is. Sy teorie rus verder op die differensiëring tussen afhanklikheid (eenheid) en onafhanklikheid (individualiteit) waardeur verhoudings oor die algemeen gedefinieer word. Sodra hierdie twee pole nie in balans is nie ontstaan disfunksionele gedragspatrone. Ten einde suksesvol te differensieer, moet die beradene sy ouers en hul motivering ken, en hiervoor is inligting van ten minste drie voorgeslagte nodig. Kennis van die voorgeslagte word die sleutel tot die huidige geslag aangesien die voorgeslagte as't ware steeds "lewe" deur die huidige geslag.

'n Gesin- of familiesisteem vorm 'n emotiewe eenheid ongeag gevoelens. Hierdie emotiewe eenheid funksioneer deurlopend soos 'n magnetiese veld, ongeag van wat ook al gebeur en hierdie proses bepaal die funksionering van alle verhoudings. Binne die magnetiese veld manifesteer die negatiewe ook heel dikwels deur middel van aspekte soos vrese en tekortkominge. Daar is gevolglik deurgaans 'n konstante vloei van emosionele aksie en reaksie wat verbind is met vorige geslagte asook hul belewenisse. Deur genogramme en driehoekstrukture kan die emosionele

verhoudings en gedragspatrone van 'n familie visueel voorgestel word. Hierdeur kan die huidige generasie emosionele heling en beheer verkry ten opsigte van daardie negatiewe "erflatings" wat andersins weer deur hulle aan die volgende geslag oorgedra sou word.

## 7.4 EMPIRIESE PERSPEKTIEWE

Leraars van vier verskillende denominasies wat as medewerkers opgetree het, is van mening dat hierdie navorsing 'n moontlike antwoord op die disfunksionele gedrag van sommige lidmate kan verskaf. Die idee dat die nageslag die onverwerkte verwonding van voorgeslagte kan "erf", is veral sterk beklemtoon deur die twee sielkundiges wat as medewerkers opgetree het. Daar is verder deur een sielkundige die behoefte uitgespreek dat verwondes veral genesing op 'n "geestelike vlak" benodig ten einde in staat te wees om genesing dan ook op die ander dimensies te laat realiseer. Die maatskaplike werkers wat as medewerkers opgetree het, kon ook die patroon van verwonding vanaf die een geslag na 'n volgende herken.

Die onderskeie gesinne wat betrokke was, toon dat die effek van onverwerkte en ook oorgeërfde trauma verwoestend op die volgende geslag kan inwerk. Onverwerkte trauma beïnvloed die lewens- en wêreldbeskouing van 'n slagoffer negatief deurdat hy nie daaroor praat nie, niemand vertrou nie en geneig is om die emotiewe te onderdruk. Hierdie disfunksies word uiteindelike 'n meganisme waarmee alle probleme hanteer word. Omdat kinders ook leer deur die voorbeeld van hul ouers na te volg, word hierdie 'n patroon van probleemhantering wat die nageslag uiteindelik erf.

Medewerker A gebruik dwelms, is as hiperaktief gediagnoseer, en is deurgaans in pynlike verhoudings vasgevang (*cf.* 5.5.1.2). Emotief regresseer medewerker na die gedrag van 'n jong kind en sy weet nie hoe om uiting aan emosies te gee nie. Haar lewens- en wêreldbeskouing word gekenmerk deur angstigheid asook 'n onttrekking van die samelewing (*cf.* 5.5.1.7). Sy weet kognitief dat die Here leef, maar vrees die moontlikheid dat Hy haar ook in die steek sal laat (*cf.* 5.5.1.8).

Medewerker B (*cf.* 5.5.2) dissosieer en is waarskynlik depressief. Medewerker beleef haar vriende as bedreigend. Sy verlang na 'n verhouding met haar moeder, beleef verwerping asook woedeuitbarstings, en is huidiglik die "geïdentifiseerde pasiënt" in die gesin. Medewerker wonder waarom God haar nie gehelp het toe sy Hom nodig gehad het nie. Sy beleef ook dat sy op haar self aangewese is – en dit maak haar angstig.

Medewerker C (*cf.* 5.5.3) gebruik rasionalisering om haar verwonding mee te hanteer. Sy het ook die behoefte aan 'n hegter verhouding met die moeder en bevraagteken God se bedoeling met haar as mens. Sy het 'n behoefte om Hom beter te ken en om Sy doel met haar lewe te vind. Medewerker D (*cf.* 5.5.4) onttrek van die samelewing en is al meer geneig tot kluisenaarsgedrag. Verhoudings en vriendskappe word deur medewerker as pynlik beleef en daarom vermy hy dit eerder. Hy het 'n dringende behoefte aan vrede en sal graag 'n *verhouding* met die Here wil hê. Kognitief verstaan hy dat God dit goed bedoel met ander mense – hy twyfel egter of hy daarby ingesluit is.

Uit al vier hierdie gevalle het geblyk dat die verwonding van intergeneratiewe trauma geensins 'n oppervlakkige aangeleentheid is nie en dat daar pynlike emosionele wortels is wat baie diep gevestig het. Die sigbare tekens van diep pyn en wroeging is gevolglik by al vier medewerkers baie prominent aanwesig. Dit het verder ook geblyk dat hoe meer generasies beïnvloed was deur trauma, hoe dieper is die wonde met betrekking tot die nageslag. Verwondes van intergeneratiewe trauma benodig 'n langtermyn herstel proses waartoe beide die berader asook die emosioneel verwonde persoon ten nouste verbind is. Die grootste verwonding met betrekking tot die vermelde vier gevalle het verder geblyk te lê op die vlak van hul belewing van God. Kognitief verstaan hulle dat God leef, maar hulle bevraagteken Sy bedoeling met hulle as mense. Wat hierdie aspek betref, lê daar in die toekoms nog 'n groot uitdaging voor vir navorser tesame met elk van hierdie medewerkers.

## 7.5 PRAKTYK-TEORETIESE PERSPEKTIEWE

Die meta-teoretiese asook die basis-teoretiese afdelings bevestig die veronderstelling dat die nageslag menigmaal verwond word as gevolg van onverwerkte trauma in voorgeslagte. Dié verwonding presenteer deur verskeie gedragspatrone soos byvoorbeeld promiskuïteit, disfunksionele ouerhuise asook verslawing. Die Skrif vorm die basis asook die vertrekpunt ten opsigte van 'n pastorale benadering tot sulke emosioneel verwonde persone (veral die tiener). Ten einde die basis-teoretiese perspektiewe met die meta-teoretiese perspektiewe te integreer, is van Zerfass se voorgestelde model gebruik gemaak.

Dit is belangrik om sorg te dra dat elke beradingsessie by die spesifieke behoeftes van die beradene aanpas omdat elke beradene en situasie uniek is. In hierdie verband is die leiding van die Heilige Gees tesame met gebed onontbeerlik. Die voorgestelde model is 'n hulpmiddel en behoort nie slaafs nagevolg te word nie. Dit dien bloot as 'n riglyn in die proses om tieners wat

verwond is as gevolg van intergeneratiewe trauma tot innerlike genesing en heling te begelei. Die onderskeie stappe van die voorgestelde model sou dan soos volg geformuleer kan word:

- **Vereistes betreffende die berader:** Hy moet emosioneel gesond wees en sy plek in Christus ken.
- **Assessering:** Ten einde persone (tieners) wat verwond is as gevolg van intergeneratiewe trauma te begelei moet soveel as moontlik inligting van die familie en hul moontlike trauma verkry word.
- **Interpretasie:** Die versamelde inligting moet geïnterpreteer word sodat terapeutiese ingrepe bepaal kan word.
- **Die terapeutiese proses:** Ter wille van optimale genesing moet terapie verkieslik die gesin betrek, maar dit kan ook individueel geskied. Terapie geskied aan hand van die volgende riglyne:
  - **Eerste vlak:** Die gesin moet die impak van trauma en/of disfunksies in hul verstaan.
  - **Tweede vlak:** Hiertydens word gekyk na persepsies rondom trauma en/of disfunksies met betrekking tot hulself.
  - **Derde vlak:** Die probleem word geëvalueer sodat sin uit die verwonding verkry word.
  - **Vierde vlak:** Individuele strategieë word bepaal.
  - **Vyfde vlak:** Die ontknopingsfase.
- **Skrifbeginsels:** Verduidelik die beginsels soos wat die Skrif dit voorstaan.
- **Vergifnis:** Dit moet as proses deurgewerk word.
- **Gebed as kernbeginsel van die terapeutiese proses:** Die rol van gebed is onontbeerlik en behels die voorbereiding van die beradene asook die gebedsfase self.

### 7.5.1 Voorgestelde pastorale model

- **Vereistes betreffende die berader**
- **Assessering**
- **Interpretasie**
- **Die terapeutiese proses**:
  - Ontmasker trauma
  - Verkry persepsies rondom trauma.
  - Verkry sin uit gebeure.
  - Bepaal strategie.
  - Ontknopingsfase.

- **Skrifbeginsels**
- **Vergifnis**
- **Gebed as kernbeginsel van die terapeutiese proses**

## 7.6 VOORGESTELDE TEMAS VIR VERDERE NAVORSING

- Pastorale hulpverlening aan die verwonde tiener ten einde sy lewens- en wêreldbeskouing Skriftuurlik te begrond en 'n Christus gefokusde toekomsvisie te verkry.
- Pastorale hulpverlening aan die gesin as sisteem ten einde oorgeërfde verwonding aan te spreek en te heel.
- Gebed as helingstegniek met betrekking tot intergeneratiewe trauma.
- Pastorale hulpverlening aan ouers ten einde hul afsonderlike rolle in die gesin te identifiseer en Skriftuurlik te begrond sodat die effek van intergeneratiewe trauma verbreek kan word.
- Pastorale hulpverlening aan intergeneratiewe verwondes se "verdraaide" belewing van God.
- 'n Pastorale studie met betrekking tot die geestelike verwonding van die nageslag as gevolg van intergeneratiewe trauma.

# BIBLIOGRAFIE


ABRAMS, M.S. 1999. Intergenerational transmission of trauma. *American Journal of Psychotherapy,* 53(2):225-231.

ACHTEMEIER, P.J. 1996. 1 Peter. *A Commentary on First Peter.* Minneapolis: Fortress Press.

ALLENDER, D.B. 1995. *The wounded heart: hope for adult victims of childhood sexual abuse.* Colorado Springs, Colo.: NavPress.

ANCHAROFF, M.R. & MUNROE, J.F. & FISHER, L.M. 1998. The legacy of combat trauma. (*In* Danieli, Y., *ed.* International handbook of multigenerational legacies of trauma. New York: Plenum Press. p.257-274).

ANDERSON, N.T. 1996. *Victory over the darkness. Overcoming the personal and spiritual strongholds that can keep you from experiencing true freedom in Christ.* Vereeniging: Christian Art Publishers.

ANON. 2000. Afterward. Future perspectives. (*In* Shalev, A.Y. & Yehuda, R. & McFarlane, A.C., *ed.,* International handbook of human response to trauma. New York: Plenum Publishers. p.439-440).

ANON. 2000. Appendix. The international society for traumatic stress studies: childhood trauma remembered. (*In* Shalev, A.Y. & Yehuda, R. & McFarlane, A.C., *ed.,* International handbook of human response to trauma. New York: Plenum Publishers. p.444-467).

ARTERBURN, S. 2005. *Healing is a choice.* Nashville, Tennessee: Thomas Nelson, Inc.

AUERHAHN, N. & LAUB, D. 1998. Intergenerational memory of the Holocaust. (*In* Danieli, Y., *ed.* International handbook of multigenerational legacies of trauma. New York: Plenum Press. p.21-41).

BAKER, K.G. & GIPPENREITER, J.J.B. 1998. Stalin's purge and its impact on Russian families. A pilot study. (*In* Danieli, Y., *ed.* International handbook of multigenerational legacies of trauma. New York: Plenum. p.403-434).

BARNES, F.M. 1998. Treating burnout in families following childhood trauma. (*In* Figley, C.R. *ed.* Burnout in families: the systemic costs of caring. New York: CRC Press. p.171–185).

BARNETT, P. 1999. *The message of 2 Corinthians.* Leicester LEI 7GP, England: Inter-Varsity Press.

BARRET, M.J. 1999. Healing from trauma. The Quest for spirutuality. (*In* Walsh, F. *ed.,* Spiritual recouces in family therapy. New York: The Guilford Press. p.193-208).

BENTON, S.A. 1993. Dysfunctional families: recognizing and overcoming their effects. http://www.twu.edu/O-SL/COUNSELING/SelfHelp018.html Datum van gebruik: 06 Julie 2006.

BLACK, D. & NEWMAN, M. 2000. Children: secondary victims of domestic violence. (*In* Shalev, A.Y. & Yehuda, R. & McFarlane, A.C., *ed.,* International handbook of human response to trauma. New York: Plenum Publishers. p.439-440).

BLACK, C. 1982. *It will never happen to me.* Denver: M.A.C. Printing.

BLENKINSOPP, J. 1990. *Ezekiel. Interpretation. A Bible commentary for teaching and preaching.* Louisville: John Knox Press.

BOWEN, M. 1994. *Family therapy in clinical practice.* Northvale, New Jersey : Jason Aronson.

BRAWAND, A. 1991. Helping the helpers: dysfunctional families in "the ministry". (*In* Carder, D. & Henslin, E. & Townsend, J. & Cloud, H. & Brawand, A., *ed.* Secrets of your family tree. Healing for adult children of dysfuncional families. Chicago: Moody Press. p.113-130).

BROWN, R. & YODER, D. 1995. *Unbroken curses. Hidden source of trouble in the Christian's life.* New Kensington: Whitaker House.

BUCHANAN, A. 1998. Intergenerational child maltreatment. (*In* Danieli, Y., *ed.* International handbook of multigenerational legacies of trauma. New York.: Plenum Press. 535-549).

BYBEL. 1983. Nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid Afrika.

BYBEL. 1971. Dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat en oorgesit uit die oorspronklike tale. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

BYBEL. 1976. Die Bybel met verklarende aantekeninge. Kaapstad: Verenigde Protestantse Uitgewers (Edms.) Bpk.

BYBEL. 1986. Familie studiebybel. Brits: Olyfberg Uitgewers (Edms.) Bpk.

BYBEL IN PRAKTYK. 1993. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

BYBEL A-Z. 2003. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

BYBELLENNIUM EENVOLUMEKOMMENTAAR. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing. 1999. Goodwood, Wes-Kaap: Nasionale Boekdrukkery.

BYBEL. 1991. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CARDER, D. 1991a. Isaac and his family tree. (*In* Carder, D. & Henslin, E. & Townsend, J. & Cloud, H. & Brawand, A., *ed.* Secrets of your family tree. Healing for adult children of dysfuncional families. Chicago: Moody Press. p.49-63).

CARDER, D. 1991b. Passing the torch: the multigenerational transmission process. (*In* Carder, D., Henslin, E., Townsend, J., Cloud, H. & Brawand, A., *ed.* Secrets of your family tree. Healing for adult children of dysfuncional families. Chicago: Moody Press. p.67-91).

CARDER, D. 1991c. Introduction. (*In* Carder, D. & Henslin, E. & Townsend, J. & Cloud, H. & Brawand, A., *ed.* Secrets of your family tree. Healing for adult children of dysfuncional families. Chicago: Moody Press. p.13-20).

CARMICHAEL, C.M. 1992. *The origins of Biblical law. The Decalogues and the Book of the Covenant.* London: Cornell University Press.

CASSUTO, U. 1967. *A commentary on the book of Exodus.* Jerusalem: The Magnes Press, The Hebrew University.

CATHERALL, D.R. 1998. Treating traumatized families. (*In* Figley. C.R. *ed.* Burnout in families: the systemic costs of caring. New York: CRC Press. p.187-215).

CHURCH, L.F., *ed.* 1961. *Matthewe Henry's commentary on the whole Bible in one volume.* London: Marshall, Morgan and Scott, LTD.

COETZEE, J.C. 1990. Die Skrif en die wetenskap: hermeneutiese reëls. (*In* Floor, L. & Coetzee, J.C. *ed.* Die skrif en die wetenskap. Potchefstroom: PU vir CHO. p.15-30).

COETZER, W.C. 2007. *Trauma berading.* Ongepubliseerde bundel. Potchefstroom.

CRONJÉ, G., DUVENAGE, S.C.W., GROBLER, J.A. & VENTER, H.J. 1960. *Ontspoorde jeugdiges : die aard en oorsake van jeugmisdaad.* Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

DANIELI, Y. 1998a. Introduction. (*In* Danieli, Y., *ed.* International handbook of multigenerational legacies of trauma. New York: Plenum Press. p.1-13).

DANIELI, Y. 1998b. Conclusions and future directions. (*In* Danieli, Y., *ed.* International handbook of multigenerational legacies of trauma. New York: Plenum Press. p.669-689).

DANIELI, Y. 1988c. Treating survivors and children of survivors of the Nazi holocaust. (*In* Ochberg, F.M., *ed* Post-traumatic therapy and victims of violence. New York: Brunner/Mazel, Publishers. p.278-294).

DAVIDSON, J.M. & MELLOR, D.J. 2001. The adjustment of children of Australian Viëtnam veterans: is there evidence for the transgenerational transmission of the effects of war-related trauma. *Australian and New Zealand Journal of Psychiatry,* 35:345-351.

DEIST, F.E. & DU PLESSIS, I.J. 1985. *God en sy ryk.* Pretoria: Sigma-Pers (Edms) Bpk.

DE KLERK, B.J. & VAN RENSBURG, F.J. 2005. *Preekgeboorte. 'n Handleiding vir Gereformeerde eksegese en prediking toegepas op 1 Petrus 2:11-12, 18-25.* Pretoria: V&R Drukkers.

DILLARD, & LONGMAN, 1994. *An introduction to the Old Testament.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

DOUGLAS, J.D., *ed.* 1962. *The new Bible dictionary.* London: Inter-Varsity Press.

DUGUID, I.M. 1999. *The NIV application commentary.* Mischigan: Zondervan.

DUNCAN, M. & ROCK, B. 2002. Going beyond the statistics. (*In* Rock, B., *ed.* Spirals of suffering. Pretoria: HSRC Publishers. p.69 – 113).

DUNCAN, M. & ROCK, B. 2002a. Survey of organisations providing services to children. (*In* Rock, B., *ed.* Spirals of suffering. Pretoria: HSRC Publishers. p.116 – 127).

EAGLE, G. & MICHELSON, C. 2002. Post-traumatic stress in children: presentation and intervention Guidelines. (*In* Rock, B., *ed.* Spirals of suffering. Pretoria: HSRC Publishers. p.227 – 252).

ELLIOT, J.H. 2000. *The anchor Bible. 1 Peter. A new translation with introduction and commentary.* Doubleday: The Anchor Bible.

FELSEN, I. 1998. Transgenerational transmission of effects of the Holocaust. (*In* Danieli, Y., *ed.* International handbook of multigenerational legacies of trauma. New York: Plenum Press. p.43-67).

FIGLEY, C.R. 1998. Burnout as systemic traumatic stres: a model for helping traumatized family members. (*In* Figley, C.R. *ed.* Burnout in families: the systemic costs of caring. New York: CRC Press. p.1-28).

FOWLER, B. 1995. *Pro patria*. Sentinel Projects: England.

FOWLER, B. 1996. *Grensvegter*. Sentinel Projects: England.

FOSSION, P., REJAS, M.C., SERVAIS, L., PELC, I. & HIRSCH, S. 2003. Family approach with grandchildren of holocaust survivors. *American Journal of Psychotherapy,* 57(4):519-527.

FRAMO, JL. 1992. *Family-of-origin therapy*. New York: Brunner/Mazel, Inc.

GILBERT, K. 1998. Understanding the secondary traumatic stress of spouses. (*In* Figley, C.R. *ed.* Burnout in families: the systemic costs of caring. New York: CRC Press. p.47-74).

GOLEMAN, D. 1997. *Emotional intelligence*. New York: Bantam.

GOPPELT, L. 1993. *Acommentary on 1 Peter*. Grand Rapids, Michigan: Wm B. Eerdmans Publishing Co.

GREENHILL, W. 1994. *Ezekiel. A Geneva series commentary*. Pennsylvania: The Bath Press, Avon.

GROVES, B.M. 2002. *Children who see too much: lessons from the child witness to violence* Project. Boston: Beacon Press.

HARTMANN, G. 1998. Children of Nazis. A psychodynamic perspective. (*In* Danieli, Y., *ed.* International handbook of multigenerational legacies of trauma. New York: Plenum Press. p.85-95.).

HAWTHORNE, G.F. 1983. *Word Biblical commentary. Volume 43. Philippians.* Waco: Word Books, Publisher.

HEMFELT, R., MINIRTH, F. & MEIER, P. 1998. *Love is a choice. The definitive book on letting go of unhealthy relationships*. Nashville: Thoma Nelson Publishers.

HENDRIX, H. & LAKELLY HUNT, H. 2004. *Receiving love. Transform your relationskhip by letting yourself be loved.* London: Simon & Schuster UK Ltd.

HENSLIN, E. 1991. David and his family tree. (*In* Carder, D. & Henslin, E. & Townsend, J. & Cloud, H. & Brawand, A., *ed.* Secrets of your family tree. Healing for adult children of dysfuncional families. Chicago: Moody Press. p.23-47).

HENSLIN, E. 1991. Guilt-ridden baggage: the role of religious shame. (*In* Carder, D. & Henslin, E. & Townsend, J. & Cloud, H. & Brawand, A., *ed.* Secrets of your family tree. Healing for adult children of dysfuncional families. Chicago: Moody Press. p.93-112).

HEYNS, J.A. 1973. *Die nuwe mens onderweg. Oor die tien gebooie.* Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1990. *Eerste treë in die praktiese teologie.* Pretoria: RGN.

HILL, A.E. & WALTON, J.H. 1991. *A survey of the Old Testament.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.

HOLLOWAY, 2001. *Consolation in Phillippians: philosophical sources and rhetorical strategey.* Cambridge, UK; New York: Cambridge University Press.

HOLT, C. 2005. *At they call we did not falter.* Cape Town: Zebra Press.

HUNTER-KING, E.J. 1998. Children of military personnel missing in action in Southeast Asia. (*In* Danieli, Y., *ed.* International handbook of multigenerational legacies of trauma. New York: Plenum Press. p.43-67).

JOBES, K.H. 2005. 1 Peter. (*In* Yarbrough, R.W. & Stein, R.H., *eds.* Baker exegetical commentary on the New Testament. Grand Rapids, MI: Baker Publishing Group).

JOHNSON, K. 1989. *Trauma in the lives of children.* London: Macmillan Education LTD.

JOO, S. 2006. *Provocation and punishment: the anger of God in the book of Jeremiah and Deuteronomistic theology.* Berlin, New York: Walter De Gruyter.

KAISER, W.C. 1987. *Toward rediscovering the Old Testament.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.

KALISCH, 1855. *A historical and critical commentray on the Old Testament with a new translation.* London: Longman.

KAYE, Y. 1991. *The child that never was. Grieving your past to grow into the future.* Florida: Health Communications, Inc.

KRUGER, A. M. 1981. *Maatskaplike werk en die oorlogbeseerde.* Potchefstroom: PU vir CHO. (Vehandeling-MA).

KRUSE, 1991. *The second epistle of Paul to the Corintians: an introduction and commentary.* Leicester: Inter-Varsity Press.

KUDLER, H. 2000. The limiting effects of paradigms on the concept of traumatic stress. (*In* Shalev, A.Y. & Yehuda, R. & McFarlane A.C., *ed.* International handbook of human response to trauma. New York: Kluwer Academic/Plenum Publishers. p.3-10).

LIOY, D. 2004. *The Decalogue in the sermon on the mount.* New York: Peter Lang.

LITTAUER, F. & LITTAUER, F. 2000. *Why do I feel the way I do?* London: Monarch Books.

LOTTER. G.A. 2007. *Pastorale teologie: voëlvlug en (voorlopige) landing.* Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Wetenskaplike bydrae. Reeks H: Intreerede nr 185).

LOUW, C. 2000. *Ope brief aan Willem de Klerk: Boetman.* Pretoria: Praag Uitgewers.

LOUW, C. 2001. *Boetman en die swanesang van die verligtes.* Human en Rousseau: Kaapstad.

LOUW, D. 1993. *Liefde is vir altyd.* Kaapstad: Lux Verbi.

LOUW, D.J. 1993. *Pastoraat as ontmoeting. Ontwerp vir 'n basis-teorie, antropologie, metode en terapie*. Pretoria: Die RGN-Uitgewery.

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1993. *Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains. Vol 1.* Cape Town: Bible Society of South Africa.

MATSAKIS, A. 1996. *I can't get over it : a handbook for trauma survivors.* Oakland, CA: New Harbinger Publications, Inc.

MACDONALD, A.N. 1995. *Repressed memories: can u trust them?* London: Fleming H Revell Co.

MACDONALD, G. 1989. *'n Tyd vir opbou. Herbou jou gebroke wêreld.* Kaapstad: Unique Press.

MARTIN, T.W. 1992. *Metaphor and composition in 1 Peter.* Atlanta, Georgia: Scholars Press.

McCANT, J.W. 1999. *2 Corinthinas.* Sheffield, England: Sheffield Academic Press.

MEIER, P. & ARTERBURN, S. & MINIRTH, F. 2001. *Mood swings. Understand your emotional highs and lows and achieve a more balanced and fulfilled life.* Nashville, Tennessee: Thomas Nelson, Inc.

MEIER, P. & CLEMENTS, T. & BERTRAND, J. & MANDT, D. 2005. *Blue genes.* Wheaton, Illinois: Tyndale House Publishers.

MEIER, P. & WISE, R.L. 2003. *Crazy makers.* Nashville, Tennesse: Thomas Nelson, Inc.

MELICK, R.R. 1991. *The new American commentary. Volume 32. Philippians, Colossians, Phillemon.* Nashville: Braodman Press.

MILLER, P.D. 1990. *Deuteronomy. Interpretation. A Bible commentary for teaching and preaching.* Louisville: John Knox Press.

MINUCHIN, S. & FISHMAN, H.C. 1991. *Family therapy techniques.* Cambridge, MA: Harvard University Press.

MOTYER, A. 2005. *The message of Exodus. The days of our pilgrimage.* Leicester, England: Inter-Varsity Press.

NEUMAN, L.W. 1997. *Social research methods. Qualitative and quantitative approaches. Third edition.* London: Allyn and Bacon.

PECK. M.S. 1978. *The road less travelled. A new psychology of love, traditional values and spiritual growth.* London: Arrow Edition Random House (PTY) LTD.

PERRY, B. 1997. Incubated in terror: neurodevelopmental factors in the cycle of violence. (*In* Osofsky, J., *ed.* Children in a violent society. New York: Guilford Press. p.124 - 149).

PIETERSE, H.J.C. 1993. *Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie.* Pretoria: RGN.

POTGIETER, A. H. 1986. Stresreaksies geassosieër met operasionele Blootstelling (die Angola-oorlog.): 'n studie oor die interaksie tussen oorlogstres en die persoonlikheid in die patogenese van oorlogstresreaksies. Bloemfontein: UOVS. (Proefskrif- MD.).

REMER, R. & FERGUSON, A. 1998. Treating traumatized partners. Producing secondary survivors of PTSD (*In* Figley, C.R., *ed.* Burnout in families – the systemic costs of caring. CRC Press: New York. p.139-170).

ROCK, B. 1997. *Spirals of suffering : Public violence and children.* Pretoria: HSRC.

ROSENHECK, R. & FONTANA, A. 1998. Transgenerational effects of abusive violence on the children of Viëtnam combat veterans. *Journal of Traumatic Stress,* 11(4), 731-742.

SANDFORD, J. & SANDFORD, P. 1985. *Healing the wounded spirit.* Tulsa, OK: Victory House Inc.

SCHREINER, T.R. 2003. *1,2 Peter, Jude.* Nashville, Tennesy: Broadman & Holman.

SCHWARTZ, R.C. 1999. Releasing the soul. Psychotherapy as a spiritual practice. (*In* Walsh. F. *ed.*, Spiritual resources in family therapy. New York: The Guilford Press. p.233-239).

SEAMANDS, D.S. 2002. *Redeeming the past.* Colorade Springs: Cook Communications.

SHIELDS, N. 1983. *Pattern for life.* Hertfordshire, England: Evangelical Press.

SHOSHAN, T. 1989. Mourning and longing from generation to generation. *American Journal of Psychotherapy,* XLIII(2):193-207. Apr.

SIVAN, H. 2004. *Between woman, man and God: a new interpretation of the ten commandments.* London: Clark International.

SMIT, I. 2003. Immorele kinders. Wat loop skeef? *Rooi Rose,* Nov, p.56.

STEINBERG, A. 1998. Understanding the secondary traumatic stress of children. (*In* Figley, C.R., *ed.* Burnout in families – the systemic costs of caring. CRC Press: New York. p.29-46).

STIFF, P. 1998. *The silent war: South African recce operations 1969 to 1994.* Alberton: Galago Publishing.

STOOP, D. & MASTELLER, J. 1996. *Forgiving our parents. Forgiving ourselves.* Ann Arbor, Michigan: Servant Publications.

STUDIEBYBEL VIR JONGMENSE. Die Lewende Bybel. 1997. Hatfield, Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers.

TAUKE, B.H. 2004. *Overcoming the sins of the family. Becoming the redemptive generation.* Saltriver: Tyndaly House Publishers, Inc.

TERR, L. 1996. Childrens memories in the wake of challenger. *American Journal of Psychiatry,* 153, nr 5. p.618 -625.

THIELMAN, F. 1995. *The NIV application commentary. From biblical text ... to contemporary life.* Philippians. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.

THRALL, M.E. 1994. *A critical and exegetical commentary on the second epistle to the Corinthians.* Volume 1. London: T & T Clark LTD.

TITELMAN, P. *ed.* 1998. *Clinical applications of Bowen family systems theory.* Hayworth Press: New York.

TITELMAN, P. 1987. *The therapist's own family.* Northvale, New Jersey: Jason Aronson Inc.

THOMPSON, J. H. 2006. *An unpopular war.* Zebra Press: Cape Town.

TOWNSEND, J. 1991. Learning to bond. (*In* Carder, D. & Henslin, E. & Townsend, J. & Cloud, H. & Brawand, A., *ed.* Secrets of your family tree. Healing for adult children of dysfuncional families. Chicago: Moody Press. p.147-164).

TOWNSEND, J. 1991. Learning to set boundaries. (*In* Carder, D. & Henslin, E. & Townsend, J. & Cloud, H. & Brawand, A., *ed.* Secrets of your family tree. Healing for adult children of dysfuncional *families*. Chicago: Moody Press. p.165-186).

VAN DER HART, O. & BROM, D. 2000. When the victim forgets : trauma-induced amnesia and its assessment in Holocaust survivors. (I*n* Shalev, A.Y. & Yehuda, R. & McFarlane, A.C., *ed.* International Handbook of human response to trauma. New York: Kluwer Academic/Plenum Publishers. p.233-248).

VAN DER VEN, J. 1993. *Practical theology: an empirical approach.* AC Kampen, The Netherlands: Kok Pharos Publishing House.

VAN NIEKERK, E.A. 1981. Die pastorale begeleiding van die oorlogbeseerde- met spesiale verwysing na die sin-vraag. Universiteit van Stellenbosch. (Proefskrif:D Th.).

VENTER, C.A. 1989. Graphic family sculpting. (*In* Mason, J. & Rubenstein, J. *ed.* Family therapy in South Africa today. Congella: S.A. Institute of Marital and Family Therapy (SAIMFT).

VENTER, C.J.H. 1993. Basisteoretiese perspektiewe op kommunikasie in die bediening. *In die Skriflig,* 27(2):247-260.

VENTER, C.J.H. 1996. *Uitkringende liefdesbetoon. Kommunikatiewe handelinge in diens van die onderlinge liefdesgemeenskap in die kerk.* Pretoria: RGN Drukkers.

VERNY, T. & KELLY, J. 2004. *The secret life of the unborn child.* London: Time Warner Paperbacks.

WARE, J. 2005. *The mission of the Church in Paul's letter to the Philippians in the context of Ancient Judaïs.* Leiden: Brill Academic Publishers.

WEINFELD, M. 1972. *Deuteronomy and the Deuteronomic school.* London: Oxford University Press.

WELCH, E.T. 1998. *Blame it on the brain? Distinguishing chemical imbalances, brain disorders, and disobedience.* New Jersey: P & R Publishing.

WHITFIELD, C.L. 1987. *Healing the child within. Discovery and recovery for adult children of dysfunctional families.* Deerfield Beach: Health Communications, Inc. Enterprise Center.

WILLIAMS, M.B. 1998. Treating secondary traumatic stress disorder in children. (*In* Figley, C.R., *ed.* Burnout in families – the systemic costs of caring. CRC Press: New York. p.91-138).

WILSON, J.P. 1988. Understanding the Vietnam veteran. (*In* Ochberg, F.M., *ed.* Post-traumatic therapy and victims of violence. New York: Brunner / Mazel, Publishers. p.227-253).

WILSON, M.E. 2002. *The most important rule for living. Studies on the Ten Commandments.* Hamburg: RVB International.


YANCEY, P. 1990. *Where is God when it hurts? A comforting , healing guide for coping with hard times.* Michigan: Zondervan.

ZERFASS, R. 1974. Praktische Teologie als Handelungswissenschaft. (*In* Klostermann, F. & Zerfass, R., *reds. Praktische Teologie Heute*. Munchen: Kaiser / Grünewald. p.164-177).

ZINNER, J & SHAPIRO, R. 1972. Projective indentification as a mode of perception and Behaviour in families of adolescents. *International Journal of Psycho Analysis*, 53.

Bylaag A

Skematiese voorstelling van traumatiese fases binne die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1899 – 2007



Bylaag B

## VRAELYS AAN DIE OUERS VAN DIE TIENER

- Baie dankie vir u bereidwilligheid om hierdie vraelys te voltooi.
- Inligting word anoniem voltooi.
- Navorser onderneem en belowe om geen identifiseerbare inligting op enige wyse bekend te maak of beskikbaar te stel op grond van enige navraag nie.
- By sommige van die vrae hoef u slegs kruisies in die toepaslike blokkies te trek.
- By die ander vrae moet u asseblief die tersaaklike inligting verskaf.
- **Besonderhede van navorser:**

Reinette Kruger
Sel: 083 669 1800
E-pos: reinetteuitkyk@webmail.co.za

---

**AFDELING A: DEMOGRAFIESE INLIGTING**

**1. Die geboortedatums van die volgende persone:**

a) Moeder van tiener ______________________________

b) Vader van tiener ______________________________

c) Ouma aan moederskant ________________________

d) Oupa aan moederskant ________________________

e) Ouma aan vaderskant ________________________

f) Oupa aan vaderskant ________________________

**2. Kerkverband van die familie:**

a) Die gesin van tiener ______________________

b) Grootouers aan moederskant ____________________

c) Grootouers aan vaderskant ____________________

**3. Noem die hoogste vlak van onderwys en opleiding wat voltooi is deur die volgende persone:**

a) Moeder van tiener _____ b) Vader van tiener ____ c) Ouma aan moederskant _____

d) Oupa aan moederskant ____ d) Ouma aan vaderskant ____ f) Oupa aan vaderskant _____

**4. Noem die beroep van die volgende persone:**

a) Moeder van tiener ____________________

b) Vader van tiener ____________________

c) Ouma aan moederskant ____________________

d) Oupa aan moederskant ____________________

e) Ouma aan vaderskant ____________________

f) Oupa aan vaderskant ____________________

**5. Evalueer die huidige gesondheidstoestand van die volgende persone aan hand van die volgende:** *uitstekend* = 5, *goed* = 4, *Gemiddeld* = 3, *swak* = 2, *baie swak* = 1, *oorlede* = 0

a) Moeder _____ b) Vader _____ c) Ouma aan moederskant____

d) Oupa aan moederskant ____ e) Ouma aan vaderskant ___ g) Oupa aan vaderskant ___

**6. Indien bogenoemde persone oorlede is, wat was die oorsaak en in watter jaar het die persoon gesterf?**

a) Moeder van tiener

____________________________________________

b) Vader van tiener

____________________________________________

c) Ouma aan moederskant

____________________________________________

d) Oupa aan moederskant

____________________________________________

e) Ouma aan vaderskant

____________________________________________

f) Oupa aan vaderskant

____________________________________________

7. **Merk die volgende persone se liggaamlike / fisiologiese siekte simptome en dui die mate van disfunksie hiervan in hul daaglikse lewe aan, deur die gebruik van 'n toepaslike syfer:**

5 = *geen invloed*, 4 = *weinig*, 3 = *gereeld*, 2 = *hewig*, 1 = *oorweldigend*.

| | Hart | Kanker | Diabeet | Beroerte | Artritis | Migraine | Ander |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Moeder van Tiener | | | | | | | |
| Vader van Tiener | | | | | | | |
| Materne Ouma | | | | | | | |
| Materne Oupa | | | | | | | |
| Paterne Ouma | | | | | | | |
| Paterne Oupa | | | | | | | |

8. **Merk en evalueer die impak van emosionele / psigologiese simptome van onder genoemde persone op die verhoudings in die persoon se lewe aan hand van die volgende syfers:**

4 = *geen invloed*, 3 = *weinig*, 2 = *hewig*, 1 = *oorweldigend*.

| | Verslaaf | Angstig | Humeurig | Depressief | Nagmerries | Disleksie | Koop manie |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Moeder van Tiener | | | | | | | |
| Vader van Tiener | | | | | | | |
| Materne Ouma | | | | | | | |
| Materne Oupa | | | | | | | |
| Paterne Ouma | | | | | | | |
| Paterne Oupa | | | | | | | |

9. **Noem die hoeveelheid swangerskappe van die volgende persone:**

c) Moeder van gesin ______ d) Ouma aan moederskant ________

e) Ouma aan vaderskant _______

10. **Aan hoeveel babas is geboorte geskenk deur die volgende persone (miskrame en stilgeboortes moet nie hierby ingesluit word nie):**

c) Moeder van gesin _______ d) Ouma aan moederskant ________

e) Ouma aan vaderskant ________

**11. Hoeveel van hierdie kinders het nie hul vroeë kinderjare oorleef nie?**

c) Moeder van gesin _______ d) Ouma aan moederskant __________

e) Ouma aan vaderskant _______

**12. Was daar in die familie enige:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Miskrame | JA ___ | NEE ___ | AANTAL ______ |
| Stil geboortes | JA ___ | NEE ___ | AANTAL _____ |
| Aborsies | JA ___ | NEE ___ | AANTAL ______ |

**13. Noem die geboorte posisie in die gesin van die volgende persone** (*oudste, middel, jongste, enigste* of *tweeling*)

a) Moeder van tiener _______ b) Vader van tiener ______

c) Ouma - moederskant ______ d) Oupa – moederskant ______

e) Ouma - vaderskant ______ f) Oupa - vaderskant ______

**14. Noem die hoeveelheid kere wat die gesin verhuis het gedurende die persoon se kinderjare:**

a) Moeder van tiener ______ b) Vader ______

c) Ouma – moederskant ______ d) Oupa - moederskant ______

e) Ouma - vaderskant ______ f) Oupa - vaderskant ______

**AFDELING B: <u>TRAUMATIESE GEBEURTENISSE</u>**

**15. Hoeveel keer was die volgende persone getroud?**

a) Moeder van tiener ______ b) Vader van tiener ______

c) Ouma - moederskant ______ d) Oupa - moederskant ______

e) Ouma – vaderskant ______ f) Oupa - vaderskant ______

**16. Is enigeen van die volgende persone geskei en indien wel, hoeveel keer?**

a) Moeder van tiener ______ b) Vader ______

c) Ouma - moederskant ______ d) Oupa - moederskant ______

e) Ouma - vaderskant ______ f) Oupa - vaderskant ______

**17. Het enigeen van die volgende persone 'n eggenoot(te) aan die dood afgestaan? Antwoord *JA* of *NEE*:**

a) Moeder van tiener ______ b) Vader van tiener ______

c) Ouma - moederskant ______ d) Oupa - moederskant ______

e) Ouma - vaderskant ______ f) Oupa - vaderskant ______

**18. Ken jy enige detail aangaande traumatiese ervarings ten opsigte van jou ouers, grootouers of uitgebreide familie?**

a) JA _____ b) WEINIG _____ c) NEE ______

**19. Bespreek kortliks indien jy by bogenoemde vraag *JA* of *WEINIG* geantwoord het:**

______________________________________________________________

______________________________________________________________

**20. Omskryf die gehalte van die gesin se lewensstandaard aan hand van die volgende skaal:**

1 = *swak*, 2 = *goed*, 3 = *gemiddeld*, 4 = *finansieel onafhanklik*, 5 = *welvarend, status.*

a) Gesin van tiener _____ b) Grootouers - moederskant ______

d) Grootouers - vaderskant ______

**21. Noem die hoeveelheid verhuisings gedurende die volwasse jare (na ouderdom sewentien) van die volgende persone:**

a) Moeder van tiener _____ b) Vader van tiener _____

c) Ouma - moederskant _____ d) Oupa - moederskant _____

e) Ouma - vaderskant _____ f) Oupa - vaderskant _____

**22. Het jy in 'n huis grootgeword waar jou versorgers slagoffers was van politieke trauma** (soos *onluste*, *bom aanvalle*, *halssnoer moord*, *moord*, *verkragting*, *aanhouding*, *konsentrasiekampe*, ensovoorts):

a) JA _____ b) NEE _____

**23. Indien JA, vir hoe lank?** _____

**24.A. Is van die volgende persone deur enige vorm van geweld geaffekteer?** Antwoord **JA** of **NEE.**

a) Moeder van tiener ______ b) Vader van tiener ______

c) Ouma - moederskant ______ d) Oupa - moederskant ______

e) Ouma - vaderskant ______ f) Oupa - vaderskant ______

**24.B. Wat was die rede?** (Byvoorbeeld: *aangerand, geskiet, vermoor, verkrag, geroof, grens oorlog, nasionale intelligensie, gemartel, halssnoer moord, in aanhouding, konsentrasiekampe*)

a) Moeder van tiener ______________________________

b) Vader van tiener ______________________________

c) Ouma aan moederskant ______________________________

d) Oupa aan moederskant ______________________________

e) Ouma aan vaderskant ______________________________

f) Oupa aan vaderskant ______________________________

**25. Op watter ouderdom het jy vir die eerste keer gehoor van die trauma in die familie?** *Merk een van die volgende*:

a) As jong kind _____ b) As adolessent _____ c) As volwassene _____

**26. Wie het die inligting aan jou gegee?** *Merk een van die volgende:*

a) Die slagoffer _____ b) Die eggenoot van die slagoffer _____

c) Jou ouers _____ d) Ander familielede _____

e) Vriende van die familie _____

**27. Hoe het die slagoffer se lewensmaat die gebeure hanteer?** *Merk een*:

a) Het daaroor gepraat _____ b) Het glad nie daaroor gepraat nie _____

c) Ek weet nie _____

**28. Hoe het die slagoffer se gesin die gebeure hanteer?** *Merk een van die volgende:*

a) Praat daaroor _____ b) Praat glad nie daaroor nie _____

c) Ek weet nie _____ d) Ander (omskryf) _____

**29. Het jy enige siektes of verslawings van jou ouers of grootouers oorgeërf?** *Merk soveel moontlik van die volgende:*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Diabetes | Hartkwale | Depressie | Hoofpyne | Migraine |
| Allergieë | Rook | Alkoholisme | Dobbel | Kanker |
| Alzheimers | Parkinsons | Seniliteit | Bipolêr | Bulimie |
| Anoreksie | Koopmanie | Okkulte | Werkoholis | Miskrame |
| Sooibrand | Maagseer | Satanisme | Dwelms | Seksuele probleme |
| Kompulsiewe gewoontes | | Ander | | |

**30. Het jy enige karaktertrekke of talente van jou ouers of grootouers oorgeërf?** *Merk soveel moontlik van die volgende:*

| | | | |
|---|---|---|---|
| Humeurig | Humoristies | Vrygewig | Verbittering |
| Slordig | Verwytend | Angstig | Selfbejammerend |
| Onbeholpe | Intelligent | Kreatief | Vrese |
| Rebels | Swartskaap | Ekstrovert | Introvert |
| Wysheid | Saggeaard | Gelowig | Perfeksionis |
| Entrepreneur | Manipuleerder | Outokraties | Ek-is-dom |
| Trots | Traak-my-nie-agtig | Ek-weet-als | Afsydig |
| Meerderwaardig | Hoogmoedig | Minderwaardig | Liggeraak |
| Materialisties | Gedetermineerd | Hiperaktief | Sukses-gedrewe |
| Ongeduldig | Pessimisties | Hardwerkend | Vredemaker |
| Prestasie-gedrewe | Dominerend | Haatdraend | Optimis |
| Selfvertroue | Nagmerries | Musikaal | Neurose |
| Leer-probleme | Lees probleme | Ander | |

**31. Was die volgende persone lede van 'n groep of organisasie wat met politieke geweld of oproer verbind is** (byvoorbeeld: *koevoet, "reccies", infanterie, vryheidsvegters, "self-defence units" SDU's, weerstandbewegings, intelligensie, Ossewabrandwag*). *Merk indien van toepassing:*

a) Moeder van tiener _____ b) Vader van tiener ______

c) Ouma - moederskant ______ d) Oupa - moederskant _____

e) Oupa - moederskant _____ f) Ouma - vaderskant _____

**32. Was van die volgende persone gedurende die sestiger tot tagtigerjare betrokke by gewelddadige insidente waarvoor hulle vervolg is of waarvoor daar rekenskap van hulle geëis is** (*byvoorbeeld die waarheidskommissie of gevangenisstraf*). Antwoord **JA** of **NEE**

a) Moeder van tiener _____ b) Vader van tiener _____

c) Ouma - moederskant _____ d) Oupa – moederskant _____

e) Ouma aan vaderskant _____ f) Oupa aan vaderskant ____

**33. Wat is die gesin se reaksie ten opsigte van die nuwe Suid-Afrika sedert April 1994?**

a) Verwelkom die veranderings: _____

b) Aanvaar die veranderings met voorbehoud: _____

c) Vrees die veranderings: _____

d) Rebelleer teen die veranderings: _____

e) Verward as gevolg van die veranderings: _____

**AFDELING C: <u>HUIDIGE LEWENSOMSTANDIGHEDE</u>**

**34. Wie deel tans die huishouding?**

a) Jy en eggenoot _____ b) Vriend of vriendin _____

c) Die kinders _____ d) Broers of susters _____

e) Jou ouers _____ f) Skoonouers _____

g) Ouma moederskant _____ h) Oupa aan moederskant _____

i) Ouma aan vaderskant _____ j) Oupa aan vaderskant _____

k) Ander (spesifiseer) ___________________________________________

l) Die totale getal persone wat die huishouding deel, is ______

**35. Evalueer die funksionering van die huidige huishouding aan hand van die volgende:**

| | Goed / Positief | Gemiddeld | Swak / Negatief | Ander |
|---|---|---|---|---|
| Finansiële stabiliteit | | | | |
| Gesondheid van volwassenes | | | | |
| Gesondheid van kinders | | | | |
| U houding jeens onderwys | | | | |
| Prestasie van kinders op skool | | | | |
| Werksbevrediging | | | | |
| Lewensvreugde | | | | |
| Kwaliteit van toekomsvisie | | | | |
| Oorlewingsvermoë :<br>• Voedsel<br>• Behuising<br>• Kleding | | | | |

**36. Evalueer die verhoudings in jou lewe aan hand van die volgende :**

| | Lewens-maat | Gesin | Ouers | Groot-Ouers | Uitgebreide Familie | Broers en Susters | Vriende |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Konflik en afsydig | | | | | | | |
| Geen Kontak | | | | | | | |
| Vriendelik en betrokke | | | | | | | |
| Konflik maar betrokke | | | | | | | |
| Vriendelik maar afsydig | | | | | | | |

**37. Hang die gesin die tradisionele geloofsoortuiging van die familie aan?**

a) JA ____ b) NEE ____ c) TOT 'N MATE ____

**BIBLIOGRAFIE:**

BAKER, K.G. & GIPPENREITER, J.JB. 1998. Stalin's purge and its impact on Russian families. A pilot study. (*In* Danieli, Y., *ed.* International handbook of multigenerational legacies of trauma. New York: Plenum. p.403-434).

Bylaag C

## GESINSDINAMIKA

1. **Moet jy voortdurend deur ander gekomplimenteer word ten einde goed oor jouself te voel?**

   a) JA _____ b) NEE _____ c) SOMS _____

2. **Doen jy gewoonlik meer vir ander as wat nodig is?**

   a) JA _____ b) NEE _____ c) SOMS _____

3. **Is jy geneig tot perfeksionisme?**

   a) JA _____ b) NEE _____ c) SOMS _____

4. **Vermy of ignoreer jy verantwoordelikheid maklik?**

   a) JA _____ b) NEE _____ c) SOMS _____

5. **Vind jy dit moeilik om jou emosies te identifiseer?**

   a) JA _____ b) NEE _____ c) SOMS _____

6. **Dink jy gewoonlik in 'n alles-of-niks (wit/swart of reg/verkeerd) manier?**

   a) JA _____ b) NEE _____ c) SOMS _____

7. **Voel jy maklik eensaam tussen 'n groep mense?**

   a) JA _____ b) NEE _____ c) SOMS _____

8. **Is dit vir jou moeilik om ander om hulp te vra?**

   a) JA _____ b) NEE _____ c) SOMS _____

9. **Is dit vir jou moeilik om verhoudings in stand te hou?**

   a) JA _____ b) NEE _____ c) SOMS _____

10. **Wantrou jy mense se intensies gewoonlik?**

    a) JA _____ b) NEE _____ c) SOMS _____

11. **Is jy gereeld in pynlike verhoudings vasgevang?**

    a) JA _____ b) NEE _____ c) SOMS _____

12. **Is jy meer van ander se behoeftes en emosies bewus as jou eie?**

    a) JA _____ b) NEE _____ c) SOMS _____

13. **Is dit vir jou moeilik om ander se woede uitbarstings en kritiek te hanteer?**

    a) JA _____ b) NEE _____ c) SOMS _____

14. **Voel jy skuldig indien jy ontspan en jouself geniet?**

    a) JA _____ b) NEE _____ c) SOMS _____

**15. Beleef jy jouself as onbekwaam of ontoereikend in jou skoolloopbaan, beroeps- of akademiese lewe?**

a) JA _____ b) NEE _____ c) SOMS _____

**16. Verwag jy gewoonlik 'n ramp of iets soortgelyks, selfs al gaan dit met jou goed?**

a) JA _____ b) NEE _____ c) SOMS _____

**17. Ondervind jy probleme met outoriteitsfigure?**

a) JA _____ b) NEE _____ c) SOMS _____

**BIBLIOGRAFIE:**

BENTON, S.A. 1993. Dysfunctional families: recognizing and overcoming their effects. http://www.twu.edu/O-SL/COUNSELING/SelfHelp018.html Datum van gebruik: 6 Julie 2006.

**Bylaag D** **GODDELIKE VOORSTELLING**

**Kyk na die keuses en nommers by die volgende oefening. Hou die keuses onderskeidelik links en regs van die middelpunt** (1 = selde) **in gedagte en sê vir jouself: ek ervaar God** *altyd*, *dikwels* **of** *selde* **so. Wees eerlik en onthou hier is geen** *reg* **of** *verkeerde* **antwoord nie.**

| | Altyd<br>3 | Dikwels<br>2 | Selde<br>1 | Dikwels<br>2 | Altyd<br>3 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Bewus van God as liefdevolle vertrooster. | | | | | | Ervaar God as ongevoelig. Hy verstaan nie My pyn nie. |
| Sien God se bemoeienis as teregwysing met die oog op my redding en heil. | | | | | | Sien God se bemoeienis as tugtiging wat ek nie verdien nie. |
| Beleef God as besorgde Vader | | | | | | Ervaar God as paaiboelie wat net wil straf. |
| Begryp dat die kwaad nie van God kom nie – Hy ly saam met My | | | | | | Sien God as die oorsaak van my lyding. Hy gee nie regtig vir my om nie. |
| Ken God as Trooster: Verwag bystand en ondersteuning. | | | | | | Ervaar God as afwesig. Hy is nie regtig daar nie. |
| Beskou God as vriend ten Spyte van lyding. | | | | | | Bevraagteken God se bedoeling met my as persoon. |
| God is in beheer en almagtig. Hy beskerm my teen gevaar en pyn. | | | | | | God is magteloos teenoor die geweld en pyn van die wêreld. 'n God van liefde laat nie soveel sinlose ellende toe nie. |
| God gee my krag om lyding te hanteer en deur die maak van verantwoordelike keuses, dit te vermy. | | | | | | Dit is God se verantwoordelikheid om my te beskerm teen pyn en sinlose geweld. |
| Jy glo Christus se versoening sluit jou in en jy ervaar daarom vrede. | | | | | | Jy twyfel of Christus vir jou alleen sou sterf en jy ervaar skuldgevoelens. |
| Jy is liefdevol en vergewensgesind. | | | | | | Jy is haatdraend, verbitterd en koester wraakgedagtes. |
| Dankbare optrede en vreugdevolle gedrag. | | | | | | Ondankbare optrede met siniese gedrag en verwyte. |
| Is jy toekomsgerig en hoopvol? | | | | | | Ervaar jy wanhoop en doelloosheid ten Opsigte van jou toekoms? |
| Maak God 'n verskil in jou lewe? | | | | | | God maak geen verskil in my lewe nie. |
| Kan Hy in jou lewe gesien word? | | | | | | Hy word nie in my lewe gesien nie. |

**BIBLIOGRAFIE:**

LOUW, D. 1993. Liefde is vir altyd. Kaapstad : Lux Verbi.

Bylaag E

## STRENG VERTROULIK

## VRAELYS AAN TIENERS

- Dankie vir die tyd wat jy afstaan om hierdie vorm te voltooi en vir die vertroue wat jy in my stel.
- Hierdie inligting word slegs deur my gebruik en word as streng vertroulik behandel. Geen identifiseerbare inligting sal op enige wyse bekend gemaak of beskikbaar gestel word op grond van enige navraag nie.
- Om my in staat te stel om jou suksesvol te help het ek soveel moontlik inligting nodig.
- Voltooi die vorm dus so volledig as moontlik of waar nodig, trek jy 'n kruisie.

**Besonderhede van navorser:**

Reinette Kruger
Sel: 083 669 1800
E-pos: reinetteuitkyk@webmail.co.za

---

**AFDELING A: AGTERGROND**

1. **Naam en Van**

   ........................................................................................................................

2. **Adres** ..................................................................................................................

   ..............................................................................................................................

3. **Geboortedatum** .....................................................................................................

4. **Tel** ........................................................................ **Sel** ..................................................

5. **Skool** ....................................................................................................

6. **Graad** ......................................................................................................................

7. **Na skool gaan ek** ....................................................................................................

   ........................................................................................................................

   ........................................................................................................................

   ........................................................................................................................

8. **Ek sien myself oor 5 jaar**

........................................................................................

..............................................................................................................................

..............................................................................................................................

..............................................................................................................................

9. **Ek woon by my ouers / familie / koshuis / vriende / ander**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **10. Ouderdom van** | **Moeder** | 30-40 | 40-50 | 50-60 | 60-70 |
| | **Vader** | 30-40 | 40-50 | 50-60 | 60-70 |

11. **My ouer(s) is oorlede / getroud / ongetroud / geskei / van mekaar vervreem / ander**

**AFDELING B: <u>TRAUMA</u>**

12. **Ek het die volgende as traumaties in my lewe ervaar:**

13. **Het jy enige terapeutiese hulp ontvang?**

14. **Wat was jou siening omtrent die terapie?**

15. **Gebruik jy enige medikasie? Indien wel, wat?**

16. **Wat verwag jy van hierdie berading?**

17. **Die volgende emosies word deur my beleef:**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Smart | Uitgeslote | Vertwyfeling | Bekommerd | Seer |
| Onwelkom | Hartseer | Waardeloos | Verwaarloos | Kwaad |
| Ontoereikend | Verwerp | Bedroef | Gefrustreerd | Bang |
| Onrustig | Geïrriteerd | Vergete | Verward | Besorg |
| Hulpeloos | Ontmoedig | Uitgebrand | Mismoedig | Doods |
| Geïsoleerd | Verpletter | Oorwonne | Eensaam | Moeg |
| Emosieloos | Verontwaardig | Ontnugter | Opstandig | Vrees |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Kwynend | Verslae | Neerslagtig | Bitter | Swak |
| Pessimisties | Nutteloos | Swaarmoedig | Belangeloos | Aggressief |
| Verveeld | Verneder | Gegrief | Te nagekom | Alleen |
| Trots | Onbelangrik | Wanhoop | Depressief | Vies |
| Somber | Humeurig | Ontsteld | Swartgallig | Haat |
| Desperaat | Gespanne | Woede | Buierig | Onseker |
| Skuldig | Verontrus | Angstig | Afgunstig | Vreugde |
| Tranerig | Huilerig | Geskok | Entoesiasme | Gelukkig |
| Energiek | Gemotiveerd | Hoopvol | Oorweldig | Teruggetrokke |
| Minderwaardig | Ander | | | |

**18. Ek ondervind probleme met die volgende:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rook | Alkohol | Lees-probleme | Selfmoord gedagtes |
| Koop-manie | Wangedrag | Woede uitbarstings | Swak konsentrasie |
| Vergeetagtig | Nagmerries | Allergieë | Lae rugpyn |
| Sooibrand | Maagpyn | Leer-probleme | Hoofpyn |
| Migraine | Dwelms | Hiperaktief | |

**19. Is jy bewus van enige trauma in jou familie?** Bespreek kortliks.

**20. Op watter ouderdom het jy daarvan gehoor en by wie?**

**21. Praat die familie daaroor of is hulle geheimsinnig wat dit aanbetref?**

**22. Is jy bewus van enige hulp wat die familie in die verband ontvang het?**

**23. Ek beleef my moeder meestal as:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Toeganklik | Liefdevol | Betroubaar | Saggeaard |
| Kwaad | Afsydig | Haatdraend | Wys |
| Veroordelend | Moeg | Geïrriteerd | Sieklik |
| Gevoelloos | Luidrugtig | Verslaaf | Hartseer |
| Senuweeagtig | Gespanne | Depressief | Verbitterd |
| Hulpvaardig | Aggressief | Angstig | Hou-van-my |
| Pateties | Trots-op-my | Lief-vir-my | Respekteer-my |
| Hoop-loos | Onbelangstellend | Geheimsinnig | Onvoorspelbaar |
| Migraine | Laat-my-veilig-voel | Perfeksionisties | Dominerend |
| Ontoeganklik | Beledigend | Verwytend | Versorgend |
| Allergies | Nagmerries | Streng | Onvoorspelbaar |
| Kluisenaar | Gevoelloos | Hipersensitief | Werkoholis |
| Ondersteunend | Aanmoediger | Harteloos | Voorskrywend |
| Humeurig | Ander | | |

**24. Ek beleef my vader meestal as:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Toeganklik | Liefdevol | Betroubaar | Saggeaard |
| Woedend | Afsydig | Haatdraend | Veroordelend |
| Geïrriteerd | Wrokkig | Luidrugtig | Verslaaf |
| Sieklik | Senuweeagtig | Gespanne | Depressief |
| Hartseer | Hulpvaardig | Aggressief | Bakleierig |
| Verbitterd | Trots-op-my | Lief-vir-my | Respekteer-my |
| Geheimsinnig | Hou-van-my | Hoofpyn | Streng |
| Migraine | Maagseer | Rugpyn | Moeg |
| Swak-luisteraar | Onbelangstellend | Dominerend | Ontoeganklik |
| Beledigend | Laat-my-veilig-voel | Perfeksionisties | Nagmerries |
| Kluisenaar | Gevoelloos | Hipersensitief | Beplanner |
| Selfmoord-neigings | Hoop-loos | Ondersteunend | Outokraties |
| Aanmoediger | Voorskrywend | Onvoorspelbaar | Verwytend |
| Humeurig | Gevoelloos | Werkoholis | Ander |

**25. Die volgende eienskappe kom in my uitgebreide familie (*oupas, oumas, ooms, tannies, neefs, niggies*) voor:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Dobbel | Anoreksie | Bulimie | Dwelmverslawing |
| Drankmisbruik | Koop-manie | Homoseksualisme | Lesbianisme |
| Okkulte | Satanisme | Werkloosheid | Aggressie |
| Werkoholisme | Misdaad | Kluisenaars | Swartskaap |
| Egskeiding | Selfmoord | Miskrame | Finansiële probleme |
| Wan-orde | Seksueel losbandig | Gesondheidsprobleme | Allergieë |

**26. My huisgesin word die beste beskryf met die volgende woorde:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Emosioneel afgestomp | Kluisenaars | Minderwaardig | Geïsoleerd |
| Wanhopig | Materialisties | Hoogmoedig | Gedetermineerd |
| Sukses-gedrewe | Ongeduldig | Konfronterend | Slagoffer |
| Beskuldigend | Swartgallig | Negatief | Selfbejammerend |
| Moedeloos | Hoop-loos | Trots | Wanordelik |
| Vreesagtig | Prekerig | Bang vir toekoms | |

**Bylaag F**

# VERDUIDELIKING VAN SIMBOLE VAN

| | |
|---|---|
| ○ | Vroulik |
| □ | Manlik |
| \ | Geskei |
| // | Oorlede |
|  | Konflik |
|  | Konflik en afsydig |
| // | Hegte Band |
| /// | Versmorend |
| / / / / | Woon saam |
| × | Oorledene |
| S | Selfmoord |
| M | Miskraam |
| D | Disfunksioneel |
| d | Was disfunksioneel, nou beter |
| V | Verkragting |
| 2WO | Tweede Wêreld Oorlog |
| *H* | *Holocaust* |
| GO | Grens Oorlog |